

Die prominente rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie

CF Meiring

 orcid.org/0000-0002-2265-9370

Proefskrif voorgelê ter nakoming vir die [Philosophiae Doctor](#) in
[Nuwe Testament](#) aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof dr FP Viljoen

Gradeplegtigheid Mei 2018
11211539



Soli Deo Gloria

Opsomming

Die doel van hierdie studie is om die prominente rol van Petrus onder die dissipels in die Matteus-evangelie na te vors. Dat Petrus 'n prominente dissipel en apostel was, is duidelik uit die Nuwe Testament. Die Markus-evangelie gee die meeste aandag aan Petrus, maar die Petrus-prominensie kan veral ook in die Matteus-evangelie waargeneem word. 'n Belangrike tema van die ondersoek in hierdie studie is die sogenaamde anti-Pauliniese sentiment wat in die Matteus-evangelie sou bestaan. Reeds in die vorige eeu het 'n hipotese ontstaan dat Matteus vir Petrus prominent in die evangelie wou voorstel om sodoende 'n invloed of nalatenskap van Paulus in Antiochië teë te werk. Hierdie hipotese is deur Brandon (1978), Manson (1964) en Sim (1998, 2002) ontwikkel. Die sentrale teoretiese argument in die studie is dus: Die vername rol van Petrus in die Matteus-evangelie dien as voorbeeld (prototipe) vir dissipelskap en moet nie as 'n anti-Pauliniese sentiment beskou word nie.

Eerstens is 'n literatuurstudie onderneem om vas te stel wat die stand van navorsing oor die rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie is. Dit het duidelik geword dat Petrus inderdaad 'n vername rol in die vroeë kerk gespeel en ook 'n vername posisie onder die dissipels van Jesus beklee het. Daar is veral gekonsentreer op die siening dat die evangelie 'n skynbaar anti-Pauliniese sentiment bevat. Daar is ook aandag gegee aan die bewering dat Matteus, as die outeur van die evangelie, deur redaksionele werk vir Petrus prominenter probeer voorstel het om teen so 'n Pauliniese invloed te reageer. Voorstanders van hierdie hipotese neem Matteus 16:18–19 as die kernteks vir die anti-Pauliniese sentiment, maar daar is ook ander tekste wat hiervoor gebruik word (Matt. 5:17–19; 7:23; 13:24–30; Gal. 2:11–15). Petrus word egter positief en negatief voorgestel en dit is dus onwaarskynlik dat Matteus vir Petrus prominenter probeer voorstel het om teen Paulus te reageer.

Uit die literatuurstudie het dit duidelik geword dat Petrus ook as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels op die voorgrond tree, maar hy word ook in hierdie opsig positief én negatief voorgestel. Hierdie positiewe-negatiewe voorstelling kan ook waargeneem word in sy voorbeeld as 'n dissipel en daarom kan daar gesê word dat hy

net 'n normale mens met sterk persoonlikheidseienskappe, maar ook swakhede was. Uiteindelik het Matteus Petrus as 'n model vir dissipelskap voorgestel.

Petrus word verder beskryf as iemand wat 'n impulsiewe karakter gehad het (Matt. 14:28–29; 17:4; Mark. 9:5; Joh. 13:8–9; 18:10) en daarom is die moontlikheid ondersoek dat sy persoonlikheid tot sy prominensie bygedra het. Om vas te stel hoe sy persoonlikheid 'n invloed op sy prominensie kon hê, is sy persoonlikheidstrekke teen die agtergrond van 'n narratief-kritiese benadering geïdentifiseer. Daar is bevind dat sterk persoonlikheidstrekke (impulsiwiteit, hardwerkendheid, nederigheid, inisiatief, ondersoekendheid, leergierigheid en sterk standpunt wat hy as morele entrepreneur inneem) ook 'n rede vir sy prominensie in die Matteus-evangelie is.

Petrus se prominensie ten opsigte van sy persoonlikheid is ook aan Jeremia 1:5 gekoppel. Indien die soewereiniteit van God aanvaar word, beteken dit dat Jesus, as God, hom geken het voordat Hy hom geroep het. Jesus het geweet hoedat Petrus geformeer is en het daarom geweet watter tipe temperament hy gehad het. Hy is doelgerig gekies om met sy persoonlikheid in te pas in God se plan met Jesus Christus en die wêreld.

Volgens hierdie gegewens is dit duidelik dat die prominensie van Petrus in Matteus gedeeltelik toegeskryf kan word aan die uitbeelding van sy sterk persoonlikheid, maar daar kan steeds nie gesê word dat die prominensie bedoel was om die invloed van Paulus teen te werk nie.

Daar is aanvaar dat Matteus bronne vir die evangelie gebruik het en dit was dus belangrik om vas te stel of hierdie bronne 'n invloed gehad het op sy prominente uitbeelding van Petrus. Die fokus was op die manier hoe Matteus sy bronne gebruik het en daar is van die vooronderstelling uitgegaan dat Matteus van Markus en die Q-bron (twee-bron-hipotese) afhanklik was as die basis van die evangelie. Hierdie ondersoek sou dus die tendens dat die Petrus-prominensie uit die bronne oorgedra is, kon uitwys. Dit het geblyk dat dit inderdaad die geval is: Matteus het die basis van die Petrus-prominensie uit sy bronne oorgeneem en dit is veral ontleen aan die Markus-evangelie.

Die evangelie bevat egter ook *Sondergut* en Matteus se unieke uitbeelding van Petrus kom veral in drie gebeurtenisse na vore: Petrus wat op die water loop en deur Jesus gered word (Matt. 14:22–36); Petrus se belydenis van Jesus as die Messias en Seun van die lewende God (Matt. 16:16–19); en Petrus se vraag na die tempelbelasting (Matt. 17:24–27). Die vraag is waarom Matteus hierdie unieke stof oor Petrus bygewerk het en die ondersoek het resultate gelewer. Daar is bevind dat alhoewel dit in sommige van die *Sondergut*-gedeeltes wil voorkom asof Petrus se status benadruk word, daar nie gesê kan word dat Matteus hom doelbewus prominenter probeer voorstel om hom bo enige ander dissipel of apostel te verhef nie.

Laastens is Petrus se ouderdom as bydrae tot sy prominensie in die Matteus-evangelie ondersoek. Die *Sondergut* in Matteus 17:24–27, wat oor die tempelbelasting handel, is hiervoor gebruik. 'n Sosiaal-wetenskaplike studie is onderneem en die sosiale konteks, ouderdom en groepe in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu is ondersoek en op die teks toegepas. Daar is bevind dat tyd 'n fundamentele rol in die destydse Mediterreense kultuur gespeel het en dat kronologie (op grond van ouderdom) bepaal het wie voorrang gehad het; daarom het die oudste in 'n groep ook meer gesag gehad.

'n Literatuurstudie oor die wet op tempelbelasting vanaf die Eksodus-tyd tot in die eerste eeu het aan die lig gebring dat die halfsikkel belasting jaarliks gevorder is en deur alle mans van twintig jaar en ouer betaal is. Daar is ook ondersoek ingestel na die belastingpligtiges van 17:24–27 en daar behoort geen twyfel te wees dat Jesus en Petrus belastingpligtig was nie. Verder is bevind dat Petrus waarskynlik die oudste van die dissipels was en dat dit aan hom voorrang (eer) in die dissipelgroep van Jesus gegee het.

Uiteindelik is die gevolgtrekking dat Matteus nie doelbewus vir Petrus prominent probeer voorstel het om teen Paulus te reageer nie, maar die redes vir die Petrus-prominensie kan eerder gevind word in Petrus se persoonlikheid, Matteus se oorname van bronne en die waarskynlikheid dat Petrus die oudste van die dissipels was.

Trefwoorde

Matteus, Matteus-evangelie, Petrus, Sefas, Simon, anti-Paulinies, morele entrepreneur

Abstract

The aim of this study is to define the prominent role of Peter amongst the disciples in the Gospel of Matthew. From the New Testament, it is clear that Peter was a prominent disciple and apostle. The Gospel of Mark gives the most attention to Peter, but the Peter prominence can also be observed in the Matthew gospel. An important theme for research in this study is the so-called anti-Pauline sentiment that is said to exist in the Matthew gospel. A hypothesis emerged in the previous century that Matthew was trying to increase the prominence of Peter in the gospel in order to counteract an influence or legacy of Paul in Antioch. This hypothesis was developed by Brandon (1978), Manson (1964) and Sim (1998, 2002). Therefore, the central theoretical argument in the study was: The major role of Peter in the Matthew gospel serves as an example (prototype) for discipleship and should not be regarded as anti-Pauline sentiment.

A literature study was undertaken to determine the state of research on the role of Peter as a disciple in Matthew's gospel. It became clear that Peter played a major role in the early church and also had a prominent position among the disciples of Jesus. Particular attention was paid to the view that the gospel contains a seemingly anti-Pauline sentiment. Attention was also paid to the allegation that Matthew, as the author of the gospel, gave prominence to Peter by means of redaction in order to counteract a Pauline influence. Proponents of this hypothesis take Matthew 16:18–19 as the core of the anti-Pauline sentiment, but other texts are also used to support the idea (Matt. 5:17–19; 7:23; 13:24–30 Gal. 2:11–15). Peter, however, is presented positively and negatively, and it is therefore unlikely that Matthew tried to increase the prominence of Peter in order to respond to Paul.

It was also clear that Peter stood out as spokesman and representative of the disciples, both positively and negatively. This positive-negative representation can also be seen

in his example of discipleship and therefore Peter seems to be just a normal person with strong personality traits, but also weaknesses. In the end, Matthew proposed him as a model for discipleship.

Peter is also described as someone who had an impulsive character (Matt. 14:28–29; 17:4; Mark 9:5; John 13:8–9; 18:10) and therefore the possibility of his personality as a contribution to his prominence was investigated. To determine how his personality could have influenced his prominence, his personality traits were identified against the background of a narrative-critical approach. It was found that strong personality traits (impulsivity, hardworking, humility, initiative, investigative, the legitimate and strong stance that he occupies as moral entrepreneur) were also reasons for his prominence in the Matthean gospel.

Peter's prominence regarding his personality was also linked to Jeremiah 1:5. If the sovereignty of God is accepted, it means that Jesus, as God, knew him before calling him. Jesus knew how Peter was formed and therefore knew what kind of temperament he had. He was purposefully chosen to fit in with his personality in God's plan with Jesus Christ and the world.

According to these data, it is clear that Peter's prominence in Matthew is partly attributable to the portrayal of his strong personality, but it is still not possible to say that the prominence was meant to be a counteract to Paul.

It was assumed that Matthew used sources for the gospel and it was therefore important to determine whether these sources had an influence on the prominent depiction of Peter. The focus was on how Matthew used his sources assuming that he was dependent on Mark and the Q-source (two-source hypothesis) for the basis of the gospel. This investigation could therefore point out the tendency for Peter's prominence to be transferred from the sources. Indeed, that seems to be the case: Matthew took over the basis of the Peter prominence from his sources. It was mainly derived from the Gospel of Mark.

The gospel, however, also contains *Sondergut* and Matthew's unique portrayal of Peter can especially be seen in three events: Peter walking on the water and being saved by Jesus (Matt. 14:22–36); Peter's confession of Jesus as the Messiah and Son of the living God (Matt. 16:16–19); and Peter's question about temple taxation (Matt. 17:24–27). The question arose why Matthew updated this unique matter about Peter and the investigation gave results. There is evidence that while in some of the *Sondergut* Peter's status is emphasized, it cannot be said that Matthew deliberately tried to elevate him above any other disciple or apostle.

Finally, Peter's age was examined as a contribution to his prominence in Matthew's gospel. The *Sondergut* in Matthew 17:24–27, which deals with the temple tax, was used for this purpose. A social-scientific study was undertaken and the social context, age and groups in the Mediterranean world of the first century were investigated and applied to the text. It was found that time played a fundamental role in first century Mediterranean culture and chronology (in terms of age) determined who had priority; therefore, the elders in a group also had more authority. A review of the Temple Tax from the time of Exodus to the first century revealed that the half-shekel tax was paid annually by all men aged twenty and older. There was also an investigation into 17:24–27 to find out who the taxpayers in these verses were and there ought to be no doubt that Jesus and Peter were taxpayers. Furthermore, it was found that Peter was probably the eldest of the disciples and this gave him priority amongst Jesus' disciples.

In the end, the conclusion is that Matthew did not intentionally propose Peter to be more prominent than Paul. The reasons for the Peter-prominence could rather be found in Peter's personality, Matthew's acquisition of sources, and the probability that Peter was the eldest of the disciples.

Keywords

Matthew, Gospel of Matthew, Peter, Cephas, Simon, anti-Pauline, moral entrepreneur

Inhoud

Promotor: Prof dr FP Viljoen	1
Soli Deo Gloria	i
Opsomming.....	ii
Trefwoorde	v
Abstract.....	v
Keywords	vii
Inhoud.....	viii
Lys van tabelle	xi
Hoofstuk 1 Oriëntering en probleemstelling.....	1
1.1 Oriëntering.....	1
1.2 Probleemstelling	6
1.3 Doelstellings en doelwitte.....	11
1.3.1 Doelstelling	11
1.3.2 Doelwitte	11
1.4 Sentrale teoretiese argument	12
1.5 Metodologie.....	12
1.6 Hoofstukindeling.....	14
Hoofstuk 2 Stand van navorsing oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie	15
2.1 Inleiding	15
2.2 Onderskeie interpretasies van Matteus 16:18.....	19
2.3 Verwysings na Petrus in die Matteus-evangelie	21
2.4 Skynbaar anti-Pauliniese sentiment in Matteus	25
2.5 Die Pauliniese Petrus	32
2.6 Matteus benadruk die verhouding tussen Jesus en Petrus met	
die woord $\pi\rho\tilde{\omega}\tau\omicron\varsigma$	35
2.7 Petrus as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels	39
2.8 Normale mens met sterk eienskappe en swakhede	45
2.9 Gevolgtrekking	61

Hoofstuk 3 Die persoonlikheid van Petrus as rede vir sy prominensie in	
die Matteus-evangelie	65
3.1 Inleiding	65
3.2 Temperament, karakter of persoonlikheid?	68
3.2.1 Temperament	68
3.2.2 Karakter	69
3.2.3 Persoonlikheid	70
3.2.4 Samevattende opmerkings oor temperament, karakter en persoonlikheid	71
3.3 Vormingsjare	72
3.4 Die naam “Simon wat genoem word Petrus”	76
3.5 Beroep en roeping	81
3.5.1 Petrus as visserman	82
3.5.2 Petrus se roeping	84
3.6 Opvallende persoonlikheidstrekke wat Petrus opvallend maak in	
die Matteus-evangelie	89
3.7 Jesus ken Petrus se persoonlikheid	109
3.8 Gevolgtrekking	113
Hoofstuk 4 Matteus se bronne as rede vir die prominensie van Petrus in	
die Matteus-evangelie	116
4.1 Inleiding	116
4.2 Matteus se gebruik van bronne	117
4.3 Vergelyking van die sinoptiese evangelies	124
4.4 Gevolgtrekkings uit die vergelyking van die sinoptiese evangelies	149
4.4.1 Matteus volg die kronologie van Markus na	150
4.4.2 Besondere plek van Petrus in Lukas	150
4.4.3 Weglatings uit Matteus	152
4.4.4 Eksplisiete voorstelling van Petrus in Matteus	153
4.4.4.1 Matteus 4:18	153
4.4.4.2 Matteus 8:14	153
4.4.4.3 Matteus 10:2	154
4.4.4.4 Matteus 16:16	154

4.4.4.5 Matteus 26:35.....	155
4.5 Q en Matteus se uitbeelding van Petrus	155
4.6 Matteus neem die voorstelling van Petrus uit Markus en Q oor	160
4.7 Gevolgtrekking	164
Hoofstuk 5 Voorstellings van Petrus wat uniek aan Matteus is (<i>Sondergut</i>).....	167
5.1 Inleiding	167
5.2 Petrus se woorde in die Matteus-evangelie.....	172
5.3 Petrus loop op die water en word deur Jesus gered (14:22–36).....	181
5.4 Petrus se belydenis van Jesus as die Messias en Seun van die lewende God (16:16–19)	185
5.5 Petrus se vraag na tempelbelasting (17:24–27)	198
5.6 Die rol van Petrus in die teologie van Matteus	200
5.8 Gevolgtrekking	203
Hoofstuk 6 Petrus se ouderdom as bydrae tot sy prominente rol in die Matteus-evangelie	206
6.1 Inleiding	206
6.2 Die Tempelbelasting van Matteus 17:24–27.....	210
6.2.1 Die Wet vanaf die Eksodustyd	210
6.2.2 Die Wet op Tempelbelasting in die tyd van Jesus	213
6.2.3 Die belastingpligtiges van Matteus 17:24–27.....	216
6.4 Sosiaal-wetenskaplike konteks	221
6.4.1 Die sosiale konteks van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld	223
6.4.2 Ouderdom in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu	226
6.4.3 Groepe in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu	232
6.5 Gevolgtrekking oor Petrus se ouderdom in 'n sosiaal-wetenskaplike konteks	233
Hoofstuk 7 Gevolgtrekkings oor die prominente rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie	238
7.1 Inleiding	238
7.2 Stand van navorsing oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie	238

7.3 Die persoonlikheid van Petrus as rede vir sy prominensie in die Matteus- evangelie	243
7.4 Matteus se bronne as rede vir die prominensie van Petrus in die Matteus- evangelie	245
7.5 Voorstellings van Petrus wat uniek aan Matteus is (<i>Sondergut</i>)	248
7.6 Petrus se ouderdom as bydrae tot sy prominente rol in die Matteus-evangelie .	250
7.7 Finale gevolgtrekkings.....	254
Bibliografie.....	256

Lys van tabelle

Tabel 1: Vergelyking tussen die sinoptiese evangelies se hantering van Petrus as	
die eerste onder die dissipels.....	4
Tabel 2: Vergelyking tussen die sinoptiese evangelies se hantering van Petrus as	
die eerste onder die dissipels.....	37
Tabel 3: Vergelyking tussen Matteus 20:26 en 20:27	38
Tabel 4: Die lys van dissipels/apostels	40
Tabel 5: Die kontras tussen Matteus 16:16–19 en 16:22–23	43
Tabel 6: Die kontras tussen Matteus 26:33 en 26:40, 26:69–70	44
Tabel 7: Vergelyking tussen die klem op Petrus en die klem op die dissipels	46
Tabel 8: Positiewe en negatiewe voorstellings van Petrus in die Matteus-evangelie	54
Tabel 9: Voorstelling van narratief-kritiese benadering	67
Tabel 10: Petrus as morele entrepreneur in Matteus 16:13–19 parallel aan Markus en Lukas	79
Tabel 11: Vergelyking van die roepingsverhale in die sinoptiese evangelies	85
Tabel 12: Vergelyking van Petrus se persoonlikheidstrekke in die sinoptiese evangelies	89
Tabel 13: Voorspellings in Matteus 26:31–35 en die vervulling daarvan	110
Tabel 14: Woordelikse ooreenkoms tussen Matteus 3:7–10 en Lukas 3:7–9	119
Tabel 15: Matteus 4:18–20 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	124
Tabel 16: Matteus 8:14–15 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	127
Tabel 17: Markus 1:35–37 in vergelyking met Lukas 4:42	128
Tabel 18: Matteus 9:23–25 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	129
Tabel 19: Matteus 10:1–2 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	131

Tabel 20: Matteus 15:14–16 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	132
Tabel 21: Matteus 16:13–16 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	133
Tabel 22: Matteus 16:21–23 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	134
Tabel 23: Matteus 17:1–4 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	135
Tabel 24: Matteus 18:21–22 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	137
Tabel 25: Matteus 19:27–30 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	137
Tabel 26: Matteus 21:18–22 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	138
Tabel 27: Matteus 24:1–3 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	140
Tabel 28: Matteus 24:45–46 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	141
Tabel 29: Matteus 26: 17–19 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	141
Tabel 30: Matteus 26:31–35 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	143
Tabel 31: Matteus 26:36–41 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	144
Tabel 32: Matteus 26:57–58 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	146
Tabel 33: Matteus 26:69–75 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	147
Tabel 34: Matteus 28:1 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies.....	148
Tabel 35: Q 6:39	155
Tabel 36: Q 12:42	156
Tabel 37: Q 17:3–4	157
Tabel 38: Q 22:28, 30	158
Tabel 39: Petrus se woorde tydens sy roeping – in Lukas alleen.....	173
Tabel 40: Petrus, woordvoerder van die dissipels – in Lukas, maar nie in	
Matteus en Markus nie	173
Tabel 41: Petrus se woorde tydens die storm op die see – in Matteus alleen.....	174
Tabel 42: Petrus is ondersoekend van geaardheid – in Matteus alleen.....	174
Tabel 43: Petrus se woorde van belydenis en bestraffing – in al die sinoptiese evangelies	175
Tabel 44: Petrus se woorde oor die drie hutte – in al die sinoptiese evangelies	175
Tabel 45: Petrus se antwoord oor belasting – in Matteus alleen	176
Tabel 46: Petrus se woorde oor vergifnis – in Matteus alleen	176
Tabel 47: Petrus se vraag oor beloning – in al die sinoptiese evangelies.....	177
Tabel 48: Petrus se woorde oor die verdroogde vyeboom – in Markus alleen.....	177
Tabel 49: Die dissipels se vraag oor die teken van die tyd – in al die sinoptiese evangelies....	178
Tabel 50: Petrus se vraag oor ’n gelykenis – in Matteus en Lukas	178

Tabel 51: Petrus se woorde in die loënverhale – in al die sinopitese evangelies.....	179
Tabel 52: Vergelyking tussen Matteus 8:25–27 en 14:30–33.....	183
Tabel 53: Matteus 16:17	187
Tabel 54: Ooreenkoms tussen Matteus 16:16 en 14:33	190
Tabel 55: Matteus 16:18	191
Tabel 56: Ooreenkoms tussen Matteus 16:19 en 18:18	193
Tabel 57: Matteus 16:19	196
Tabel 58: Matteus 17:24–27	198
Tabel 59: Matteus 17:24–27 se onderbreking van die volgorde van gebeurtenisse	
in die Markus-evangelie	206
Tabel 60: Σκανδαλίζω as “aanstoot gee”	219
Tabel 61: μέγας en νέος in Lukas 22:26	228
Tabel 62: μέγας in die vergelyking tussen Romeine 9:11–12 en Genesis 25:23	229
Tabel 63: πρεσβύτερος in Johannes 8:9	230
Tabel 64: νέος en πρεσβύτερος in Petrus 5:5a	230
Tabel 65: γεραιός in <i>Cyropaedia</i> 5.1.6.....	231
Tabel 66: Grafiese voorstelling van die bewering dat Paulus in die Matteus-evangelie	
ἐχθρὸς ἄνθρωπος is, terwyl Petrus voorgestel word as σατανᾶ	241
Tabel 67: Grafiese voorstelling van gevolgtrekkings.....	254

Hoofstuk 1

Oriëntering en probleemstelling

1.1 Oriëntering

Matteus 4:12–25 beskryf die roeping van Jesus se eerste dissipels. Die eerste naam wat genoem word, is **Σίμων** τὸν λεγόμενον **Πέτρον** (“Simon wat genoem word Petrus”). Langs die See van Galilea is die vissers, Petrus en sy broer Andreas, besig om hulle nette in die see te gooi. Jesus het waarskynlik ook vir hulle gepreek: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom” (4:17). Hy roep hulle met die woorde: “Kom agter my aan en Ek sal julle vissers van mense maak” (4:19). Dit is merkwaardig dat hierdie twee broers εὐθέως (“dadelik”) (4:20¹) die nette laat staan het om vir Jesus te volg². Die Matteus-evangelie maak geen melding daarvan dat die twee broers Jesus uitgevra het oor die uitnodiging nie en dit wil voorkom of hulle hul nette gelos het sonder om daaroor na te dink. Dit kan wees dat Matteus op so ’n manier die gesag van Jesus en sy roeping wil beklemtoon (Van Zyl, 1999:1122), maar die optrede van die broers kan ook op ’n impulsiewe persoonlikheid dui. Andreas se naam word verder net een maal (10:2) in die Matteus-evangelie genoem. In die geval van Petrus is dit anders (8:14; 10:2; 14:48–29; 16:16–23; 17:24–27; 26:31–75). Dit is betekenisvol dat Petrus in Matteus 10:2³ in sy hoedanigheid as ’n dissipel eerste genoem en met die adjektief πρῶτος verbind word. Uit hierdie vers in die Matteus-evangelie wil dit voorkom asof Matteus aan Petrus ’n vername rol of funksie onder die dissipels van Jesus toeskryf.

¹ Matteus 4:20 (1953-vert.): “En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg.”

² In die Johannes-evangelie word dit ietwat anders voorgestel (Joh. 1:35–52).

³ Matteus 10:2 (1953-vert.): “En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer”.

In die vier evangelies word die naam “Petrus” (Πέτρος) ongeveer 94 keer genoem en ongeveer 56 keer in die Handeling van die Apostels. Hierdie telling sluit nie die name “Simeon”, “Sefas” of “Simon Bar-Jona” in nie⁴.

Daar kan egter geredeneer word dat die skrywers van Matteus⁵ en Lukas albei die Evangelie volgens Markus as bron gebruik het; daarom word die twee evangelies gekenmerk deur ’n Markaanse prioriteit (Boismard, 1992:679–682; Luz, 2007b:18–22). Van al die sinoptiese skrywers gee Markus die meeste aandag aan Petrus⁶. Outeurs uit

⁴ In werklikheid is daar vier vorme van Petrus se naam in die Nuwe Testament. Die Griekse ekwivalente is die volgende: Hebreeus-Grieks is Συμεών (Ἰσκηλ)-Σίμων en die Aramees-Grieks is Κηφᾶς-Πέτρος (Elwell:1659).

⁵ Sedert die vroegste tye word die Evangelie volgens Matteus (κατὰ Μαθθαῖον) toegedig aan Matteus, Levi (Mark. 2:14; Luk. 5:27; Matt. 9:9 en 10:3), die apostel en eertydse tollenaar (Alexander & Alexander, 1986:471; Newman & Stine, 1988:4) van Kapernaum (France, 1997:72). Met verloop van tyd is daar heelwat navorsing gedoen oor wie die Evangelie geskryf het. Sommige navorsers (Combrink, 1980:71; France, 1997:70–73) kom tot die gevolgtrekking dat die skrywer ’n Joodse Christen moet gewees het en dat hy dus heel moontlik die Matteus is na wie daar in die sinoptiese evangelies verwys word. Ander meen weer dat die Matteus-evangelie glad nie aan die apostel Matteus toegeskryf kan word nie (Clark, 1947:165–172; Hendriksen, 1973:92; Nolland, 2005:3–4; Strecker, 1971:15–35). Daar is egter heelwat navorsers (Hare, 1967:147–148; Luz, 1990:79; Stanton, 1977:67–83) wat oortuig is dat die skrywer van die Matteus-evangelie wel ’n Jood was (Allison, 2005:215; Davies & Allison, 2004:xi; Ray, 2008:34–45; Viljoen, 2009:69). In hierdie ondersoek word daar aanvaar dat die skrywer ’n Jood was en dat dit Matteus Levi die tollenaar was, van wie daar in die sinoptiese evangelies melding gemaak word en wat deur die vroeë kerk as die skrywer aanvaar is. Wie die skrywer was, is beslis nie vir die geloof baie belangrik nie (ook volgens Blomberg, 1992:44; Carson, Moo & Morris, 1992:74), maar France (1997:80) merk hieroor tereg die volgende op: “I happen to believe that it fits the historical and literary data sufficiently comfortably to give us strong reason to accept that early Christians who saw it as his work were not mistaken.”

Verder word aanvaar dat die Evangelie volgens Matteus die geïnspireerde Woord van God is (Hendriksen, 1973:94).

⁶ Petrus figureer vyftien keer prominent in die Markus-evangelie:

1. Simon en sy broer Andreas was vissermanne by die see van Galilea (1:16).
2. Jesus roep vir Simon en Andreas om vissers van mense te word (1:17–18).
3. Jesus genees Simon se skoonmoeder (1:29–31).
4. Simon en die ander soek na Jesus (1:35–38).
5. Die dissipels word uitgestuur en die eerste naam wat gelys word, is Simon. Hier verwys die Markus-evangelie vir die eerste keer na Petrus, καὶ ἐπέθηκεν ὄνομα τῷ Σίμωνι Πέτρον (“Simon, vir wie Hy die naam Petrus gegee het”) (3:16).
6. Slegs Petrus, Jakobus en Johannes word toegelaat by die dogtertjie van Jairo se opwekking uit die dood (5:37).
7. Nadat Jesus vir die dissipels vra, “Maar julle, wie sê julle is Ek,” antwoord Petrus: σὺ εἶ ὁ χριστός (“U is die Christus”) (8:29). Kort na hierdie belydenis word hy egter σατανᾶ (“Satan”) genoem omdat hy nie die dinge van God bedink nie maar die dinge van mense (8:33).
8. Met die verheerliking op die berg neem Jesus slegs vir Petrus, Jakobus en Johannes saam (9:2–13).
9. Petrus tree as woordvoerder vir die dissipels op in 10:28 met die woorde, ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφήκαμεν πάντα καὶ ἠκολούθηκαμέν σοι (“Kyk, ons het alles agtergelaat en U gevolg”).
10. Petrus is die dissipel wat onthou dat die verdroogde vyboom vervloek is die vorige dag (11:21).

die vroeë kerklike tradisie (onder andere Papias⁷ en Origenes⁸) het selfs so ver gegaan om te sê dat Markus onder die invloed van Petrus geskryf het (Van Eck, 2000:975; vgl. ook Vander Broek, 1983:9). Die hoë voorkoms van verwysings na Petrus in die Matteus-evangelie kan dus moontlik aan die Markaanse prioriteit toegeskryf word⁹. Dit is egter duidelik dat die skrywer van die Matteus-evangelie uitbrei op die rol van Petrus onder die dissipels. Dit word 'n vernames rol, met inagneming van *Matteus-Sondergut*, soos in 14:22–36¹⁰, 16:18–19¹¹ en 17:24–27¹². Matteus voeg byvoorbeeld die woord “eerste” (πρῶτος) by in 10:2¹³, waarmee die geïmpliseerde belangrikheid van Petrus se rol as dissipel benadruk word (Nolland, 2005:411) (kyk Tabel 1, p. 4). Hierdie voorbeelde is aanduidings dat die Matteus-evangelie 'n prominente rol aan Petrus as dissipel toeken en dat hy as voorbeeld vir dissipelskap dien.

11. Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas wil by Jesus weet wanneer die tempel verwoes gaan word (13:3).

12. Petrus se belydenis εἰ καὶ πάντες σκανδαλισθήσονται, ἀλλ' οὐκ ἐγώ (“Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie”) gee aanleiding tot die waarskuwing dat hy vir Jesus gaan verloën (14:29).

13. In Getsemane moes die dissipels agterbly terwyl Petrus, Jakobus en Johannes verder saam met Jesus gegaan het (14:32–33).

14. Nadat Jesus gevange geneem is, het Petrus Hom op 'n afstand gevolg tot in die voorhof van die hoëpriester (14:54).

15. Petrus word deur die jongman met die lang wit kleed (engel?) (16:5) by die graf van Jesus uitgesonder om aan hom te sê: “ἀλλὰ ὑπάγετε εἰπατε τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ καὶ τῷ Πέτρῳ ὅτι προάγει ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν” (“Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa”) (16:7)

⁷ Boek 3 van Eusebius se kerkgeskiedenis handel oor Papias se vyf geskrifte, waarvan ongelukkig net fragmente behoue gebly het. In 3.39.15 haal Eusebius (1904, c1890:172–173) Papias aan waar hy sê dat Markus die dinge wat hy by Petrus gehoor het, getrou neergeskryf het.

⁸ Boek 6 van Eusebius se kerkgeskiedenis handel oor Origenes. In 6.25.5 haal Eusebius (1904, c1890:263–339 n.C.) Origenes aan waar hy daarna verwys dat Petrus vir Markus sy seun noem.

⁹ Die meeste navorsers tot en met die negentiende eeu het aanvaar dat Matteus die eerste geskrewe evangelie was. Die Markaanse prioriteit impliseer egter dat die Evangelie volgens Markus die eerste geskrewe evangelie was omdat Markus (as die moontlike outeur) 'n evangelie geskryf het na aanleiding van Petrus se prediking en dus nie van Matteus afhanklik kon gewees het nie (Achte-meier, 1992:542). Baie navorsers aanvaar dus dat Matteus en Lukas albei die korter Markus-weergawe van die evangelie as bron gebruik het (Carson, Moo & Morris, 1992:32–33; Stanton, 1993:28–32).

¹⁰ Jesus loop op die see: Petrus is die “woordvoerder” in hierdie gedeelte en dit wil voorkom of hy duidelikheid wil hê oor die situasie.

¹¹ Matteus 16:18–19 (1953-vert.): “¹⁸En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.”

¹² Jesus betaal die tempelbelasting: Slegs Jesus en Petrus is by hierdie geleentheid betrokke.

¹³ Matteus 10:2 (1953-vert.): “En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedeüs, en Johannes, sy broer”.

Tabel 1: Vergelyking tussen die sinoptiese evangelies se hantering van Petrus as die eerste onder die dissipels

Matteus 10:2	Markus 3:16–17	Lukas 6:14
Τῶν δὲ δώδεκα ἀποστόλων τὰ ὀνόματά ἐστιν ταῦτα· πρῶτος Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος καὶ <u>Ἀνδρέας</u> ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ, καὶ <u>Ἰάκωβος</u> ὁ τοῦ Ζεβεδαίου καὶ <u>Ἰωάννης</u> ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ (Die twaalf apostels se name was: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andreas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer)	[καὶ ἐποίησεν τοὺς δώδεκα,] * καὶ ἐπέθηκεν ὄνομα τῷ Σίμωνι Πέτρον,¹⁷ καὶ <u>Ἰάκωβον</u> τὸν τοῦ Ζεβεδαίου καὶ <u>Ἰωάννην</u> τὸν ἀδελφὸν τοῦ Ἰακώβου καὶ ἐπέθηκεν αὐτοῖς ὀνόμα[τα] βοανηγές, ὃ ἐστὶν υἱοὶ βροντῆς (Hy het hierdie twaalf aangestel: Simon vir wie Hy die bynaam Petrus gegee het,¹⁷ Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, die broer van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges, dit is seuns van die donder, gegee)	Σίμωνα ὃν καὶ ὠνόμασεν Πέτρον, καὶ <u>Ἀνδρέαν</u> τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ, καὶ <u>Ἰάκωβον</u> καὶ <u>Ἰωάννην</u> καὶ Φίλιππον καὶ Βαρθολομαῖον (Simon wat Hy Petrus genoem het, en Andreas, sy broer, Jakobus en Johannes, Filippus en Bartholomeus)
Vergelyking: Petrus se naam verskyn telkens eerste in die lys, en dit is merkwaardig dat Matteus 'n redaksionele byvoeging maak met die adjektief πρῶτος.		

Vanuit 'n narratiewe oogpunt blyk dit dat Petrus ook prominent optree in die eerste gedeelte van die boek Handeling (Handeling van die Apostels). Koulomzine (1973:111) beweer: “The Book of Acts displays Peter as the Protos or First among the Twelve in the heart of their Church.” Volgens Handeling is dit duidelik dat Petrus die inisiatief geneem het in die verkiesing van 'n apostel in die plek van Judas (Hand. 1:15–26), dat hy die preek gelewer het op Pinksterdag (Hand. 2:14–36) en dat hy, saam met Johannes, die menigte in die tempel toegesprek het (Hand. 3:12–26) en die dag daarna voor die Joodse¹⁴ Raad gepraat het (Hand. 4:8–12). Petrus word ook

¹⁴ In hierdie studie word verwysings na 'n “Jood”, “Jode” of “Joodse” met versigtigheid gebruik. Van Aarde (2007a:52–53) waarsku teen anakronisme en meen dat 'n inwoner van Judea 'n “Judeër” (Ἰουδαῖος) en 'n inwoner van Galilea Γαλιλαῖος genoem is: “Dit was egter nie 'n self-benoeming nie. Mense wat die sosio-religieuse ideologie van die Tweede Tempel na die Babiloniese ballingskap aangehang het ... het na hulleself verwys as ‘mense van God’ of die ‘huis van Israel’ (Matt. 10:6) en nie in die eerste plek as Judeërs nie.” In hierdie studie word daar met die terme *Jood*, *Jode* en *Joodse* verwys na die “huis van Israel”, tensy daar anders gespesifiseer word.

geassosieer met die sending “vir die besnedenes” (Πέτρος τῆς περιτομῆς) (Gal. 2:7–8¹⁵) en twee van sy briewe is in die kanon opgeneem¹⁶. Volgens hierdie teksgegewens is dit duidelik dat die vername rol of posisie wat Petrus onder die dissipels van Jesus gehad het ná Jesus se hemelvaart voortgesit is in sy rol as ’n prominente apostel.

Die prominensie van Petrus is verder deur die vroeë kerk benadruk. Tertullianus (160–225 n.C.), Origenes (184/185–253/254 n.C.) en Augustinus (354–430 n.C.) het aanvaar dat Petrus die eerste Pous van die Katolieke Kerk was (Brom, 2004; Burgess, 1976:83).

Die klem van hierdie studie val op Petrus se rol as dissipel in die Matteus-evangelie. Verskeie navorsers (Brandon, 1978:232, 236–237; Manson, 1964:203–204; Sim, 2002:768–782) is van mening dat die skrywer van die Matteus-evangelie doelbewus vir Petrus as die prominente dissipel van Jesus aan die gemeenskap in Antiochië¹⁷ wou voorhou¹⁸. Die apostel Paulus het ook heelwat in hierdie stad gewerk en “daar by die dissipels ’n geruime tyd deurgebring” (διέτριβον δὲ χρόνον οὐκ ὀλίγον σὺν τοῖς μαθηταῖς) (Hand. 14:28). Uit die *Sondergut* wat in die Matteus-evangelie voorkom, het Brandon (1978), Manson (1964) en (Sim, 2002) afgelei dat Petrus opsetlik voorgehou word as die apostel wat nagevolg moet word om die sogenaamde invloed van Paulus teë te werk. Die vraag ontstaan dus of dit waar is, dit wil sê of die moontlikheid bestaan dat daar in die Matteus-evangelie ’n samespanning teen Paulus is. In die lig

¹⁵ Galasiërs 2:7–8 (1953-vert.): “Maar, intendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes – want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene...”

¹⁶ Sommige meen egter dat die tweede brief van Petrus nie deur Petrus geskryf is nie, maar eers na sy dood geskryf is (Bauckham, 1998:134–135, 158; Davids, 2006:123–130). Calvin (Calvin, 1855:363) bevraagteken die outeurskap van Petrus, maar aanvaar tog dat dit volgens 2 Petrus 1:1 wel deur Petrus geskryf is. In hierdie studie word daar aanvaar dat Petrus die skrywer van 1 en 2 Petrus was (Arichea & Hatton, 1993:1; Green, 2008:144; Schreiner, 2003:276). Indien Petrus nie die outeur van 2 Petrus was nie, word hy in ieder geval so belangrik geag dat sy naam aan die brief gekoppel word.

¹⁷ In hierdie studie word daar van die veronderstelling uitgegaan dat die Matteus-evangelie in Antiochië ontstaan het en daarom kan dit voorkom asof Matteus vir Petrus wou voorhou as die een wie se leer nagevolg moet word (Carson, Moo & Morris, 1992:76; Slee, 2003:119; Streeter, 1924:504–511).

¹⁸ Verheyden (2011:310–311) kom tot die gevolgtrekking dat alhoewel Petrus prominent uitgebeeld word in die Matteus-evangelie, hy in heelwat ander geskrifte nie sterk figureer nie. Met inagneming van onder andere *Die Handeling van Tomas, Die Evangelie van Maria, Die Apokrief van Jakobus, Die Eerste en Tweede Apokalips van Jakobus* en *Die Evangelie van Tomas*, sê hy: “It teaches us about how various groups have used diverse literary, rhetorical and theological methods and literary strategies to reach a variety of aims and goals, to turn Peter into a ‘rock’, or, more frequently it seems also into a ‘stumbling block’.”

hiervan word daar in hierdie studie ondersoek gedoen na die faktore wat 'n invloed kon gehad het op die wyse waarop Petrus in die Matteus-evangelie uitgebeeld word.

Verder moet daar in gedagte gehou word dat die Matteus-gemeenskap 'n gespanne verhouding met die Sinagoge gehad het (Viljoen, 2015:5–6). Matteus wou aan die gelowiges die oorstroomende geregtigheid (περισσεύση ὑμῶν ἢ δικαιοσύνη) (vgl. Matt. 5:20), wat deur Jesus geleer is, voorhou sodat hulle hul in die gemeenskap as dissipels van Jesus kon posisioneer. Dissipelskap is 'n belangrike tema in die Matteus-evangelie¹⁹ (Hagner, 1993a:lxiii; Luz, 2005:131–137). Die hoogste waarde van dissipelskap is om gedurig na die wil van God te soek (Viljoen, 2012:19) en daarom moet die dissipels van Jesus soek na die koninkryk van God en sy δικαιοσύνη (“geregtigheid”) (6:33), wat oorstroomende moet wees as dié van die Fariseërs en Skrifgeleerdes. Hierdie opvatting van dissipelskap het Matteus aan die gemeenskap voorgedra sodat hulle hul lewens in ooreenstemming kon bring met dié van die dissipels (10:1–4, 7; 28:16–20). Hiermee word nie beweer dat Petrus net positief uitgebeeld word nie; hy word ook negatief geteken (Matt. 14:30–31, 16:22–23, 26:33–35, 37–40, 69–75). Hy word onder andere as kleingelowig (ὀλιγόπιστος) en twyfelagtig (διστάζω) (14:31) voorgestel en word selfs gelyk gestel aan die Satan (Σατανᾶς) (16:23). Dit kan beteken dat hy as dissipel 'n gewone mens met sterk eienskappe en swakhede was en dus as voorbeeld vir dissipelskap (positief en negatief) sou kon dien.

1.2 Probleemstelling

Uit die voorafgaande beredenering blyk dit dat Petrus 'n prominente rol onder die dissipels van Jesus gehad het. Kingsbury (1979:81) stel “... one must grant Peter the full weight of his salvation-historical primacy.”

Soos reeds aangedui, onder al die skrywers van die sinoptiese evangelies, gee Markus die meeste aandag aan Petrus²⁰. Eusebius²¹ (1904, c1890:273) sê dat die tweede evangelie deur Markus geskryf is en voeg by:

²⁰ Petrus is prominent in vyftien gevalle in die Markus-evangelie (vgl. voetnoot 6 hierbo).

Mark... composed it according to the instructions of Peter, who in his Catholic epistle acknowledges him as a son, saying, 'The church that is at Babylon elected together with you, saluteth you, and so doth Marcus, my son.'²²

(δεύτερον δὲ τὸ κατὰ Μάρκον, ὡς Πέτρος ὑφηγήσατο αὐτῷ, ποιήσαντα, ὃν καὶ υἱὸν ἐν τῇ καθολικῇ ἐπιστολῇ διὰ τούτων ὡμολόγησεν φάσκων ἅσπάζεται ὑμᾶς ἢ ἐν Βαβυλῶνι συνεκλεκτὴ καὶ Μάρκος ὁ υἱός μου)²³

Volgens Eusebius (1904, c1890:173) het hierdie tradisie sy oorsprong by Papias²⁴. Ander verbind ook vir Markus in sy hoedanigheid as die skrywer van die Markus-evangelie met Petrus (Guthrie, 1970:69–70; Van Bruggen, 1988:15; Versteeg, 1992:38–43); Osborne (1988:1664) gaan selfs so ver om te sê dat Markus die “Evangelie van Petrus” neergeskryf het.

Vir hierdie studie word daar aanvaar dat Matteus bronne gebruik het en dit is dus belangrik om vas te stel of hierdie bronne ’n invloed gehad het op die prominente uitbeelding van Petrus; daarom sal die tekste wat op Petrus betrekking het, in hierdie konteks nagevors word. Met hierdie studie word daar van die veronderstelling uitgegaan dat die Markus-evangelie en die Q-bron as bronne gedien het vir die skrywer van die Matteus-evangelie (Carson, Moo & Morris, 1992:32–33; Hagner, 1993a:xlvi; Stanton, 1993:28–32). Hierdie bronhipotese staan bekend as die “twee-bron-hipotese” (Luz, 2007b:18–19). Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van ’n vergelyking tussen die sinoptiese evangelies en ’n ondersoek na die invloed van hierdie bronne op die uitbeelding van Petrus in die Matteus-evangelie.

Die *Sondergut* in Matteus kan volgens Luz (2007b:21) in drie tipes verdeel word:

- byvoegings tot die Markaanse tradisie (Matteus 4:13–16; 8:17; 12:5–7; 27:3–9, 19, 24–25, 62–66; 28:11–15);

²¹ Eusebius van Caesarea (260–339 n.C.) word die “Vader van Kerkgeskiedenis” genoem (Chesnut, 1992:673).

²² Die uitgawe (Eusebius, 1904, c1890) waaruit hierdie aanhaling geneem is, is vertaal deur A.C. McGiffert en is ’n deel van die reeks wat deur P. Schaff en H. Wace geredigeer is.

²³ Die Griekse teks is oorgeneem uit Eusebius (2001:6.25.5).

²⁴ Papias was Biskop van Hiërapolis (met die wending van die eerste eeu n.C.). Hy noem dat hy die apostel Johannes geken het (Schoedel, 1992:140).

- groter onafhanklike dele soos die gegewens oor Jesus se geboorte (1:18–2:23) en dele van die Bergrede (5:21–22, 27–28; 6:2–6, 16–18); en
- individuele tradisies, meestal gelykenisse (13:24–30, 44–50; 18:23–35; 20:1–15; 21:28–32; 22:1–13; 25:1–30).

Matteus se unieke uitbeelding van Petrus kom egter volgens Donfried (1992:256) in drie gebeurtenisse²⁵ na vore:

- Petrus wat op die water loop en deur Jesus gered word (Matt. 14:22–36);
- Petrus se belydenis van Jesus as die Messias en Seun van die lewende God (Matt. 16:16–19); en
- Petrus se vraag na die tempelbelasting (Matt. 17:24–27).

Hierdie drie gebeurtenisse laat die vraag ontstaan waarom Matteus hierdie unieke stof oor Petrus bygewerk het.

Petrus word verder beskryf as iemand wat 'n impulsiewe karakter gehad het (Matt. 14:28–29; 17:4; Mark. 9:5; Joh. 13:8–9; 18:10; ens.; Borchert, 2002:230; Hendriksen, 1953:230; Inch, 2003:11). Osborne (1988:1661) beskryf hom as “impulsive, often rash; he is the first to act and speak his mind and was typified by his enthusiasm for everything in which he had a part.” Hy het ook as die woordvoerder van die dissipels opgetree (Matt. 8:14; 14:28–33; 15:15; 16:16–19; 17:4, 24–27; 18:21; 19:27; 26:37, 40). Wilkins (1988:183) meen dat Matteus die posisie (vanuit die Markaanse prioriteit) van Petrus as die woordvoerder van die dissipels meer eksplisiet uitbeeld: “... Matthew tends to carry on that tradition and support it more strongly”. Die moontlikheid bestaan dus dat sy karakter tot sy prominensie kon bygedra het. Wilkins (1988:210–211) sê: “Peter is specified by Matthew alone to have... unique prominence,” maar ook dat “Matthew’s final emphasis and focus is on the disciples, not Peter.” Kingsbury

²⁵ Alhoewel die gebeurtenisse in 14:22–36 en 16:13–20 ook in ander evangelies voorkom (onderskeidelik Markus 6:45–52, Johannes 6:16–21 en Markus 8:34–9:1, Lukas 9:23–27), word daar in die Matteus-evangelie unieke stof oor Petrus bygevoeg. Hierdie tema word bespreek in die Hoofstuk 6 (p. 206) wat handel oor Petrus se ouderdom as 'n bydrae tot sy prominente rol in die Matteus-evangelie.

(1979:81) se gevolgtrekking het 'n soortgelyke strekking: "From our study we cannot see... that Matthew writes a Peter-Gospel".

Veral die menings van Brandon (1978:232, 236–237), Manson, (1964:203–204) en Sim (2002:768–782) dien as die fokuspunt van hierdie studie. Soos voorheen genoem, meen Manson (1964:204) dat Matteus vir Petrus prominent voorstel in die Evangelie om sodoende die invloed of nalatenskap van Paulus in Antiochië teë te werk. Hy (Manson, 1964:203–204) beweer verder: "It may also be conjectured that the challenge implied in the claim was directed against Paul himself... and it is possible that the elevation of Peter was meant to act as some kind of check upon Paul". Sim (2002), in navolging van Brandon (1978), beredeneer ook die moontlikheid dat daar in die Matteus-evangelie blyke van 'n anti-Pauliniese sentiment voorkom en dat Matteus vir Petrus duidelik as 'n teëvoeter vir Paulus uitbeeld. Sy redenasie is gegrond in respek vir die Tora en hy sê dat diegene wat nie die wet onderhou nie, gestraf sal word (Sim, 1998:203–206). Hy sê verder: "This of course includes Paul and those who follow his Law-free gospel" (Sim, 2002:779–780). Hierdie redenasie het ook daartoe gelei dat hy die kwessie van die besnydenis aanraak. Hy is van mening dat die besnydenis die kern van die polemieë in Antiochië was en dat dit die insident is waarna Paulus in die Galasiërsbrief (Gal. 2:11²⁶) verwys (Sim, 2002:775–781, 1998:188–213). Die navorsing van Meiring & Viljoen (2014:14) kom egter tot die volgende gevolgtrekking (kontra Sim):

Alhoewel daar navorsers is wat meen dat die Bergrede anti-Paulinies is, wil dit voorkom of Matteus nie doelbewus teen Paulus reageer nie. Die siening dat die prominensie van Petrus in Matteus 'n reaksie teen Paulus is, is nie oortuigend nie.

Vanuit 'n sosiaal-wetenskaplike oogpunt²⁷, dit wil sê as die teks vanuit die sosiale en kulturele dimensies ondersoek word (Elliott, 1986:1–33, Elliott, 2008:105-122; Malina,

²⁶ Galasiërs 2:11 (1953-vert.): "Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het."

²⁷ Elliott (2011:1) definieer sosiaal-wetenskaplike kritiek soos volg: "Social-Scientific Criticism (SSC) of the Bible is that phase of the exegetical task which analyzes the social and cultural dimensions of the text and of its environmental context through the utilization of the perspectives, theory, models, and research of the social sciences."

2009:13–20), wil dit voorkom of Petrus die oudste onder die dissipels van Jesus was. Hierdie afleiding kan gemaak word uit die vraag na die tempelbelasting (Matt. 17:24–27). Volgens Matteus blyk dit dat slegs Jesus en Petrus onder die verpligting van hierdie belasting gestaan het (Matt. 17:27²⁸). As dit slegs mans “van twintig jaar oud en daarbo” was wat “die offergawe van die Here gee” (volgens Eks. 30:14²⁹), kan die gevolgtrekking gemaak word dat slegs Jesus en Petrus ouer as twintig was. Indien daar bevind word dat Petrus wel die oudste van die dissipels was, moet dit binne die sosiale konteks van groepe in die eerste eeu geplaas word. Sodoende kan daar vasgestel word of die ouderdom van ’n persoon aan hom voorrang in ’n groep gegee het.

Malina en Rohrbaugh (2003:369–372) verduidelik dat “eer” (“honor”) die sentrale sosiale waarde van die Mediterreense wêreld in die eerste eeu was. In eenvoudige taal beteken dit dat eer gelyk was aan ’n persoon se openbare reputasie. Eer is verwerf deur onder andere dade³⁰ (goeie dade) en die openbare erkenning daarvan; die hoeveelheid eer wat verwerf is, het die sosiale status van ’n individu bepaal (Neyrey, 1998:1–10). Daar sal egter bepaal moet word of ouderdom ook eer aan ’n persoon verleen het. Indien dit bevestig kan word, sou dit kon beteken dat Petrus as die oudste van die dissipels ’n hoër sosiale status of voorrang in die dissipelgroep gehad het.

Teen bogenoemde agtergrond word dit reeds duidelik dat Petrus ’n prominente rol onder die dissipels van Jesus bekleed het.

Die navorsingsvraag kan dus soos volg geformuleer word: Waarom het Petrus in die Matteus-evangelie ’n prominente rol onder die dissipels van Jesus bekleed?

Vrae wat hieruit voortspruit is:

²⁸ Matteus 17:27 (1953-vert.): “Maar dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi ’n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.”

²⁹ Eksodus 30:14 (1953-vert.): “Elkeen wat oorgaan na die geteldes, van twintig jaar oud en daarbo, moet die offergawe van die Here gee.”

³⁰ Eer kon ook “geërf” word by ’n vader of familie. Geslag het ook eer gegee en so het seuns byvoorbeeld ’n baie hoër sosiale status gehad as dogters van dieselfde gesin (Malina & Rohrbaugh, 2003:325, 387).

- Watter navorsing bestaan daar reeds oor die algemene rol van Petrus in die Matteus-evangelie?
- Kon Petrus se karakter bygedra het tot sy prominensie in die Matteus-evangelie?
- Kon die bronne van die skrywer bygedra het tot Petrus se prominensie in die Matteus-evangelie?
- Hoe lyk Matteus se unieke uitbeelding van Petrus?
- Kon Petrus se ouderdom bygedra het tot sy vernames rol in die Matteus-evangelie?

1.3 Doelstellings en doelwitte

Die doelstelling en die doelwitte van hierdie navorsing word teen die agtergrond van bogenoemde verkenning geformuleer.

1.3.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie is om te bepaal waarom die Matteus-evangelie so 'n prominente rol aan Petrus toeken.

1.3.2 Doelwitte

Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir hierdie ondersoek gestel:

- om vas te stel watter navorsing daar reeds oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie bestaan, dit te bespreek en te beoordeel;
- om te bepaal of Petrus se persoonlikheid kon bygedra het tot sy prominensie in die Matteus-evangelie;
- om vas te stel of die bronne wat die skrywer geraadpleeg het, bygedra het tot Petrus se prominensie in die Matteus-evangelie;
- om vas te stel hoe Matteus se unieke uitbeelding van Petrus daar uitsien en watter moontlike invloed die uitbeelding, in besonder van die vernames rol van Petrus, gehad het; en

- om vas te stel of Petrus se ouderdom kon bygedra tot sy vername rol in die Matteus-evangelie.

1.4 Sentrale teoretiese argument

Die vername rol van Petrus in die Matteus-evangelie dien as voorbeeld (prototipe) vir dissipelskap en moet nie as ’n anti-Pauliniese sentiment beskou word nie.

1.5 Metodologie

Die studie word binne die raamwerk van die gereformeerde tradisie aangepak en ’n kanon-kritiese benadering (vgl. Klein, Blomberg & Hubbard, 2004:116; Sheppard, 1992:861-866) word gevolg. Met kanonkritiek word elke teks teen die agtergrond van die hele Skrif beskou. Kanonkritiek maak ook gebruik van die rekonstruksie van historiese kritiek, vormkritiek en bronskritiek, maar aanvaar die evangelie, soos wat dit in die kanon vervat is, as die finale vorm van die narratief oor Jesus³¹.

Vir die ondersoek van die teks van die evangelies, sal daar egter van twee basiese metodes gebruik gemaak word. Die eerste metode is toegespits op die geskiedenis van die teks, dit wil sê ’n ondersoek na hoe die teks tot stand gekom het (ouderdom van die teks) en of dit met die vroeëre tradisie (historiese Jesus) verbind kan word. Die tweede metode fokus op die teks as literatuur, met ander woorde dit wat die teks aan die leser kommunikeer.

Die doel van hierdie studie is om die rol van Petrus in die Matteus-evangelie na te vors; daarom is die Matteus-outeur se redaksionele byvoegings of weglatings van dele (redaksiekritiek) van die moontlike oorspronklike bronne (bronskritiek) belangrik (geskiedenis van die teks).

Waar die klem op die teks as literatuur val, word ’n narratief-kritiese benadering gevolg (Klein, Blomberg & Hubbard, 2004:65; Malbon, 2009:80–82). Die “wat” en die “hoe” van ’n teks word geanaliseer as ’n organiese eenheid (Resseguie, 2005:18–19). Rhoads

³¹ ’n “Eie-vertaling” (tensy anders vermeld) vanuit Grieks en Hebreeus na Afrikaans word telkens waar nodig vir die teks gegee.

(1982:412) beskryf die narratief-kritiese metode as "... the literary study of narrative or narrative criticism". Hays (2008:211) bespreek die moontlikheid dat narratiewe analise die teologiese eenheid van die Bybel kan bevestig en maak die volgende gevolgtrekking: "The very different surface details of the various biblical texts, their distinctive styles, even their attention to different moments in God's story, do not stand as barriers to discerning the underlying coherence of the story..."

Vir die verrekening van die sosiale konteks word daar van sosiaal-wetenskaplike kritiek gebruik gemaak (Malina & Rohrbaugh, 2003:1–2; Van Aarde, 2007a:49–79, 2007b:515–542, 2007c:1119–1147). Insig in sake soos die eerste-eeuse familiestruktuur, groepe en godsdiens is belangrik vir die verstaan van posisionering in die sosiale wêreld van daardie tyd.

Die teks van Matteus word ook deursigtig gelees (Luz, 2005:17); met ander woorde, Matteus se narratief oor Jesus kan as 'n verhaal in die Evangelie onderskei word. Uit hierdie verhaal kan belangrike inligting oor die omstandighede van die eerste lesers afgelei word, omdat die "Sitz im Leben der alten Kirche" indirek onderskei kan word van die "Sitz im Leben Jesu" (Viljoen, 2009:68).

Die literatuurstudie sal soos volg aangepak word:

- Om vas te stel wat die rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie is, sal 'n literatuurstudie van die werke van verskeie navorsers soos Brandon (1978), Burgess (1976), Butler (1993), Carter (2000), Sim (2002, 2007), Wiarda (2000) en Wilkins (1988), en onderneem en beoordeel word.
- Om vas te stel hoe Petrus se persoonlikheid sy prominensie kon beïnvloed het, sal sy karaktertrekke geïdentifiseer word (Strydom, 2006:108–111) teen die agtergrond van 'n narratief-kritiese benadering (Malbon, 2009:80–82; Wiarda, 2000:2–8); dit wil sê, die kanon van die Nuwe Testament word as narratief beskou en inligting word daaruit gebruik om te bepaal watter invloed Petrus se persoonlikheid op sy rol in die dissipelkring gehad het.
- Om vas te stel of die bronne wat Matteus gebruik het, 'n invloed op die prominensie van Petrus gehad het, sal die gedeeltes in die sinoptiese evangelies

waarin daar na Petrus verwys word, met mekaar vergelyk en bespreek word. Daar word aangesluit by onder andere Edwards (2002:2), Hagner (1993a:xlvi), Luz (2007b:18–21), Verheyden (2015:1–10) en Versteeg (1992:38–43).

- Om vas te stel wat Matteus se unieke uitbeelding van Petrus is, sal die Matteus-*Sondergut* oor die dissipel geïdentifiseer en bespreek word. Daar sal na aanknopingspunte gesoek word by verskeie navorsers soos Brown, Cullman (1962:19–33), Donfried en Reumann (1974:75–107) en Kingsbury (1979:67–83).
- Om vas te stel of Petrus se ouderdom kon bygedra het tot sy prominensie, sal 'n sosiaal-wetenskaplike ondersoek oor sosiale gebruike in die tyd van Jesus (op aarde) gedoen word (Malina & Rohrbaugh, 2003:1–2). Dit wil voorkom of slegs Jesus en Petrus onder die verpligting van die tempelbelasting gestaan het (Horbury, 1985:265–286; Montefiore, 1965:60–71). Dit kan beteken dat Petrus moontlik die oudste van die dissipels kon gewees het.

1.6 Hoofstukindeling

Die navorsingsverslag bestaan uit die volgende hoofstukke:

Hoofstuk 1: Oriëntering en probleemstelling

Hoofstuk 2: Stand van navorsing oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie

Hoofstuk 3: Die persoonlikheid van Petrus as rede vir sy prominensie in die Matteus-evangelie

Hoofstuk 4: Matteus se bronne as rede vir die prominensie van Petrus in die evangelie

Hoofstuk 5: Voorstellings van Petrus wat uniek aan Matteus is (*Sondergut*)

Hoofstuk 6: Petrus se ouderdom as bydrae tot sy prominente rol in die Matteus-evangelie

Hoofstuk 7: Gevolgtrekking oor die rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie

Hoofstuk 2

Stand van navorsing oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie

2.1 Inleiding

Die kerk het van vroeg na Christus 'n vername rol aan Petrus toegeken. Kerkvaders soos Tertullianus (160–225 n.C.), Origenes (184/185–253/254 n.C.), Augustinus (354–430 n.C.) en ander was dit eens dat daar spesiale gesag aan Petrus gegee is (Brom, 2004:1; Luz, 2007a:60). Die doel van hierdie hoofstuk is om uit die Matteus-evangelie vas te stel wat die rol van Petrus as dissipel was. Daar sal probeer word om vas te stel hoe prominent sy posisie onder die dissipels was en wat die moontlike motivering daarvoor kon gewees het.

Die vroeg-Christelike siening van die belangrike rol van Petrus spruit moontlik voort uit Matteus 16:18–19, wat soos volg lui³²:

καὶ γὰρ δὲ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν καὶ πύλαι ᾗδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς. ¹⁹ δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν; καὶ ὃ ἐὰν δήσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς

(En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹ Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemele ontbonde wees.)

Deur die eeue het wyd uiteenlopende interpretasies van die twee tekste voorgekom. Brock (2000:105) verwys na “apostoliese gesag” (“Apostolic authority”) en sê dat Matteus die evangelis is wat aan Petrus 'n verhewe rol as ontvanger (“recipient”) van

³² Burgess (1976:83–84) wys op die volgende: “*Tu es Petrus et super hanc petram aedif – icabo ecclesiam meam* is painted in huge gilt letters inside the cupola of St Peter’s Basilica in Rome, a church that may literally have been built on Peter, if the bones in the crypt beneath the altar really are his...”

die sleutels van die koninkryk van die hemel gegee het³³. Kingsbury (1979:69) merk op: “In comparison with Mark, Matthew lends greater prominence of both a positive and negative sort, to the figure of Peter”. Votaw (1910:9) meen dat juis Petrus se prominensie of aktiewe leierskap tot sy dood gelei het.

Die gevolgtrekking van Ferda (2012:456) oor die interpretasie van die belydenis van Petrus in die voorafgaande Matteus 16:16–17³⁴ beklemtoon dat die dissipel ’n veelsydige, kontroversiële en invloedryke Bybelse figuur was:

The Peter of Matt. 16:16–17 has had a long and illustrious career in the history of biblical interpretation. He confronted the Ebionites and the Docetists, tutored “spiritual” readers of scriptures, rebuked the Arians, attended the councils of Nicea and Chalcedon, censured Pelagius, bolstered the papacy, critiqued the papacy, spoke from the pulpit, sat in the pew. It is ironic that a brief statement about the identity of Jesus – which, in the context of Matthew’s Gospel, is supposed to narrow the disciples’ understanding of the person and work of Jesus (cf. w. 13–15) – could create more diversity than it eliminates. But so it is. Peter’s confession has seventy faces.

Net soos daar verskillende interpretasies van Matteus 16:16–17 en 16:18–19 bestaan, is daar verskillende benaderings tot Matteus se uitbeelding van Petrus. Kingsbury (1979:83) onderskei drie fases in die interpretasiegeskiedenis. In die eerste fase het dogma die oorhand gehad en is die teks deur kerklike ontwikkeling beïnvloed; in die tweede fase was die soeke na biografiese inligting en tradisie dominant (die historiese Petrus); en in die derde fase het redaksiekritiek oorheers en is daar probeer om vas te stel hoe Matteus Petrus wou voorstel³⁵.

³³ Brock (2000:105) meen egter ook dat Matteus nie vir Petrus die “eerste” (“first”) in die koninkryk maak nie, hy sê: “That is a primacy specifically denied even to members of the Twelve (Mt 20:20–26)”.

³⁴ Matteus 16:16–17: “Simon Petrus het geantwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God. ¹⁷ Jesus antwoord hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader in die hemele.”

³⁵ Luz (2007a:57–63) noem dat daar deur die geskiedenis van eksegetiese vier tipes interpretasies van Matteus 16:18 tot stand gekom het. Hierdie interpretasies word later in 2.2 *Onderskeie interpretasies van Matteus 16:18*, p. 20 e.v. bespreek.

In hierdie studie is dogma nie op die voorgrond nie en net enkele opmerkings word oor die historiese Petrus gemaak. Redaksiekritiek speel daarenteen ’n belangrike rol in die beredenering.

Wat die historiese Petrus betref, kan die vraag tereg gevra word of daar in hierdie studie met die historiese Petrus en of met die geïnterpreteerde Petrus gewerk moet word. Die vraag na die historiese Petrus bied nie ’n bevredigende antwoord nie. Bockmuehl (2012:3; kyk ook Verheyden, 2011:310–311) skryf dat daar heelwat geskifte uit die eerste en tweede eeu n.C. bestaan, maar dit bevat weinig inligting oor Petrus se herkoms, karakter, sendingwerk of sy dood. Hy (Bockmuehl, 2012:3) sê: “The historical Peter himself left virtually nothing in writing, and even less of archaeological interest – whether in his native Galilee, in Jerusalem or Caesarea, in Antioch or Corinth. Only Rome may be a partial exception...” Dit kan wees dat hierdie “stilte” oor die historiese Petrus in die vroeë literatuur ’n bewys is dat hy nie ’n belangrike figuur in die vroeë Christendom was nie. Tog is daar genoeg bewyse in die Nuwe Testament dat Petrus sterk gefigureer het onder die dissipels én die apostels (Matt. 16:16–19; Mark. 3:14–16; Luk. 9:18–21; Joh. 13:6–11, 18:10–11, 21:1–25; Hand. 1:15–26, 2:14–36, 3:12–26, 10:9–48; 1 Kor. 15:5; Gal. 1:18). In ’n ander werk van Bockmuehl (2007:98–99), waarin hy die verskillende benaderings tot Petrus evalueer, naamlik dié van E.P. Sanders, J.D. Crossan, N.T. Wright en J.D.G. Dunn, kom hy tot die volgende gevolgtrekking:

Peter seems repeatedly reduced to an ideological straw man or literary whipping boy: Paulinists see him through the eyes of Paul as one who accentuates Pauline distinctives; Jesus scholars again see him as a sidekick, a foil to Jesus.

Hierdie studie gaan uit van die standpunt dat Matteus verantwoordelik was vir die finale redaksie van die teks van die *Evangelie volgens Matteus*. Die bewerings dat Matteus doelbewus vir Petrus prominent in die evangelie probeer voorstel het, word ondersoek; daarom sal daar met die Petrus gewerk word soos wat hy deur Matteus voorgehou word. Dit hou in dat die dele waarin daar na Petrus verwys word,

geïdentifiseer sal word en dat daar vasgestel sal word hoe Matteus Petrus in die gedeeltes voorstel (kyk 2.3 *Verwysings na Petrus in die Matteus-evangelie*, p. 21).

Verskillende aspekte in die bestaande navorsing oor Petrus in die Mateus-evangelie sal ondersoek word. Die eerste wat sterk op die voorgrond tree, is die anti-Pauliniese sentiment. Soos wat daar in 1.2 *Probleemstelling* (p. 6 e.v.) aangedui is, meen sommige navorsers dat daar 'n anti-Pauliniese sentiment in die Matteus-evangelie te bespeur is (Brandon, 1978:232, 236–237; Manson, 1964:203–204; Sim, 1998:188–213, 2002:768–782). Die bevindings van die navorsing sal indringend bespreek en beoordeel word (kyk 2.4 *Skygbaar anti-Pauliniese sentiment in Matteus*, p. 25, en 2.5 *Die Pauliniese Petrus*, p. 32).

Verder sal die bestaande navorsing oor die Matteaanse Petrus se verhouding met Jesus (2.6 *Matteus benadruk die verhouding tussen Jesus en Petrus met die woord $\pi\rho\acute{o}\tau\omicron\varsigma$* , p. 35), Petrus as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels (kyk 2.7 *Petrus as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels*, p. 39) en ook sy sterk eienskappe en swakhede (kyk 2.8 *Normale mens met sterk eienskappe en swakhede*, p. 45) bespreek en beoordeel word om 'n idee te probeer vorm van wat sy dissipelskap ingehou het.

Voordat bogenoemde navorsing bespreek en beoordeel word, kan dit nuttig wees om die verwysings na Petrus in die Matteus-evangelie te identifiseer en sommige wat vir hierdie studie belangrik is, te bespreek om 'n idee te vorm van Petrus se rol in die evangelie. Die verwysing na Petrus in 16:18 sal ter inleiding bespreek word omdat hierdie teks deur die geskiedenis so 'n groot invloed op die kerk gehad het (Luz, 2007a:57–74).

Soos wat in 1.4 *Sentrale teoretiese argument* (p. 12) gesê is, sal die ondersoek binne raamwerk van die sentrale teoretiese argument van hierdie studie geskied, naamlik dat Petrus se rol in die Matteus-evangelie as 'n voorbeeld dien (prototipe) vir dissipelskap en dat dit nie as 'n anti-Pauliniese sentiment beskou moet word nie.

2.2 Onderskeie interpretasies van Matteus 16:18

Ter inleiding word die verskillende interpretasies van Matteus 16:18 weergegee. Slegs 'n oorsig word aangebied omdat hierdie onderwerp later in die studie (5.4 *Petrus se belydenis van Jesus as die Messias en Seun van die lewende God (16:16–19)* (p. 185) breedvoeriger ondersoek word.

Die uiteenlopende interpretasies van Matteus 16:18 deur die eeue het veral in die tyd van die Reformasie heftige reaksie uitgelok. Whitford (2008:27) skryf dat die stryd oor die betekenis van hierdie vers tydens die Reformasie so heftig was dat Luther die Pous selfs as die Antichris beskou het. Jesus sê: “Jy is Petrus en op hierdie rots sal ek my kerk bou, en die poorte van Hades sal dit nie oorweldig nie” (σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν καὶ πύλαι ᾗδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς). Die vraag het dus ontstaan: Wie of wat was die rots waarop Jesus sy kerk bou? Die antwoorde wissel van Petrus (σὺ εἶ Πέτρος), die belydenis van Petrus (16:16 – σὺ εἶ ὁ χριστὸς, wat dus parallel is aan σὺ εἶ Πέτρος) tot Jesus as “die Christus” (σὺ εἶ ὁ χριστὸς). Van der Westhuizen (2011:78) se mening is die volgende:

As die drie benaderings in die verklaringsgeskiedenis beskou word, blyk dit dus dat Petrus nie die rots is waarop die kerk gebou word nie. Dié verklaring het eers in die derde eeu na Christus na vore gekom. Verder berus dit eerder op tradisie as wat dit op die getuienis van die Skrif self berus. Meer waarskynlik het die rots van Matt. 16:18 die belydenis van Petrus in die oog. Dit kan egter nooit geskei word van Christus as ware fondament nie. Die verhouding tussen die bogenoemde waarskynlike benaderings kan dan soos volg verduidelik word: Jesus is die Christus wat die ware fondament is waarop die kerk gebou word (1 Kor. 3:11; 1 Pet. 2:4, 6). Petrus het Jesus as die Christus bely en daarom word hy 'n lewende steen (1 Pet. 2:5) in die huis wat Jesus bou. Die dissipel is dan 'n prototipe van almal wat Jesus sou bely.

Die werk van Luz (2007a:57–74) is ook insiggewend. Hy behandel die geskiedenis van die interpretasie van Petrus se optrede en woorde, veral in Matteus 16, en die invloed wat dit deur die eeue uitgeoefen het. Geen ander teks het soveel teenstrydige (“contradictory”) interpretasies soos Matteus 16:18 uitgelok nie. Hy sien dit soos volg:

The Roman Catholic interpretation, that the rock of the church is Peter and the Roman bishops who succeed him, is only one part of it. In the late Middle Ages and in the time of the Reformation, our text served also as a strong exegetical argument against Roman claims. The interpretations not only vary widely in subsequent history, but some even directly contradict each other.

Volgens Luz (2007a:57–63) kan vier soorte interpretasies van Matteus 16:18 onderskei word:

1. Tipologiese interpretasie

Die tipologiese interpretasie is nie net die oudste nie, maar dit is ook 'n voorloper van twee van die ander interpretasies, naamlik die klassiek Oosterse en die klassiek Westerse interpretasie. Die tipologiese benadering kan die “demokratiese” interpretasie van Matteus 16:18 genoem word. Hiervolgens simboliseer Petrus elke ware Christen: 'n Rots is elke dissipel wat uit 'n geestelike rots gedrink het “en die rots was Christus” (1 Kor. 10:4) (Origenes, 1885:608–609, 1897:456; Tertullianus, 1885:98–100).

Die essensie van hierdie interpretasie is dat Petrus tipologies van die ware, geestelike en volmaakte Christen is. Dit het ook algemeen in die Christelike gnostisisme voorgekom.

2. Oosterse interpretasie

In die Griekse en Siriese kerke is die rots as Petrus se belydenis of geloof geïnterpreteer. Met hierdie interpretasie word dit nie betwis dat Jesus persoonlik die belofte aan Petrus gegee het nie, maar die klem word op die toepassing van hierdie gawe geplaas. Die vraag was: Hoe is Petrus die rots van die kerk?

Hierdie interpretasie het die identiteit van die kerk versterk, terwyl die tipologiese interpretasie die identiteit van die individu versterk het.

3. Christologiese interpretasie

Hierdie interpretasie is oorspronklik deur Augustinus geformuleer, want vir hom was die rots nie Petrus nie maar veel eerder Christus self. Die oortuiging is gebaseer

op tekste soos 1 Korintiërs 3:11 en 10: 4. Petrus is beskou as die verteenwoordiger van die kerk op grond van sy geloof in Christus en omdat hy die eerste apostel was. Hiermee het Augustinus die klem op die leerstelling van genade laat val, want Petrus was van Christus alleen afhanklik en die gemeente is op Christus alleen gebou. Dit was ook anti-Rooms, want Christus is die rots en nie die Pous nie. Dit het tot gevolg gehad dat Christene hulle met Petrus kon identifiseer. Hoewel hy swak, onstabiel en onvolmaak was, het hy sy hoop op Christus alleen gevestig.

4. Roomse interpretasie

Die Roomse interpretasie is hoofsaaklik deur die leiers van die Roomse kerk gebruik. Luz (2007a:62) verwoord dit soos volg: “Its *Sitz im Leben* was and remains the justification of papal claims. It probably owes its final success in the church to the very fact that it was an interpretation articulated by its rulers.”

Hierdie interpretasie het die posisie van die Pous in die Roomse kerk versterk teenoor die Oosterse patriarge, teenoor die keiser in die Middeleeue, teenoor Protestantisme en teenoor modernisme.

2.3 Verwysings na Petrus in die Matteus-evangelie

In die lig van die doel van hierdie hoofstuk, naamlik om vas te stel wat die rol van Petrus in die Matteus-evangelie is, word die verwysings na Petrus in Matteus geïdentifiseer en sommige bespreek om ’n idee te vorm van die rol van Petrus as dissipel. Die naam “Petrus” (Πέτρος) kom in 24³⁶ verse in Matteus voor (4:18; 8:14; 10:2; 14:28, 29; 15:15; 16:16, 18, 22, 23; 17:1, 4, 24, 26; 18:21; 19:27; 26:33, 35, 37, 40, 58, 69, 73, 75)³⁷. In drie van hierdie verse word die naam “Petrus” met “Simon” verbind (4:18 – “Simon wat genoem word Petrus” (Σίμωνα τὸν λεγόμενον Πέτρον); 10:2 – “Simon wat Petrus genoem word” (Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος); en 16:16 – “Simon

³⁶ In die Griekse Nuwe Testament kom die naam Πέτρος (lemma) slegs 23 keer voor. In 17:26 antwoord Petrus, maar sy naam word nie genoem nie.

³⁷ Daar is reeds genoem dat daar met hierdie studie aanvaar word dat die Markus-evangelie as bron vir Matteus gedien het. Dit word as een van die redes aangevoer waarom Petrus se naam so dikwels in die Matteus-evangelie voorkom. Van Aarde (2016:3) meen selfs dat Matteus as kommentaar (*metateks*) op Markus beskou kan word. Later in hierdie studie word die Markaanse prioriteit en ’n vergelyking van die sinoptiese evangelies breedvoerig bespreek (Hoofstuk 4, p. 116).

Petrus” (Σίμων Πέτρος). Daar is ook twee gevalle waarin Jesus vir Petrus onderskeidelik as “Simon Bar-Jona” (Σίμων Βαριωνᾶ) (16:17) en slegs as “Simon” (Σίμων) (17:25) aanspreek. Dit wil voorkom asof “Simon” gespesifiseer word as die een wat “Petrus” is en die seun van Jona, d.w.s. Simon word geïdentifiseer as Petrus (Hagner, 1993a:78).

Vervolgens word beskrywings van drie gebeurtenisse waarin Petrus opvallend figureer, bespreek, naamlik die roeping van Petrus en Andreas as dissipels, Jesus se genesing van Petrus se skoonmoeder en die verheerliking van Jesus op die berg³⁸.

In die roeping van Petrus en Andreas beskryf Matteus hoe Jesus langs die See van Galilea gesien het dat Petrus en sy broer Andreas besig was om ’n net in die see uit te gooi, “want hulle was vissers” (ἦσαν γὰρ ἀλιεῖς) (4:18). Jesus het hulle geroep om Hom te volg en hulle het “dadelik” (εὐθέως) die “nette” laat staan en Hom gevolg. Hagner (1993a:76) praat van ’n “uitnodiging tot dissipelskap” omdat Jesus hiermee sy eerste dissipels geroep het. Uit hierdie roeping van die eerste dissipels kan twee punte met betrekking tot Petrus opgemerk word. Eerstens word Petrus se naam *eerste* genoem, wat ook die geval in 10:2 is³⁹. Dit dui volgens verskeie navorsers (Hagner, 1993a:76; Nolland, 2005:179; Turner, 2008:136) op Petrus se belangrike rol in die Matteus-evangelie. Tweedens, dat die dissipels “dadelik” die net laat staan, dui waarskynlik op die gesag van Jesus (Kingsbury, 1988:130), maar dit kan ook dalk iets van Petrus se karakter wys. Newman en Stine (1988:94) noem ook: “We can guess that Peter was the elder since he was named first, but this cannot be proved”⁴⁰.

Die volgende gebeurtenis wat hier bespreek word, kom eers in 8:14 voor. Jesus kom in die huis van Petrus en sien die dissipel se skoonmoeder siek “lê aan die koors”

³⁸ Die belangrike verwysings in 14:22–36, 16:16–19 en 17:24–27 maak deel uit van Matteus se *Sondergut* oor Petrus in hierdie evangelie; daarom word hierdie gedeeltes in Hoofstuk 5 (p. 167) bespreek. Petrus is ook die een onder die dissipels wat vrae vra (Matt. 18:21, 19:27, 26:33) en antwoord op vrae wat Jesus vra (Matt. 19:27 en 26:33). Teen die einde van die evangelie word hy veral voorgehou as die een wat nie kan waak nie (Matt. 26:40, 43, 45) en as die loënaar van Jesus (Matt. 26:69–75).

³⁹ Matteus 10:2: “Die twaalf apostels se name was: eerstens Simon wat as Petrus bekend staan, en Andreas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer” (Τῶν δὲ δώδεκα ἀποστόλων τὰ ὀνόματά ἐστιν ταῦτα· πρῶτος Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος καὶ Ἀνδρέας ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ, καὶ Ἰάκωβος ὁ τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννης ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ).

⁴⁰ Die sentrale tema van Hoofstuk 6 (p. 206) handel oor Petrus se ouderdom en dat hy moontlik die oudste van Jesus se dissipels was.

(βεβλημένην καὶ πυρέσσουσιν). Die vorige verwysing na Petrus (4:18–20) kon die indruk geskep het dat die twee broers alles prysgegee het om Jesus te volg, maar volgens 8:14 moet Petrus ’n huis, besittings en ’n huishouding gehad het. Uit argeologiese opgrawings blyk dit dat die huis waarna verwys word, naby die see was, waarskynlik naby die strand, en dat dit ’n belangrike plek van samekoms was (Corbo, 1992:867; Davies & Allison, 2004a:122–123; vgl. Carter, 2000:204). Die genesing van Petrus se moeder is die enigste “genesing” in Matteus waar Jesus nie op een of ander manier gevra word om iemand te genees nie (Morris, 1992:197). Keener (2009:270–271) meen dat die genesing van een van Petrus se familieleden ’n bewys is dat Jesus besonder besorg oor Petrus was. Die bewering sou daardeur ondersteun kon word dat Jesus nie gevra is om Petrus se skoonmoeder te genees nie. Daar sou bygevoeg kon word dat dit uit die gebeurtenis blyk dat Petrus in ’n innige verhouding met Jesus gestaan het.

Wat ook uit die verwysing na Petrus se skoonmoeder duidelik is, is dat hy getroud was en alhoewel sy vrou nie hier genoem word nie, word daar in 1 Korintiërs 9:5 van haar melding gemaak⁴¹. ’n Besliste gevolgtrekking oor Petrus as die oudste van die dissipels kan sekerlik nie uit hierdie teks (8:14) gemaak word nie (soos wat Newman & Stine, 1988:94 hierbo waarsku), maar daar kan afgelei word dat hy nie een van die jonger dissipels was nie. In die eerste eeu na Christus kon mense reeds op vroeë ouderdom in die huwelik verbind word (mans kon al op dertien trou) (Elwell, 1988:1407)⁴². Petrus was getroud, verantwoordelik vir die sorg van sy skoonmoeder en het waarskynlik reeds vir ’n paar jaar gewerk om ’n huis en besittings bymekaar te kon maak. Alhoewel daar dus nie met sekerheid gesê kan word dat Petrus die oudste was nie, teken Matteus Petrus dus hier as iemand vir wie ’n mens in die familie en gemeenskap respek sou kon hê.

⁴¹ 1 Korintiërs 9:5: μὴ οὐκ ἔχομεν ἐξουσίαν ἀδελφὴν γυναῖκα περιάγειν ὥς καὶ οἱ λοιποὶ ἀπόστολοι καὶ οἱ ἀδελφοὶ τοῦ κυρίου καὶ Κηφᾶς (“Het ons dan nie die reg om ’n gelowige eggenote saam op reis te neem soos die ander apostels en die broers van die Here en Sefas nie?”).

⁴² ’n Seun is as ’n man beskou op ouderdom van ongeveer dertien. Dit is formeel met die *bar mitzvah* gevier (Elwell & Comfort, 2001:862).

Die volgende verwysing na Petrus waaraan hier aandag gegee word, kom voor in die beskrywing van die verheerliking van Jesus op die berg (17:1–13). Petrus is saam met Jakobus en Johannes uitgekies om die gebeurtenis te beleef. Eers sien die dissipels vir Jesus, wat lyk asof die son uit sy gesig skyn (καὶ ἔλαμψεν τὸ πρόσωπον αὐτοῦ ὡς ὁ ἥλιος, τὰ δὲ ἱμάτια αὐτοῦ ἐγένετο λευκὰ ὡς τὸ φῶς – “Sy gesig het gestraal soos die son, en sy klere het skitterend wit geword soos die lig”) (Matt. 17:2); dan sien hulle twee groot profetiese figure uit die Ou Testament, Moses en Elia; en laastens bevestig ’n stem uit die hemel dat Jesus die Seun van God is.

Uiteraard is Petrus oorstelp deur die geweldige gebeurtenis, maar uit sy reaksie wat deur Matteus beskryf word, is dit duidelik dat hy op daardie tydstip verward was en nog glad nie verstaan het dat Jesus se koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Petrus is, soos so dikwels volgens die verhaal van Matteus, die enigste dissipel wat praat. Matteus 17:4 lui volg:

ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν τῷ Ἰησοῦ· κύριε, καλὸν ἐστὶν ἡμᾶς ὧδε εἶναι· εἰ θέλεις, ποιήσω ὧδε τρεῖς σκηνάς, σοὶ μίαν καὶ Μωϋσεῖ μίαν καὶ Ἠλίᾳ μίαν.

(Petrus reageer toe en sê vir Jesus: “Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, laat my toe om hier drie hutte te maak [bou], vir U een en vir Moses een en een vir Elia.”)

Die verwarring van Petrus en die ander twee dissipels is nie uniek in Matteus nie, maar word ook deur Markus en Lukas beskryf. Markus (9:6) sê: ...οὐ γὰρ ᾔδει τί ἀποκριθῇ, ἔκφοβοι γὰρ ἐγένοντο (“hy het nie geweet wat om te sê nie... hulle was verskrik”). Lukas (9:32, 33) sê Petrus en die ander “was deur die slaap oorweldig...” (βεβαρημένοι ὕπνῳ) en “... hy [Petrus] het nie geweet wat hy sê nie” (μὴ εἰδὼς ὃ λέγει).

Petrus se verwarring blyk daaruit dat hy aardse huisvesting vir Jesus, en ook vir Moses en Elia, wou voorsien. Dit sê moontlik ook iets oor twyfel in sy hart. Dit kan selfs wees dat hy en die ander dissipels getwyfel het of Jesus waarlik die Messias is; daarom gee God, die Vader, self die sekerheid (Matt. 17:5): “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het” (οὗτός ἐστιν ὁ υἱός μου ὁ ἀγαπητός, ἐν ᾧ εὐδόκησα· ἀκούετε αὐτοῦ). Die dissipels is bevrees en val op hulle gesigte (Matt. 17:6). Jesus het egter nader gekom, hulle aangeraak en gesê dat hulle nie moet vrees nie.

Uit die talle opvallende verwysings na Petrus in die Matteus-evangelie, waarvan 'n paar hier bespreek is, kan daar afgelei word dat Petrus 'n prominente plek in die dissipelkring van Jesus gehad het. Hierdie gevolgtrekking word bevestig deur Kingsbury (1988:131), wat meen dat dit merkwaardig is hoe min mense daar in Jesus se teenwoordigheid in Matteus is. Afgesien van Maria (Matt. 2:11) en “die tollenaars en sondaars” (τοῖν τελωνῶν καὶ ἀμαρτωλῶν) (Matt. 9:11), betrek hy net vir Petrus, die seuns van Sebedeus en die twaalf dissipels⁴³. Die belangrikheid van die stelling is dat Petrus een van die (genoemde) mense in Jesus se teenwoordigheid was.

2.4 Skynbaar anti-Pauliniese sentiment in Matteus

Soos wat reeds in die inleiding van hierdie hoofstuk aangedui is (p. 15), meen sommige navorsers (Brandon, 1978:232, 236–237; Manson, 1964:203–204; Sim, 2002:768–782) dat Matteus vir Petrus as 'n prominente persoon wou voorstel om 'n sogenaamde invloed van Paulus teen te werk. Volgens hulle kan 'n anti-Pauliniese sentiment in die evangelie waargeneem word. Dit is belangrik om die bewering te ondersoek omdat die uitgangspunt van hierdie studie juis is dat Matteus nie die prominensie van Petrus probeer benadruk het om teen 'n Pauliniese invloed te reageer nie.

Brandon (1978:230–243) argumenteer reeds in 1951 dat daar 'n anti-Pauliniese sentiment in die Matteus-evangelie voorkom. Hy (1978:279) verwys daarna as die “Anti-Pauline polemic” en sy redenasie begin by die oorsprong of ontstaan van die Matteus-evangelie. Hy redeneer veral teen Streeter (1924:500–527), wat die ontstaan van die evangelie in Antiochië (Sirië) plaas. Brandon (1978:221) is van mening dat die evangelie eerder in Aleksandrië ontstaan het. Hy (Brandon, 1978:242) sê dat die Christelike gemeenskap in Aleksandrië ontstaan het as gevolg van sendingaksies uit Palestina en dat Petrus waarskynlik 'n groot invloed hierop gehad het. Die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. het heelwat van die Jode na Aleksandrië laat vlug en die

⁴³ Kingsbury (1988:131) merk op: “Noteworthy is the way Matthew carefully restricts the circle of those who share in the presence, or the company, of Jesus. Except for Mary his mother (2:11) and toll-collectors and sinners (9:11), the list of those who are ‘with Jesus’ or of whom it is said that Jesus is ‘with them’ includes only Peter (26:69, 71), one of Jesus’ followers (26:51), Peter and the two sons of Zebedee, and the twelve or eleven disciples.”

Matteus-evangelie is “gebore” as ’n apologie (aldus Brandon) vir die Joods-Christen gemeenskap. Brandon (1978:242) se argument lui soos volg:

Out of the situation consequent on the destruction of Jerusalem the Gospel of Matthew was born as an apologia for Jewish Christianity and a polemic against the recrudescence of Pauline teaching. In a very real sense the Gospel of Matthew represents the apogee of Jewish influence in the Alexandrian Church. The steady decline of this Jewish predominance which ensued, perhaps after about A.D. 90, can be traced as it passed through its various phases of counterattack on Paulinism...

Met hierdie studie word daar egter van die standpunt uitgegaan dat die evangelie in Antiochië ontstaan het: In die vroeë kerklike tradisie, soos blyk uit die werke van Papias⁴⁴ en Eusebius⁴⁵, is gemeen dat Matteus se Evangelie in die Jode se eie taal vir hulle geskryf is (France, 1997:91). Die Evangelie toon duidelike Joodse kenmerke⁴⁶ (Nolland, 2005:17) wat in gedagte gehou moet word wanneer daar besin word oor die plek waar dit ontstaan het. Juis vanweë hierdie kenmerke is daar aanvanklik aanvaar dat die evangelie in Palestina geskryf is (Luz, 2007b:56–60).

Heelwat navorsers (Carson, Moo & Morris, 1992:76; Goulder, 1974:149–150; Kilpatrick, 1946:131–134) redeneer egter dat die evangelie wel in Sirië ontstaan het. Streeter (1924:500–527) se werk dien steeds as die basis vir hierdie argument en hy sê dat die Matteus-evangelie die meeste deur Ignatius, die Biskop van Antiochië, in sy briewe gebruik word (Streeter, 1924:504–511). Verder verwys hy (Streeter, 1924:504) ook na Matteus 17:24–27⁴⁷, waar aangeneem word dat ’n “stater” (στατήρ) gelyk is aan twee

⁴⁴ Papias (ongeveer 70 n.C.–155 n.C.) sê: “Matthew put together the oracles [of the Lord] in the Hebrew language, and each one interpreted them as best he could” (Papias, 1884?:155).

⁴⁵ Eusebius (ongeveer 260 n.C.–340 n.C.) haal die werk van Papias aan (*Five books of Papias*) en meen dat die Matteus-evangelie in Hebreeus geskryf is (Eusebius, 1904, c1890:170–173): “Matthew put together the oracles [of the Lord] in the Hebrew language, and each one interpreted them as best he could.”

⁴⁶ Die Joodse karakter blyk onder andere uit die klem op die Tora (5:17–19; 23:23), die klem op vervulling, die gebruik van die Ou Testament (1:22–23; 2:15, 17–18, 23; 4:14–16; 8:17; 12:17–21 ens.) en die verwysing na “die verlore skape van die huis van Israel” (10:6;15:24) (Meiring, 2012:11).

⁴⁷ Matteus 17:24–27: “Toe hulle in Kapernaüm kom, het diegene wat die dubbel-dragma [tempelbelasting] invorder, na Petrus gekom en gevra: Betaal julle leermeester nie die dubbel-dragma nie? ²⁵ Hy antwoord: Ja wel. Toe hy in die huis kom, het Jesus eerste gepraat: Wat dink jy, Simon? Van wie vorder die konings van die aarde tolgeld of belasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge? ²⁶ Toe antwoord hy: Van die vreemdelinge. Jesus sê vir hom: Dan is die seuns vry. ²⁷ Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi ’n hoek uit en vat

didragme (δίδραχμον)⁴⁸, en dit was slegs in Antiochië en Damaskus die geval. Hierdie argumente van Streeter kan sekerlik bevraagteken word (Sibinga, 1966:282), maar dit is tog opvallend dat daar in die Matteus-evangelie na Sirië verwys word (Συρία – 4:24). In die onlangse werk van Slee (2003: 122) oor die eerste-eeuse kerk in Antiochië, kom sy tot die volgende gevolgtrekking:

... I would agree that the Gospel of Matthew was written in Antioch, while not absolutely certain, is still the view which best satisfies the evidence.

Verder meen Brandon (1978:233–234) dat Matteus 16:18–19⁴⁹ as die kerntekste geneem kan word in die argument dat daar 'n anti-Pauliniese sentiment in die evangelie bestaan en sê dat die gedeeltes in 5:17–19⁵⁰ en 13:24–30 (gelykenis van die onkruid) as 'n persoonlike aanval op Paulus gesien kan word. Hy probeer onder andere om die “vyandige mens” (ἐχθρὸς ἄνθρωπος) in 13:28 aan Paulus te koppel. Hierdie argumente is om verskeie redes onoortuigend. Wat 5:17–19 betref, word die aanname dat daar teen Paulus reageer word, gemaak voordat die teks verklaar word. Wat 13:24–30 betref, kan die volgende (teenoor Brandon) genoem word: Eerstens verbind die kort inleiding in 13:24 (Ἄλλην παραβολὴν παρέθηκεν αὐτοῖς λέγων) die daaropvolgende gelykenisse van die mosterdsaad en die suurdeeg (13:31–33) met mekaar deurdat die inleidings bykans dieselfde is (13:31 – Ἄλλην παραβολὴν παρέθηκεν αὐτοῖς λέγων; 13:33 – Ἄλλην παραβολὴν ἐλάλησεν αὐτοῖς). Tweedens word 13:24–30 verbind met die voorafgaande 13:1–23 en die daaropvolgende 13:31–52

die eerste vis wat jy uittrek; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.”

⁴⁸ Stater: muntstuk met die waarde van vier dragma of “tetradragma” (Elwell & Comfort, 2001:295–296; Hagner, 1993b:513).

⁴⁹ Matteus 16:18–19: “En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

¹⁹ “Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemele ontbonde wees.”

⁵⁰ Matteus 5:17–19 (1953-vert.): “¹⁷MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. ¹⁸Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. ¹⁹Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.”

deur veral die “saai”-tema in trefwoorde soos σπείρω (13:3, 4, 18, 19, 20, 22, 23, 24, 27, 31, 37, 39), σπέρμα (13:24, 27, 32, 37, 38) en ἀγρός (13:24, 27, 31, 36, 38, 44). Hierdie gelykenis (13:24–30) word egter in 13:36–43 verklaar en daarin word die “vyandige mens” (ἐχθρὸς ἄνθρωπος) (13:28) met die duiwel verbind (ὁ δὲ ἐχθρὸς ὁ σείρας αὐτὰ ἐστὶν ὁ **διάβολος**) (13:39) en die saailand (ἀγρός) (13:27) met die wêreld (ὁ δὲ ἀγρός ἐστὶν ὁ **κόσμος**) (13:38) (Davies & Allison, 2004b:408–409; Luz, 2001:252–254). Dit lyk dus onwaarskynlik dat hierdie gelykenis ’n reaksie teen Paulus kon wees.

David Sim (1998, 2002, 2007, 2008) het in navolging van Brandon (1978) die moontlikheid verdedig dat daar in die Matteus-evangelie blyke van ’n anti-Pauliniese sentiment voorkom. Sim redeneer egter dat die Matteus-evangelie in Antiochië ontstaan het en daar word veral na ’n voorval in Antiochië verwys wat in Galasiërs 2:11–15 beskryf word (vgl. Betz, 1985:156)⁵¹. Brandon (1978:231–239) en Sim (2002:767–783) meen albei dat die sogenaamde polemiek wat daar tussen Matteus en Paulus sou bestaan het, beter teen die agtergrond van die voorval verstaan kan word.

Die voorval in Antiochië (Gal. 2:11–15⁵²) behels dat Paulus vir Petrus “openlik teëgestaan” het (κατὰ πρόσωπον αὐτῷ ἀντέστην) omdat hy (Petrus) “hom teruggetrek en afgesonder het” (ὑπέστελλεν καὶ ἀφώριζεν ἑαυτὸν) van die tafelgemeenskap met die heidene (ἐθνῶν), nadat “sommige van Jakobus” (τινας ἀπὸ Ἰακώβου) af in Antiochië aangekom het. Paulus sê Petrus het dit gedoen omdat hy “bang was vir diegene uit die besnydenis” (φοβούμενος τοὺς ἐκ περιτομῆς). Met Petrus se optrede en ander sake wat Paulus aanraak, naamlik die invloed van die Jakobus-geselskap⁵³, die verwysing na die

⁵¹ In hierdie studie word ook van die veronderstelling uitgegaan dat Matteus vir die gemeenskap in Antiochië geskryf het.

⁵² Galasiërs 2:11–15: “Toe Sefas in Antiochië aangekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy skuldig gestaan het. ¹²Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene (nie-Jode) te eet, maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en afgesonder uit vrees vir die wat uit die besnydenis is. ¹³En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins. ¹⁴Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Sefas in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat ’n Jood is, soos ’n heiden leef en nie soos ’n Jood nie, waarom dwing jy die heidene (nie-Jode) om soos Jode te lewe? ¹⁵Ons wat van nature Jode en nie sondears uit die heidene is nie...”

⁵³ Jakobus, die broer van Jesus, het waarskynlik op daardie stadium die kerk in Jerusalem gelei (Elwell & Comfort, 2001:665; Gillman, F.M. 1992:620; Longenecker, 1990:38–39) en die afvaardiging verwys na ’n groep wat na die kerk in Antiochië gestuur is.

besnydenis (Gal. 2:12) (περιτομή) en die verwysing na die “vlees” (Gal. 2:16) (σάρξ), wil dit voorkom of hierdie twispunt oor die besnydenis van nie-Jode gehandel het en daarom wesentlik oor die Joodse wet gegaan het.

Dit is die standpunt wat Sim (1998:92–103) inneem en hy verduidelik dit soos volg: Die Jakobus-groep is geassosieer met “manne van die besnydenis” en met die aankoms van hierdie manne in Antiochië het Petrus en ander Jode hul onttrek aan tafelgemeenskap met die wat nie besny was nie. Sim (1998:93) voer aan dat die Jakobus-groep aangedring het op die besnyding van bekeerlinge uit die heidendom sodat die Tora stiptelik gehoorsaam sou word. Hy (Sim, 1998:98–100) meen dat Paulus impliseer dat Petrus met sy optrede die ooreenkoms met die kerkvergadering in Jerusalem verbreek het en daarom het Paulus die kerk in Antiochië verlaat.

Sim (1998:106–107) kom tot die slotsom dat die kerk in Jerusalem sterk gekant was teen die oortuiging van die kerk in Antiochië. Gevolglik is daar stappe geneem om hulle te beïnvloed en dit sou dan die doel van die Matteus-evangelie wees. Sim beweer verder dat die uitbeelding van Petrus as ’n vooraanstaande persoon in die Matteus-evangelie die oortuiging van die kerk in Antiochië moes teenwerk: Petrus sou dan volgens Sim die een wees wat ’n Goddelike openbaring gehad het, en nie Paulus nie.

In ’n ander werk van Sim (2007:325–343) koppel hy Matteus se gebruik van die woord ἀνομία direk aan ’n reaksie teen Paulus, wat wel die Here bely het en “groot werke” in sy Naam gedoen het. Hy is van mening dat die betekenis van ἀνομία in 7:23 na 5:17–19 verwys en dat dit ongehoorsaamheid aan die Tora (“failure to observe the Torah”) impliseer.

Met betrekking tot die sogenaamde polemiek tussen Matteus en Paulus, veral in die Bergrede, reageer Sim (2002:776–781, 2007:325–343) op die werke van Davies (1963), Goulder (1974) en Meier (1983). Hy (Sim, 2002:776–777) meen dat Betz (1985:20–157) die beste voorbeeld bied dat die bergrede ’n eenheid was voordat die Matteus-evangelie gefinaliseer is. Alhoewel Betz (1995:30, 553, 563) van mening is dat sommige van die bronne wat Matteus vir die Bergrede gebruik het, anti-Paulinies kon wees, gee hy toe dat die bronne nie pas by die geheelstrekking van die Matteus-evangelie nie.

Sim (2002:777) is egter nie tevrede nie en hy meen dat Matteus hierdie geskrif doelbewus in die evangelie opgeneem het om teen Paulus te reageer (vgl. Sim, 1998:8–9, 2002:776–777).

Sim (2002:777) steun verder ook op die werk van Segal (1991:21–22), wat oortuig is dat die polemieë in 7:15–23 en 24:10–12 oor Paulinisme of selfs “ekstreme” Paulinisme gevoer is. Die gedeelte in 7:15–23 waarsku teen valse profete wat in skaapsklere na mense toe kom en van binne wolwe is wat verskeur (7:15 – Προσέχετε ἀπὸ τῶν ψευδοπροφητῶν, οἵτινες ἔρχονται πρὸς ὑμᾶς ἐν ἐνδύμασιν προβάτων, ἔσωθεν δέ εἰσιν λύκοι ἄρπαγες). Dit sê verder dat nie almal wat “Here, Here” (κύριε κύριε) bely (7:22) in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie (7:21 – Οὐ πᾶς ὁ λέγων μοι· κύριε κύριε, εἰσελεύσεται εἰς τὴν βασιλείαν τῶν οὐρανῶν). Dit geld ook vir hulle wat profeteer (ἐπροφητεύσαμεν), demone uitdryf (δαιμόνια ἐξεβάλομεν) of kragtige dade doen (δυνάμεις πολλὰς ἐποιήσαμεν). Vir hulle sal Jesus sê (7:23): καὶ τότε ὁμολογήσω αὐτοῖς ὅτι οὐδέποτε ἔγνων ὑμᾶς· ἀποχωρεῖτε ἀπ’ ἐμοῦ οἱ ἐργαζόμενοι τὴν ἀνομίαν (“Dan sal ek vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid bedryf!”). Net so bevat 24:10–12 ook woorde soos “valse profete” (ψευδοπροφήται) (24:11) en “wetteloosheid” of “ongeregtigheid” (ἀνομίαν) (24:12). Segal (1991:21–22) se kommentaar is skerp veroordelend teenoor Matteus: “Matthew was engaged in a bitter and sustained polemic against Paul himself.” (Vergelyk ook Sim, 2007:342–343, 2008:377–392.)

Vir hierdie studie is dit egter belangrik om ook die sogenaamde ‘*new perspective*’ oor Paulus in ag te neem. Dunn (2008:5–10) het in navolging van Sanders (1989:17–167) ’n groot bydrae tot die debat oor Paulus se siening van die Tora gelewer. In ’n bundel van sy gepubliseerde werke kom hy onder andere tot die volgende gevolgtrekkings:

- Paulus én Matteus soek na vervulling van die wet (Dunn, 2008:75).
- Wanneer Paulus se hantering van die wet in die Galasiërs- en die Romeinebrief beskou word, is die algemene eienskap daarvan die Godgegewe karakter en funksie van die wet en dit dra by tot die “continuing positive role of the law” (Dunn, 2008:281–282).

- Vir Paulus bestaan daar 'n sterk kontinuïteit tussen die funksie van die Ou-Testamentiese wet en die *nuwe era* van Christus (Dunn, 2008:310).
- Die negatiewe houding van Paulus teenoor die Tora moet eerder gesien word teen die agtergrond van Israel wat die Tora gebruik het om hulle van ander nasies af te sonder (Dunn, 2008:311).
- *Nomos* (νόμος) was vir Paulus 'n omvattende term met die wet van Moses as die middelpunt. Dit is gesien as 'n uitdrukking van die wil en wysheid van God. Dunn (2008:467) som die saak soos volg op: "Heard as the word of faith, and inciting to deeper trust rather than to sinful passion, it could be the instrument of the Spirit. It remained as ever the measure of God's will and judgement..."

Rakende die verskille tussen Matteus en Paulus kom Meiring en Viljoen (2014:6) tot die volgende gevolgtrekking:

Dit wil verder voorkom dat daar nie wesenlike verskille tussen Matteus en Paulus was nie, maar dat daar eerder sterk ooreenkomste is: albei benadruk genade; albei benadruk innerlike geregtigheid; albei glo dat die kern van die wet liefde is en erken die kontinuïteit van die wet; die wet kan gesien word as die uitdrukking van die wil en wysheid van God; albei het die siening van 'n universele geloof in Christus; die dood en opstanding van Jesus is die sentrale eskatologiese gebeurtenis van die openbaringsgeskiedenis; en die uitgangspunt dat die openbaring van God in die Joodse geskrifte en in Christus is, kom by albei voor."

Die werk van Willitts (2009:7) is ook noemenswaardig in die opsig en hy reageer soos volg teen Sim (2002:767–783, 2007: 325–343, 2008:377–392):

To me, Sim has marshalled evidence from the First Gospel that did not directly or immediately refer to Paul or his mission. And only after one accepts Sim's assumption that Matthew's outlook was anti-Pauline does the evidence connect to the claim. To put it plainly, it is possible that, if Matthew and Paul had been contemporaries – contrary to both Luz and Sim – they could have struck up a splendid friendship.

Dit wil dus voorkom asof die redenasie van ’n anti-Pauliniese sentiment in die Matteus-evangelie nie grondig is nie. Dit is egter nog te vroeg in hierdie studie om finaal so ’n gevolgtrekking te kan maak.

2.5 Die Pauliniese Petrus

Die Pauliniese Petrus behels verwysings na Petrus in die Corpus Paulinum, die Nuwe-Testamentiese geskrifte waarvan Paulus die outeur is⁵⁴. Dit is merkwaardig dat Petrus (Κηφᾶς) by name deur Paulus uitgesonder word. Daar word meestal na Petrus (Gal. 2:7, 8) as “Sefas”⁵⁵ verwys (1 Kor. 1:12; 3:22; 9:5; 15:5; Gal. 1:18; 2:9, 11, 14). Die oudste verwysings kom voor in die eerste brief aan die Korintiërs⁵⁶ en die brief aan die Galasiërs⁵⁷. Paulus beskryf sy apostelskap in 1 Korintiërs 15:1–11. Volgens hierdie tradisie is Petrus die primêre getuie van Jesus se opstanding uit die dood (1 Kor. 15:5⁵⁸) en Paulus maak geensins melding van die vroue by die graf van Jesus nie. Hy gebruik dus, onder andere, vir Petrus as die maatstaf vir sy eie apostelskap (Krentz, 2010:321). Met hierdie tradisie stel hy hom gelyk aan Petrus en noem dat die opgestane Jesus ook aan hom, Paulus, verskyn het (1 Kor. 9:1).

Donfried (1992:251) meen dat Petrus in die oë van Paulus by uitnemendheid vier belangrike funksies het: Eerstens is Petrus die eerste getuie aan wie Jesus verskyn het na sy opstanding uit die dood (1 Kor. 15:5); tweedens was Petrus ’n bron van tradisie indien die woord ἰστορησαι (Gal. 1:18) beteken dat Paulus na Jerusalem gegaan het om inligting oor die evangelie by Sefas te kry; derdens was Petrus ’n leier in Jerusalem

⁵⁴ Die oudste van hierdie briewe is die eerste brief aan die gemeente in Tessalonika, waarskynlik 49 n.C. (Betz, 1992:186–201; Bruce, 1982:xxxiv–xxxv). Paulus verwys slegs in die eerste brief aan die Korintiërs (ongeveer 54 of 55 n.C.) en in die brief aan die Galasiërs (49–50 n.C.) na Petrus.

⁵⁵ Die spelling van Sefas (Κηφᾶς) word vir hierdie studie gebruik. Ehrman (1990:463–474) het dit egter betwis dat Sefas en Petrus dieselfde persoon in die Nuwe Testament is, waarna Allison (1992:489–495), in ’n teenreaksie, oortuigend redeneer het dat Sefas en Petrus dieselfde persoon is.

⁵⁶ Die eerste brief aan die Korintiërs is waarskynlik in 54 of 55 n.C. geskryf (Garland, 2003:20; Thiselton, 2000:30–31).

⁵⁷ Die brief aan die Galasiërs is waarskynlik vroeër geskryf as die eerste brief aan die Korintiërs, so vroeg as 49–50 n.C. (Thiselton, 2000:30). Longenecker (1990:lxix–lxxviii) gee voorkeur aan ’n datum voor die vergadering in Jerusalem (Hand. 15:1–30), wat beteken dat dit in die vroeë of middellyftigs van die eerste eeu kon wees.

⁵⁸ 1 Korintiërs 15:5: “Hy het aan Sefas verskyn en daarna aan die twaalf.”

tydens Paulus se eerste en tweede besoek aan die stad (Gal. 1:18; 2:1–10); laastens (4), Petrus is gesien as die apostel van die besnedenes (περιτομῆς) (Gal. 2:7, 8) en Paulus as die apostel van die onbesnedenes (ἀκροβυστίας) (Gal. 2:7) of van die nasies (τὰ ἔθνη) (Gal. 2:8).

In die Galasiërsbrief word hierdie beeld uitgebrei en bestaan daar aanduidings van 'n verhouding tussen Petrus en Paulus. Hy meld dat hy met 'n besoek aan Jerusalem vyftien dae (ἡμέρας δεκαπέντε) saam met Petrus deurgebring het (ἱστορῆσαι Κηφᾶν) (Gal. 1:18). Hy noem ook dat Petrus as een van die sleutelfigure in die vroeë kerk beskou is (Ἰάκωβος καὶ **Κηφᾶς** καὶ Ἰωάννης, οἱ δοκοῦντες στῦλοι εἶναι) (Gal. 2:9⁵⁹).

In Galasiërs 2:11–14 word daar egter ook verwys na die voorval in Antiochië waar Petrus tereggewys/teengestaan (ἀντίστημι) is vir sy inkonsekwente tafelgemeenskap met ander. Dit is nie so maklik om hierdie botsing tussen Petrus en Paulus uit te lê nie omdat die inligting beperk is. Daar kan wel met sekerheid gesê word dat hierdie besoek van Petrus aan Antiochië bekend was by Paulus en by die lesers van die Galasiërsbrief, want hy (Paulus) begin in vers 11 met Ὅτε δὲ ἦλθεν Κηφᾶς εἰς Ἀντιόχειαν ('toe Sefas in Antiochië aangekom het'). Dit is egter nie duidelik waarom Petrus Antiochië besoek het nie. Dit is ook nie duidelik hoe die demografie (Joodse Christene of Christene uit die heidene of albei) van die kerk tydens die besoek gelyk het nie. Verder is daar ook nie sekerheid oor wat presies aanleiding gegee het tot die voorval nie en daar is geen aanduiding van wat Petrus se reaksie hierop was nie; anders gestel, Petrus stel nie sy kant van die saak nie. Wat egter duidelik is, is die latere opmerking van Paulus: κατὰ πρόσωπον αὐτῷ ἀντέστην ("het ek hom openlik teëgestaan"). Dit geld ook vir die rede wat Paulus aanvoer: ὅτι κατεγνωσμένος ἦν ("omdat hy veroordeeld gestaan het"). Hierdie rede word uitgebrei in vers 12, wat lui:

πρὸ τοῦ γὰρ ἐλθεῖν τινὰς ἀπὸ Ἰακώβου μετὰ τῶν ἐθνῶν συνήσθιεν· ὅτε δὲ ἦλθον, ὑπέστελλεν καὶ ἀφώριζεν ἑαυτὸν φοβούμενος τοὺς ἐκ περιτομῆς

⁵⁹ Galasiërs 2:9: Ἰάκωβος καὶ Κηφᾶς καὶ Ἰωάννης, οἱ δοκοῦντες στῦλοι εἶναι ("Jakobus en Séfas en Johannes, wat as pilare geag is")

(Want voordat sommige van Jakobus opgedaag het, het hy gewoonlik saam met die heidene geëet, maar toe hulle opdaag, het hy hom teruggetrek en hom afgesonder uit vrees vir die wat uit die besnydenis is.)

Bruce (2002:130–131) sê die dubbele imperfektum (ὑπέστελλον καὶ ἀφώριζεν) beteken dat Petrus homself nie skielik aan die tafelgemeenskap onttrek het nie maar dat dit stelselmatig gebeur het. Die rede vir Petrus se onttrekking was vrees vir diegene uit die besnydenis (φοβούμενος τοὺς ἐκ περιτομῆς). Hierdie vrees kan egter ook op verskeie maniere geïnterpreteer word. Dit kan wees dat Petrus nie aanstoot wou gee in sy sending onder die Jode nie; met ander woorde, tafelgemeenskap met die heidene sou 'n struikelblok in Joodse evangelisasie wees (vgl. Hand. 21:20–25)⁶⁰. Betz (1979:109) meen egter dat Petrus bekommerd was oor sy reputasie en dat hy “polities” sy mag kon verloor en beweer: “Peter did not act on the basis of his own theological convictions, but irrationally out of fear”. Longenecker (1990:74) noem op sy beurt weer die moontlikheid dat Petrus se vrees en onttrekking wel teologies gemotiveerd kon gewees het, naamlik om 'n skeiding tussen die kerk in Jerusalem en die kerk in Antiochië te verhoed. Paulus het egter die optrede van Petrus as die teenoorgestelde geïnterpreteer.

Paulus gebruik verder, in vers 13, die woorde καὶ συνυπεκρίθησαν αὐτῷ [καὶ] οἱ λοιποὶ Ἰουδαῖοι (“en saam met hom het ook die ander Jode geveins”). Die voorval in Antiochië is dus geassosieer met 'n element van skynheiligheid in die optrede van Petrus, die ander Jode en Barnabas. Garland (1979:91–123) skryf in 'n uitgebreide studie oor die ὑποκριταί (“skynheiliges”) van Matteus 23 dat skynheiliges vyandskap met God bedryf. Hy (Garland, 1979:117–118) kom tot gevolgtrekking dat Matteus 23 gemik was op die Christenkerk as 'n waarskuwing vir die kerkleiers teen die soort skynheiligheid wat die Fariseërs openbaar het. Petrus het nie “reguit geloof volgens die waarheid van die evangelie nie” (ὅτι οὐκ ὀρθοποδοῦσιν πρὸς τὴν ἀλήθειαν τοῦ εὐαγγελίου) (Gal. 2:14) en daarom is sy optrede as skynheilig gereken. Daar kan egter nie gesê word dat Petrus

⁶⁰ Dit is veral waar as Jesus se lering van σκανδαλίζω in die Matteus-evangelie in gedagte gehou word (11:6, 13:57, 15:12, 17:27, 26:31, 33).

vyandskap met God bedryf het nie, want in Handeling 15:7–11 spreek hy hom uit teen die lering dat slegs die wat besny is, gered kan word (Hand. 15:1). Wat ook al die geval was, die voorval het die basis geskep vir ’n pro Paulus- of ’n pro Petrus-interpretasie. Die Ebioniete het die insident gebruik om teen Paulus te reageer, Marcion het dit gebruik om teen Petrus te reageer en Tertullianus meen dat Paulus oorreageer het teenoor Petrus (Longenecker, 1990:64).

Wanneer hierdie navorsing egter in ag geneem word, kan daar gesê word dat ook Paulus vir Petrus as ’n belangrike figuur in die kerk tydens die eerste eeu gesien het.

2.6 Matteus benadruk die verhouding tussen Jesus en Petrus met die woord $\pi\rho\acute{\omega}\tau\omicron\varsigma$

Alhoewel daar in hierdie studie gekonsentreer word op die interpretasie van Matteus eerder as op die historiese vraagstukke, is die sosiale en kulturele konteks belangrik omdat sosiale verhoudings en die interaksie tussen mense teen die sosiaal-kulturele agtergrond van die eerste eeu gefunksioneer het.

Die Matteus-evangelie is toegespits op Jesus en die Christologie daarvan berus op die aanspraak dat Jesus, as die verteenwoordiger van God se koninkryk op aarde, optree met ’n gesag wat uniek is en met geen ander gesag vergelyk kan word nie (Viljoen, 2012:6). Van Aarde (2016:5) beskryf dit soos volg: “Matteus se oorkoepelende gedagte-konstruksie: Jesus, God-met-ons.” Die titels wat Matteus gebruik om Jesus te beskryf, is ’n belangrike aanduiding van die outeur se mening oor Jesus en dra by tot die konteks van die evangelie. Vir Matteus is Jesus die *Christus*, *Seun van Dawid*, *Seun van Abraham*, *Immanuel*, *Koning*, *Here*, *Seun van die mens*, *Seun van God* en *Meester* of *Leermeester*. Matteus skryf dat Petrus Jesus as *Kurios*, *Christos*, *Seun van God* en *Meester* of *Leermeester* beskou het en dit staan nie afgesonder van die groter konteks van die Matteus-evangelie nie. Luz (1990:208) stel dit soos volg: “All this means that the proclamation of the kingdom and teaching about conduct that is desired by God cannot be separated from the totality of the Gospel of Matthew.”

Die dissipels het Jesus as Leraar gehad in hul soeke na die koninkryk van God; oftewel, in hul soeke na teokrasie (Matt. 6:33). Hulle was die kerngroep wat deur Jesus gevorm is en daar is van hulle verwag dat selfs familie nie in die pad van hulle doelwitte sou staan nie (Matt. 10:34–36; Luk. 12:51–53). Hulle het gestreef na 'n heilige lewe (soeke na die geregtigheid van God) (ζητεῖτε δὲ πρῶτον τὴν βασιλείαν [τοῦ θεοῦ] καὶ τὴν δικαιοσύνην αὐτοῦ) (Matt. 6:33) teenoor die ὑποκριταί wat voorgegee het dat hulle heilig lewe (Matt. 23:13–29).

Dit wil egter voorkom of Matteus vir Petrus 'n belangrike plek in die dissipelgroep⁶¹ van Jesus met die woord πρῶτος (10:2) gee. Petrus word die πρῶτος (“eerste”) van die dissipels genoem (Τῶν δὲ δώδεκα ἀποστόλων τὰ ὀνόματά ἐστιν ταῦτα· **πρῶτος** Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος καὶ Ἀνδρέας ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ, καὶ Ἰάκωβος ὁ τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννης ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ). In die volgende sinoptiese vergelyking (Tabel 2, p. 37) kan gesien word hoe Matteus se redaksionele werk die belangrikheid van Petrus vooropstel. Die gedeelte beskryf die dissipels wat as apostels uitgestuur is, maar die klem val op Matteus 10:2, wat in Tabel 2 (p. 37) met die ooreenstemmende verse in die Markus- en Lukas-evangelie vergelyk word.

⁶¹ Malina & Rohrbaugh (2003:373–374) gebruik die sosiaal-wetenskaplike benadering om die sosiale konteks van groepe in die eerste eeu te beskryf. Hulle meen dat die betekenisvolle bestaan van enige mens baie afgehang het van die groep waaraan die persoon behoort het. Groepe het uitgekling en het behoort aan 'n groter groep wat verskeie kleiner groepe ingesluit het. Die primêre groep was die familie, wat behoort het tot die omgewings- of buurtgroep, wat dan weer behoort het aan die dorps- of stadsgroep, wat uiteindelik 'n gemeenskap gevorm het. Lede van 'n groep het mekaar ondersteun en hierdie ondersteuning het dienooreenkomstig uitgekling tot die groter groepsverband waaraan 'n persoon behoort het. Later in hierdie studie word groepe in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu vollediger bespreek.

Tabel 2: Vergelyking tussen die sinoptiese evangelies se hantering van Petrus as die eerste onder die dissipels

Matteus 10:2	Markus 3:16–17	Lukas 6:14
Τῶν δὲ δώδεκα ἀποστόλων τὰ ὀνόματά ἐστιν ταῦτα· πρῶτος Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος καὶ Ἀνδρέας ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ, καὶ Ἰάκωβος ὁ τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννης ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ (Die twaalf apostels se name was: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andreas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer)	[καὶ ἐποίησεν τοὺς δώδεκα,] * καὶ ἐπέθηκεν ὄνομα τῷ Σίμωνι Πέτρον, ¹⁷ καὶ Ἰάκωβον τὸν τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννην τὸν ἀδελφὸν τοῦ Ἰακώβου καὶ ἐπέθηκεν αὐτοῖς ὀνόμα[τα] βοανηργές, ὃ ἐστιν υἱοὶ βροντῆς (Hy het hierdie twaalf aangestel: Simon vir wie Hy die bynaam Petrus gegee het, ¹⁷Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, die broer van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges, dit is seuns van die donder, gegee)	Σίμωνα ὃν καὶ ὠνόμασεν Πέτρον, καὶ Ἀνδρέαν τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ, καὶ Ἰάκωβον καὶ Ἰωάννην καὶ Φίλιππον καὶ Βαρθολομαῖον (Simon wat Hy Petrus genoem het, en Andreas, sy broer, Jakobus en Johannes, Filippus en Bartholomeus)
Vergelyking: Uit hierdie vergelyking is dit duidelik dat die naam Simon met Petrus verbind word. Matteus gebruik Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος, Markus gebruik ἐπέθηκεν ὄνομα τῷ Σίμωνι Πέτρον en Lukas gebruik Σίμωνα ὃν καὶ ὠνόμασεν Πέτρον. Petrus se naam verskyn telkens eerste in die lys, maar dit is merkwaardig dat Matteus ’n redaksionele byvoeging maak met die adjektief πρῶτος.		

Heelwat navorsers is dit eens dat *πρῶτος* waarskynlik nie net verwys na die een wat eerste geroep is nie (Hagner, 1993a:265–266; Newman & Stine, 1988:284), ⁶² maar veral na die vername plek van Petrus in die groep (Carter, 2000:233; Hendrikson, 1973:452; Morris, 1992:243; Nolland, 2005:411; Ridderbos, 1965:198; Turner, 2008:265). Louw en Nida (1996:737) beskryf die woord *πρῶτος* soos volg: “pertaining to being of high rank, with the implication of special prominence and status – ‘great, prominent, important, foremost’” en Danker (2000:893–894) sê die gebruik van die adjektief dui op: “pertaining to prominence, *first, foremost, most important, most prominent*”. Die gebruik van *πρῶτος* in 10:2 dui dus veral op belangrikheid, want Danker (2000:894) merk tereg op dat die woord in hierdie geval nie numeriese

⁶² Met die uitsondering van Die Evangelie volgens Johannes word daar in al die evangelies gesê dat Petrus eerste geroep is.

volgorde of tyd aandui nie omdat daar geen verdere adjektiewe by die ander apostels se name voorkom nie. Die gebruik van *πρῶτος* in 20:27 gee ’n verdere betekenisinhoud aan hierdie beginsel in soverre dit ’n koninkryksperspektief betrek. Hoe dit in die sinoptiese evangelies realiseer, word in Tabel 3 (p. 38) aangedui.

Tabel 3: Vergelyking tussen Matteus 20:26 en 20:27

Matteus 20:26	Matteus 20:27	Markus 10:43–44
οὐχ οὕτως ἔσται ἐν ὑμῖν, ἀλλ’ ὅς ἐάν θέλῃ ἐν ὑμῖν μέγας γενέσθαι ἔσται ὑμῶν διάκονος	καὶ ὁς ἂν θέλῃ ἐν ὑμῖν εἶναι πρῶτος ἔσται ὑμῶν δοῦλος	οὐχ οὕτως δέ ἐστιν ἐν ὑμῖν, ἀλλ’ ὁς ἂν θέλῃ μέγας γενέσθαι ἐν ὑμῖν ἔσται ὑμῶν διάκονος , ⁴⁴ καὶ ὁς ἂν θέλῃ ἐν ὑμῖν εἶναι πρῶτος ἔσται πάντων δοῦλος
(So mag dit nie by julle wees nie; maar elkeen wat groot [belangrik] onder julle wil wees, moet julle dienaar wees)	(Elkeen wat eerste onder julle wil wees, moet julle slaaf wees)	(maar onder julle moet dit nie so wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. ⁴⁴ En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se slaaf wees)
Vergelyking: Matteus is bykans woord vir woord parallel aan Markus en μέγας word as πρῶτος geïntensiveer, terwyl διάκονος as δοῦλος geïntensiveer word. Die δοῦλος het baie minder regte gehad as die διάκονος en France (2002:419) meen dat die beginsel in hierdie twee verse die “revolusionêre etiek van die koninkryk van God” opsom. Dit wil sê, die πρῶτος moet in werklikheid δοῦλος kan wees. Dit kan beskou word as een van die beginsels van dissipelskap.		

Petrus is die eerste van die dissipels en Matteus benadruk hierdie posisie met die adjektief *πρῶτος*. Davies en Allison (2004b:154) meen egter dat hierdie woord nie daarna verwys dat Petrus eerste as dissipel geroep is nie, of eerste die opgestane Jesus gesien het, of bloot net eerste in ’n lys van name is nie, maar dat dit verwys na sy bevoorregte posisie (“privileged status”) in sy verhouding met Jesus. Hierdie bevoorregte posisie bring mee dat daar tussen Jesus en Petrus ’n besondere interaksie was en dit kan regdeur die vier evangelies waargeneem word (Wiarda, 2000:140–141). Hierdie verhouding kan gesien word in die konteks dat Jesus, as die Leraar van Petrus en die ander dissipels, hulle in die geregtigheid van God onderrig het en Petrus verkry as die “eerste” die rol van die eerste leier in die koninkryk van God, maar dan binne die etiek van God se koninkryk.

2.7 Petrus as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels

Die lys van die dissipels/apostels se name verskyn vier keer in die Nuwe Testament (Matt.10:2–4; Mark.3:16–19; Luk.6:14–16; Hand 1:13) en Petrus se naam word telkens eerste genoem (Tabel 4, p. 40). Hieruit kan afgelei word dat verskillende Bybelskrywers Petrus as 'n vóórloper gesien het.

Die verhouding tussen Petrus en die res van die dissipels is moeilik om vas te stel; tog kan hy beskou word as die woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels (Brown, Donfried & Reumann, 1974:106).

Hierdie posisie van Petrus kan reeds in die Markus-evangelie waargeneem word, maar daar moet daarop gewys word dat hy nooit onafhanklik van die res van die dissipels optree nie (Wilkins, 1988:210). Van die begin af was Petrus nie alleen nie. Volgens Markus 1:16 en Matteus 4:18 het Jesus Petrus en sy broer Andreas saam as sy eerste dissipels geroep. Hoewel Jesus volgens Markus 5:37 nie al die dissipels toegelaat het om saam na die huis van die leier van die sinagoge te gaan nie, het Hy drie van hulle saamgeneem, naamlik Petrus en die seuns van Sebedeus. Later het Jesus hierdie selfde drie dissipels bergop met Hom saamgeneem (Mark. 9:2) en hulle weer dieper die tuin van Getsemane in saamgeneem toe Hy gaan bid het (Mark. 14:33). Die Lukas-evangelie meld dat hierdie drie as vissermanne saamgewerk het (Lukas 5:10 –... οἱ ἦσαν κοινῶνι τῷ Σίμωνι) voordat hulle as dissipels geroep is.

Dit is egter opvallend dat dit Petrus is wat in hierdie klein kringetjie van drie dissipels telkens die inisiatief neem en optree. Dit is byvoorbeeld hy wat vra of hulle hutte kan bou vir Jesus, Moses en Elia (Matt. 17:4; Mark.9:5).

Tabel 4: Die lys van dissipels/apostels

Matteus 10:2–4	Markus 3:16–19	Lukas 6:14–16	Handelinge 1:13
πρῶτος Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος καὶ Ἀνδρέας ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ, καὶ Ἰάκωβος ὁ τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννης ὁ ἀδελφὸς αὐτοῦ, ³ Φίλιππος καὶ Βαρθολομαῖος, Θωμᾶς καὶ Μαθθαῖος ὁ τελώνης, Ἰάκωβος ὁ τοῦ Ἀλφαίου καὶ Θαδδαῖος, ⁴ Σίμων ὁ Καναναῖος καὶ Ἰούδας ὁ Ἰσκαριώτης ὁ καὶ παραδοὺς αὐτόν (Die twaalf apostels se name was: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andreas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer, ³Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Matthéüs, die tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat genoem word Taddeus; ⁴Simon Kananítes en Judas Iskariot, die een wat Hom verraa het.)	καὶ ἐπέθηκεν ὄνομα τῷ Σίμωνι Πέτρον, ¹⁷ καὶ Ἰάκωβον τὸν τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννην τὸν ἀδελφὸν τοῦ Ἰακώβου καὶ ἐπέθηκεν αὐτοῖς ὀνόμα[τα] βοανηργές, ὃ ἐστὶν υἱοὶ βροντῆς· ¹⁸ καὶ Ἀνδρέαν καὶ Φίλιππον καὶ Βαρθολομαῖον καὶ Μαθθαῖον καὶ Θωμᾶν καὶ Ἰάκωβον τὸν τοῦ Ἀλφαίου καὶ Θαδδαῖον καὶ Σίμωνα τὸν Καναναῖον ¹⁹ καὶ Ἰούδαν Ἰσκαριώθ, ὃς καὶ παρέδωκεν αὐτόν (Hy het hierdie twaalf aangestel: Simon vir wie Hy die bynaam Petrus gegee het, ¹⁷Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, die broer van Jakobus—vir hulle het Hy die bynaam Boanerges, dit is seuns van die donder, gegee, ¹⁸ en Andreas en Filippus, en Bartholomeus en Matthéüs, en Thomas en Jakobus, die seun van Alféüs, en Thaddéüs en Simon Kananítes, ¹⁹ en Judas Iskáriot, hy wat Hom verraa het.)	Σίμωνα ὃν καὶ ὠνόμασεν Πέτρον, καὶ Ἀνδρέαν τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ, καὶ Ἰάκωβον καὶ Ἰωάννην καὶ Φίλιππον καὶ Βαρθολομαῖον ¹⁵ καὶ Μαθθαῖον καὶ Θωμᾶν καὶ Ἰάκωβον Ἀλφαίου καὶ Σίμωνα τὸν καλούμενον ζηλωτὴν ¹⁶καὶ Ἰούδαν Ἰσκαριώθ, ὃς ἐγένετο προδότης (Simon wat Hy Petrus genoem het, en Andreas, sy broer, Jakobus en Johannes, Filippus en Bartholomeus, ¹⁵Matteus en Thomas; Jakobus, die seun van Alfeus, en Simon wat Yweraar genoem word. ¹⁶Judas, die seun van Jakobus, en Judas Iskariot, wat die verraaier geword het.)	καὶ ὅτε εἰσῆλθον, εἰς τὸ ὑπερῶν ἀνέβησαν οὗ ἦσαν καταμένοντες, ὃ τε Πέτρος καὶ Ἰωάννης καὶ Ἰάκωβος καὶ Ἀνδρέας, Φίλιππος καὶ Θωμᾶς, Βαρθολομαῖος καὶ Μαθθαῖος, Ἰάκωβος Ἀλφαίου καὶ Σίμων ὁ ζηλωτὴς καὶ Ἰούδας Ἰακώβου. (Toe hulle daar aankom, gaan hulle na die bovertrek waar hulle gewoond was om te gaan: Petrus en Jakobus en Johannes en Andreas, Filippus en Thomas, Bartholomeus en Matteus, Jakobus, die seun van Alfeus, en Simon, die Yweraar, en Judas, die seun van Jakobus.)

Matteus 10:2–4	Markus 3:16–19	Lukas 6:14–16	Handelinge 1:13
Vergelyking: Matteus is parallel aan Lukas met Simon genoem Petrus en Andreas, sy broer, daarna. Markus plaas egter vir Andreas na Johannes en Jakobus. Opvallend in die sinoptiese evangelies is dat Petrus se naam eerste en Judas, die verraaier, se naam laaste genoem word. Verder word Petrus ook eerste genoem in Handelinge.			

Die aanname kan egter nie gemaak word dat hy gesag bokant die res van die groep gehad het nie en drie redes kan hiervoor genoem word:

- Petrus word in die konteks van Matteus 16:23 (ὁ δὲ στραφεὶς εἶπεν τῷ Πέτρῳ· ὕπαγε ὀπίσω μου, **σατανᾶ· σκάνδαλον** εἶ ἐμοῦ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων) (en Markus 8:33) ook beskou as instrument in die hand van Satan en as 'n struikelblok vir Jesus.
- Die dissipels het nie gedink dat Petrus groter gesag as hulle het toe hulle geredeneer het oor wie die “grootste” is nie (Matt. 20:20–28; Mark. 9:33–37; 10:35–45).
- In Matteus 23:8 word al die dissipels broeders van mekaar genoem (πάντες δὲ ὑμεῖς ἀδελφοί ἐστε).

In die Lukas-evangelie dra Jesus nietemin 'n besondere verantwoordelikheid aan Petrus op teenoor sy broers (πάντες δὲ ὑμεῖς ἀδελφοί ἐστε) wanneer Hy sê (22:32): ἐγὼ δὲ ἐδεήθην περὶ σοῦ ἵνα μὴ ἐκλίπῃ ἡ πίστις σου· καὶ σύ ποτε ἐπιστρέψας στήρισον τοὺς ἀδελφούς σου (“Maar Ek het vir jou gebid sodat jou geloof nie sal wankel nie, as jy eendag bekeer is, moet jy jou broers versterk”). Petrus het dus nie namens homself opgetree nie maar het die groep verteenwoordig. Wilkins (1988:210) vat dit kernagtig saam: “... what Peter does, he does in the name of the disciples.” Petrus het daarom nie onafhanklik van die groep opgetree nie maar namens die groep (Matt. 14:28; 15:15; 16:16; 17:4; 18:21; 19:27; 26:40) en kan dus as die woordvoerder van die dissipels beskou word. Cullman (1962:25) sê: “Almost always he appears as the spokesman for the twelve.” Die dissipels is in werklikheid net 'n naamlose groep, maar Petrus tree na vore om hulle te verteenwoordig (Matt. 14:28; 16:16) of om vir Jesus 'n vraag te vra (Matt. 15:15; 18:21; Luk.9:20; Joh 6:67–69; 13:36). Verder het Jesus die

dissipels selfs deur Petrus aangespreek (Matt. 26:40). 'n Voorbeeld hiervan kan uit Markus 8:33 geneem word:... καὶ ἰδὼν τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ ἐπετίμησεν Πέτρῳ καὶ λέγει... (“terwyl Hy sy dissipels aankyk, het Hy Petrus bestraf”). (Matteus laat hierdie woorde weg.) Cullman (1962:25) meen dat Jesus al die dissipels by hierdie geleentheid berispe het.

Die voorstelling van Petrus wissel dus van baie positief tot baie negatief. 'n Voorbeeld hiervan is die positiewe voorstelling van Petrus in Matteus 16:16–19 en direk daarna die baie negatiewe voorstelling in 16:22–23 (kyk Tabel 5, p. 43).

Later in die Matteus–evangelie kan dit ook waargeneem word. Dit is positief dat Petrus beloof om getrou te wees aan Jesus (26:33) en negatief dat Jesus Petrus aan die slaap gevind het (26:40) toe Hy terugkom nadat Hy klaar gebid het. Nog later verloën Petrus vir Jesus (26:69–70). Die kontras tussen die positiewe uitbeelding van Petrus in Matteus 26:33 en die negatiewe uitbeelding van die dissipel in Matteus 26:40 en 26:69–70 word in Tabel 6 (p. 44) teenoor mekaar gestel.

Tabel 5: Die kontras tussen Matteus 16:16–19 en 16:22–23

Matteus 16:16–19	Matteus 16:22–23	Kontras
ἀποκριθεὶς δὲ Σίμων Πέτρος εἶπεν· σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος.¹⁷ ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ· μακάριος εἶ, Σίμων Βαριωνᾶ, ὅτι σὰρξ καὶ αἷμα οὐκ ἀπεκάλυψέν σοι ἀλλ’ ὁ πατήρ μου ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς. ¹⁸ καὶ γὰρ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν καὶ πύλαι ᾗδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς.¹⁹ δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν, καὶ ὃ ἐὰν δήσης ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς, καὶ ὃ ἐὰν λύσης ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς. (Simon Petrus het geantwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God.¹⁷ Jesus antwoord hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader in die hemele.¹⁸ En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹ Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemele ontbonde wees.)	καὶ προσλαβόμενος αὐτὸν ὁ Πέτρος ἤρξατο ἐπιτιμᾶν αὐτῷ λέγων· ἴλεώς σοι, κύριε· οὐ μὴ ἔσται σοι τοῦτο.²³ ὁ δὲ στραφεὶς εἶπεν τῷ Πέτρῳ· ὕπαγε ὀπίσω μου, σατανᾶ· σκάνδαλον εἶ ἐμοῦ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων. (Petrus het Hom eenkant geneem en Hom begin tereg wys: Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie!²³ Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.)	In 16:16 spreek Petrus die belydenis uit dat Jesus die Christus is (’n <i>openbaring</i> van God volgens 16:17) terwyl sy woorde in 16:22–23 vir Jesus ’n struikelblok is en nie die dinge van God bedink nie. Terwyl die sleutels van die koninkryk van die hemele in 16:19 aan Petrus beloof word, word hy in 16:23 Satan genoem.

Tabel 6: Die kontras tussen Matteus 26:33 en 26:40, 26:69–70

Matteus 26:33	Matteus 26:40, 26:69–70	Kontras
ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· εἰ πάντες σκανδαλισθήσονται ἐν σοί, ἐγὼ οὐδέποτε σκανδαλισθήσομαι (Petrus het egter vir Hom gesê: Al sal almal ook aanstoot aan U neem [oor U struikel], ek sal nooit aanstoot neem nie)	καὶ ἔρχεται πρὸς τοὺς μαθητὰς καὶ εὕρισκει αὐτοὺς καθεύδοντας, καὶ λέγει τῷ Πέτρῳ· οὕτως οὐκ ισχύσατε μίαν ὥραν γρηγορήσαι μετ' ἐμοῦ; ⁶⁹ Ὁ δὲ Πέτρος ἐκάθητο ἔξω ἐν τῇ αὐλῇ· καὶ προσῆλθεν αὐτῷ μία παιδίσκη λέγουσα· καὶ σὺ ἦσθα μετὰ Ἰησοῦ τοῦ Γαλιλαίου. ⁷⁰ Ὁ δὲ ἡρνήσατο ἔμπροσθεν πάντων λέγων· οὐκ οἶδα τί λέγεις (⁴⁰ Hy kom toe by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: Was julle dan nie in staat om een uur lank saam met My te waak nie?) (⁶⁹ EN Petrus het buitekant gesit in die binneplaas <i>van die paleis</i>, en 'n sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: Jy was ook by Jesus, die Galiléër! ⁷⁰Maar hy het dit voor almal ontken en gesê: Ek weet nie wat jy sê nie.)	Petrus bely dat hy Jesus nooit aanstoot sal neem aan (sal struikel oor) Jesus nie (26:33), maar tog raak hy aan die slaap en was hy nie in staat om te waak nie (26:40). Later ontken hy dat hy saam met Jesus was en verloën Hom (26:70).

Wilkins verwoord hierdie positiewe-negatiewe voorstelling van Petrus in die Matteus-evangelie soos volg:

It seems like every time he [Peter] reaches a high Matthew counters with an incident underscoring his faults which may indicate that Matthew purposely accentuate positive-negative tension in Peter.

Dit wil verder voorkom asof Petrus in elke gedeelte waarin sy naam voorkom, vanaf Matteus 10 totdat hy vir Jesus verloën (Matt. 26:69–75), as woordvoerder vir die dissipels optree (Matt. 14:26–28; 15:12–15; 16:13–16; 16:21–22; 17:1–4; 17:24; 18:21; 19:27). Selfs ná die hemelvaart van Jesus wil dit voorkom of Petrus steeds die

woordvoerder van die dissipels was. Handeling 1:15–26 begin met die woorde: Καὶ ἐν ταῖς ἡμέραις ταύταις ἀναστὰς Πέτρος ἐν μέσῳ τῶν ἀδελφῶν εἶπεν (“EN in dié dae het Petrus in die midde van die dissipels opgestaan... en gesê”). In Handeling 2:14 word gesê: Σταθεὶς δὲ ὁ Πέτρος σὺν τοῖς ἑνδεκά ἐπῆρεν τὴν φωνὴν αὐτοῦ καὶ ἀπεφθέγγετο αὐτοῖς (“MAAR Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegesprek...”).

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Petrus in die eerste vyf boeke van die Nuwe Testament, en veral in Matteus en Markus, voorgestel word as verteenwoordiger en woordvoerder van die dissipels en apostels. Hierdie posisie van Petrus word dalk die duidelikste deur Culmann (1962:29) verwoord:

... the pre-eminence of Peter appears to me to be a particularly strong proof that this fact was so well known in the primitive Church that it could neither be directly denied nor passed over in silence...

2.8 Normale mens met sterk eienskappe en swakhede

In die vorige gedeelte is daar reeds kortliks daarna verwys dat Petrus positief én negatief voorgestel word in die Matteus- en Markus-evangelie. Teen die agtergrond van Brandon (1978) en Sim (1998, 2002, 2007, 2008), wat meen dat Matteus doelbewus vir Petrus ’n vername posisie gee om ’n sogenaamde Pauliniese invloed teen te werk, is dit nodig om hierdie positiewe-negatiewe spanning met betrekking tot Petrus te ondersoek. Die werk van Wilkins (1988:208–209) is hier waardevol.

Dit is inderdaad waar dat Matteus die klem op Petrus laat val in sekere van die evangeliegegewens. Verder is dit ook waar dat Petrus dikwels as woordvoerder van die dissipels optree, maar dit is egter onwaar dat hy altyd positief voorgestel word. Petrus word voorgestel as bang (ἐφοβήθη) (14:30) en as ’n “kleingelowige” (ὀλιγόπιστε) wat twyfel (ἐδίστασας) (14:31) toe Jesus op die see geloop het (14:22–33). In 15:15 word hy voorgestel as die een wat nie verstaan nie, want hy vra vir ’n verklaring (φράσον ἡμῖν τὴν παραβολήν) en ook as die een wat nie altyd die regte antwoord het nie (17:4; 18:21–22; 19:27). Van Aarde (1982:29) meen selfs dat Petrus op dieselfde vlak as Satan

gestel word in 16:21–23. Die voorstellings van Petrus in die Matteus-evangelie word in twee tabelle saamgevat:

Tabel 7: Vergelyking tussen die klem op Petrus en die klem op die dissipels (p. 46)

Tabel 8: Positiewe en negatiewe voorstellings van Petrus in die Matteus-evangelie (p. 54).

Tabel 7: Vergelyking tussen die klem op Petrus en die klem op die dissipels

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmmerking
8:14 – Καὶ ἐλθὼν ὁ Ἰησοῦς εἰς τὴν οἰκίαν Πέτρου (Toe Jesus Petrus se huis binnegaan, sien Hy sy skoonmoeder siek lê aan koors) <u>Parallele</u> Markus 1:29 – Καὶ εὐθὺς ἐκ τῆς συναγωγῆς ἐξελθόντες ἦλθον εἰς τὴν οἰκίαν Σίμωνος καὶ Ἀνδρέου μετὰ Ἰακώβου καὶ Ἰωάννου. (Nadat hulle uit die sinagoge gekom het, het hulle saam met Jakobus en Johannes in die huis van Simon en Andreas...) Lukas 4:38 – Ἀναστὰς δὲ ἀπὸ τῆς συναγωγῆς εἰσῆλθεν εἰς τὴν οἰκίαν Σίμωνος (Nadat Hy die sinagoge verlaat het, is Hy na Simon se huis en het daar binnegegaan)		Die huis van Petrus was waarskynlik die plek van samekoms vir Jesus en die dissipels (Hagner, 1993a:209). Matteus plaas die klem op Petrus deur te verwys na die huis van Petrus terwyl Markus van die huis van Simon en Andreas verwys.
	9:19 – καὶ ἐγερθεὶς ὁ Ἰησοῦς ἠκολούθησεν αὐτοῖς καὶ οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ] (Jesus het opgestaan en hom gevolg, en sy dissipels ook) <u>Parallele</u> Markus 5:31 – καὶ ἔλεγον αὐτοῖς	Matteus het geen parallelle vers vir Markus 5:31 en Lukas 8:45 nie en verwys slegs in die algemeen (9:19) na die dissipels, terwyl Lukas uitdruklik na Petrus verwys. Dit wil dus voorkom of Matteus se redaksionele werk die klem op die dissipels laat val.

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmmerking
	οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ (En sy dissipels het vir Hom gesê) Lukas 8:45 – ἀρνούμενων δὲ πάντων εἶπεν ὁ Πέτρος (Toe almal dit ontken, het Petrus gesê)	
14:28 – ἀποκριθεὶς δὲ αὐτῷ ὁ Πέτρος εἶπεν (Petrus het Hom geantwoord) Parallele ⁶³ Markus 6:49 – οἱ δὲ ἰδόντες αὐτὸν ἐπὶ τῆς θαλάσσης περιπατοῦντα ἔδοξαν ὅτι φάντασμα ἔστιν, καὶ ἀνέκραξαν (Toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gedink dit is 'n spook en hulle het hard geskreeu) Lukas – Geen parallel nie		Matteus verwys spesifiek na Petrus wat 'n vraag vra, maar in die Markus-evangelie is dit die dissipels wat ἀνέκραξαν . Dit wil dus voorkom of Matteus se redaksionele werk die klem op Petrus laat val.
16:16 – ἀποκριθεὶς δὲ Σίμων Πέτρος εἶπεν· σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος (Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God) Parallele Markus 8:29 – καὶ αὐτὸς ἐπηρώτα αὐτοῦ· ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι; ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος λέγει αὐτῷ· σὺ εἶ ὁ χριστός (Hy vra hulle toe: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord Hom: U is die		In hierdie vers word die klem op Petrus geplaas en dit is parallel aan Markus en Lukas.

⁶³ Hierdie vers maak deel uit van die *Matteus-Sondergut* en daarom is daar nie parallelle in Markus en Lukas nie. Markus 6:45–56 is parallel aan Matteus 14:22–36 en Markus 6:49 word aangehaal om aan te toon hoedat Matteus die klem na Petrus verskuif.

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmeking
Christus) Lukas 9:20 – εἶπεν δὲ αὐτοῖς· ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι; Πέτρος δὲ ἀποκριθεὶς εἶπεν· τὸν χριστὸν τοῦ θεοῦ. (Hy sê toe vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord en sê: Die Christus van God.)		
16:22–23 – καὶ προσλαβόμενος αὐτὸν ὁ Πέτρος ἤρξατο ἐπιτιμᾶν αὐτῷ λέγων· Ἰλεώς σοι, κύριε· οὐ μὴ ἔσται σοι τοῦτο.²³ ὁ δὲ στραφεὶς εἶπεν τῷ Πέτρῳ· ὕπαγε ὀπίσω μου, σατανᾶ· σκάνδαλον εἰ ἐμοῦ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων. (Petrus het Hom eenkant geneem en Hom begin tereg wys: Mag God dit verhoed, Here, dit sal beslis nie met U gebeur nie! ²³ Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.) Parallele Markus 8:32-33 καὶ παρρησίᾳ τὸν λόγον ἐλάλει. καὶ προσλαβόμενος ὁ Πέτρος αὐτὸν ἤρξατο ἐπιτιμᾶν αὐτῷ.³³ ὁ δὲ ἐπιστραφεὶς καὶ ἰδὼν τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ ἐπετίμησεν Πέτρῳ καὶ λέγει· ὕπαγε ὀπίσω μου, σατανᾶ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων. (Hy het die woord ronduit gesê. Petrus het Hom eenkant toe		Die klem val in hierdie verse op Petrus alhoewel Matteus nie ooreenstem met Markus se καὶ ἰδὼν τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ nie. Matteus benadruk dus Petrus se posisie in hierdie vers en noem hom ook σκάνδαλον.

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmerking
geneem en Hom begin tereg wys. ³³ Maar Hy het omgedraai, na sy dissipels gekyk en Petrus berispe en gesê: Gaan weg agter My, Satan! Want jy bedink nie die dinge van God nie, maar die dinge van mense.) Lukas – Geen parallel nie		
17:4 – ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν τῷ Ἰησοῦ (Petrus reageer toe en sê vir Jesus) Parallele Markus 9:5 – καὶ ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος λέγει τῷ Ἰησοῦ (Petrus reageer toe en sê vir Jesus) Lukas 9:33 – καὶ ἐγένετο ἐν τῷ διαχωρίζεσθαι αὐτοὺς ἀπ’ αὐτοῦ εἶπεν ὁ Πέτρος πρὸς τὸν Ἰησοῦν (Toe hulle van Hom weggaan, sê Petrus vir Jesus)		Die klem val in hierdie verse op Petrus.
	20:20 – Τότε προσῆλθεν αὐτῷ ἡ μήτηρ τῶν υἱῶν Ζεβεδαίου μετὰ τῶν υἱῶν αὐτῆς προσκυνοῦσα καὶ αἰτοῦσά τι ἀπ’ αὐτοῦ (Toe kom die moeder van die seuns van Sebedeus met haar seuns na Hom en het gekniel om iets van Hom te vra) Parallele Markus 10:35 – Καὶ προσπορεύονται αὐτῷ Ἰάκωβος καὶ Ἰωάννης οἱ υἱοὶ Ζεβεδαίου λέγοντες αὐτῷ· διδάσκαλε, θέλομεν ἵνα ὁ ἐὰν αἰτήσωμεν σε ποιήσης ἡμῖν (Jakobus en Johannes, die seuns	Die klem val hier op die seuns van Sebedeus. Matteus noem egter nie hulle name (Ἰάκωβος καὶ Ἰωάννης) soos in die geval van Markus nie.

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmeking
	van Sebedeus, het na Hom gekom en gevra: Meester, ons wil hê dat wat ons ook al van U vra, U vir ons moet doen) <u>Lukas</u> – Geen parallel nie	
	20:24 – Καὶ ἀκούσαντες οἱ δέκα ἠγανάκτησαν περὶ τῶν δύο ἀδελφῶν (Toe die tien dit hoor, was hulle verontwaardig oor die twee broers) <u>Parallele</u> <u>Markus</u> 10:41 – Καὶ ἀκούσαντες οἱ δέκα ἤρξαντο ἀγανακτεῖν περὶ Ἰακώβου καὶ Ἰωάννου (Toe die tien dit hoor, het hulle verontwaardig geword oor Jakobus en Johannes) <u>Lukas</u> – Geen parallel nie	Die klem val hier op die ander tien dissipels wat verontwaardig is oor die twee broers. Dit is veral Markus wat ook die klem op Jakobus en Johannes laat val.
	21:20 – Καὶ ἰδόντες οἱ μαθηταὶ ἐθαύμασαν λέγοντες· πῶς παραχρῆμα ἐξηράνθη ἡ συκῇ (Toe die dissipels dit sien, was hulle verbaas en sê: Hoe het die vyeboom so skielik verdroog?) <u>Parallele</u> <u>Markus</u> 11:20-21 – Καὶ παραπορευόμενοι πρὸς εἶδον τὴν συκῇν ἐξηραμμένην ἐκ ῥιζῶν. ²¹ καὶ ἀναμνησθεὶς ὁ Πέτρος λέγει αὐτῷ· ῥαββί, ἴδε ἡ συκῇ ἣν κατηράσω ἐξήρანται (Toe hulle vroegoggend daar verbygaan, sien hulle die vyeboom, verdroog van die wortels af. ²¹ Petrus het onthou en vir Hom gesê: Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.)	Die klem val in hierdie vers op die dissipels en dit wil voorkom of Matteus dit benadruk deur die verwysing na Petrus wat in Markus 11:21 voorkom, uit te laat.

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmerking
	<u>Lukas</u> – Geen parallel nie	
	24:1 – Καὶ ἐξελθὼν ὁ Ἰησοῦς ἀπὸ τοῦ ἱεροῦ ἐπορεύετο, καὶ προσῆλθον οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ ἐπιδείξαι αὐτῷ τὰς οἰκοδομὰς τοῦ ἱεροῦ (Jesus het uitgegaan en van die tempel weg beweeg, en sy dissipels het nader gekom om Hom die tempelgeboue te wys) <u>Parallele</u> <u>Markus</u> 13:1 – Καὶ ἐκπορευομένου αὐτοῦ ἐκ τοῦ ἱεροῦ λέγει αὐτῷ εἰς τῶν μαθητῶν αὐτοῦ· διδάσκαλε, ἴδε ποταποὶ λίθοι καὶ ποταπαὶ οἰκοδομαί (Toe Hy uit die tempel uitgaan, sê een van sy dissipels vir Hom: Meester, kyk watter klippe en watter geboue) <u>Lukas</u> 21:5 – Καὶ τινῶν λεγόντων περὶ τοῦ ἱεροῦ ὅτι λίθοις καλοῖς καὶ ἀναθήμασιν κεκόσμηται εἶπεν (Terwyl sommige oor die tempel praat, dat dit met mooi klippe en gewyde geskenke versier is, sê Hy)	Die klem val weereens op die dissipels , alhoewel Lukas verwys na τῖς (sommige) wat oor die tempel praat (λεγόντων περὶ τοῦ ἱεροῦ).
	26:37 – καὶ παραλαβὼν τὸν Πέτρον καὶ τοὺς δύο υἱοὺς Ζεβεδαίου ἤρξατο λυπεῖσθαι καὶ ἀδημονεῖν (Hy neem toe vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saam en Hy het bedroef en beangs begin word) <u>Parallele</u> <u>Markus</u> 14:33 – καὶ παραλαμβάνει τὸν Πέτρον καὶ	Mateus en Markus laat die klem op Petrus, Jakobus en Johannes val, terwyl Lukas die verwysing na die drie dissipels weglaat en slegs noem dat Jesus Hom afgesonder het van die dissipels.

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmmerking
	[τὸν] Ἰάκωβον καὶ [τὸν] Ἰωάννην μετ' αὐτοῦ καὶ ἤρξατο ἐκθαμβεῖσθαι καὶ ἀδημονεῖν (Hy neem toe vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom en het ontsteld en beangs begin word) <u>Lukas</u> 22:41 – καὶ αὐτὸς ἀπεσπάσθη ἀπ' αὐτῶν ὥσει λίθου βολὴν καὶ θείς τὰ γόνατα προσηύχετο (Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi, en gekniel en gebid)	
26:40 – καὶ ἔρχεται πρὸς τοὺς μαθητὰς καὶ εὐρίσκει αὐτοὺς καθεύδοντας, καὶ λέγει τῷ Πέτρῳ· οὕτως οὐκ ἰσχύσατε μίαν ὥραν γρηγορῆσαι μετ' ἐμοῦ (Hy kom toe by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: Was julle dan nie in staat om een uur lank saam met My te waak nie?) <u>Parallele</u> <u>Markus</u> 14:37 – καὶ ἔρχεται καὶ εὐρίσκει αὐτοὺς καθεύδοντας, καὶ λέγει τῷ Πέτρῳ· Σίμων, καθεύδεις; οὐκ ἴσχυσας μίαν ὥραν γρηγορῆσαι (Hy kom toe en vind hulle aan die slaap en sê vir Petrus: Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur lank te waak nie?) <u>Lukas</u> 22:45 – καὶ ἀναστὰς ἀπὸ τῆς προσευχῆς ἐλθὼν πρὸς τοὺς μαθητὰς εὗρεν κοιμωμένους αὐτοὺς ἀπὸ τῆς λύπης		Jesus vind die dissipels aan die slaap, maar Matteus én Markus laat die klem op Petrus val wat deur Jesus aangespreek word. Lukas laat egter die klem op die dissipels val en laat die verwysing na Petrus weg.

Klem op Petrus	Klem op die dissipels	Vergelyking/Opmmerking
(Toe Hy na sy gebed opstaan, gaan Hy na sy dissipels en vind hulle aan die slaap van droefheid)		
	<u>28:7</u> – καὶ ταχὺ πορευθεῖσαι εἶπατε τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ ὅτι ἡγέρθη ἀπὸ τῶν νεκρῶν, καὶ ἰδοὺ προάγει ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν, ἐκεῖ αὐτὸν ὄψεσθε· ἰδοὺ εἶπον ὑμῖν (haas julle, en gaan sê vir sy dissipels: Hy is opgewek uit die dode en Hy gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Dit het ek vir julle gesê) <u>Parallele</u> <u>Markus</u> 16:7 – ἀλλὰ ὑπάγετε εἶπατε τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ καὶ τῷ Πέτρῳ ὅτι προάγει ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν· ἐκεῖ αὐτὸν ὄψεσθε, καθὼς εἶπεν ὑμῖν (Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus: Hy gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het) <u>Lukas</u> – Geen parallelle vers nie	Markus laat die klem op die dissipels val, maar benadruk ook vir Petrus, terwyl Matteus net die klem op die dissipels behou.

Volgens Tabel 7 (p. 46 e.v.) val die klem ses maal op Petrus en sewe maal op die dissipels. Daar kan dus nie gesê word dat Matteus die klem van die dissipels na Petrus probeer verskuif nie. Dit wil egter voorkom of die klem op Petrus én op die dissipels grootliks oorgeneem is uit die Markus-evangelie.

Tabel 8: Positiewe en negatiewe voorstellings van Petrus in die Matteus-evangelie

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
8:14–15 – Καὶ ἐλθὼν ὁ Ἰησοῦς εἰς τὴν οἰκίαν Πέτρου εἶδεν τὴν πενθερὰν αὐτοῦ βεβλημένην καὶ πυρέσσουσαν.¹⁵ καὶ ἥψατο τῆς χειρὸς αὐτῆς, καὶ ἀφῆκεν αὐτὴν ὁ πυρετός, καὶ ἠγέρθη καὶ διηκόνει αὐτῷ. (Toe Jesus Petrus se huis binnegaan, sien Hy sy skoonmoeder siek lê aan koors.¹⁵ Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en Hom bedien.)		Die huis van Petrus was waarskynlik die plek van samekoms vir Jesus en die dissipels (Hagner, 1993a:209). Daar word Petrus se skoonmoeder genees. Alhoewel daar na Petrus se huis en sy skoonmoeder verwys word, laat Matteus die klem op Jesus val want διηκόνει αὐτοῖς in Markus 1:31⁶⁴ word διηκόνει αὐτῷ in Matteus 8:15.
14:28–29 – ἀποκριθεὶς δὲ αὐτῷ ὁ Πέτρος εἶπεν· κύριε, εἰ σὺ εἶ, κέλευσόν με ἐλθεῖν πρὸς σε ἐπὶ τὰ ὕδατα.²⁹ ὁ δὲ εἶπεν· ἐλθέ. καὶ καταβὰς ἀπὸ τοῦ πλοίου [ὁ] Πέτρος περιεπάτησεν ἐπὶ τὰ ὕδατα καὶ ἦλθεν πρὸς τὸν Ἰησοῦν (Petrus het Hom geantwoord: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.²⁹ En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan.)	14:30–31 – βλέπων δὲ τὸν ἄνεμον [ἰσχυρὸν] ἐφοβήθη, καὶ ἄρξάμενος καταποντίζεσθαι ἔκραζεν λέγων· κύριε, σῶσόν με.³¹ εὐθέως δὲ ὁ Ἰησοῦς ἐκτείνας τὴν χεῖρα ἐπελάβετο αὐτοῦ καὶ λέγει αὐτῷ· ὀλιγόπιστε, εἰς τί ἐδίστασας (Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword, en toe hy begin sink, skreeu hy: Here, red my!³¹ Jesus het dadelik sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?)	Hierdie gedeeltes maak deel uit van die Matteus-Sondergut. Petrus word in 14:28–29 positief voorgestel as die een wat bereid is om die skynbare onmoontlike op Jesus se bevel te doen. Hy tree as woordvoerder vir die dissipels op en is 'n voorbeeld vir dissipelskap. Direk daarna (14:30–30) word hy egter negatief voorgestel as een wat bang word, kleingelowig is en twyfel.
	15:15 – Ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· φράσον ἡμῖν τὴν παραβολὴν [ταύτην]. (Petrus antwoord en sê vir Hom: Verduidelik vir ons hierdie gelykenis.)	Petrus tree weer op as woordvoerder van die dissipels en word voorgestel as die een wat nie verstaan nie (negatief). Tog is hy 'n voorbeeld vir dissipelskap, want hy wil uitvind wat die betekenis is (positief).

⁶⁴ Matteus 8:15 is parallel aan Markus 1:31: καὶ προσελθὼν ἤγειρεν αὐτὴν κρατήσας τῆς χειρὸς· καὶ ἀφῆκεν αὐτὴν ὁ πυρετός, καὶ διηκόνει αὐτοῖς.

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
16:16–19 – ἀποκριθεὶς δὲ Σίμων Πέτρος εἶπεν· σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος. ¹⁷ ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ μακάριος εἶ, Σίμων Βαριωνᾶ, ὅτι σὰρξ καὶ αἷμα οὐκ ἀπεκάλυψέν σοι ἀλλ’ ὁ πατήρ μου ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς. ¹⁸ καὶ γὰρ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν καὶ πύλαι ᾧδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς. ¹⁹ δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν, καὶ ὃ ἐὰν δήσης ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς, καὶ ὃ ἐὰν λύσης ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς. (Simon Petrus het geantwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God. ¹⁷ Jesus antwoord hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader in die hemele. ¹⁸ En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹ Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemele ontbonde wees.)	16:22–23 – καὶ προσλαβόμενος αὐτὸν ὁ Πέτρος ἤρξατο ἐπιτιμᾶν αὐτῷ λέγων· Ἰλεῶς σοι, κύριε· οὐ μὴ ἔσται σοι τοῦτο. ²³ ὁ δὲ στραφεὶς εἶπεν τῷ Πέτρῳ· ὕπαγε ὀπίσω μου, σατανᾶ· σκάνδαλον εἶ ἐμοῦ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων. (Petrus het Hom eenkant geneem en Hom begin tereg wys: Mag God dit verhoed, Here, dit sal beslis nie met U gebeur nie! ²³ Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.)	Hierdie gedeeltes maak deel uit van die <i>Matteus-Sondergut</i>. Petrus word in 16:16–19 positief voorgestel as woordvoerder van die dissipels met die belydenis dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Jesus sê dat hierdie belydenis ’n openbaring van die Vader is en dat hy (Petrus) die rots is waarop Jesus se gemeente gebou sal word. Hy ontvang ook die sleutels van die koninkryk van die hemele sodat hy kan bind en ontbind. Byna direk na hierdie positiewe voorstelling word hy egter so negatief voorgestel (16:22–23) dat hy selfs gelyk gestel word met Satan. Petrus is ’n struikelblok vir Jesus en hy bedink nie meer die dinge van God nie maar die dinge van mense. As woordvoerder van die dissipels word hy dus baie negatief voorgestel.

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
	17:4 – ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν τῷ Ἰησοῦ· κύριε, καλὸν ἐστὶν ἡμῶς ὥδε εἶναι· εἰ θέλεις, ποιήσω ὥδε τρεις σκηνάς, σοὶ μίαν καὶ Μωϋσεῖ μίαν καὶ Ἠλίᾳ μίαν (Petrus reageer toe en sê vir Jesus: Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, laat my hier drie hutte maak: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.)	Ook in hierdie vers tree Petrus as woordvoerder op vir die drie dissipels (Petrus, Jakobus en Johannes). Hy kom egter planloos (negatief) voor met die opmerking om hutte te bou vir Jesus, Moses en Elia, want waarom sou hutte nodig wees? Alhoewel hy aanvanklik ἡμῶς maak hy die opmerking in eerste persoon enkelvoud met ποιήσω. Petrus word dus ook negatief voorgestel ten opsigte van dissipelskap.
17:24–27 – Ἐλθόντων δὲ αὐτῶν εἰς Καφαρναοὺμ προσήλθον οἱ τὰ δίδραχμα λαμβάνοντες τῷ Πέτρῳ καὶ εἶπαν· ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραχμα;²⁵ λέγει· ναί. καὶ ἐλθόντα εἰς τὴν οἰκίαν προέφθασεν αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς λέγων· τί σοι δοκεῖ, Σίμων; οἱ βασιλεῖς τῆς γῆς ἀπὸ τίνων λαμβάνουσιν τέλη ἢ κῆνσον; ἀπὸ τῶν υἱῶν αὐτῶν ἢ ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων;²⁶ εἰπόντος δέ· ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων, ἔφη αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἄρα γε ἐλεύθεροί εἰσιν οἱ υἱοί.²⁷ ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτοῦς, πορευθεὶς εἰς θάλασσαν βάλε		Hierdie Matteus-Sondergut stel vir Petrus positief voor as woordvoerder vir die dissipels. Diegene wat die belasting invorder, het na Petrus gegaan en gevra of hulle (ὑμῶν) leermeester nie belasting betaal nie. Hy is ook 'n voorbeeld vir dissipelskap met die korrekte antwoord wat hy vir Jesus gee. Dit wil verder voorkom of Petrus in hierdie gedeelte ook Jesus se “assistent” is, want hy word uitgestuur om 'n vis te vang en die belasting oor te betaal. Petrus is dus 'n goeie voorbeeld vir leierskap.

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
ἄγκιστρον καὶ τὸν ἀναβάντα πρῶτον ἰχθὺν ἄρον, καὶ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ εὐρήσεις στατήρα· ἐκεῖνον λαβὼν δὲς αὐτοῖς ἀντὶ ἐμοῦ καὶ σοῦ. (Toe hulle in Kapernaüm kom, het diegene wat die dubbel-dragma [tempelbelasting] invorder, na Petrus gekom en gevra: Betaal julle leermeester nie die dubbel-dragma nie? ²⁵ Hy antwoord: Ja wel. Toe hy in die huis kom, het Jesus eerste gepraat: Wat dink jy, Simon? Van wie vorder die konings van die aarde tolgeld of belasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge? ²⁶ Toe antwoord hy: Van die vreemdelinge. Jesus sê vir hom: Dan is die seuns vry. ²⁷ Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi 'n hoek uit en vat die eerste vis wat jy uittrek; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.)		
	18:21–22 – Τότε προσελθὼν ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· κύριε, ποσάκις ἀμαρτήσῃ εἰς ἐμὲ ὁ ἀδελφός μου καὶ ἀφήσω αὐτῷ; ἕως ἐπτάκις; ²² λέγει αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· οὐ λέγω σοι ἕως ἐπτάκις ἀλλὰ ἕως	Petrus het die antwoord op die vraag na vergifnis gedeeltelik reg, waarskynlik met 18:15⁶⁵ en Ou Testamentiese getuienis (Gen. 4:15⁶⁶, Lev. 26:18⁶⁷, Spr. 24:16⁶⁸) in gedagte (Davies & Allison, 2004b:792; Luz,

⁶⁵ Matteus 18:15: Ἐὰν δὲ ἀμαρτήσῃ [εἰς σὲ] ὁ ἀδελφός σου, ὕπαγε ἔλεγχον αὐτὸν μεταξὺ σοῦ καὶ αὐτοῦ μόνου. ἐάν σου ἀκούσῃ, ἐκέρδησας τὸν ἀδελφόν σου (“As jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, het jy jou broeder teruggewen”).

⁶⁶ Genesis 4:15 (1953-vert.): “Maar die Here sê vir hom: Daarom, as enigeen Kain doodsla, sal dit sewevoudig gewreek word...”

⁶⁷ Levitikus 26:18 (1953-vert.): “En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig.”

⁶⁸ Spreuke 24:16 (1953-vertaling): “Want sewe maal val die regverdige en staan weer op, maar die goddelose struikel in die ongeluk.”

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
	ἐβδομηκοντάκις ἑπτά. (Toe kom Petrus na Hom en vra: Here, hoeveel keer sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe keer toe? ²²Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe keer toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.)	2001:465). Jesus korrigeer egter sy antwoord met οὐ λέγω σοι ἕως ἑπτάκις ἀλλὰ ἕως ἐβδομηκοντάκις ἑπτά. Petrus word dus uiteindelik as negatief voorgestel omdat hy nie die korrekte antwoord gegee het nie.
	19:27 – Τότε ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφήκαμεν πάντα καὶ ἠκολουθήσαμεν σοι· τί ἄρα ἔσται ἡμῖν (Toe vra Petrus Hom: Kyk, ons het alles agtergelaat en U gevolg. Wat sal ons dan daarvoor kry?)	Met die gebruik van ἡμεῖς en ἡμῖν is dit duidelik dat Petrus weereens as woordvoerder vir die dissipels optree. Alhoewel hy nie hieroor tereggewys word nie is dit negatief omdat hy wil weet of daar vir hulle beloning sal wees omdat hulle alles agtergelaat het en vir Jesus gevolg het.
26:33, 35 – ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· εἰ πάντες σκανδαλισθήσονται ἐν σοί, ἐγὼ οὐδέποτε σκανδαλισθήσομαι. ³⁵λέγει αὐτῷ ὁ Πέτρος· κἀν δέῃ με σὺν σοὶ ἀποθανεῖν, οὐ μὴ σε ἀπαρνήσομαι. ὁμοίως καὶ πάντες οἱ μαθηταὶ εἶπαν. (³³ Petrus het egter vir Hom gesê: Al sal almal ook aanstoot aan U neem [oor U struikel], ek sal nooit aanstoot neem nie) (³⁵ Petrus sê vir Hom: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die dissipels gesê.)	26:34 – ἔφη αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἀμὴν λέγω σοι ὅτι ἐν ταύτῃ τῇ νυκτὶ πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι τρίς ἀπαρνήση με. (Jesus sê vir hom: Amen, Ek sê vir jou: in hierdie nag, voor die haan gekraai het, sal jy My drie maal verloën.)	Petrus probeer in 26:33 en 35 sy getrouheid en toegewydheid aan Jesus bewys met sy verklaring dat hy nie sal struikel nie en bereid is om te sterf vir Jesus. Tog voorspel Jesus (26:34) dat hy (Petrus) Hom sal verloën. Die voorspelling word later bewaarheid (sien 26:69–75 onder). Alhoewel Petrus dus sterk leierseenskappe en toegewydheid voorhou, word hy steeds negatief voorgestel met die voorspelling van die verloëning van Jesus.

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
	26:37–40 – καὶ παραλαβὼν τὸν Πέτρον καὶ τοὺς δύο υἱοὺς Ζεβεδαίου ἤρξατο λυπεῖσθαι καὶ ἀδημονεῖν. ³⁸ τότε λέγει αὐτοῖς· <i>περίλυπός ἐστιν ἡ ψυχὴ μου ἕως θανάτου· μείνατε ὧδε καὶ γρηγορεῖτε μετ’ ἐμοῦ.</i> ³⁹ καὶ προσελθὼν μικρὸν ἔπεσεν ἐπὶ πρόσωπον αὐτοῦ προσευχόμενος καὶ λέγων· <i>πάτερ μου, εἰ δυνατόν ἐστιν, παρελθάτω ἀπ’ ἐμοῦ τὸ ποτήριον τοῦτο· * πλὴν οὐχ ὥς ἐγὼ θέλω ἀλλ’ ὥς σύ.</i> ⁴⁰ καὶ ἔρχεται πρὸς τοὺς μαθητὰς καὶ εὐρίσκει αὐτοὺς καθεύδοντας, καὶ λέγει τῷ Πέτρῳ· οὕτως οὐκ ἰσχύσατε μίαν ὥραν γρηγορῆσαι μετ’ ἐμοῦ (Hy neem toe vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saam en Hy het bedroef en beangs begin word. ³⁸ Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe. Bly hier en waak saam met My. ³⁹ En Hy het ’n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. ⁴⁰ En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?)	Petrus word saam met die seuns van Sebedeus uitgesonder om saam met Jesus te waak en om ook een van Jesus se diepste emosionele ondervindinge mee te maak. Hulle is egter nie in staat om een uur saam met Jesus te waak nie en Petrus word hierop attent gemaak. Petrus word dus verbind met negatiewe dissipelskap én negatiewe leierseienskappe.

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
	26:69–75 – Ὁ δὲ Πέτρος ἐκάθητο ἔξω ἐν τῇ αὐλῇ· καὶ προσῆλθεν αὐτῷ μία παιδίσκη λέγουσα· καὶ σὺ ἦσθα μετὰ Ἰησοῦ τοῦ Γαλιλαίου. ⁷⁰ ὁ δὲ ἡρνήσατο ἔμπροσθεν πάντων λέγων· οὐκ οἶδα τί λέγεις. ⁷¹ Ἐξελθόντα δὲ εἰς τὸν πυλῶνα εἶδεν αὐτὸν ἄλλη καὶ λέγει τοῖς ἐκεῖ· οὗτος ἦν μετὰ Ἰησοῦ τοῦ Ναζωραίου. ⁷² καὶ πάλιν ἡρνήσατο μετὰ ὅρκου ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. ⁷³ μετὰ μικρὸν δὲ προσελθόντες οἱ ἐστῶτες εἶπον τῷ Πέτρῳ· ἀληθῶς καὶ σὺ ἐξ αὐτῶν εἶ, καὶ γὰρ ἡ λαλιά σου δῆλόν σε ποιεῖ. ⁷⁴ τότε ἤρξατο καταθεματίζειν καὶ ὀμνύειν ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. καὶ εὐθέως ἀλέκτωρ ἐφώνησεν. ⁷⁵ καὶ ἐμνήσθη ὁ Πέτρος τοῦ ῥήματος Ἰησοῦ εἰρηκότος ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι τρὶς ἀπαρνήση με· καὶ ἐξελθὼν ἔξω ἐκλαυσεν πικρῶς. (Petrus het buite gesit in die binnehof, en ’n sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: Jy was ook by Jesus, die Galiléër! ⁷⁰ Maar hy het dit voor almal ontken en gesê: Ek weet nie waarvan jy praat nie. ⁷¹ En terwyl hy uitgaan na die poort, sien ’n ander diensmeisie hom en sê vir die wat daar was: Hierdie een was ook by Jesus, die Nasaréner. ⁷² Weer het hy dit met ’n eed ontken: Ek ken die man nie. ⁷³ ’n Bietjie later kom die wat daar staan, en sê vir Petrus: Jy is beslis ook een van hulle, want jou uitspraak verklap jou. ⁷⁴ Toe begin hy vloek en sweer: Ek ken die man nie!	Hierdie gedeelte stel Petrus besonder negatief voor en Jesus se voorspelling in 26:34 word bewaarheid. Hy ontken selfs met ’n eed dat hy Jesus ken en het later ook daarvoor gevloek en gesweer. Nadat dit vir ’n derde keer gebeur het, het die haan gekraai en Petrus het die woorde van Jesus onthou dat hy Hom drie keer sal verloën. Petrus kon dus nie sy voorneme om tot die dood toe toegewyd te bly aan Jesus gestand doen nie en is ’n negatiewe voorbeeld vir dissipelskap.

Positief voorgestel	Negatief voorgestel	Vergelykende gevolgtrekking
	⁷⁵ En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus, wat Hy gesê het, onthou: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het na buite gegaan en bitterlik geweene.)	

Uit Tabel 8 (p. 54 e.v.) kan die positiewe-negatiewe voorstelling van Petrus in die Matteus-evangelie duidelik waargeneem word. Hy tree op as woordvoerder vir die dissipels, positief en negatief, hy is 'n voorbeeld vir dissipelskap, positief en negatief, en daarom wil dit voorkom of hy net 'n normale mens met sterk eienskappe en swakhede is. Noemenswaardig is dat Petrus by twee geleenthede in die *Sondergut* merkwaardig positief voorgestel (14:28–29 en 16:16–19) word en kort (onmiddellik) daarna sterk negatief voorgestel (14:30–31 en 16:22–23) word.

Uiteindelik wil dit voorkom of Petrus net 'n voorbeeld van 'n dissipel is en dat Matteus vir Petrus gebruik het as model vir dissipelskap.

2.9 Gevolgtrekking

Die doel van hierdie hoofstuk was om vas te stel wat die stand van navorsing oor die rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie is. Die sentrale teoretiese argument was dat Paulus se rol in die Matteus-evangelie as voorbeeld vir dissipelskap dien. Bestaande navorsing oor die Petrus, soos deur Matteus voorgestel, is binne die raamwerk in ag geneem en beoordeel. Daar is veral gekonsentreer op die siening dat die evangelie 'n skynbaar anti-Pauliniese sentiment bevat en dat Matteus, as die outeur van die evangelie, deur redaksionele werk vir Petrus prominenter probeer voorstel het om so 'n Pauliniese invloed teen te werk. 'n Moontlike gevolgtrekking kan nou gemaak word.

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat Petrus 'n vername rol in die vroeë kerk gespeel het en heelwat navorsers is dit eens dat hy ook 'n vername posisie onder die dissipels van Jesus kon gehad het. Die talle verwysings na Petrus in die Matteus-

evangelie (en in die res van die Nuwe Testament) is merkwaardig. Met hierdie verwysings in die Matteus-evangelie blyk dit dat die outeur die mense in Jesus se teenwoordigheid beperk tot Petrus, die seuns van Sebedeus en die twaalf dissipels (met uitsondering van Maria, die tollenaars en die sondaars).

In die Pauliniese geskrifte sien Paulus ook vir Petrus as 'n prominente figuur in die kerk tydens die eerste eeu. Petrus (Κηφᾶς) word by name deur Paulus uitgesonder en die oudste verwysings na hom (49–55 n.C.) kom in die eerste brief aan die Korintiërs en die brief aan die Galasiërs voor. Dit blyk dat Petrus vir Paulus by uitnemendheid vier belangrike funksies gehad het: eerstens is Petrus die eerste getuie aan wie Jesus verskyn het ná sy opstanding uit die dood (1 Kor. 15:5); tweedens was Petrus 'n bron van tradisie indien die woord ἱστορήσαι (Gal. 1:18) beteken dat Paulus na Jerusalem gegaan het om inligting oor die evangelie van Sefas te kry; derdens is Petrus 'n leier in Jerusalem tydens Paulus se eerste en tweede besoek aan die stad (Gal. 1:18; 2:1–10); en laastens, Petrus is gesien as die apostel na die besnedenes (Gal. 2:7, 8) en Paulus as apostel na die onbesnedenes (Gal. 2:7) of van die nasies (Gal. 2:8).

Die ondersoek na die skynbaar anti-Pauliniese sentiment het ook resultate opgelewer. Matteus 16:18–19 word as kernteks geneem in die redenasie dat Matteus doelbewus vir Petrus prominent probeer voorstel om 'n sogenaamde Pauliniese invloed in die vroeë kerk teen te werk. Matteus se gebruik van die woord ἀνομία word ook gesien as 'n reaksie teen Paulus omdat die evangelis daarmee sou beweer dat die betekenis van ἀνομία in 7:23 na 5:17–19 verwys en dat dit ongehoorsaamheid aan die Tora impliseer. Die voorval in Antiochië (Gal. 2:11–15) word ook aan hierdie anti-Pauliniese sentiment verbind.

Die gedeeltes in 5:17–19 en 13:24–30 (“vyandige mens”) word selfs as 'n persoonlike aanval op Paulus gesien. Daar word onder andere probeer om die “vyandige mens” (ἐχθρὸς ἄνθρωπος) in 13:28 met Paulus te verbind. Daar bestaan egter verskeie redes waarom hierdie redenasie nie oortuigend is nie, naamlik:

- Met 5:17–19 word die aanname gemaak dat daar teen Paulus reageer word voordat die teks dienooreenkomstig geïnterpreteer word.

- Die gelykenis van die onkruid (13:24–30) word met die daaropvolgende gelykenisse van die mosterdsaad en die suurdeeg) (13:31–35) verbind deur bykans dieselfde inleiding: Ἀλλην παραβολὴν παρέθηκεν αὐτοῖς λέγων (13:31) en Ἀλλην παραβολὴν ἐλάλησεν αὐτοῖς) (13:33). Die inleiding word verder, teen die agtergrond van die hele hoofstuk 13, met die saai-tema (13:31–52) en trefwoorde soos σπείρω (13:3, 4, 18, 19, 20, 22, 23, 24, 27, 31, 37, 39), σπέρμα (13:24, 27, 32, 37, 38) en ἀγρός (13:24, 27, 31, 36, 38, 44) verbind. Die belangrikste rede waarom die “vyandige mens” in 13:24–30 nie met Paulus verbind kan word nie, is omdat dit in 13:36–43 verklaar word. Die vyandige mens word met die duiwel (ὁ δὲ ἐχθρὸς ὁ σείρας αὐτὰ ἐστὶν ὁ διάβολος) (13:39) en die saailand (ἀγρός) (13:27) met die wêreld (ὁ δὲ ἀγρός ἐστὶν ὁ κόσμος) (13:38) verbind.

Dit is dus onwaarskynlik dat hierdie tekste ’n reaksie teen Paulus kon wees.

Dit is waar dat 16:16–19 vir Petrus merkwaardig positief voorstel en daarmee sy prominensie versterk, maar direk na 16:16–19 word hy sterk negatief voorgestel (16:22–23) as ’n struikelblok vir Jesus en word hy selfs gelykgestel met die Satan. Om die rede blyk dit onwaarskynlik te wees dat Matteus probeer om Petrus in hierdie gedeelte prominent voor te stel spesifiek met die doel om teen Paulus te reageer.

Daar kan egter geen twyfel wees dat Petrus prominent figureer in die Matteus-evangelie nie. Hierdie prominensie word onder andere uitgedruk deur Matteus se redaksionele gebruik van die woord πρῶτος in 10:2 (lys van die dissipels). Die lys van die dissipels/apostels kom vier keer in die Nuwe Testament voor en Petrus se naam word telkens eerste genoem (Matt. 10:2–4; Mark. 3:16–19; Luk. 6:14–16; Hand. 1:13). Petrus staan ook uit as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels, maar dit word positief én negatief voorgestel. Hierdie positiewe-negatiewe voorstelling kan ook waargeneem word in sy voorbeeld as ’n dissipel; daarom lyk dit asof hy net ’n normale mens met sterk eienskappe en swakhede is. Dit is noemenswaardig dat Petrus by twee geleenthede in die *Sondergut* merkwaardig positief voorgestel word (14:28–29 en 16:16–19) en kort (onmiddellik) daarna sterk negatief (14:30–31 en 16:22–23). Petrus

tree egter nie onafhanklik van die res van die dissipels op nie en die aanname kan nie op hierdie stadium gemaak word dat hy gesag bo die res van die groep gehad het nie. Drie redes kan hiervoor genoem word: eerstens word Petrus in die konteks van Matteus 16:23 en Markus 8:33 ook beskou as instrument in die hand van Satan; tweedens het die dissipels Petrus nie in so 'n posisie voorgestel toe hulle geredeneer het wie die "grootste" is nie (Matt. 20:20–28; Mark.9:33–37; 10:35–45); en derdens word al die dissipels broeders van mekaar in Matteus 23:8 genoem.

Petrus, soos wat hy in die Matteus-evangelie voorgestel word, kan dus kortweg beskou word as 'n normale mens met sterk eienskappe en swakhede. Uiteindelik het Matteus hom net gebruik as 'n model vir dissipelskap. In hierdie stadium lyk dit of Matteus nie doelbewus prominensie aan Petrus probeer verleen het om teen 'n Pauliniese invloed te reageer nie.

Hoofstuk 3

Die persoonlikheid van Petrus as rede vir sy prominensie in die Matteus-evangelie

3.1 Inleiding

In die voorwoord van sy boek *Peter: Illustrious Disciple* beskryf Butler (1993:9) vir Petrus soos volg:

Peter was the most colorful of the twelve disciples. A man of action, he did nothing by halves. He was a take-charge person, a born leader, and a man who spoke up quickly and frankly on matters thus leaving no doubt as to where he stood, even when he stood on the wrong side of the issue.

Petrus is die dissipel van Jesus van wie die evangelies die meeste vertel; daarom het Butler baie stof waarop hy sy opmerkings kan baseer. In hierdie enkele sin word Petrus se karakter so raak beskryf. Petrus word beskou as iemand wat 'n impulsiewe karakter gehad het (Matt. 14:28–29; 17:4; Mark. 9:5; Joh. 13:8–9; 18:10; ens.) (Borchert, 2002:230; Hendriksen, 1953:230; Inch, 2003:11) en dit is dalk juis omdat hy 'n “born leader” was dat die evangelies soveel van hom vertel. Byrum (1931:20) sê:

One of the outstanding characteristics of the life of Peter was his impetuous disposition or manner of being quick to act or speak often without taking time to consider results or consequences.

Osborne (1988:1661) beskryf hom as impulsief, vinnig, die eerste om op te tree en te praat en entoesiasties oor alles waarvan hy deel was. Elkeen van hierdie navorsers het egter 'n bepaalde benadering met vooronderstellings wat hulle tot hierdie gevolgtrekkings laat kom.

Die doel van hierdie hoofstuk is om te bepaal hoe Petrus se persoonlikheid volgens die Nuwe Testament daar uitgesien het en of dit tot sy prominensie in die Matteus-evangelie kon bygedra het. Die moontlikheid bestaan dat Petrus se persoonlikheid 'n

bydraende faktor tot sy prominensie in die Matteus-evangelie was. Die klem val op die Matteus-evangelie, maar die res van die Nuwe Testament, veral die dele wat handel oor die tydperk voor die hemelvaart, bied waardevolle inligting om hierdie onderwerp en verder “in te kleur”.

Om vas te stel of Petrus se persoonlikheid sy prominensie in die hand gewerk het, sal sy karaktertrekke geïdentifiseer word (Strydom, 2006:108–111). In die Nuwe Testament kan daar talle van Petrus se karaktertrekke geïdentifiseer en afgelei word en selfs die naam van Petrus mag dalk iets van sy karakter weergee (Donfried, 1992:257). In hierdie hoofstuk sal probeer word om Petrus se karaktertrekke in die Matteus-evangelie parallel aan die ander twee sinoptiese evangelies te identifiseer. Voordat hierdie doelwit bereik kan word, moet daar eers definisies van die begrippe *temperament*, *karakter* en *persoonlikheid* gegee word. Dit geskied in 3.2 *Temperament, karakter of persoonlikheid?* (p. 68 e.v.). Die relevansie van temperament en karakter as deel van persoonlikheid sal bespreek en verduidelik word, want temperament en karakter is komponente van persoonlikheid (Strydom, 2006:62).

Die ondersoek na die persoonlikheid van Petrus geskied volgens ’n narratief-kritiese benadering (Klein, Blomberg & Hubbard, 2004:65; Malbon, 2009:80–82; Wiarda, 2000:2–8). Volgens die metode word die Nuwe-Testamentiese narratiewe as literêre tekste beskou met die fokus op die finale weergawe van die teks. Die klem is dus eerder op die literêre belang (soos karakters, agtergrond, storielyn, en retoriek) as die historiese belang van die teks. Dit beteken dat die kanon van die Nuwe Testament – in hierdie geval met spesiale verwysing na die Matteus-evangelie – as narratief beskou word en dat inligting daaruit gebruik word om Petrus se persoonlikheid te bepaal.

Tabel 9: Voorstelling van narratief-kritiese benadering

Oorspronklike outeur	➡	Implisiete outeur	=	Verteller
Oorspronklike gehoor	➡	Implisiete gehoor	=	Ontvanger

Opmerking: Met die narratief-kritiese benadering word aanvaar dat daar 'n **oorspronklike** (historiese) **outeur** was wat materiaal oorgedra het aan 'n **oorspronklike** (historiese) **gehoor**. In hierdie benadering word die **historiese outeur** (teoreties) die **implisiete outeur**, wat die **verteller** is. Net so word die **oorspronklike gehoor** (teoreties) die **implisiete gehoor**, wat die **ontvanger** is (Malbon, 2009:80–81).

Met die narratief-kritiese benadering bestaan die gevaar egter dat inligting uit die teks “oorwaardeer” kan word. Malbon (2009:81) verwoord dit soos volg: “Narrative critics are wary of what is called the ‘intentional fallacy’ (overvaluing the presumed motivation of the ‘real’ author) and the ‘affective fallacy’ (overvaluing the response of the ‘real’ audience), but of course they realize that basic information about the cultural context is essential to any interpretation.”

Indien die evangelies as narratiewe oor Jesus beskou word, kan die vraag ontstaan watter inligting uit die evangelies as waar beskou kan word. Daar kan byvoorbeeld 'n vraag na die naam van Petrus se vader ontstaan: Is dit Jona (Σίμων Βαριωνᾶ) (Matt. 16:17) of is dit eerder Ἰωάννου volgens Johannes 1:42? Daar kan ook 'n vraag ontstaan oor die verskille tussen die roepingsverhale in Matteus (4:12–25) en Lukas (5:1–11). Hierdie studie het egter nie ten doel om die “korrektheid” van die verhaal te bepaal, of anders gesê, om die verskille tussen evangelie-gegewens op te los nie. Dit gaan veel eerder oor die karaktertrekke, posisie, emosie, rol ensovoorts wat deur die evangelie-gegewens uitgelig word. Dat Petrus se vader se naam genoem word, sal dus byvoorbeeld eerder insiggewend wees vir hierdie studie as die naam self. In die roepingsverhale sal daar eerder op karaktertrekke van die geroepe dissipels in die verskillende roepingsverhale gefokus word.

Daar is reeds genoem dat hierdie studie met die geïnterpreteerde Petrus werk (Petrus soos wat hy uitgebeeld word in die Matteus-evangelie). Die sentrale teoretiese argument is dat Petrus in die Matteus-evangelie 'n voorbeeld (prototipe) vir dissipelskap is. Soos in *2.4 Skynbaar anti-Pauliniese sentiment in Matteus* (p. 25 e.v.)

beredeneer is, is dit onwaarskynlik dat daar 'n anti-Pauliniese sentiment in die evangelie bestaan. Daar word dus nie met die historiese Petrus gewerk nie, maar dit beteken nie dat hierdie studie nie 'n bydrae tot die historiese Petrus kan lewer nie.

Matteus se weergawe van Petrus se “vormingsjare”, sy beroep en sy roeping as dissipel sal bespreek word. Sy karaktereienskappe sal geïdentifiseer word met die oog daarop om 'n gevolgtrekking te maak oor die prominensie van Petrus in die Matteus-evangelie.

3.2 Temperament, karakter of persoonlikheid?

Dit is nie die doel van hierdie studie om 'n psigologiese profiel van Matteus se Petrus vas te stel nie. Daar word slegs ondersoek ingestel na karaktertrekke in Petrus se persoonlikheid wat hom prominent kan maak. Vanuit die sosiale wetenskappe is baie navorsing gedoen oor die psige van die mens in soverre dit *temperament*, *karakter* en *persoonlikheid* aangaan (Goldsmith *et al.*, 1987:507; Keirsey & Bates, 1984:27). Iemand wat nie op hoogte is met hierdie terme nie, kan moontlik dink dat temperament te make het met aggressievlakke. Verder kan persoonlikheid en karakter deur baie mense beskou word as sinonieme. Die HAT (2007:530) definieer die *karakter* van 'n individu as “al die eienskappe wat die een persoon anders maak as die ander” en *persoonlikheid* (2007:862) as “alles wat iemand 'n heeltemal eie karakter gee”. Hieruit kan die afleiding reeds gemaak word dat karakter deel van 'n individu se persoonlikheid is. Ter wille van duidelikheid, en die rede waarom die woord persoonlikheid in die titel van hierdie hoofstuk gebruik is, word daar vervolgens 'n kort definisie van onderskeidelik *temperament*, *karakter* en *persoonlikheid* gegee.

3.2.1 Temperament

Soos reeds genoem, kan daar 'n geneigdheid by sommige mense wees om temperament te assosieer met die intensiteit van aggressie of woede, die opvlamming van 'n persoon se emosies, met ander woorde hoe vinnig 'n persoon kwaad word. Temperament is ook 'n term wat selfs in die stoetveebedryf gebruik word om diere (veral Brahmaan-beeste) se toleransievlakke in terme van menslike interaksie te beskryf (Hamlyn-Hill, 2014:1).

Temperament word egter deur die meeste navorsers beskou as die geneigdheid om op 'n bepaalde manier op te tree, wat reeds by 'n kind se geboorte duidelik sigbaar is (vir kenners) (Carey & Mcdevitt, 1994:24; Keogh, 2003a:3; Neuman & Neuman, 1999:146; Shaffer, 1996:104; Watson, 2000:16). In wetenskaplike navorsing is daar bewys dat temperament aangebore (geneties) is en met verloop van tyd konstant bly (Goldsmith *et al.*, 1987:507; Strydom, 2006:109). Goldsmith *et al.* (1987:107) sê selfs dat temperament beskryf kan word as 'n "wet wat God self in elke individu se hart geskryf het". Temperament is dus 'n basiese geneigdheid wat bepaal dat 'n persoon op 'n sekere manier optree (Strydom, 2006:51) en beskryf 'n persoon se gedragstyl met betrekking tot interaksie met ander persone, dit lok sekere reaksies van ander uit en het 'n invloed op die aard van die individu se ervarings. Berens en Nardi (2004:1) noem dat wanneer die temperament van 'n individu verstaan en begryp word, daardie individu se optrede ook beter verstaan kan word.

Temperament vorm egter deel van 'n individu se karakter en persoonlikheid en daarom word daar nie in hierdie studie uitsluitlik op temperament gefokus nie. Volgens bogenoemde navorsing kan die afleiding dus gemaak word dat Petrus met 'n sekere tipe temperament gebore is en dat hierdie temperament nooit verander het nie (vgl. Kagan, 1997:376-393).

3.2.2 Karakter

Karakter word beskou as 'n komponent van persoonlikheid wat uit temperament ontwikkel (Strydom, 2006:62; Sweeney & Fry, 2012:90) en is die onderlinge stand en rangskikking van gewoontes by 'n individu. Strydom (2006:63) stel dit soos volg:

... karakter is die uiting van die persoon se wil en sy waardes. Karakter ontwikkel uit temperament, maar ook uit die omgewing en ervarings van 'n individu. Karakter word dus bepaal deur 'n individu se genetika asook sy omgewing. Karaktertrekke is dus die beskrywing van 'n individu se gedrag en is... die kompensasie tussen die persoonlikheid en temperament.

Met betrekking tot Petrus moet daar dus gesê word dat die sosio-ekonomiese en sosio-kulturele omstandighede, die huis en gemeenskap waarin hy grootgeword het, die volk

waarvan hy deel was, die geloofsopvoeding wat hy ontvang het en die politieke stelsel waarvan hy deel was, bygedra het tot al die karaktereienskappe wat hy gehad het.

3.2.3 Persoonlikheid

In die eerste-eeuse Mediterreense wêreld is daar geglo dat persoonlikheid nooit verander nie; 'n kind was soos 'n miniatuurvolwassene (Malina & Rohrbaugh, 2003:335). In die huidige sosiale wetenskappe word persoonlikheid as 'n omvattender term as karakter en temperament beskou beskou (Keogh, 2003b:54; Rothbart, 1989:220). Temperament vorm deel van persoonlikheid en kan as die “roumateriaal” van persoonlikheid beskou word. Keogh (2003b:54) meen dat die verskil tussen temperament en persoonlikheid in tyd geleë is; dit wil sê, temperament is reeds by geboorte aanwesig teenoor persoonlikheid wat met verloop van tyd ontwikkel (Wachs & Kohnstamm, 2001:3).

Persoonlikheid bestaan uit die geheel van 'n aantal eienskappe wat insluit kennis, waardes, doelstellings, houdings, gewoontes, emosies en vooroordele. Dit bestaan uit 'n biologiese basis wat in interaksie is met die omgewing en so die persoon se gedrag bepaal: dit is die patroon van gedrag wat een persoon van 'n ander onderskei (Maddi, 1996:8; Wachs & Kohnstamm, 2001:9).

Persoonlikheid is dus die produk van temperament en die invloed van die omgewing daarop (Strydom, 2006:62) en is die uitdrukking van 'n persoon deur gedrag, denke, emosie, wyse van aanpassing en die mate van konstantheid en voorspelbaarheid. Wanneer 'n persoon gebore word, is die temperament en die persoonlikheid van die persoon dieselfde. Mettertyd word die persoon egter deur die omgewing beïnvloed en dit lei daartoe dat die persoonlikheid aanpas (Chess & Thomas, 1989:250). Volgens Cherry (2015:1) bestaan daar vyf basiese persoonlikheidstrekke:

- **Openheid:** Dit beteken hoe ontvanklik iemand is vir verandering en hoe konkreet of abstrak hulle dink oor dinge. Kreatiewe denkers soek gewoonlik na beter oplossings vir probleme of struikelblokke en hulle is dikwels ook avontuurlustige mense.

- **Pligsgetrouheid:** Dit verwys na 'n persoon se graad van organisasie, graad van dissipline en hoe versigtig hy of sy risiko's neem.
- **Ekstroversie:** Dit sê hoe sosiaal iemand is en verwys na mense wat interaksie met ander mense soek. Ekstroverte hou van mense en sal sosiale geleenthede bywoon teenoor introverte wat eerder alleen sal sit en na die televisie kyk.
- **Inskiklikheid:** Dit is 'n persoonlikheidstrek van mense wat goedhartig en vriendelik is, vertrou kan word, bedagsaam en hulpvaardig is. Mense met 'n hoë vlak hiervan doen goeie dade nie uit eie belang nie.
- **Neurotisme:** Dit verwys na vlakke van spanning en angstigheid en word aangetref by mense met min selfvertroue. Hierdie mense is geneig om bekommerd te wees oor dinge buite hulle beheer.

3.2.4 Samevattende opmerkings oor temperament, karakter en persoonlikheid

As temperament, karakter en persoonlikheid met mekaar vergelyk word, kan daar gesê word dat temperament die “karakterkenmerke” is waarmee 'n mens gebore word, dat daardie temperament die basis is vir 'n mens se karakter en dat dit nooit verander nie. Karakter word op temperament gebou deur ervarings en ontberings (fisies en emosioneel) in 'n mens se lewe. Persoonlikheid is uiteindelik die “gekombineerde” temperament-karakter wat 'n persoon aan ander mense openbaar. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat temperament aangebore is en dat karakter ontwikkel word (Berens & Nardi, 2004:4; Berndt, 1997:211; Keirse & Bates, 1984:27; Strydom, 2006:66–67; Winblad, Lindberg & Hamsen, 2005:5).

Karakter is 'n komponent van persoonlikheid en kan beskou word as die “kompensasie” (kyk 3.2.2 *Karakter*, p. 69, hierbo) tussen temperament en persoonlikheid. Temperament is dus die aangebore (genetiese) karakter van wie 'n persoon waarlik is (in sy hart) en persoonlikheid is dit wat 'n persoon voorhou om te wees in die omgewing waarin die persoon hom bevind.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar slegs moontlike persoonlikheidstreke van Petrus geïdentifiseer kan word om sodoende 'n geheelbeeld te probeer vorm. Wanneer Petrus in die Matteus-evangelie byvoorbeeld 'n vraag vra, kan dit wees

dat hy leierseienskappe toon, dit kan wees dat hy ondersoekend is of dit kan blote impulsiwiteit wees. Met die finale gevolgtrekking kan al hierdie gegewens saamgevoeg word om 'n geheelbeeld te kry.

Die term persoonlikheid word vir hierdie studie gebruik omdat dit die temperament en karakter van 'n individu insluit; daarom is die woord “persoonlikheidstrekke” toepaslik.

Die sosiale agtergrond van die tyd toe Jesus op aarde was, moet egter ook in gedagte gehou word. Malina en Rohrbaugh (2003:343) sê dat daar in die samelewing van destyds aanduidings van 'n “kollektivistiese persoonlikheid” is:

In the ancient Mediterranean world... every person was understood to be embedded in others and had his or her identity only in relation to these others who formed this fundamental group. For most people, this was the family, and it meant that individuals neither acted nor thought of themselves as persons independent of the family group. What one member of the family was, every member of the family was, psychologically as well as in every other way. Mediterraneans are what anthropologists call “collectivistic” or group-oriented persons. They are “dyadic” or “other-oriented” people who depend on others to provide them with a sense of who they are.

Dit beteken nie dat elke lid van die groep nie sy eie persoonlikheid gehad het nie, maar dat daar dikwels in namens die groep waarvan 'n persoon deel was (gesin, familie, partye, faksies, koalisies, ens.), opgetree is.

3.3 Vormingsjare

Uit die samevatting van temperament, karakter en persoonlikheid is dit duidelik dat Petrus se vormingsjare belangrik is, want dit het sy karakter beïnvloed en het dus tot die vorming van sy persoonlikheid bygedra. Daar kan slegs afleidings wat moontlik kon bydra tot die vorming van sy persoonlikheid, uit die evangelies gemaak word. Die vormingsjare van Petrus word in hierdie studie gesien as die tydperk vanaf sy geboorte totdat hy geroep is om een van die dissipels te wees. Die tydperk onder Jesus se lering word gesien as Petrus se vorming met die oog op sy apostelskap. Petrus se

vormingsjare is dus belangrik vir hierdie studie, want dit kan insidente en ervarings bevat wat sy persoonlikheid gevorm het.

Die gegewens oor Petrus, waar hy gebore is en grootgeword het, is min en kan net uit afleidings gemaak word. Verheyden (2011:311) skryf in hierdie opsig: “Being well aware then that, as is often the case in paleontology, we can be left with only a bone or a footprint to go on...” Uit evangeliegegewens is daar tog twee merkers: Betsaida en Kapernaum. Johannes 1:44 (ἦν δὲ ὁ Φίλιππος ἀπὸ Βηθσαϊδά, ἐκ τῆς πόλεως Ἀνδρέου καὶ Πέτρου) (“Filippus was afkomstig van Betsaida, die tuisdorp van Andreas en Petrus”) is die enigste vers in die Nuwe Testament wat sê dat Petrus en sy broer Andreas van Betsaida was. In Die Nuwe Testament word daar slegs sewe keer na Betsaida verwys (Matt. 11:21; Mark. 6:45, 8:22; Luk. 9:10, 10:13; Joh. 1:44, 12:21). Die Matteus-evangelie, waarin Petrus prominent voorgestel word, verwys slegs een keer na Betsaida en dit is boonop woorde van oordeel (11:21⁶⁹). Uit hierdie teks blyk dit dat Jesus in Betsaida “kragtige” dae (δύναμις) gedoen het, terwyl die evangelies slegs twee⁷⁰ wonderwerke in hierdie dorp beskryf: die genesing van die blinde man (Mark. 8:22–26) en die eerste vermeerdering van die brode (Luk. 9:10–17). Die vraag kan dus ontstaan waarom die evangelies so min na Betsaida verwys. Om ’n antwoord hierop te kry, raak nog moeiliker wanneer die *Sondergut* van Markus 8:22–26 in ag geneem word want eerstens word die blinde man buitekant die dorp geneem vir die wonderwerk, en tweedens word hy beveel om nie in die dorp in te gaan of om in die dorp van hierdie wonderwerk te vertel nie. Die vraag bly ’n raaisel, maar Bockmuehl (2012:167) meen dat daar merkwaardige simboliek in hierdie gedeelte (Markus 8:22–26) voorkom:

The only way to heal the blind man is to take him physically away from Bethsaida, and even then it takes a second healing touch, as also for Mark’s Peter, to move from blindness, via dulled and partial sight, to full apperception of Jesus. And like Peter, the formerly blind man is not to return to his place of birth.

⁶⁹ Matteus 11:21: οὐαὶ σοι, Χοραζὶν, οὐαὶ σοι, Βηθσαϊδά· ὅτι εἰ ἐν Τύρῳ καὶ Σιδῶνι ἐγένοντο αἱ δυνάμεις αἱ γεγόμεναι ἐν ὑμῖν, πάλαι ἂν ἐν σάκκῳ καὶ σποδῶ μετενόησαν (“Ellende wag op jou, Gorasin, ellende wag op jou, Betsáida! Want as die kragtige dae wat in julle plaasgevind het, in Tirus en Sidon gebeur het, sou hulle hul lankal in sak en as gesit en bekeer het.”)

⁷⁰ Alhoewel Jesus ook daar siekes genees het tydens een van die geleenthede (Luk. 9:11).

Bockmuehl (2012:167; vgl. ook Guelich, 1998:434 en Stein, 2008:392) verwys nie net na die simboliese blindheid nie, maar beweer ook dat Petrus op 'n stadium vir Betsaida, sy geboortedorp, verlaat het en in Kapernaum gaan woon het. Dit kan wees dat hy sy kinderjare in Betsaida deurgebring het en later in Kapernaum gewoon het (Matt. 8:5, 14; Mark. 1:29).

Indien daar aanvaar word dat Petrus sy kinderjare in Betsaida⁷¹ deurgebring het, kan daar verder slegs vanuit 'n argeologiese oogpunt opmerkings oor Betsaida gemaak word. Argeoloë meen dat die dorp ongeveer 500 meter oos van die Jordaan en 2.5 kilometer noord van die See van Galilea was (Arav, 1999:83; Elwell, 1988:291; Strange, 1992:692; Strickert, 1998:68–74)⁷².

Uit argeologiese opgrawings wil dit voorkom of daar 'n sterk Hellenistiese kultuur in Betsaida was en dat dit 'n relatiewe klein gemeenskap (minder as 'n duisend mense) was in die tyd toe Jesus op aarde was. Daar bestaan bewyse van 'n vissersbedryf⁷³, maar op baie klein skaal. Bene van beeste, perde, donkies, skape en bokke is gevind, maar ook grate van katvis en varkbene. Katvis (sonder skubbe) (Lev. 11:10) én varkvleis (Lev. 11:7) was onrein vir die Jode om te eet. Hierdie opgrawings getuig dus eerder van 'n meerderheid Griekssprekendes (en oorwegende Griekse kultuur)⁷⁴. Indien Petrus sy kinderjare in Betsaida deurgebring het, sou dit beteken dat hy goed tweetalig (Grieks en Aramees) was en reeds blootgestel was aan die Hellenistiese kultuur. Die vraag ontstaan egter waarom hy of sy gesin (as kind) na Kapernaum verhuis het. Bockmuehl (2012:176) maak 'n opmerking wat nuttig kan wees in die verband en sê: “Life in a minority context frequently either dilutes or heightens religious zeal.” 'n Moontlike afleiding kan dus gemaak word dat die verhuising as gevolg van die min Jode in

⁷¹ Met hierdie studie word daar op grond van Johannes 1:44 van die standpunt uitgegaan dat Petrus ten minste vir 'n tydperk in Betsaida was voordat hy in Kapernaum gaan woon het.

⁷² Notley (2007:220–230) het Et-Tell as die destydse Betsaida betwis. 'n Hele debat het daaroor ontstaan, maar dit wil tog voorkom dat Arav (1999:83) reg was om die opgrawings by Et-Tell as Betsaida in die Nuwe Testament te identifiseer (Arav, 2011a:92–100, 2011b:103–104; Notley, 2011:101–103; Shroder, 2011:100).

⁷³ Betsaida beteken “plek van visserman” of “huis van visserman” (Bockmuehl, 2012:170; Edwards, 2002:242).

⁷⁴ Die gegewens uit Matteus 11:21 en Lukas 10:13 suggereer ook 'n Joodse teenwoordigheid. Stein (2008:390) sê: “... in the Gospels, Bethsaida does not evoke the idea of a gentile city but the opposite.”

Betsaida was. Petrus was getrou aan Joodse tradisie en kultuur; in Handeling 10:14 en 11:8 noem hy dat hy nooit iets onheiligs of onreins geëet het nie. Daarteenoor was die Joodse teenwoordigheid in Kapernaum so sterk dat daar selfs 'n sinagoge was (Luk. 7:1–5). 'n Verdere oorsaak vir die verhuising kan wees dat die vissersbedryf in Kapernaum veral vanuit 'n logistieke en ekonomiese oogpunt aantrekliker was. Dit was op die roete na Damaskus, 'n grensdorp met 'n hekatontarg (ἑκατοντάρχης), wat die bevelvoerder oor 100 soldate was (Danker, 2000:298–299). Wat ook al die rede was vir Petrus se verhuising na die Kapernaum is onseker, maar die gegewens uit die evangelies (Matt. 8:14; Luk. 4:38) dui daarop dat hy hom uiteindelik daar gaan vestig het, 'n geruime tyd voordat hy vir Jesus ontmoet het.

Kapernaum is een van die plekke waarna die evangelies die meeste verwys (Matt. 4:13, 8:5, 11:23, 17:24, Mark. 1:21, 2:1, 9:33, Luk. 4:23, 31, 7:1, 10:15, Joh. 2:12, 4:46, 6:17, 24, 59), waarskynlik omdat Jesus Nasaret verlaat het en in Kapernaum gaan woon het (Matt. 4:13). Volgens argeologiese opgrawings was Kapernaum aan die noordwestelike oewer van die See van Galilea geleë. Met hierdie opgrawings word daar ook aanspraak gemaak dat Petrus se huis gevind is en dat dit reg langs die sinagoge was (Corbo, 1992:866–867). Corbo (1992:867) is van mening dat Petrus [of sy vader] die huis by iemand gekoop het omdat dit in Hellenistiese boustyl gebou was. Kapernaum het hoofsaaklik 'n vissersgemeenskap gehuisves en Petrus was deel van hierdie vissersgemeenskap, wat as 'n laer klas in die samelewing onderskei is.

Baie min kan dus gesê word oor Petrus se onderrig in sy kinderjare en dit mag wees dat hy as kind min of geen skoolopvoeding of formele onderrig ontvang het nie. In Handeling 4:13 word hy en Johannes ἀγράμματοί εἰσιν καὶ ἰδιῶται (“ongeleerde en eenvoudige manne”) genoem en as ἀγράμματος kon hy (Petrus) waarskynlik ook nie skryf nie (Danker, 2000:15; Louw & Nida, 1996:328). Indien die verhuising na Kapernaum om godsdienstige redes plaasgevind het, beteken dit dat Petrus ook streng in die geloof opgevoed is. Dit is egter waarskynliker dat die verhuising om ekonomiese redes was en daarom kan dit ook wees dat Petrus se kinderjare gekenmerk is deur

armoede. Chrysostomos (1889a:5, 1889b:29) meen dat Petrus 'n armoedige agtergrond gehad het en die moontlikheid bestaan dat hy selfs wees was.

3.4 Die naam “Simon wat genoem word Petrus”

Die naam of name van Petrus sal vervolgens bespreek word, want dit kan wees dat hierdie name iets van sy karakter openbaar. In werklikheid is daar vier vorme van Petrus se naam in die Nuwe Testament: die Hebreeuse / Griekse vorm “Simeon” (Συμεών) (2 Pet 1:1) / “Simon” (Σίμων) (Matt. 4:18, 10:2, 16:16) en die Aramese / Griekse vorm Sefas (Κηφᾶς) (Joh. 1:42, 1 Kor. 1:12, Gal 2:9)⁷⁵ / Petrus (Πέτρος) (Matt. 4:18, Joh. 1:42). Cassidy (2007:79) sê oor “Simon wat genoem word Petrus” die volgende:

The repetition of the clause ‘who is called Peter’ at [Matthew] 4:18 and 10:2 encourages such questions as: (1) who is responsible for the fact that Simon is now called Peter? and (2) by what rationale does Simon appropriately have this new name?

Dit is noemenswaardig dat die naam van Petrus se vader in Matteus 16:17 en Johannes 1:42 genoem word, wat in eenvoudigste vorm, 'n aanduiding van sy stamboom is. Hanson en Oakman (1998:55) skryf dat geslagsregisters, soos hierdie in Matteus 1:1–17, belangrik was vir die eer van 'n familie: “The family’s honor in blood and name is communicated from father to son.” Geslagsregisters het ook aanspraak gemaak op gesag, plek, politieke en sosiale regte, sosiale rolle en selfs die reg om te praat (Malina & Rohrbaugh, 2003:24). Malina & Rohrbaugh (2003:24) sê om 'n geskrewe geslagsregister te hê, veral 'n lang een, was 'n aanduiding van eer. In die Nuwe Testament word daar egter niks gesê oor Petrus se geslagsregister nie, behalwe dat Jesus hom Σίμων Βαριωνᾶ (“Simon Bar-Jona”) (Matt. 16:17) en Σίμων ὁ υἱὸς Ἰωάννου (“Simon die seun van Johannes”) (Joh. 1:42) noem⁷⁶. Daar kan dus gesê word dat hierdie byvoeging van Βαριωνᾶ en ὁ υἱὸς Ἰωάννου tot die naam “Petrus” 'n mate van

⁷⁵ Die spelling van Sefas (Κηφᾶς) word vir hierdie studie gebruik. Ehrman (1990:463–474) het dit egter betwis dat Sefas en Petrus dieselfde persoon in die Nuwe Testament is. Allison (1992:489–495), in 'n teenreaksie, redeneer oortuigend dat Sefas en Petrus dieselfde persoon was.

⁷⁶ Vir 'n uitgebreide bespreking hieroor kyk Bockmuehl (2010:141–148).

gesag aan hom verleen het. Dit is opmerklik dat sy broer Andreas (Matt. 4:18, 10:2, Luk. 6:14, Joh. 1:40, 6:8) nie hieraan gekoppel word nie.

Waarskynlik was “Simon” nie net die Griekse ekwivalent van “Simeon” nie. Galilea was ’n tweetalige streek en Petrus kon ook die alternatiewe “Simon” gebruik in transaksies met nie-Jode. Dit was nie ongewoon vir kosmopolitaanse Jode om drie vorme van hulle naam te hê nie en die dubbelnaam “Simon Petrus” demonstreer dat die tweede naam ’n latere byvoeging is (Elwell, 1988:1659). Die gebruik van die Aramese ekwivalent “Sefas” (Κηφᾶς: Joh. 1:42; 1 Kor. 1:12; 3:22; 9:5; 15:5; Gal 1:18; 2:9, 11 en 14) is ’n bewys van die belangrikheid van hierdie tweede naam of latere byvoeging. Die Aramese en Griekse vorme beteken albei “rots”⁷⁷. Elwell (1988:1659) meen dat dit ’n aanduiding is van Petrus se statuut in die vroeë kerk:

It is obvious that he was called “Simon” throughout Jesus’ ministry but came to be known as “Peter” more and more in the apostolic age. For example, Paul never uses the patronym, not even in the form of the double name “Simon Peter,” but always uses “Peter” (twice) or “Cephas” (8 times); and the Petrine letters use “Peter” (1 Pt 1:1) or “Simon Peter” (2 Pt 1:1). Acts uses “Peter” 42 times, “Simon Peter” 4 times, and “Simon” only 9 times.

Die naam Simon was teen die einde van die eerste eeu na Christus in algemene gebruik. In die Nuwe Testament is daar heelwat voorbeelde: Simon Kananítes (Matt. 10:4), Simon ’n broer van Jesus (Matt. 13:55), Simon die melaatse (Matt. 26:6), Simon van Sirene (Matt. 27:32), Simon die yweraar (Luk. 6:15; Hand. 1:13), Judas Iskariot se vader was Simon (Joh. 6:71; 12:4), Simon die leerlooier (Hand. 9:43) en nog meer. Josefus (1987:*Vita* 1.3) se oupa was Simon⁷⁸ en hy verwys ook na talle ander individue met dieselfde naam (Bockmuehl, 2010:137–138). Dat hierdie naam so algemeen was, is waarskynlik een van die redes waarom Matteus uitbrei op Markus (1:16) se Σίμωνα met (4:18): ... Σίμωνα τὸν λεγόμενον Πέτρον...

⁷⁷ Daar is egter ook navorsers wat nie hierdie standpunt huldig nie (vgl. Bockmuehl, 2010:148–152)

⁷⁸ Josephus (1890): ἐρῶ δὲ τὴν διαδοχὴν: ὁ πρόπαππος ἡμῶν Σίμων ὁ Ψελλὸς ἐπικαλούμενος.

Met betrekking tot Petrus se naam in die Matteus-evangelie is die uitsprake in 16:17–19 dus belangrik vir die persoonlikheidstrekke wat daaruit mag voortkom (kyk ook Tabel 10: *Petrus as morele entrepreneur in Matteus 16:13–19 parallel aan Markus en Lukas*, p. 79). Cullmann (1962:22) meen dat hier ’n wedersydse beskrywing tussen Jesus en Petrus plaasvind en dat dit voortspruit uit die vraag (16:15): λέγει αὐτοῖς· ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι (“Maar julle, wie sê julle is Ek?”). Petrus beskryf vir Jesus as die Christus, die Seun van die lewende God; Jesus beskryf vir Petrus as deel van die rots waarop Jesus se gemeente gebou sal word. Hieruit kan daar afgelei word dat Petrus vrymoedigheid het om ’n antwoord te gee oor wie Jesus is en hy openbaar hierdeur ook leierseienskappe, want hy praat namens die dissipels. Petrus moet heel waarskynlik ook in ’n mate welsprekend gewees het omdat hy as die dissipels se woordvoerder opgetree het. Verder kan ook gesê word dat daar ’n groot mate van standvastigheid by Petrus was omdat hy deel sou uitmaak van die rots (vastigheid) waarop die gemeente gebou sou word. Hagner (1993b:471) verwys na “stabiliteit” en “uithouvermoë” as eienskappe wat in die rotsbeeld aan Petrus toegeken word.

Uit ’n sosiaal-wetenskaplike oogpunt noem Malina en Rohrbaugh (2003:87) dat daar in Matteus 16:18 vir Simon die bynaam van Petrus⁷⁹ gegee word en sê:

Names were given at significant junctures in ’n group’s life to persons who figured prominently in the life of a group. Peter plays the role of a moral entrepreneur, supporting Jesus’ career and prodding it along.

Die betekenis van ’n morele entrepreneur benadruk waardevolle inligting oor persoonlikheid. ’n Entrepreneur is ’n persoon wat organiseer, bestuur en risiko’s in ’n onderneming neem. Projekte uit ’n entrepreneur se oogpunt is dikwels ’n proses wat moeilik, ingewikkeld of riskant is. ’n Morele entrepreneur is dus ’n entrepreneur vir wie hierdie riskante en ingewikkelde projek die ondersteuning van sosiale waardes is (Malina & Pilch, 2008:222). ’n Morele entrepreneur is verder ’n individu, groep, of formele organisasie wat die verantwoordelikheid aanvaar om ’n gemeenskap te oortuig van ’n sekere standpunt en of reëls wat in ooreenstemming is met sy / hulle eie morele

⁷⁹ Davies & Allison (2004b:623) verwys daarna as ’n “nuwe” naam: “Peter, the rock”.

waardes (De Young, 2007:1). Met die Jode⁸⁰ se siening van 'n toekomstige teokrasie het Jesus die waardedraer geword en Petrus neem die inisiatief en risiko in die erkenning van Jesus as Israel se Messias (Mark. 8:27–29; Matt. 16:13–19; Luk. 9:18–20) (Malina & Pilch, 2008:222). Dit word in Tabel 10 (p. 79 e.v.) uiteengesit.

Tabel 10: Petrus as morele entrepreneur in Matteus 16:13–19 parallel aan Markus en Lukas

Matteus	Markus	Lukas
16:13–19 – Ἐλθὼν δὲ ὁ Ἰησοῦς εἰς τὰ μέρη Καισαρείας τῆς Φιλίππου ἠρώτα τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ λέγων· τίνα <u>λέγουσιν οἱ ἄνθρωποι εἶναι τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου</u>; ¹⁴ οἱ δὲ εἶπαν· οἱ μὲν Ἰωάννην τὸν βαπτιστὴν, ἄλλοι δὲ Ἡλίαν, ἕτεροι δὲ Ἰερεμίαν ἢ ἓνα τῶν προφητῶν. ¹⁵ λέγει αὐτοῖς· ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι; ¹⁶ ἀποκριθεὶς δὲ Σίμων Πέτρος εἶπεν· <u>σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος</u>. ¹⁷ ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ· μακάριος εἶ, Σίμων Βαριωνᾶ, ὅτι σὰρξ καὶ αἷμα οὐκ ἀπεκάλυψέν σοι ἀλλ' ὁ πατήρ μου ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς. ¹⁸ ἀγὼν δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν καὶ πύλαι ᾗδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς. ¹⁹ δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν, καὶ ὃ ἐὰν δήσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς, καὶ ὃ ἐὰν λύσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς	8:27–29 – Καὶ ἐξῆλθεν ὁ Ἰησοῦς καὶ οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ εἰς τὰς κόμας Καισαρείας τῆς Φιλίππου· καὶ ἐν τῇ ὁδῷ ἐπηρώτα τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ λέγων αὐτοῖς· τίνα <u>με λέγουσιν οἱ ἄνθρωποι εἶναι</u>; ²⁸ οἱ δὲ εἶπαν αὐτῷ λέγοντες [ὅτι] Ἰωάννην τὸν βαπτιστὴν, καὶ ἄλλοι Ἡλίαν, ἄλλοι δὲ ὅτι εἷς τῶν προφητῶν. ²⁹ καὶ αὐτὸς ἐπηρώτα αὐτοὺς· ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι; ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος λέγει αὐτῷ· <u>σὺ εἶ ὁ χριστός</u>. ³⁰ καὶ ἐπετίμησεν αὐτοῖς ἵνα μηδενὶ λέγωσιν περὶ αὐτοῦ.	9:18–20 – Καὶ ἐγένετο ἐν τῷ εἶναι αὐτὸν προσευχόμενον κατὰ μόνας συνῆσαν αὐτῷ οἱ μαθηταί, καὶ ἐπηρώτησεν αὐτοὺς λέγων· τίνα <u>με λέγουσιν οἱ ὄχλοι εἶναι</u>; ^{19ο} ἰδὲ ἀποκριθέντες εἶπαν· Ἰωάννην τὸν βαπτιστὴν, ἄλλοι δὲ Ἡλίαν, ἄλλοι δὲ ὅτι προφήτης τις τῶν ἀρχαίων ἀνέστη. ²⁰ εἶπεν δὲ αὐτοῖς· ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι; Πέτρος δὲ ἀποκριθεὶς εἶπεν· <u>τὸν χριστὸν τοῦ θεοῦ</u>. ²¹ ὁ δὲ ἐπιτιμήσας αὐτοῖς παρήγγειλεν μηδενὶ λέγειν τοῦτο.

⁸⁰ Die term “Jode” word hier met versigtigheid gebruik. Van Aarde (2007a:52–53) waarsku teen ‘n anakronisme en meen dat ‘n inwoner van Judea ‘n “Judeër” (Ἰουδαῖος) en ‘n inwoner van Galilea Γαλιλαῖος genoem is: “Dit was egter nie ‘n self-benoeming nie. Mense wat die sosio-religieuse ideologie van die Tweede Tempel na die Babiloniese ballingskap aangehang het... het na hulleself verwys as “mense van God” of die “huis van Israel” (Matt. 10:6) en nie in die eerste plek as Judeërs nie.” In hierdie studie word daar met die term “Jood” of “Jode” verwys na die “huis van Israel”.

Matteus	Markus	Lukas
(Toe Jesus in die gebied van Sesarea-Filippi kom, het Hy sy dissipels gevra: Wie sê die mense is die Seun van die Mens? ¹⁴ Hulle het geantwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elia, en ander Jeremia of een van die profete. ¹⁵ Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? ¹⁶ Simon Petrus het geantwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God. ¹⁷ Toe antwoord Jesus hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou bekend gemaak nie, maar my Vader wat in die hemele is. ¹⁸ En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹ Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.) ¹⁹ Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.)	(Jesus en sy dissipels het uitgegaan na die dorpe van Sesarea-Filippi vertrek. Op die pad het Hy vir sy dissipels gevra: Wie sê die mense is Ek? ²⁸ En hulle antwoord: Johannes die Doper, en ander: Elía, en ander sê een van die profete. ²⁹ Hy vra hulle toe: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord Hom: U is die Christus.)	(EN toe Hy besig was om alleen te bid, met slegs die dissipels by Hom, het Hy hulle gevra: Wie sê die skare is Ek? ¹⁹ En hulle het geantwoord: Johannes die Doper, en ander Elía, en ander dat een van die profete van ouds opgestaan het. ²⁰ Hy sê toe vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? Petrus het geantwoord: Die Christus van God.)
Afleiding: Vanuit 'n groepsverband (Lukas verwys spesifiek na ὄχλος) word die sosiale waardes ondersteun dat Jesus ten minste gelyk gestel word aan 'n profeet (προφήτης). Jesus (as waardedraer) konfronteer egter die dissipelgroep met die verantwoordelikheid om standpunt in te neem oor hierdie sosiale waardes. Petrus neem die inisiatief en risiko om te erken (en te bely) dat Jesus Israel se Messias (Χριστός) is. France (2002:329) meen dat ὑμεῖς δὲ (Matt. 16:15) 'n aanduiding is dat Jesus 'n beter antwoord van hulle verwag en Stein (2008:399) voeg verder by dat die vraag met empatie gevra word. Petrus neem die vrymoedigheid om te antwoord en het die selfvertroue daarvoor, waarskynlik omdat hy die antwoord ken. Die verklaring wat Petrus maak, naamlik dat Jesus die Christus is (ὁ χριστός),		

Matteus	Markus	Lukas
verwys na die Messias⁸¹, wat aan hulle weer politiese vryheid sou gee. Matteus benadruk die posisie van Petrus verder as morele entrepreneur deur van hom die <i>rots</i> (vastigheid) te maak waarop die gemeente gebou sal word en om aan hom as <i>individu</i> (σὺ εἶ Πέτρος) die <i>verantwoordelikheid</i> te gee om hierdie sosiale waardes te δέω en te λύω, streng gesproke om Jesus as waardedraer aan Israel te bind of te ontbind (verkondiging van Jesus as die Messias). Die πύλαι ᾗδου sal nie hierdie sosiale waardes oorweldig nie. Hierdie sosiale waardes is ook nie deur 'n mens aan Petrus bekend gemaak nie, maar is deur die Vader self aan hom geopenbaar.		

Daar kan dus afgelei word dat Petrus sterk standpunt sou inneem oor morele sake, of eerder, in die meeste gevalle sou standpunt inneem. Die bewys hiervan is dat hy soms selfs sosiale waarde op Jesus wou afdwing (Matt. 16:22⁸²) (kyk Tabel 12, p. 89 e.v.) en hy kap die regteroor van die hoëpriester se dienskneg af (Joh. 18:10⁸³), maar tog was hy nie die morele entrepreneur toe hy drie maal ontken het dat hy een van Jesus se dissipels was nie (Matt. 26:69–75) (kyk Tabel 12, p. 89 e.v.).

Dit is dalk juis in verband met hierdie persoonlikheidstrekke van Petrus dat Jesus die Πέτρος-πέτρα-uitspraak (Matt. 16:18) (kyk ook 2.2 *Onderskeie interpretasies van Matteus 16:18*, p. 19) maak. Nolland (2005:668) sê:

That the Gospel writers themselves regularly speak of “Peter”, but [to] set ‘Simon’ on the lips of Jesus, suggests that Jesus gave the name “Peter” to Simon not as an affectionate nickname nor even in the first instance as an alternative name, but rather as a means of marking destiny in some manner.

3.5 Beroep en roeping

Daar kan gevra word of *beroep* en *roeping* van mekaar geskei kan word. Die doel is egter nie om dit in hierdie studie te doen nie, maar daar word eerder van die standpunt uitgegaan dat roeping en beroep aan mekaar verbind is: Wanneer 'n persoon

⁸¹ Die Griekse ὁ χριστός beteken “gesalfde” en is die vertaling van die Hebreeuse מָשִׁיחַ *māšîaḥ* (Bratcher & Nida, 1993:262; Evans, 2001:14).

⁸² Matteus 16:22 (eie vertaling): “Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U beslis nie oorkom nie!”

⁸³ Johannes 18:10 (eie vertaling): “En Simon Petrus het 'n swaard wat hy gehad het, uitgetrek en die slaaf van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. Die slaaf se naam was Malgus.”

deur God geroep is om in sy koninkryk te dien as 'n onderwyser dan beoefen daardie persoon die beroep van onderwys as roeping van God. Petrus was 'n visserman (Matt. 4:18; Mark. 1:16; Luk. 5:1–10) en in 'n sekere sin kan daar ook gesê word dat dit sy roeping was.

Wat egter in hierdie studie met *roeping* bedoel word, is dat Jesus Petrus ge-“roep” het as dissipel. Uit die Nuwe Testament kan daar afgelei word dat Petrus se beroep nie daarmee verander het van visserman na dissipel nie, maar dat sy beroep omvattender geword het en dat hy ook 'n visser van mense geword het (Matt. 4:19; Mark. 1:17; Luk. 5:10). Petrus se beroep as sy roeping het dus onder andere die volgende ingesluit: visserman, dissipel, apostel, prediker (Hand. 2:14–36), sendeling (Hand. 9:32), 'n woordvoerder van die Christen-gemeenskap (Hand. 4:8–12) en een van die leiers van die vroeë kerk.

Die lewe van Petrus, soos wat dit voorgestel en afgelei kan word uit die Nuwe Testament, word in hierdie studie in twee in fases verdeel en dienooreenkomstig onder die volgende opskrifte bespreek:

3.5.1 Petrus as visserman (p. 82)

3.5.2 Petrus se roeping (p. 84)

3.5.1 Petrus as visserman

'n Persoon se beroep sê dikwels ook baie van sy / haar karakter. Die moontlikheid bestaan wel dat Petrus nie vry wat om 'n beroep te kies nie, maar dat hy vanweë redes wat nie aan ons bekend is nie, die vissersmanberoep van sy vader moes volg. Nogtans kan daar uit hierdie vissermanswerk bepaalde persoonlikheidstrekke geïdentifiseer word. Eerstens kan daar gesê word dat hierdie werk van Petrus en die ander dissipels groepswerk was (Matt. 4:18). Dit was fisies harde werk waarvan die resultaat somtyds teleurstellend was (Luk. 5:5) (Elwell & Comfort, 2001:486–487).

Petrus moes waarskynlik sy vader van jongs af help met visvang. Die vissers het meeste van die tyd in groepe van tot sestien man saamgewerk. Nun (1993:47–56, 70), wat vir

meer as 50 jaar self as visserman op die See van Galilea gewerk het, verduidelik dat die metodes of tegnieke van visvang vir duisende jare dieselfde gebly het:

For more than 5000 years, fishing methods on the Sea of Galilee remained the same. Arab and Jewish fishermen from Tiberias preserved the ancient traditions until the middle of this century.

Aan die hand van die gebeure in Matteus 17:24–27, Lukas 5:1–7 en Johannes 21:1–9 beskryf hy (Nun, 1993:48, 51–56) op 'n oortuigende wyse die metodes wat in elk van die gedeeltes gebruik word. Sy kennis van die visspesies wat in die meer voorkom stel hom in staat om selfs die soorte vis te noem wat moontlik by elk van hierdie geleenthede gevang is. Petrus het moontlik 'n karptipe vis (“Barbel”) gevang om die muntstuk in die vis se bek te kry, want hierdie soort kan ook met 'n hoek (Matt. 17:27) gevang word (vgl. Derrett, 1963:1-15). Hy gee ook 'n moontlike verklaring waarom Petrus sonder klere was in Johannes 21:7, want hy moes onder die water induik om aan die nette te werk (vgl. Benson, 2003:26–31).

Daar kon letterlik heeldag (24 uur van die dag) vis gevang word en die metode is dikwels afgewissel na gelang van omstandighede soos weersomstandighede en die seisoene. Die meeste van die tyd is daar egter staat gemaak op nette wat swaar vragte vis op een slag kon vang. Hierdie nette moes deurentyd reggemaak word en gewas word. Om visserman te wees, was dus 'n nederige en harde werk wat geduld, deursettingsvermoë en samewerking gevra het.

Die vissersbedryf is egter beheer deur die plaaslike regeerders (Koning⁸⁴, tetrarg⁸⁵ of goewerneur⁸⁶), wat visvangregte verkoop het aan τελῶναι, wat as “tollenaars” (Matt. 9:10) vertaal word en as makelaars opgetree het. Hierdie makelaars het die

⁸⁴ In hierdie geval verwys koning (βασιλεύς) na 'n leier van 'n monargie wat onder die keiser se gesag staan. Konings het beperkte gesag gehad (regs-, finansiële en militêre gesag). Dit was in baie gevalle 'n oorerflikse posisie, onderhewig aan Romeinse goedkeuring. Ná die dood van Herodes die Grote het sy seuns as heersers oorgeneem (Hanson & Oakman, 1998:170).

⁸⁵ “n Tetrarg (τετραάρχης) was die regeerder oor 'n kleiner streek of 'n gedeelte van 'n provinsie (Hanson & Oakman, 1998:184).

⁸⁶ 'n Goewerneur (ἡγεμών) het militêre gesag oor 'n provinsie gehad en was ook verantwoordelik vir die invordering van belasting. Pontius Pilatus was die ἡγεμών (Matt. 27:2) oor Judea (Hanson & Oakman, 1998:174).

vissermanne gekontrakteer en Matteus was moontlik een van die *τελῶναι* wat die kontrakte hanteer het. Die vissermanne het uiteindelik in so 'n belaste en hiërargiese ekonomie maar min geld vir die vis gekry (Hanson & Oakman, 1998: 106–109). Nadat hulle tot 40% aan belasting afgestaan het, kon hulle die res verhandel (vgl. Carter, 2000:121). Die belasting was moontlik een van die redes waarom daar so 'n negatiewe gesindheid teenoor die *τελῶναι* was (Malina & Rohrbaugh, 2003:363).

Uit die voorafgaande kan nederigheid, hardwerkendheid, geduld, deursettingsvermoë en samewerking as persoonlikheidstrekke van Petrus afgelei word (sien ook Tabel 11: *Vergelyking van die roepingsverhale in die sinoptiese evangelies*, p. 85). Dat die werk in groepsverband gedoen is, is 'n aanduiding dat Petrus goeie menseverhoudinge moet gehad het.

3.5.2 Petrus se roeping

Dit behoort insiggewend te wees om vooraf die roepingsverhale in die sinoptiese evangelies in tabelvorm te vergelyk en te bespreek.

Tabel 11: Vergelyking van die roepingsverhale in die sinoptiese evangelies⁸⁷

Matteus 4:17–22	Markus 1:14–20	Lukas 5:4–11
Ἀπὸ τότε ἤρξατο ὁ Ἰησοῦς κηρύσσειν καὶ λέγειν· μετανοεῖτε· ἤγγικεν γὰρ ἡ βασιλεία τῶν οὐρανῶν. ¹⁸ Περιπατῶν δὲ παρὰ τὴν θάλασσαν τῆς Γαλιλαίας εἶδεν δύο ἀδελφοὺς, Σίμωνα τὸν λεγόμενον Πέτρον καὶ Ἀνδρέαν τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ, βάλλοντας ἀμφίβληστρον εἰς τὴν θάλασσαν· ἦσαν γὰρ ἄλιεῖς. ¹⁹ καὶ λέγει αὐτοῖς· δεῦτε ὀπίσω μου, καὶ ποιήσω ὑμᾶς ἄλιεῖς ἀνθρώπων. ²⁰ οἱ δὲ εὐθέως ἀφέντες τὰ δίκτυα ἠκολούθησαν αὐτῷ. ²¹ καὶ προβάς ἐκεῖθεν εἶδεν ἄλλους δύο ἀδελφοὺς, Ἰάκωβον τὸν τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννην τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ, ἐν τῷ πλοίῳ μετὰ Ζεβεδαίου τοῦ πατρὸς αὐτῶν καταρτίζοντας τὰ δίκτυα αὐτῶν, καὶ ἐκάλεσεν αὐτούς. ²² οἱ δὲ εὐθέως ἀφέντες τὸ πλοῖον καὶ τὸν πατέρα αὐτῶν ἠκολούθησαν αὐτῷ.	Μετὰ δὲ τὸ παραδοθῆναι τὸν Ἰωάννην ἦλθεν ὁ Ἰησοῦς εἰς τὴν Γαλιλαίαν κηρύσσων τὸ εὐαγγέλιον τοῦ θεοῦ ¹⁵ καὶ λέγων ὅτι πεπλήρωται ὁ καιρὸς καὶ ἤγγικεν ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ· μετανοεῖτε καὶ πιστεῦετε ἐν τῷ εὐαγγελίῳ. ¹⁶ Καὶ παράγων παρὰ τὴν θάλασσαν τῆς Γαλιλαίας εἶδεν Σίμωνα καὶ Ἀνδρέαν τὸν ἀδελφὸν Σίμωνος ἀμφιβάλλοντας ἐν τῇ θαλάσῃ· ἦσαν γὰρ ἄλιεῖς. ¹⁷ καὶ εἶπεν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· δεῦτε ὀπίσω μου, καὶ ποιήσω ὑμᾶς γενέσθαι ἄλιεῖς ἀνθρώπων. ¹⁸ καὶ εὐθὺς ἀφέντες τὰ δίκτυα ἠκολούθησαν αὐτῷ. ¹⁹ Καὶ προβάς ὀλίγον εἶδεν Ἰάκωβον τὸν τοῦ Ζεβεδαίου καὶ Ἰωάννην τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ καὶ αὐτοὺς ἐν τῷ πλοίῳ καταρτίζοντας τὰ δίκτυα, ²⁰ καὶ εὐθὺς ἐκάλεσεν αὐτούς. καὶ ἀφέντες τὸν πατέρα αὐτῶν Ζεβεδαῖον ἐν τῷ πλοίῳ μετὰ τῶν μισθωτῶν ἀπῆλθον ὀπίσω αὐτοῦ.	⁴ Ὡς δὲ ἐπαύσατο λαλῶν, εἶπεν πρὸς τὸν Σίμωνα· ἐπανάγαγε εἰς τὸ βάθος καὶ χαλάσατε τὰ δίκτυα ὑμῶν εἰς ἄγρην. ⁵ καὶ ἀποκριθεὶς Σίμων εἶπεν· ἐπιστάτα, δι’ ὅλης νυκτὸς κοπιάσαντες οὐδὲν ἐλάβομεν· ἐπὶ δὲ τῷ ῥήματί σου χαλάσω τὰ δίκτυα. ⁶ καὶ τοῦτο ποιήσαντες συνέκλεισαν πλῆθος ἰχθύων πολὺ, διερρήσσετο δὲ τὰ δίκτυα αὐτῶν. ⁷ καὶ κατένευσαν τοῖς μετόχοις ἐν τῷ ἐτέρῳ πλοίῳ τοῦ ἐλθόντος συλλαβέσθαι αὐτοῖς· καὶ ἦλθον καὶ ἔπλησαν ἀμφοτέρη τὰ πλοῖα ὥστε βυθίζεσθαι αὐτά. ⁸ ἰδὼν δὲ Σίμων Πέτρος προσέπεσεν τοῖς γόνασιν Ἰησοῦ λέγων· ἔξελθε ἀπ’ ἐμοῦ, ὅτι ἀνὴρ ἀμαρτωλὸς εἰμι, κύριε. ⁹ θάμβος γὰρ περιέσχεν αὐτὸν καὶ πάντας τοὺς σὺν αὐτῷ ἐπὶ τῇ ἄγρᾳ τῶν ἰχθύων ὧν συνέλαβον, ¹⁰ ὁμοίως δὲ καὶ Ἰάκωβον καὶ Ἰωάννην υἱοὺς Ζεβεδαίου, οἳ ἦσαν κοινωνοὶ τῷ Σίμωνι. καὶ εἶπεν πρὸς τὸν Σίμωνα ὁ Ἰησοῦς· μὴ φοβοῦ· ἀπὸ τοῦ νῦν ἀνθρώπους ἔσῃ ζωγρῶν. ¹¹ καὶ καταγαγόντες τὰ πλοῖα ἐπὶ τὴν γῆν ἀφέντες πάντα ἠκολούθησαν αὐτῷ.

⁸⁷ Die Johannes-evangelie verskil ook van die Matteus-evangelie oor die roeping van Petrus (en sy broer Andreas). Die skrywer van die Johannes-evangelie laat veral die klem op Jesus se gesag val: Petrus en Andreas word nie soos Filippus met die roepingswoorde ἀκολούθει μοι (Joh. 1:43) van Jesus geroep nie. Dit was Johannes die Doper wat vir Jesus uitgewys het as Lam van God (ὁ ἀμνὸς τοῦ θεοῦ) (Joh. 1:36) en daarop het Andreas Hom gevolg en vir Petrus gaan roep met die woorde: εὐρήκαμεν τὸν Μεσσίαν (Joh. 1:41).

Matteus 4:17–22	Markus 1:14–20	Lukas 5:4–11
(Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: <i>Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom</i>.¹⁸ En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andreas, sy broer, besig om ’n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. ¹⁹En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak. ²⁰En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg. ²¹En toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers, <i>Jakobus</i>, die seun van Sebedéüs, en <i>Johannes</i>, sy broer, in die skuit saam met hulle vader <i>Sebedéüs</i>, besig om hulle nette heel te maak; en Hy het hulle geroep. ²²En hulle het dadelik die skuit en hulle vader verlaat en Hom gevolg.)	(EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig ¹⁵ en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. ¹⁶ En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andreas, sy broer, besig om ’n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. ¹⁷En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word. ¹⁸En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg. ¹⁹En toe Hy daarvandaan ’n bietjie verder gaan, sien Hy <i>Jakobus</i>, die seun van Sebedéüs, en <i>Johannes</i>, sy broer, wat besig was om die nette in die skuit heel te maak. ²⁰En dadelik het Hy hulle geroep, en hulle het hul vader <i>Sebedéüs</i> met die <i>gehuurde mense</i> in die skuit laat staan en Hom gevolg.)	(En toe Hy ophou met spreek, sê Hy vir Simon: Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak om te vang. ⁵ En Simon antwoord en sê vir Hom: Meester, ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie; <i>maar op u woord sal ek die net laat sak</i>. ⁶ En toe hulle dit gedoen het, het hulle ’n groot menigte visse ingesluit; en hulle net wou skeur. ⁷Daarop wink hulle vir hul maats in die ander skuit om hulle te kom help. En hulle het gekom en al twee die skuite vol gemaak, sodat hulle amper gesink het. ⁸ En toe Simon Petrus dit sien, val hy neer aan die knieë van Jesus en sê: <i>Gaan weg van my, Here, want ek is ’n sondige man!</i> ⁹ Want verbaasdheid het hom aangegryp en almal wat by hom was, oor die vangs van visse wat hulle gemaak het; ¹⁰ en net so ook vir Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedéüs, wat Simon se maats was. En Jesus sê vir Simon: Moenie <i>vrees</i> nie; van nou af sal jy <i>mense vang</i>. ¹¹En nadat hulle die skuite aan land gebring het, het hulle alles verlaat en Hom gevolg.)

Afleiding: Matteus (4:12–25) volg vir Markus (1:14–20) na in gegewens oor die roeping van die eerste dissipels. Petrus, en sy broer Andreas, is langs die see van Galilea besig om ’n net in die see uit te gooi, “want hulle was vissers” (Matt. 4:18). Jesus roep hulle om Hom te volg en hulle het “dadelik” (εὐθέως⁸⁸) die nette laat staan en Hom gevolg. Die onmiddellike optrede van die broers spreek in ’n mate van **impulsiwiteit**, maar die waarskynlikste is dat hulle reageer op Jesus se prediking: μετανοεῖτε· ἡγγικεν γὰρ ἡ βασιλεία τῶν οὐρανῶν (Matt. 4:17). Indien dit so is dat Petrus impulsief was, maar veral ook reageer op Jesus se bediening (κηρύσσων τὸ εὐαγγέλιον τοῦ θεοῦ), spreek sy onmiddellike reaksie van die **ondersteuning** en **navolging** van Jesus se waardestelsel.

⁸⁸ Alhoewel εὐθέως gebruik word in Markus 1:20.

Matteus 4:17–22	Markus 1:14–20	Lukas 5:4–11
Dit is veral Lukas wat die klem laat val op Petrus (en die ander dissipels) se hardwerkendheid (δι’ ὅλης νυκτὸς κοπιᾶσαντες). Lukas verwys egter ook indirek na die gesag wat Jesus oor die dissipels uitgeoefen het (en verwys ook weer na Petrus wat die waardesisteem van Jesus ondersteun) met die woorde van Petrus: ἐπὶ δὲ τῷ ρήματι σου χαλάσω τὰ δίκτυα (“maar op U woord sal ek die net laat sak”). Na die wonderwerk van die groot visvangs het Petrus voor Jesus neergeval en Hom aanbid. Hierdie gesag van Jesus was so sterk dat Jakobus en Johannes hul vader en die boot met die gehuurde mense gelos het en Hom gevolg het.		

Hierdie navolging van Jesus het beteken dat hulle al hulle materiële besittings agtergelaat en hulle lewenstyl (Carter, 2000:122) verander het vir die “koninkryk van die hemele” wat naby gekom het (Matt. 4:17) (Nolland, 2005:179). Die redaksionele herhaling van hierdie onmiddellike optrede (εὐθέως) in Matteus 4:22 dui aan dat dit ’n belangrike tema in Matteus is (Hagner, 1993a:77). Hierdie radikale optrede moet ontwrigtend gewees het, want Petrus en Andreas laat die nette agter en Johannes en Jakobus laat hulle boot en hulle vader agter (Matt. 4:22). Dit het dus ontsettend groot ekonomiese en sosiale implikasies op die dissipels se lewens gehad. Die optrede van die dissipels is ’n bewys van hulle gehoorsaamheid, dalk radikale gehoorsaamheid, want daar word nie gemeld dat hulle die nette eers uit die see opgetrek het nie (Luz, 2007b:161–162).

Lukas se roepingsverhaal verskil van die Matteus- || Markus-verhaal (Tabel 11: *Vergelyking van die roepingsverhale in die sinoptiese evangelies*, p. 85 e.v.) en daar kan geensins gesê word dat hy (Lukas) die roepingsverhaal gebaseer het op die gebeure in Markus nie (Marshall, 1978:199). Twee redes kan hiervoor genoem word: die eerste is dat Lukas die roeping van die dissipels anders posisioneer en tweedens dat die verskille tussen Lukas en Markus net te groot is. Daar is egter ook ooreenkomste⁸⁹ en die

⁸⁹ Jesus is langs die See van Galilea (Mark. 1:16) en die meer van Gennésaret (Griekse naam vir die vrugbare landstreek wat langs die meer suid van Kapernaum gelê het) (Luk. 5:1). In albei verhale is die dissipels besig om vis te vang, of besig met die nette: om nette heel te maak (Mark. 1:19) en om nette uit te spoel (Luk. 5:10). Johannes en Jakobus, die seuns van Sebedeus word geroep nadat Petrus geroep is (Mark. 1:19; Luk. 5:10). Die dissipels word geroep om vissers van mense te wees (Mark. 1:17) of om van “nou” af mense te vang (Luk. 5:10) (ζωγρῶν beteken letterlik om lewendig te vang). Die gedagte dat hulle alles verlaat het en vir Jesus gevolg het, kom ook in albei verhale voor. Lukas 5:1–11 is egter eerder parallel aan Johannes 21:1–14 (Nolland, 2002:219–220; Marshall, 1978:199–200).

belangrikste hiervan is dat die klem op “Simon” val. Petrus is dus die eerste dissipel wat Jesus geroep het (Nolland, 2002:220–221).

Lukas se weergawe skep die indruk dat Petrus vir Jesus geken het. Waarskynlik het Petrus Jesus se prediking gehoor het, veral in die sinagoge (Luk. 4:38). Moontlik het hy ook van sy wonderwerke gesien, want die genesing van Petrus se skoonmoeder (Luk. 4:38–44) word voor die roepingsgebeure geplaas. Volgens Lukas het Jesus dus reeds ’n indruk op Petrus gemaak dat Hy iemand was wat geloofwaardig en gesaghebbend was. Die geloofwaardigheid en gesag kan gesien word in Lukas 5:5: die realiteit is dat Petrus en sy medevissers al die hele nag geswoeg het en niks gevang het nie (δι’ ὅλης νυκτὸς κοπιᾶσαντες οὐδὲν ἐλάβομεν) (“ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie”), maar op Jesus se woord (ῥήματί σου) is Petrus bereid om die net weer te sak. Hierdie gehoorsaamheid is beloon met ’n groot vangs en Petrus is so oorweldig daardeur dat verbaasdheid hom aangegryp het en hy op sy knieë neergeval het om vir Jesus te aanbid⁹⁰.

Die persoonlikheidstrekke wat uit die roepingsverhale van Matteus || Markus en Lukas geïdentifiseer kan word, stem ooreen met eienskappe wat reeds uitgelig is. Die woord “dadelik” (εὐθέως / εὐθὺς) dui op die impulsiwiteit van Petrus. Die groot ekonomiese en sosiale implikasies was nie vir Petrus belangriker as gehoorsaamheid nie. Die roepingsverhaal in die Lukas-evangelie getuig ook daarvan dat hy / hulle “alles verlaat” het en vir Jesus gevolg het. Die ondersteuning van Jesus se godsdienstige lering was vir Petrus baie belangrik.

Petrus (en die ander dissipels) se hardwerkendheid en deursettingsvermoë word bevestig deur die woorde van Lukas 5:5, wat lui: “...ons het die hele nag geswoeg...” Uit albei die roepingsverhale (selfs ook die een in die Johannes-evangelie) kan die gevolgtrekking gemaak word dat Petrus onderdanig was aan Jesus se gesag en dat Jesus vir hom geloofwaardig was.

⁹⁰ Petrus gebruik κύριος as aanspreekvorm. Hierdie titel vir Jesus dui op krag en gesag wat onderdanigheid en gehoorsaamheid vra (Mohrlang, 1984:74).

3.6 Opvallende persoonlikheidstrekke wat Petrus opvallend maak in die Matteus-evangelie

Dit sal weer eens insiggewend wees om die sinoptiese evangelies met mekaar te vergelyk om vas te stel watter persoonlikheidstrekke van Petrus beklemtoon word. Kyk Tabel 12 (p. 89) (die tekste in vorige tabelle word nie herhaal nie).

Tabel 12: Vergelyking van Petrus se persoonlikheidstrekke in die sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
<u>4:17–22</u> – Soos bespreek in Tabel 11 (p. 85)	<u>1:14–20</u> – Soos bespreek in Tabel 11 (p. 85)	<u>5:4–11</u> – Soos bespreek in Tabel 11 (p. 85)
8:14 – Καὶ ἐλθὼν ὁ Ἰησοῦς εἰς τὴν οἰκίαν Πέτρου εἶδεν τὴν πενθερὰν αὐτοῦ βεβλημένην καὶ πυρέσσουσαν (Toe Jesus die huis van Petrus binnegaan, sien Hy sy skoonmoeder siek lê aan die koors.)	1:29–30 – Καὶ εὐθὺς ἐκ τῆς συναγωγῆς ἐξεληθόντες ἦλθον εἰς τὴν οἰκίαν Σίμωνος καὶ Ἀνδρέου μετὰ Ἰακώβου καὶ Ἰωάννου.³⁰ ἢ δὲ πενθερὰ Σίμωνος κατέκειτο πυρέσσουσα, καὶ εὐθὺς λέγουσιν αὐτῷ περὶ αὐτῆς. (Onmiddellik nadat hulle uit die sinagoge gekom het, het hulle saam met Jakobus en Johannes in die huis van Simon en Andreas gegaan.³⁰ Simon se skoonmoeder het siek gelê met koors en hulle het Hom dadelik van haar vertel.)	4:38 – Ἀναστὰς δὲ ἀπὸ τῆς συναγωγῆς εἰσῆλθεν εἰς τὴν οἰκίαν Σίμωνος. πενθερὰ δὲ τοῦ Σίμωνος ἦν συνεχομένη πυρετῷ μεγάλῳ καὶ ἠρώτησαν αὐτὸν περὶ αὐτῆς. (Nadat Hy die sinagoge verlaat het, is Hy na Simon se huis. Simon se skoonmoeder was siek met 'n hoë koors, en hulle het Hom gevra om iets vir haar te doen.)
Afleiding: Matteus verkort hierdie gedeelte (teenoor Markus) en laat die verwysings na Andreas, Jakobus en Johannes weg. Hy (Matteus) verkies ook om die naam Petrus te gebruik in stede van Simon. Petrus het verantwoordelikheid vir sy skoonmoeder aanvaar want sy woon in sy huis⁹¹.		

⁹¹ Malina en Rohrbaugh (2003:56) meen dit is ongewoon dat Petrus se skoonmoeder in sy huis woon. Dit kan beteken dat sy 'n weduwee sonder seuns was.

Matteus	Markus	Lukas
14:28–32 – ἀποκριθεὶς δὲ αὐτῷ ὁ Πέτρος εἶπεν· κύριε, εἰ σὺ εἶ, κέλευσόν με ἔλθεῖν πρὸς σε ἐπὶ τὰ ὕδατα.²⁹ ὁ δὲ εἶπεν· ἔλθέ. καὶ καταβὰς ἀπὸ τοῦ πλοίου [ὁ] Πέτρος περιεπάτησεν ἐπὶ τὰ ὕδατα καὶ ἦλθεν πρὸς τὸν Ἰησοῦν.³⁰ βλέπων δὲ τὸν ἄνεμον [ἰσχυρὸν] ἐφοβήθη, καὶ ἀρξάμενος καταποντίζεσθαι ἔκραξεν λέγων· κύριε, σῶσόν με.³¹ εὐθέως δὲ ὁ Ἰησοῦς ἐκτείνας τὴν χεῖρα ἐπελάβετο αὐτοῦ καὶ λέγει αὐτῷ· ὀλιγόπιστε, εἰς τί ἐδίστασας;³² καὶ ἀναβάντων αὐτῶν εἰς τὸ πλοῖον ἐκόπασεν ὁ ἄνεμος. (Petrus het Hom geantwoord: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.²⁹ Hy het gesê: Kom! <i>Petrus het toe van die skuit afgeklim en op die waters geloop om na Jesus te gaan.</i>³⁰ Maar toe hy sien hoe sterk die wind was, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!³¹ Jesus het dadelik sy hand uitgesteek hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?³² Daarop <i>klim hulle in die skuit, en die wind het gaan lê.</i>)	Geen parallel nie	Geen parallel nie
Afleiding: Hierdie gedeelte is 'n <i>Sondergut</i> wat vir Petrus as woordvoerder voorstel. Hy is <i>impulsief</i> om van die boot af te klim en op die water na Jesus te loop. Hy openbaar weereens die persoonlikheidstrekke van 'n morele entrepreneur met die risiko wat hy neem om op die water te loop. Sy kleingelowigheid en twyfel word deur hierdie gebeurtenis ontbloot. Petrus gebruik ook κύριος as aanspreekvorm vir Jesus. Mohrlang (1984:74) meen dat hierdie titel veral vir Matteus dui op krag en gesag wat onderdanigheid en gehoorsaamheid vra.		

Matteus	Markus	Lukas
15:15 – Ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· φράσον ἡμῖν τὴν παραβολὴν [ταύτην]. (Petrus het Hom gevra: Verklaar vir ons hierdie gelykenis.)	Geen parallele vers nie	Geen parallele vers nie
Afleiding: Matteus voeg hierdie vers by en verwys spesifiek na Petrus wat ondersoekend is. Die gebruik van φράσον laat die klem op die verduidelikking val. Danker (2000:1064) verklaar φράζω soos volg: “... in our literature only in the sense <i>explain, interpret</i> something mysterious...” Matteus gebruik ’n unieke woord (φράζω) om hierdie persoonlikheidstrekk van Petrus te beskryf, want dit is die enigste keer wat hierdie woord in die Nuwe Testament voorkom (Louw & Nida, 1996:404). Daar word dus klem geplaas op Petrus se ondersoekende geaardheid of leergierigheid.		
16:13–19 – Soos bespreek in Tabel 11 (p. 85)	8:27–29 – Soos bespreek in Tabel 11 (p. 85)	9:18–20 – Soos bespreek in Tabel 11 (p. 85)
16:21–23 – Ἀπὸ τότε ἤρξατο ὁ Ἰησοῦς δεικνύειν τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ ὅτι δεῖ αὐτὸν εἰς Ἱεροσόλυμα ἀπελθεῖν καὶ πολλὰ παθεῖν ἀπὸ τῶν πρεσβυτέρων καὶ ἀρχιερέων καὶ γραμματέων καὶ ἀποκτανθῆναι καὶ τῇ τρίτῃ ἡμέρᾳ ἐγερθῆναι. ²² καὶ προσλαβόμενος αὐτὸν ὁ Πέτρος ἤρξατο ἐπιτιμᾶν αὐτῷ λέγων· ἴλεώς σοι, κύριε· οὐ μὴ ἔσται σοι τοῦτο. ²³ ὁ δὲ στραφεὶς εἶπεν τῷ Πέτρῳ· ὕπαγε ὀπίσω μου, σατανᾶ· σκάνδαλον εἶ ἐμοῦ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων.	8:31–33 – Καὶ ἤρξατο διδάσκειν αὐτοὺς ὅτι δεῖ τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου πολλὰ παθεῖν καὶ ἀποδοκιμασθῆναι ὑπὸ τῶν πρεσβυτέρων καὶ τῶν ἀρχιερέων καὶ τῶν γραμματέων καὶ ἀποκτανθῆναι καὶ μετὰ τρεῖς ἡμέρας ἀναστῆναι. ³² καὶ παρρησίᾳ τὸν λόγον ἐλάλει. καὶ προσλαβόμενος ὁ Πέτρος αὐτὸν ἤρξατο ἐπιτιμᾶν αὐτῷ. ³³ ὁ δὲ ἐπιστραφεὶς καὶ ἰδὼν τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ ἐπετίμησεν Πέτρῳ καὶ λέγει· ὕπαγε ὀπίσω μου, σατανᾶ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων.	Geen parallel nie

Matteus	Markus	Lukas
(Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en baie moes ly deur die oudstes [familiehoofde], leierpriesters en skrifgeleerdes, en doodgemaak en op die derde dag opgewek moet word. ²² <i>Toe neem Petrus Hom eenkant en begin Hom bestraf: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!</i> ²³ Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God <i>bedink</i> nie, maar die dinge van die mense.)	(Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná drie dae opstaan. ³² En hierdie woord het Hy ronduit gespreek. <i>En Petrus het Hom opsy geneem en Hom begin bestraf.</i> ³³ Maar Hy het Hom omgedraai, en terwyl Hy sy dissipels aankyk, het Hy Petrus bestraf en gesê: Gaan weg agter My, Satan! Want jy <i>bedink</i> nie die dinge van God nie, maar dié van die mense.)	
Afleiding: Petrus tree weer op as woordvoerder vir die dissipels (μαθητής). Hy verwerp as't ware die lering dat Jesus moes ly (πάσχω) en sterf (ἀποκτείνω) en probeer sy eie verstaan van die koninkryk van die hemele op Jesus afdwing (bestraf – ἐπιτιμάω). Dit beteken dat hy so sterk in Jesus as die Christus (Matt. 16:16 – kyk Tabel 11 (p. 85) glo en so getrou is dat hy nie wil toelaat dat Jesus ly en sterf nie. Alhoewel Petrus dus nie reg verstaan nie, bewys hierdie gedeelte sy toegewydheid aan die saak waarvoor hy staan. Matteus (anders as Markus) gee ook die woorde waarmee Petrus vir Jesus tereg wys: ἵλεώς σοι, κύριε· οὐ μὴ ἔσται σοι τοῦτο, waar die gebruik van κύριος dui op die gesag van Jesus (Mohrlang, 1984:74). Verder gebruik Matteus ook die woord σκάνδαλον en daaruit kan afgelei word dat Petrus se persoonlikheid 'n struikelblok vir Jesus is. Hy (Petrus) word gelykgestel aan Satan want hy <i>bedink</i> (φρονέω) die dinge van mense. Dit is hý (en die dissipels) wat ἐπιτιμάω nodig het, omdat hy (hulle) nie reg verstaan nie.		

Matteus	Markus	Lukas
17:1–4 – Καὶ μεθ’ ἡμέρας ἕξ παραλαμβάνει ὁ Ἰησοῦς τὸν Πέτρον καὶ Ἰάκωβον καὶ Ἰωάννην τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ καὶ ἀναφέρει αὐτοὺς εἰς ὄρος ὑψηλὸν κατ’ ἰδίαν. ² καὶ μετεμορφώθη ἔμπροσθεν αὐτῶν, καὶ ἔλαμψεν τὸ πρόσωπον αὐτοῦ ὡς ὁ ἥλιος, τὰ δὲ ἱμάτια αὐτοῦ ἐγένετο λευκὰ ὡς τὸ φῶς. ³ καὶ ἰδοὺ ὤφθη αὐτοῖς Μωϋσῆς καὶ Ἠλίας συλλαλοῦντες μετ’ αὐτοῦ. ⁴ ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν τῷ Ἰησοῦ· κύριε, καλὸν ἐστὶν ἡμᾶς ὧδε εἶναι· εἰ θέλεις, ποιήσω ὧδε τρεῖς σκηνάς, σοὶ μίαν καὶ Μωϋσεῖ μίαν καὶ Ἠλίᾳ μίαν	9:2–6 – Καὶ μετὰ ἡμέρας ἕξ παραλαμβάνει ὁ Ἰησοῦς τὸν Πέτρον καὶ τὸν Ἰάκωβον καὶ τὸν Ἰωάννην καὶ ἀναφέρει αὐτοὺς εἰς ὄρος ὑψηλὸν κατ’ ἰδίαν μόνους. καὶ μετεμορφώθη ἔμπροσθεν αὐτῶν, ³ καὶ τὰ ἱμάτια αὐτοῦ ἐγένετο στίλβοντα λευκὰ λίαν, οἷα γναφεὺς ἐπὶ τῆς γῆς οὐ δύναται οὕτως λευκᾶναι. ⁴ καὶ ὤφθη αὐτοῖς Ἠλίας σὺν Μωϋσεῖ καὶ ἦσαν συλλαλοῦντες τῷ Ἰησοῦ. ⁵ καὶ ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος λέγει τῷ Ἰησοῦ· ραββί, καλὸν ἐστὶν ἡμᾶς ὧδε εἶναι, καὶ ποιήσωμεν τρεῖς σκηνάς, σοὶ μίαν καὶ Μωϋσεῖ μίαν καὶ Ἠλίᾳ μίαν. ⁶ <i>οὐ γὰρ ᾔδει τί ἀποκριθῇ, ἔκφοβοι γὰρ ἐγένοντο.</i>	9:28–34 – Ἐγένετο δὲ μετὰ τούτους λόγους τούτους ὥσει ἡμέραι ὀκτὼ [καὶ] παραλαβὼν Πέτρον καὶ Ἰωάννην καὶ Ἰάκωβον ἀνέβη εἰς τὸ ὄρος προσεύξασθαι. ²⁹ καὶ ἐγένετο ἐν τῷ προσεύχεσθαι αὐτὸν τὸ εἶδος τοῦ προσώπου αὐτοῦ ἕτερον καὶ ὁ ἱματισμὸς αὐτοῦ λευκὸς ἑξαστράπτων. ³⁰ καὶ ἰδοὺ ἄνδρες δύο συνελάλουν αὐτῷ, οἵτινες ἦσαν Μωϋσῆς καὶ Ἠλίας, ³¹ οἱ ὀφθέντες ἐν δόξῃ ἔλεγον τὴν ἑξοδὸν αὐτοῦ, ἣν ἤμελλεν πληροῦν ἐν Ἱερουσαλὴμ. ³² ὁ δὲ Πέτρος καὶ οἱ σὺν αὐτῷ ἦσαν βεβαρημένοι ὕπνῳ· διαγρηγορήσαντες δὲ εἶδον τὴν δόξαν αὐτοῦ καὶ τοὺς δύο ἄνδρας τοὺς συνεστῶτας αὐτῷ. ³³ καὶ ἐγένετο ἐν τῷ διαχωρίζεσθαι αὐτοὺς ἀπ’ αὐτοῦ εἶπεν ὁ Πέτρος πρὸς τὸν Ἰησοῦν· ἐπιστάτα, καλὸν ἐστὶν ἡμᾶς ὧδε εἶναι, καὶ ποιήσωμεν σκηνάς τρεῖς, μίαν σοὶ καὶ μίαν Μωϋσεῖ καὶ μίαν Ἠλίᾳ, μὴ εἰδὼς ὁ λέγει. ³⁴ ταῦτα δὲ αὐτοῦ λέγοντος ἐγένετο νεφέλη καὶ ἐπεσκίαζεν αὐτούς· ἐφοβήθησαν δὲ ἐν τῷ εἰσελθεῖν αὐτοὺς εἰς τὴν νεφέλην.

Matteus	Markus	Lukas
(En ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle na 'n hoë berg gelei waar hulle alleen was. ² En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy gesig het gestraal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. ³ En kyk, Moses en Elia het aan hulle verskyn en was met Hom in gesprek. ⁴ Petrus reageer toe en sê vir Jesus: Here, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.)	(En ses dae later het Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë berg gelei waar hulle alleen was. Hy het toe voor hulle van gedaante verander. ³ Sy klere het blink geword, spierwit, so wit soos niemand op aarde iets kan bleik nie. ⁴ Toe het Elia saam met Moses aan hulle verskyn, en gesprek gevoer met Jesus. ⁵ Petrus reageer toe en sê vir Jesus: Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte bou, een vir U, een vir Moses en een vir Elia. ⁶ Want hy het nie geweet wat om te sê nie, want hulle was heeltemal verskrik.)	(Ongeveer agt dae nadat Hy dit gesê het, het Hy Petrus en Johannes en Jakobus saamgeneem en teen die berg opgegaan om te bid. ²⁹ En terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy aangesig verander en sy klere het helderwit geskitter. ³⁰ En skielik was daar twee manne met Hom gesprek gevoer het. Dit was Moses en Elia. ³¹ Hulle het in heerlijkheid verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog wat Hy in Jerusalem tot vervulling sou bring. ³² Petrus en die wat saam met hom was, was deur die slaap oorweldig, en toe hulle wakker word, sien hulle sy heerlijkheid en die twee manne wat by Hom staan. ³³ Toe die manne van Hom weggaan, sê Petrus vir Jesus: Meester, dit is goed dat ons hier is; laat ons drie hutte bou, een vir U en een vir Moses en een vir Elia. Hy het nie besef wat hy sê nie. ³⁴ Terwyl hy nog praat, kom daar 'n wolk en oordek hulle, en hulle het bang geword toe daardie manne in die wolk ingaan.)
Afleiding: Petrus, Johannes en Jakobus maak deel uit van die binnekring van Jesus se dissipels (Matt. 17:1, Mark. 5:37, 13:3, 14:33, Luk. 8:51) en word toegelaat om hierdie besondere gebeurtenis saam met Jesus mee te maak. Petrus tree ook as die woordvoerder van hierdie driemanskap op. Matteus volg vir Markus na, maar laat egter Markus 9:6 weg waarin Petrus as verward en verskrik (οὐ γὰρ ᾔδει τί ἀποκριθῆ, ἐκφοβοὶ γὰρ ἐγένοντο) beskryf word. Lukas sê hy was deur die slaap (ἦσαν βεβαρημένοι ὕπνῳ) (9:32). Sy (Petrus) voorstel om vir Jesus, Moses en Elia hutte te bou, word gebore uit hierdie verwardheid en is dus heeltemal onvanpas en onoordeelkundig. Dit spreek weereens van impulsiwiteit om te praat wanneer hy nie weet wat om te sê nie. Matteus verkies egter om nie hierdie eienskap van Petrus se persoonlikheid tydens hierdie geleentheid weer te gee nie.		

Matteus	Markus	Lukas
17:24–27 – Ἐλθόντων δὲ αὐτῶν εἰς Καφαρναοὺμ προσῆλθον οἱ τὰ δίδραγμα λαμβάνοντες τῷ Πέτρῳ καὶ εἶπαν· ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραγμα; ²⁵ λέγει· ναί. καὶ ἔλθόντα εἰς τὴν οἰκίαν προέφθασεν αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς λέγων· τί σοι δοκεῖ, Σίμων; οἱ βασιλεῖς τῆς γῆς ἀπὸ τίνων λαμβάνουσιν τέλη ἢ κῆνσον; ἀπὸ τῶν υἱῶν αὐτῶν ἢ ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων; ²⁶ εἰπόντος δέ· ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων, ἔφη αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἄρα γε ἐλεύθεροί εἰσιν οἱ υἱοί. ²⁷ ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς, πορευθεῖς εἰς θάλασσαν βάλε ἄγκιστρον καὶ τὸν ἀναβάντα πρῶτον ἰχθὺν ἄρον, καὶ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ εὐρήσεις στατήρα· ἐκεῖνον λαβὼν δὸς αὐτοῖς ἀντὶ ἐμοῦ καὶ σοῦ. (Toe hulle in Kapernaüm kom, het diegene wat die didragma [tempelbelasting] ontvang, na Petrus gekom en gevra: Betaal julle Meester nie die didragma nie? ²⁵ Hy antwoord: Ja. Toe hy in die huis kom, was Jesus hom voor en sê: Wat dink jy, Simon? Van wie vorder die aardse konings tolgeld of belasting in? Van hulle seuns of van die vreemdelinge? ²⁶ Toe hy antwoord, van vreemdelinge, het Jesus vir hom gesê: Dan is die seuns vry. ²⁷ Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi ’n hoek in en vat die eerste vis wat jy uittrek, en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle namens My en vir jou.)	Geen parallel nie	Geen parallel nie

Matteus	Markus	Lukas
Afleiding: Petrus word ook deur diegene wat die belasting bymekaar maak, gesien as die woordvoerder van die dissipels: ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραγμα; (“betaal julle leermeester nie die didragma nie?”). Dit wil voorkom asof hy die antwoord op Jesus se vraag reg het: ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων (“van vreemdelinge”). Petrus se persoonlikheid word egter ook gevorm deur die lering van Jesus om in sekere gevalle nie aanstoot te gee nie (ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς). Dit is dus nie nodig om die belasting te betaal nie, maar om nie aanstoot (σκανδαλίζω) te gee nie, moet Petrus die vis vang en die stater vir hom en vir Jesus betaal.		
18:21–22 – Τότε προσελθὼν ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· κύριε, ποσάκις ἀμαρτήσῃ εἰς ἐμὲ ὁ ἀδελφός μου καὶ ἀφήσω αὐτῷ; ἕως ἐπτάκις; ²² λέγει αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· οὐ λέγω σοι ἕως ἐπτάκις ἀλλὰ ἕως ἐβδομηκοντάκις ἐπτά. (Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? ²² Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot <i>sewentig maal</i> sewe toe.)	Geen parallel nie	17:3–4 – προσέχετε ἑαυτοῖς. Ἐὰν ἀμάρτη ὁ ἀδελφός σου ἐπιτίμησον αὐτῷ, * καὶ ἐὰν μετανοήσῃ ἄφες αὐτῷ. ⁴ καὶ ἐὰν ἐπτάκις τῆς ἡμέρας ἀμαρτήσῃ εἰς σὲ καὶ ἐπτάκις ἐπιστρέψῃ πρὸς σὲ λέγων· μετανοῶ, ἀφήσεις αὐτῷ. (Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom. ⁴ En as hy sewe maal op ’n dag teen jou sondig en sewe maal op ’n dag na jou terugkom en sê: Ek het berou—moet jy hom vergewe.)
Afleiding: Hierdie verse is uniek in die Matteus-evangelie. Dit is slegs Matteus wat hierdie lering van Jesus ook aan Petrus koppel. Petrus is weereens ondersoekend of leergierig en dit kan wees dat hy ook tydens hierdie geleentheid namens die dissipels praat. Hy het in ’n mate die regte antwoord dat ’n mens dikwels moet vergewe. Hierdie vergewensgesindheid is ook deel van sy persoonlikheid. Jesus vorm egter sy persoonlikheid verder deur te leer dat hy (Petrus) <i>sewentig maal</i> sewe keer moet vergewe (ἀλλὰ ἕως ἐβδομηκοντάκις ἐπτά).		
19:27 – Τότε ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφήκαμεν πάντα καὶ ἠκολουθήσαμεν σοι· τί ἄρα ἔσται ἡμῖν; (Toe antwoord Petrus Hom: Kyk, ons het alles agtergelaat en U gevolg. Wat sal ons dan daarvoor kry?)	10:28 – Ἦρξατο λέγειν ὁ Πέτρος αὐτῷ· ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφήκαμεν πάντα καὶ ἠκολουθήκαμεν σοι. (Toe het Petrus vir Hom gesê: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg.)	18:28 – Εἶπεν δὲ ὁ Πέτρος· ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφέντες τὰ ἴδια ἠκολουθήσαμεν σοι. (Toe sê Petrus: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg.)

Matteus	Markus	Lukas
Afleiding: Petrus is weer die woordvoerder (ἡμεῖς, ἡμῖν) van die dissipels en steeds ondersoekend. Markus word nagevolg, maar Matteus voeg woorde vir Petrus by: τί ἄρα ἔσται ἡμῖν. Dit wil dus voorkom of Petrus beloning in gedagte het in ruil vir dit wat hulle alreeds opgeoffer het.		
21:20–21 – Καὶ ἰδόντες οἱ μαθηταὶ ἐθαύμασαν λέγοντες· πῶς παραχρῆμα ἐξηράνθη ἡ συκὴ; ²¹ ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτοῖς· ἀμὴν λέγω ὑμῖν, ἐὰν ἔχητε πίστιν καὶ μὴ διακριθῆτε, οὐ μόνον τὸ τῆς συκῆς ποιήσετε, ἀλλὰ καὶ τῷ ὄρει τούτῳ εἴπητε· ἄρθητι καὶ βλήθητι εἰς τὴν θάλασσαν, γενήσεται· (Toe die dissipels dit sien, was hulle verbaas en vra: Hoe het die vyeboom so skielik verdroog? ²¹ Jesus het hulle geantwoord: Amen, Ek sê vir julle: As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie, maar selfs al sê julle vir hierdie berg: Tel jouself op en werp jou in die see, sal dit gebeur.)	11:20–22 – Καὶ παραπορευόμενοι πρῶτ' εἶδον τὴν συκὴν ἐξηραμμένην ἐκ ῥιζῶν. ²¹ καὶ ἀναμνησθεὶς ὁ Πέτρος λέγει αὐτῷ· ῥαββί, ἴδε ἡ συκὴ ἣν κατηράσω ἐξήρανται. ²² καὶ ἀποκριθεὶς ὁ Ἰησοῦς λέγει αὐτοῖς· ἔχετε πίστιν θεοῦ. (Toe hulle vroegoggend daar verbygaan, het hulle die vyeboom gesien, verdroog van die wortels af. ²¹ Petrus het onthou en vir Hom gevra: Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog. ²² Jesus antwoord hulle toe: Julle moet geloof in God hê.)	
Afleiding: Volgens Markus is Petrus weereens eerste om te praat, maar tog spreek Jesus die groep aan (ὁ Ἰησοῦς λέγει αὐτοῖς). Matteus laat egter die verwysing na Petrus weg en fokus op die dissipels, wat ondersoekend is.		
24:1–3 – Καὶ ἐξελθὼν ὁ Ἰησοῦς ἀπὸ τοῦ ἱεροῦ ἐπορεύετο, καὶ προσῆλθον οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ ἐπιδεῖξαι αὐτῷ τὰς οἰκοδομὰς τοῦ ἱεροῦ. ² ὁ δὲ ἀποκριθεὶς εἶπεν αὐτοῖς· οὐ βλέπετε ταῦτα πάντα; ἀμὴν λέγω ὑμῖν, οὐ μὴ ἀφεθῇ ὧδε λίθος ἐπὶ λίθον ὃς οὐ καταλυθήσεται. ³ Καθημένου δὲ αὐτοῦ ἐπὶ τοῦ	13:1–4 – Καὶ ἐκπορευομένου αὐτοῦ ἐκ τοῦ ἱεροῦ λέγει αὐτῷ εἷς τῶν μαθητῶν αὐτοῦ· διδάσκαλε, ἴδε ποταποὶ λίθοι καὶ ποταπαὶ οἰκοδομαί. ² καὶ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ· βλέπεις ταύτας τὰς μεγάλας οἰκοδομὰς; οὐ μὴ ἀφεθῇ ὧδε λίθος ἐπὶ λίθον ὃς οὐ μὴ καταλυθῇ. ³ Καὶ καθημένου αὐτοῦ εἰς τὸ	21:5–7 – Καὶ τινῶν λεγόντων περὶ τοῦ ἱεροῦ ὅτι λίθοις καλοῖς καὶ ἀναθήμασιν κεκόσμηται εἶπεν· ⁶ ταῦτα ἃ θεωρεῖτε ἐλεύσονται ἡμέραι ἐν αἷς οὐκ ἀφεθήσεται λίθος ἐπὶ λίθῳ ὃς οὐ καταλυθήσεται. ⁷ Ἐπηρώτησαν δὲ αὐτὸν λέγοντες· διδάσκαλε, πότε οὖν ταῦτα ἔσται καὶ τί τὸ σημεῖον

Matteus	Markus	Lukas
ὄρους τῶν ἐλαιῶν προσῆλθον αὐτῷ οἱ μαθηταὶ κατ' ἰδίαν λέγοντες· εἰπὲ ἡμῖν, πότε ταῦτα ἔσται καὶ τί τὸ σημεῖον τῆς σῆς παρουσίας καὶ συντελείας τοῦ αἰῶνος (Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys. ²Maar Hy sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Amen, Ek sê vir julle: Hier sal beslis nie een klip op die ander gelaat word nie – alles sal afgebreek word. ³Nadat Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en vra: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge plaasvind, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?)	ὄρος τῶν ἐλαιῶν κατέναντι τοῦ ἱεροῦ ἐπηρώτα αὐτὸν κατ' ἰδίαν Πέτρος καὶ Ἰάκωβος καὶ Ἰωάννης καὶ Ἀνδρέας· ⁴ εἰπὼν ἡμῖν, πότε ταῦτα ἔσται καὶ τί τὸ σημεῖον ὅταν μέλλῃ ταῦτα συντελεῖσθαι πάντα (Toe Hy tempel verlaat, sê een van sy dissipels vir Hom: Meester, kyk watter [indrukwekkende] klippe en geboue! ² Jesus sê toe vir hom: Hier sal beslis nie een klip op die ander gelaat word nie – alles sal afgebreek word. ³ Toe Hy op die Olyfberg, regoor die tempel, gaan sit het, het Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas Hom eenkant gevra: ⁴ Vertel ons wanneer sal hierdie dinge gebeur, en wat sal die teken wees dat al hierdie dinge volbring sal word?)	ὅταν μέλλῃ ταῦτα γίνεσθαι (Terwyl sommige oor die tempel praat, dat dit met mooi klippe en gewyde geskenke versier is, het Hy gesê: ⁶ Dit wat julle hier sien – daar sal dae kom wanneer nie een klip op die ander gelaat word nie – alles sal afgebreek word. ⁷ Hulle het Hom toe gevra: Meester, wanneer sal hierdie dinge dan gebeur, en wat is die teken wanneer dit gaan gebeur?)
Afleiding: Markus verwys spesifiek na een dissipel wat Jesus se aandag op die tempelterrein vestig en verder dat Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas die vraag aan Jesus stel. Matteus (en Lukas) beskryf die insident teen die agtergrond van die dissipelgroep wat Jesus uitvra.		
24:45–46 – Τίς ἄρα ἐστὶν ὁ πιστὸς δοῦλος καὶ φρόνιμος ὃν κατέστησεν ὁ κύριος ἐπὶ τῆς οἰκετείας αὐτοῦ τοῦ δοῦναι αὐτοῖς τὴν τροφήν ἐν καιρῷ; ⁴⁶ <i>μακάριος ὁ δοῦλος ἐκεῖνος ὃν ἐλθὼν ὁ κύριος αὐτοῦ εὐρήσει οὕτως ποιοῦντα·</i> (WIE is dan die betroubare en verstandige slaaf vir wie sy heer oor sy huishouding aangestel het om hulle op tyd kos te gee? ⁴⁶ Gelukkig is daardie slaaf wie se heer hom so aan die werk sal vind, as hy kom.)	Geen parallel nie	12:41–43 – Εἶπεν δὲ ὁ Πέτρος· κύριε, πρὸς ἡμᾶς τὴν παραβολὴν ταύτην λέγεις ἢ καὶ πρὸς πάντας; ⁴² καὶ εἶπεν ὁ κύριος· τίς ἄρα ἐστὶν ὁ πιστὸς οἰκονόμος ὁ φρόνιμος, ὃν καταστήσει ὁ κύριος ἐπὶ τῆς θεραπείας αὐτοῦ τοῦ διδόναι ἐν καιρῷ [τὸ] σιτομέτριον; ⁴³ <i>μακάριος ὁ δοῦλος ἐκεῖνος, ὃν ἐλθὼν ὁ κύριος αὐτοῦ εὐρήσει ποιοῦντα οὕτως.</i> (Toe het Petrus gevra: Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons of vir almal? ⁴² En die Here het

Matteus	Markus	Lukas
		geantwoord: Wie is dan die betroubare en verstandige bestuurder vir wie die heer oor sy dienaars sal aanstel om hulle rantsoene op tyd te gee? ⁴³ Gelukkig is daardie slaaf wie se heer, as hy kom, hom so aan die werk sal vind.)

Afleiding: Matteus 24:46 en Lukas 12:43 is bykans woord vir woord dieselfde. Die voorafgaande verskil egter van mekaar en Lukas stel vir Petrus voor as die een wat weereens ondersoekend is oor die gelykenis van die waaksame slaaf (Luk. 12:35–40). Petrus vra in hierdie geval **spesifieke inligting** oor die groep (**ἡμᾶς / πάντας**) op wie hierdie gelykennis betrekking het.

26:17–19 – Τῇ δὲ πρώτη τῶν ἁζύμων προσήλθον οἱ μαθηταὶ τῷ Ἰησοῦ λέγοντες· ποῦ θέλεις ἐτοιμάσωμέν σοι φαγεῖν τὸ πάσχα; ¹⁸ ὁ δὲ εἶπεν· ὑπάγετε εἰς τὴν πόλιν πρὸς τὸν δεῖνα καὶ εἵπατε αὐτῷ· ὁ διδάσκαλος λέγει· ὁ καιρὸς μου ἐγγύς ἐστιν, πρὸς σὲ ποιῶ τὸ πάσχα μετὰ τῶν μαθητῶν μου. ¹⁹ καὶ ἐποίησαν οἱ μαθηταὶ ὡς συνέταξεν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς καὶ ἡτοίμασαν τὸ πάσχα. (Op die eerste dag van die [Fees van die] Ongesuurde Brood het die dissipels na Jesus gekom en gevra: Waar wil U hê moet ons vir U voorbereidings tref om die Pasga te eet? ¹⁸ Hy het gesê: Gaan na die stad na 'n sekere persoon en sê vir hom: Die Leermeester sê: My tyd is naby. By jou sal Ek die Pasga met my dissipels vier. ¹⁹ Die dissipels het gemaak soos Jesus hulle beveel het, en hulle het die Pasga voorberei.)	14:12–16 – Καὶ τῇ πρώτῃ ἡμέρᾳ τῶν ἁζύμων, ὅτε τὸ πάσχα ἔθουον, λέγουσιν αὐτῷ οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ· ποῦ θέλεις ἀπελθόντες ἐτοιμάσωμεν ἵνα φάγης τὸ πάσχα; ¹³ καὶ ἀποστέλλει δύο τῶν μαθητῶν αὐτοῦ καὶ λέγει αὐτοῖς· ὑπάγετε εἰς τὴν πόλιν, καὶ ἀπαντήσῃ ὑμῖν ἄνθρωπος κεράμιον ὕδατος βαστάζων· ἀκολουθήσατε αὐτῷ ¹⁴ καὶ ὅπου ἐὰν εἰσέλθῃ εἵπατε τῷ οἰκοδεσπότῃ ὅτι ὁ διδάσκαλος λέγει· ποῦ ἐστιν τὸ κατάλυμά μου ὅπου τὸ πάσχα μετὰ τῶν μαθητῶν μου φάγω; ¹⁵ καὶ αὐτὸς ὑμῖν δείξει ἀνάγαιον μέγα ἐστρωμένον ἑτοιμον· καὶ ἐκεῖ ἐτοιμάσατε ἡμῖν. ¹⁶ καὶ ἐξῆλθον οἱ μαθηταὶ καὶ ἦλθον εἰς τὴν πόλιν καὶ εὔρον καθὼς εἶπεν αὐτοῖς καὶ ἡτοίμασαν τὸ πάσχα. (Op die eerste dag van die [Fees van die] Ongesuurde Brood, wanneer hulle gewoonlik die Pasgalam geslag het, sê sy dissipels vir Hom: Waar wil U hê moet ons gaan voorberei, sodat U die Pasga kan eet? ¹³ Hy stuur	22:7–13 – Ἦλθεν δὲ ἡ ἡμέρα τῶν ἁζύμων, [ἐν] ᾗ ἔδει θύεσθαι τὸ πάσχα. ⁸ καὶ ἀπέστειλεν Πέτρον καὶ Ἰωάννην εἰπὼν· πορευθέντες ἐτοιμάσατε ἡμῖν τὸ πάσχα ἵνα φάγωμεν. ⁹ οἱ δὲ εἶπαν αὐτῷ· ποῦ θέλεις ἐτοιμάσωμεν; ¹⁰ ὁ δὲ εἶπεν αὐτοῖς· ἰδοὺ εἰσελθόντων ὑμῶν εἰς τὴν πόλιν συναντήσῃ ὑμῖν ἄνθρωπος κεράμιον ὕδατος βαστάζων· ἀκολουθήσατε αὐτῷ εἰς τὴν οἰκίαν εἰς ἣν εἰσπορεύεται, ¹¹ καὶ ἐρεῖτε τῷ οἰκοδεσπότῃ τῆς οἰκίας· λέγει σοι ὁ διδάσκαλος· ποῦ ἐστιν τὸ κατάλυμα ὅπου τὸ πάσχα μετὰ τῶν μαθητῶν μου φάγω; ¹² κακεῖνος ὑμῖν δείξει ἀνάγαιον μέγα ἐστρωμένον· ἐκεῖ ἐτοιμάσατε. ¹³ ἀπελθόντες δὲ εὔρον καθὼς εἰρήκει αὐτοῖς καὶ ἡτοίμασαν τὸ πάσχα. (Die dag van die ongesuurde brode, waarop die pasgalam geslag moes word, het aangebreek. ⁸ Toe stuur Hy vir Petrus en Johannes en sê: Gaan berei vir ons die Pasga, sodat ons dit kan eet. ⁹ Hulle het vir
--	---	---

Matteus	Markus	Lukas
	toe twee van sy dissipels en sê vir hulle: Gaan na die stad toe; en 'n man wat 'n kruik water dra, sal julle tegemoetkom. Volg hom, ¹⁴ en waar hy ook mag ingaan, sê vir die eienaar van die huis: Die Meester vra: Waar is die kamer waar Ek saam met my dissipels die Pasga kan eet? ¹⁵ Hy sal vir julle 'n groot bovertrek wys, wat reeds ingerig en gereed gemaak is. Daar moet julle vir ons die voorbereidings tref. ¹⁶ En sy dissipels het vertrek en in die stad ingegaan en dit gevind soos Hy vir hulle gesê het. En hulle het die Pasga voorberei.)	Hom gevra: Waar wil U hê moet ons dit voorberei? ¹⁰ En Hy antwoord hulle: Kyk, sodra julle die stad binnegaan, sal 'n man julle ontmoet wat 'n kruik water dra. Volg hom na die huis waar hy ingaan ¹¹ en julle moet vir die eienaar van die huis sê: Die Meester vra u: Waar is die kamer waar Ek die Pasga met my dissipels kan eet? ¹² Hy sal vir julle 'n groot bovertrek wys wat ingerig is. Daar moet julle dit voorberei. ¹³ Hulle het toe gegaan en dit aangetref soos Hy vir hulle gesê het, en die Pasga voorberei.)
Afleiding: Matteus en Lukas volg vir Markus na. Matteus laat egter die verwysing na twee dissipels (δύο μαθητῶν) (Mark. 14:13) weg, terwyl Lukas aan hierdie dissipels name gee: Petrus en Johannes. Dit wil weereens voorkom of Petrus (en Johannes) spesifieke inligting oor die plek waar die Pasga voorberei moet word, verlang. Dit blyk dus (ook uit die voorafgaande) dat die detail van gelykenisse (Luk. 12:41), lering (Matt. 18:21–22) en opdragte (Luk. 22:8) van Jesus vir Petrus belangrik was.		

Matteus	Markus	Lukas
26:31–35 – Τότε λέγει αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· πάντες ὑμεῖς σκανδαλισθήσεσθε ἐν ἑμοὶ ἐν τῇ νυκτὶ ταύτῃ, γέγραπται γάρ· πατάξω τὸν ποιμένα, καὶ διασκορπισθήσονται τὰ πρόβατα τῆς ποιμένης. ³² μετὰ δὲ τὸ ἐγερθῆναί με προάξω ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν. ³³ ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· εἰ πάντες σκανδαλισθήσονται ἐν σοί, ἐγὼ οὐδέποτε σκανδαλισθήσομαι. ³⁴ ἔφη αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἀμὴν λέγω σοι ὅτι ἐν ταύτῃ τῇ νυκτὶ πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι τρίς ἀπαρνήσῃ με. ³⁵ λέγει αὐτῷ ὁ Πέτρος· κἂν δέῃ με σὺν σοὶ ἀποθανεῖν, οὐ μὴ σε ἀπαρνήσομαι. ὁμοίως καὶ πάντες οἱ μαθηταὶ εἶπαν. (TOE sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag oor My struikel, want daar staan geskrywe: Ek sal die herder neervel, en die skape van die kudde sal uitmekaar gejaag word. ³² Maar nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit na Galilea gaan. ³³ Petrus het egter vir Hom gesê: <i>Al sal almal oor U struikel, ek sal nooit struikel nie.</i> ³⁴ Jesus het hom geantwoord: Amen, Ek sê vir jou, jy sal My in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, drie maal verloën. ³⁵ Petrus sê toe vir Hom: <i>Al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie!</i> Al die dissipels het dieselfde gesê.)	14:27–31 – καὶ λέγει αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς * ὅτι πάντες σκανδαλισθήσεσθε, ὅτι γέγραπται· <i>πατάξω τὸν ποιμένα, καὶ τὰ πρόβατα διασκορπισθήσονται.</i> ²⁸ ἀλλὰ μετὰ τὸ ἐγερθῆναί με προάξω ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν. ²⁹ ὁ δὲ Πέτρος ἔφη αὐτῷ· <i>εἰ καὶ πάντες σκανδαλισθήσονται, ἀλλ' οὐκ ἐγώ.</i> ³⁰ καὶ λέγει αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἀμὴν λέγω σοι ὅτι σὺ σήμερον ταύτῃ τῇ νυκτὶ πρὶν ἢ δις ἀλέκτορα φωνῆσαι τρίς με ἀπαρνήσῃ. ³¹ ὁ δὲ ἐκπερισσῶς ἐλάλει· <i>ἐὰν δέῃ με συναποθανεῖν σοι, οὐ μὴ σε ἀπαρνήσομαι.</i> ὡσαύτως δὲ καὶ πάντες ἔλεγον. (TOE sê Jesus vir hulle: Julle sal almal struikel want daar staan geskryf: Ek sal die herder neervel, en die skape sal uitmekaar gejaag word. ²⁸ Maar nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit na Galilea gaan. ²⁹ En Petrus sê vir Hom: <i>Al sal almal struikel, ek sal nie.</i> ³⁰ Jesus antwoord hom: Amen, Ek sê vir jou, vandag, vannag nog, voor die haan twee maal kraai, sal jy My drie maal verloën. ³¹ Maar hy het uitdruklik gesê: <i>Al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie!</i> Almal het dieselfde gesê.)	22:31–34 – Σίμων Σίμων, ἰδοὺ ὁ σατανᾶς ἐξητήσατο ὑμᾶς τοῦ σινιάσαι ὡς τὸν σῖτον· ³² ἐγὼ δὲ ἐδεήθην περὶ σοῦ ἵνα μὴ ἐκλίπῃ ἡ πίστις σου· καὶ σὺ ποτε ἐπιστρέψας στήρισον τοὺς ἀδελφούς σου. ³³ ὁ δὲ εἶπεν αὐτῷ· κύριε, μετὰ σοῦ ἔτοιμός εἰμι καὶ εἰς φυλακὴν καὶ εἰς θάνατον πορεύεσθαι. ³⁴ ὁ δὲ εἶπεν· λέγω σοι, Πέτρε, οὐ φωνήσῃ σήμερον ἀλέκτωρ ἕως τρίς με ἀπαρνήσῃ εἰδέναι. (Simon, Simon, kyk, die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. ³² Maar Ek het vir jou gebid, sodat jou geloof nie sal wankel nie. En wanneer jy eendag tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk. ³³ En hy het vir Hom gesê: Here, ek is bereid om saam met U die tronk en die dood binne te gaan. ³⁴ Maar Hy antwoord: Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy my drie maal verloën het nie.)
Afleiding: Matteus volg vir Markus na en Petrus word voorgestel as 'n persoon wat sterk standpunt inneem, want hy is bereid om vir Jesus te <i>sterf</i> (ἀποθνήσκω) – sy rol as morele entrepreneur word benadruk. Jesus voorspel egter dat hy sal struikel (σκανδαλίζω) en Hom drie maal sal verloën		

Matteus	Markus	Lukas
(ἀπαρνέομαι). Jesus voorspel dus dat alhoewel Petrus sterk standpunt inneem, hy sal ingee en sal struikel wanneer sake op die spits gedryf word.		
26:36–41 – Τότε ἔρχεται μετ’ αὐτῶν ὁ Ἰησοῦς εἰς χωρίον λεγόμενον Γεθσημανὶ * καὶ λέγει τοῖς μαθηταῖς· καθίσατε αὐτοῦ ἕως [οὔ] ἀπελθὼν ἐκεῖ προσεύξωμαι. ³⁷ καὶ παραλαβὼν τὸν Πέτρον καὶ τοὺς δύο υἱοὺς Ζεβεδαίου ἤρξατο λυπεῖσθαι καὶ ἀδιμονεῖν. ³⁸ τότε λέγει αὐτοῖς· <i>περίλυπός ἐστιν ἡ ψυχὴ μου</i> ἕως θανάτου· μέναιτε ὧδε καὶ γρηγορεῖτε μετ’ ἐμοῦ. ³⁹ καὶ προελθὼν μικρὸν ἔπεσεν ἐπὶ πρόσωπον αὐτοῦ προσευχόμενος καὶ λέγων· πάτερ μου, εἰ δυνατόν ἐστιν, παρελθάτω ἀπ’ ἐμοῦ τὸ ποτήριον τοῦτο· * πλὴν οὐχ ὡς ἐγὼ θέλω ἀλλ’ ὡς σύ. ⁴⁰ καὶ ἔρχεται πρὸς τοὺς μαθητὰς καὶ εὕρισκει αὐτοὺς καθεύδοντας, καὶ λέγει τῷ Πέτρῳ· οὕτως οὐκ ἰσχύσατε μίαν ὥραν γρηγορῆσαι μετ’ ἐμοῦ; ⁴¹ γρηγορεῖτε καὶ προσεύχεσθε, ἵνα μὴ εἰσέλθητε εἰς πειρασμόν· τὸ μὲν πνεῦμα πρόθυμον ἢ δὲ σὰρξ ἀσθενής. (TOE gaan Jesus saam met hulle na ’n plek wat Getsémané genoem word, en Hy sê vir die dissipels: Bly hier sit totdat Ek klaar gebid het. ³⁷ Hy neem toe vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saam, en Hy het bedroef en beangs begin word. ³⁸ Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef, tot die dood toe. Bly hier en waak saam met My. ³⁹ Hy het toe ’n bietjie verder	14:32–38 – Καὶ ἔρχονται εἰς χωρίον οὗ τὸ ὄνομα Γεθσημανὶ * καὶ λέγει τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ· καθίσατε ὧδε ἕως προσεύξωμαι. ³³ καὶ παραλαμβάνει τὸν Πέτρον καὶ [τὸν] Ἰάκωβον καὶ [τὸν] Ἰωάννην μετ’ αὐτοῦ καὶ ἤρξατο ἐκθαμβεῖσθαι καὶ ἀδιμονεῖν ³⁴ καὶ λέγει αὐτοῖς· <i>περίλυπός ἐστιν ἡ ψυχὴ μου</i> ἕως θανάτου· μέναιτε ὧδε καὶ γρηγορεῖτε. ³⁵ καὶ προελθὼν μικρὸν ἔπιπτεν ἐπὶ τῆς γῆς καὶ προσηύχετο ἵνα εἰ δυνατόν ἐστιν παρέλθῃ ἀπ’ αὐτοῦ ἡ ὥρα, ³⁶ καὶ ἔλεγεν· ἄββα ὁ πατήρ, πάντα δυνατόι σοι· παρένεγκε τὸ ποτήριον τοῦτο ἀπ’ ἐμοῦ· ἀλλ’ οὐ τί ἐγὼ θέλω ἀλλὰ τί σύ. ³⁷ καὶ ἔρχεται καὶ εὕρισκει αὐτοὺς καθεύδοντας, καὶ λέγει τῷ Πέτρῳ· Σίμων, καθεύδεις; οὐκ ἴσχυσας μίαν ὥραν γρηγορῆσαι; ³⁸ γρηγορεῖτε καὶ προσεύχεσθε, ἵνα μὴ ἔλθητε εἰς πειρασμόν· τὸ μὲν πνεῦμα πρόθυμον ἢ δὲ σὰρξ ἀσθενής. (TOE kom hulle by ’n plek[kie] met die naam Getsemane, en Hy sê vir sy dissipels: Sit hier totdat Ek klaar gebid het. ³³ Hy neem toe vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom en het ontsteld en beangs begin word. ³⁴ Hy sê toe vir hulle: My siel is diep bedroef, tot die dood toe. Bly hier en waak. ³⁵ Hy het ’n entjie verder gegaan, op die grond neergeval en gebid dat, as	22:39–46 – Καὶ ἐξελθὼν ἐπορεύθη κατὰ τὸ ἔθος εἰς τὸ ὄρος τῶν ἐλαιῶν, ἠκολούθησαν δὲ αὐτῷ καὶ οἱ μαθηταί. ⁴⁰ γενόμενος δὲ ἐπὶ τοῦ τόπου εἶπεν αὐτοῖς· προσεύχεσθε μὴ εἰσελθεῖν εἰς πειρασμόν. ⁴¹ καὶ αὐτὸς ἀπεσπάσθη ἀπ’ αὐτῶν ὥσει λίθου βολὴν καὶ θεῖς τὰ γόνατα προσηύχετο ⁴² λέγων· πάτερ, εἰ βούλῃ παρένεγκε τοῦτο τὸ ποτήριον ἀπ’ ἐμοῦ· πλὴν μὴ τὸ θέλημά μου ἀλλὰ τὸ σὸν γινέσθω. ⁴³ ὥφθη δὲ αὐτῷ ἄγγελος ἀπ’ οὐρανοῦ ἐνισχύων αὐτόν. ⁴⁴ καὶ γενόμενος ἐν ἀγωνίᾳ ἐκτενέστερον προσηύχετο· καὶ ἐγένετο ὁ ἰδρὼς αὐτοῦ ὥσει θρόμβοι αἵματος καταβαίνοντες ἐπὶ τὴν γῆν. ⁴⁵ καὶ ἀναστὰς ἀπὸ τῆς προσευχῆς ἐλθὼν πρὸς τοὺς μαθητὰς εὔρεν κοιμωμένους αὐτοὺς ἀπὸ τῆς λύπης, ⁴⁶ καὶ εἶπεν αὐτοῖς· τί καθεύδετε; ἀναστάντες προσεύχεσθε, ἵνα μὴ εἰσέλθητε εἰς πειρασμόν. (Hy het vertrek en soos gewoonlik na die Olyfberg gegaan. En die dissipels het Hom gevolg. ⁴⁰ Toe Hy by die plek aankom, sê Hy vir hulle: Bid sodat julle nie in versoeking kom nie. ⁴¹ En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as ’n mens met ’n klip kan gooi, gekniel en gebid ⁴² en gesê: Vader, as U wil, neem tog hierdie beker weg van My Laat nogtans nie my wil nie, maar u

Matteus	Markus	Lukas
gegaan en op sy gesig neergeval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. ⁴⁰ Hy kom toe by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: Was julle nie in staat om een uur lank saam met My te waak nie? ⁴¹ Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.)	dit moontlik was, die uur by Hom moet verbygaan. ³⁶ Hy het gesmeek: Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik. Neem hierdie beker van My af weg; maar nie wat Ek wil nie, maar wat U wil. ³⁷ Hy kom toe en vind hulle aan die slaap en sê vir Petrus: Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie? ³⁸ Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.)	wil geskied! ⁴³ Daar het 'n engel uit die hemel aan Hom verskyn en Hom versterk. ⁴⁴ Hy het beangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword en het op die grond geval. ⁴⁵ Toe Hy na sy gebed opstaan, gaan Hy na sy dissipels en vind hulle van droefheid aan die slaap. ⁴⁶ En Hy het vir hulle gesê: Waarom slaap julle? Staen op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.)
Afleiding: Matteus fokus op Petrus eerder as op die dissipels. Twee redes kan hiervoor genoem word: Anders as Markus gebruik hy (Matteus)eerstens nie die naam Simon nie, en tweedens verwys hy eerder na die “seuns van Sebedeus” as wat hy hulle op hul name noem (soos Markus). Lukas verwys slegs na die dissipels (μαθητής). Jesus deel van sy diepste emosie met Petrus en hy vra hom om te waak (γρηγορέω) en te bid. Louw en Nida (1996:259) definieer γρηγορέω soos volg: “to remain awake because of the need to continue alert—to stay awake, to be watchful” (vgl. ook Danker, 2000:208). Dit is 'n spesiale versoek aan Petrus, maar hy is nie in staat om (een uur lank) te waak nie.		

Matteus	Markus	Lukas
26:57–58 – Οἱ δὲ κρατήσαντες τὸν Ἰησοῦν ἀπήγαγον πρὸς Καϊάφαν τὸν ἀρχιερέα, ὅπου οἱ γραμματεῖς καὶ οἱ πρεσβύτεροι συνήχθησαν. ⁵⁸ ὁ δὲ Πέτρος ἠκολούθει αὐτῷ ἀπὸ μακρόθεν ἕως τῆς αὐλῆς τοῦ ἀρχιερέως καὶ εἰσελθὼν ἔσω ἐκάθητο μετὰ τῶν ὑπηρετῶν ἰδεῖν τὸ τέλος. (Die wat Jesus gevange geneem het, het Hom weggelei na Kájafas, die hoëpriester, waar die skrifgeleerdes en die familie-oudstes vergader het. ⁵⁸ Petrus het Hom op 'n afstand gevolg tot in die voorhof van die hoëpriester. Hy het ingegaan en by die dienaars gaan sit om te sien wat die uiteinde sou wees.)	14:53–54 – Καὶ ἀπήγαγον τὸν Ἰησοῦν πρὸς τὸν ἀρχιερέα, καὶ συνέρχονται πάντες οἱ ἀρχιερεῖς καὶ οἱ πρεσβύτεροι καὶ οἱ γραμματεῖς. ⁵⁴ καὶ ὁ Πέτρος ἀπὸ μακρόθεν ἠκολούθησεν αὐτῷ ἕως ἔσω εἰς τὴν αὐλὴν τοῦ ἀρχιερέως καὶ ἦν συγκαθήμενος μετὰ τῶν ὑπηρετῶν καὶ θερμαινόμενος πρὸς τὸ φῶς. (Hulle het Jesus weggelei na die hoëpriester, en al die leierpriesters en die familie-oudstes en die skrifgeleerdes het daar bymekaargekom. ⁵⁴ Petrus het Hom op 'n afstand gevolg tot in die voorhof van die hoëpriester. Hy het saam met die dienaars gesit en hom by die vuur warm gemaak.)	22:54 – Συλλαβόντες δὲ αὐτὸν ἤγαγον καὶ εἰσήγαγον εἰς τὴν οἰκίαν τοῦ ἀρχιερέως· ὁ δὲ Πέτρος ἠκολούθει μακρόθεν. (Nadat hulle Hom gevange geneem het, het hulle Hom weggelei na die woning van die hoëpriester. Petrus het op 'n afstand gevolg.)
Afleiding: Matteus, Markus en Lukas is parallel aan mekaar met betrekking tot Petrus se optrede. Alhoewel Petrus vir Jesus verlaat en gevlug het nadat Hy gevange geneem is (Matt. 26:56), bly hy steeds naby (ἠκολούθει αὐτῷ ἀπὸ μακρόθεν – “gevolg op 'n afstand”) om te sien wat met Jesus gebeur. Dit beteken dat Petrus steeds besorg is oor Jesus, met ander woorde, dat hy (Petrus) as morele entrepreneur besorg is oor die Waardedraer (Jesus) en die waardesisteem.		
26:69–75 – Ὁ δὲ Πέτρος ἐκάθητο ἔξω ἐν τῇ αὐλῇ· καὶ προσῆλθεν αὐτῷ μία παιδίσκη λέγουσα· καὶ σὺ ἦσθα μετὰ Ἰησοῦ τοῦ Γαλιλαίου. ⁷⁰ ὁ δὲ ἠρνήσατο ἔμπροσθεν πάντων λέγων· οὐκ οἶδα τί λέγεις. ⁷¹ ἔξελθόντα δὲ εἰς τὸν πυλῶνα εἶδεν αὐτὸν ἄλλη καὶ λέγει τοῖς ἐκεῖ· οὗτος ἦν μετὰ Ἰησοῦ τοῦ Ναζωραίου. ⁷² καὶ πάλιν ἠρνήσατο μετὰ ὅρκου ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. ⁷³ μετὰ μικρὸν δὲ προσελθόντες οἱ ἐστῶτες εἶπον τῷ Πέτρῳ· ἀληθῶς καὶ σὺ ἐξ αὐτῶν εἶ, καὶ	14:66–72 – Καὶ ὄντος τοῦ Πέτρου κάτω ἐν τῇ αὐλῇ ἔρχεται μία τῶν παιδισκῶν τοῦ ἀρχιερέως ⁶⁷ καὶ ἰδοῦσα τὸν Πέτρον θερμαινόμενον ἐμβλέψασα αὐτῷ λέγει· καὶ σὺ μετὰ τοῦ Ναζαρηνοῦ ἦσθα τοῦ Ἰησοῦ. ⁶⁸ ὁ δὲ ἠρνήσατο λέγων· οὔτε οἶδα οὔτε ἐπίσταμαι σὺ τί λέγεις. καὶ ἐξῆλθεν ἔξω εἰς τὸ προαύλιον [καὶ ἀλέκτωρ ἐφώνησεν]. ⁶⁹ καὶ ἡ παιδίσκη ἰδοῦσα αὐτὸν ἤρξατο πάλιν λέγειν τοῖς παρεστῶσιν ὅτι οὗτος ἐξ αὐτῶν ἐστίν. ⁷⁰ ὁ δὲ πάλιν ἠρνεῖτο. καὶ μετὰ μικρὸν	22:55–62 – περιψάντων δὲ πῦρ ἐν μέσῳ τῆς αὐλῆς καὶ συγκαθισάντων ἐκάθητο ὁ Πέτρος μέσος αὐτῶν. ⁵⁶ ἰδοῦσα δὲ αὐτὸν παιδίσκη τις καθήμενον πρὸς τὸ φῶς καὶ ἀτενίσασα αὐτῷ εἶπεν· καὶ οὗτος σὺν αὐτῷ ἦν. ⁵⁷ ὁ δὲ ἠρνήσατο λέγων· οὐκ οἶδα αὐτόν, γύναι. ⁵⁸ καὶ μετὰ βραχὺ ἕτερος ἰδὼν αὐτὸν ἔφη· καὶ σὺ ἐξ αὐτῶν εἶ. ὁ δὲ Πέτρος ἔφη· ἄνθρωπε, οὐκ εἰμί. ⁵⁹ καὶ διαστάσης ὥσει ὥρας μιᾶς ἄλλος τις διῆχυρίζετο λέγων· ἐπ’ ἀληθείας καὶ οὗτος μετ’

Matteus	Markus	Lukas
γὰρ ἡ λαλιά σου δῆλόν σε ποιεῖ. ⁷⁴ τότε ἤρξατο καταθεματίζειν καὶ ὀμνύειν ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. καὶ εὐθέως ἀλέκτωρ ἐφώνησεν. ⁷⁵ καὶ ἐμνήσθη ὁ Πέτρος τοῦ ρήματος Ἰησοῦ εἰρηκότος ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι τρίς ἀπαρνῆση με· καὶ ἐξελθὼν ἔξω ἔκλαυσεν πικρῶς. (Petrus het buitekant gesit in die binnehof, en 'n sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: Jy was ook saam met Jesus, die Galileër! ⁷⁰ Maar hy het dit voor almal ontken: Ek weet nie waarvan jy praat nie. ⁷¹ En terwyl hy na die poort gaan, sien 'n ander diensmeisie hom en sê toe vir die wat daar was: Hierdie een was ook saam met Jesus, die Nasarener. ⁷² Weer het hy dit met 'n eed ontken: Ek ken die man nie. ⁷³ 'n Bietjie later het die wat daar was nader gekom en vir Petrus gesê: Jy is beslis ook een van hulle, want jou uitspraak verklap jou. ⁷⁴ Toe begin hy vloek en sweer: Ek ken die man nie. En onmiddellik het 'n haan gekraai, ⁷⁵ Toe het Petrus die woord[e] wat Jesus [vir hom] gesê het, onthou: Voordat 'n haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het na buite gegaan en bitterlik geweene.)	πάλιν οἱ παρεστῶτες ἔλεγον τῷ Πέτρῳ· ἀληθῶς ἐξ αὐτῶν εἶ, καὶ γὰρ Γαλιλαῖος εἶ. ⁷¹ ὁ δὲ ἤρξατο ἀναθεματίζειν καὶ ὀμνύναι ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον τοῦτον ὃν λέγετε. ⁷² καὶ εὐθὺς ἐκ δευτέρου ἀλέκτωρ ἐφώνησεν. καὶ ἀνεμνήσθη ὁ Πέτρος τὸ ρῆμα ὡς εἶπεν αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι δις τρίς με ἀπαρνῆση· καὶ ἐπιβαλὼν ἔκλαιεν. (Terwyl Petrus onder in die binnehof was, kom een van die diensmeisies van die hoëpriester, ⁶⁷ en toe sy vir Petrus sien, besig om homself warm te maak, kyk sy na hom en sê: Jy was ook by Jesus, die Nasarener. ⁶⁸ Maar hy het dit ontken en gesê: Ek weet nie en verstaan nie waarvan jy praat nie. Hy het buite toe, na die voorhof gegaan, en 'n haan het gekraai. ⁶⁹ Toe die diensmeisie hom sien, het sy weer vir die wat daar gestaan het begin sê: Hierdie man is een van hulle. ⁷⁰ Maar hy het dit weer ontken. 'n Bietjie later het die wat daar gestaan het, weer vir Petrus gesê: Sowaar, jy is een van hulle, want jy is ook 'n Galileër. ⁷¹ Toe begin hy vloek en sweer: Ek ken nie hierdie man van wie julle praat nie. ⁷² En onmiddellik het die haan 'n tweede keer gekraai. Toe het Petrus die woord[e] onthou wat Jesus vir hom gesê het: Voor 'n haan twee maal kraai, sal jy My drie keer verloën. En hy het begin huil.)	αὐτοῦ ἦν, καὶ γὰρ Γαλιλαῖος ἐστίν. ^{60ε} ἔπεν δὲ ὁ Πέτρος· ἄνθρωπε, οὐκ οἶδα ὃ λέγεις. καὶ παραχρῆμα ἔτι λαλοῦντος αὐτοῦ ἐφώνησεν ἀλέκτωρ. ⁶¹ καὶ στραφεὶς ὁ κύριος ἐνέβλεψεν τῷ Πέτρῳ, * καὶ ὑπεμνήσθη ὁ Πέτρος τοῦ ρήματος τοῦ κυρίου ὡς εἶπεν αὐτῷ ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι σήμερον ἀπαρνῆση με τρίς. ⁶² καὶ ἐξελθὼν ἔξω ἔκλαυσεν πικρῶς. (Hulle het 'n vuur in die middel van die voorhof gemaak en bymekaar gaan sit, met Petrus tussen hulle. ⁵⁶ 'n Diensmeisie het hom daar by die vuur sien sit en hom stip aangekyk en gesê: Hy was ook saam met Hom. ⁵⁷ Maar hy het dit ontken: Vrou, ek ken Hom nie. ⁵⁸ Kort daarna het iemand anders hom opgemerk en gesê: Jy is ook een van hulle. Maar Petrus sê: Man, ek is nie. ⁵⁹ Na ongeveer 'n uur het 'n ander een aangedring en gesê: Sowaar, hy was ook saam met Hom, hy is ook 'n Galileër. ⁶⁰ Maar Petrus sê: Man, ek weet nie waarvan jy praat nie. En onmiddellik, terwyl hy nog praat, het 'n haan gekraai. ⁶¹ Die Here het omgedraai en stip na Petrus gekyk, en Petrus het die woord[e] van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat 'n haan vandag kraai, sal jy My drie maal verloën. ⁶² En hy het na buite gegaan en bitterlik geweene.)

Afleiding: Matteus en Lukas volg vir Markus na met die loënverhaal. Petrus ontken drie keer dat hy vir Jesus ken ('n dissipel van Jesus is), maar nadat 'n haan gekraai het, het hy die woorde van Jesus onthou

Matteus	Markus	Lukas
dat hy Hom sal verloën. Jesus se voorspelling word bewaarheid dat Petrus sou ingee en sal struikel wanneer sake op die spits gedryf word (vgl. Matt. 26:31–35 hierbo). Hier kan die emosie van Petrus gesien word, want hy wys sy spyt deur bitterlik te huil daaroor. Petrus het waarskynlik gehuil omdat hy die Waardedraer (Jesus) ontken het nadat hy sterk standpunt ingeneem het dat hy bereid was om vir Jesus (of vir die waardesisteem) te sterf (Matt. 26:35). Matteus (ook Lukas) benadruk hierdie emosie met ἔκλαυσεν πικρῶς (“bitterlik geweet”) teenoor Markus se ἐπιβαλὼν ἑκκλαιεν (“begin huil”). Hagner (1993b:807) sê: “Peter does not rend his garments but he rends his heart.”		
28:1 – Ὅψὲ δὲ σαββάτων, τῇ ἐπιφωσκούσῃ εἰς μίαν σαββάτων ἦλθεν Μαριὰμ ἡ Μαγδαληνὴ καὶ ἡ ἄλλη Μαρία θεωρῆσαι τὸν τάφον. (Na die Sabbat teen dagbreek op die eerste dag van die week, het Maria Magdalena en die ander Maria gegaan om na die graf te kyk) Die opstandingsverhaal word verder deur Matteus uitgebrei met unieke detail, maar hy verwys geensins na die dissipels wat nie die vroue hieroor geglo het nie.	16:9–11 – Ἀναστὰς δὲ πρῶτῃ πρώτῃ σαββάτου ἐφάνη πρῶτον Μαρία τῇ Μαγδαληνῇ, παρ’ ἧς ἐκβεβλήκει ἑπτὰ δαιμόνια. ¹⁰ἐκείνη πορευθεῖσα ἀπήγγειλεν τοῖς μετ’ αὐτοῦ γενομένοις πενθοῦσι καὶ κλαίουσιν· ¹¹καὶ οἱ αὐτοὶ ἀκούσαντες ὅτι ζῇ καὶ ἐθεάθη ὑπ’ αὐτῆς ἠπίστησαν. (Nadat Hy vroeg, op die eerste dag van die week, opgestaan het, het Hy eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy [voorheen] sewe demone uitgedryf het. ¹⁰Sy het dit gaan vertel vir die wat by Hom was, terwyl hulle treur en huil. ¹¹Toe hulle hoor dat Hy leef en sy Hom gesien het, het hulle dit <i>nie geglo nie</i>.)	24:9–12 – Καὶ ὑποστρέψασαι ἀπὸ τοῦ μνημείου ἀπήγγειλαν ταῦτα πάντα τοῖς ἑνδεκα καὶ πᾶσιν τοῖς λοιποῖς. ¹⁰ἦσαν δὲ ἡ Μαγδαληνὴ Μαρία καὶ Ἰωάννα καὶ Μαρία ἡ Ἰακώβου καὶ αἱ λοιπαὶ σὺν αὐταῖς. ἔλεγον πρὸς τοὺς ἀποστόλους ταῦτα, ¹¹καὶ ἐφάνησαν ἐνώπιον αὐτῶν ὥσει λῆρος τὰ ῥήματα ταῦτα, καὶ ἠπίσταντο αὐταῖς. ¹²Ὁ δὲ Πέτρος ἀναστὰς ἔδραμεν ἐπὶ τὸ μνημεῖον καὶ παρακύψας βλέπει τὰ ὀθόνια μόνα, καὶ ἀπῆλθεν πρὸς ἐαυτὸν θαυμάζων τὸ γεγονός. (Hulle het toe van die graf af teruggedraai, en al hierdie dinge aan die elf en al die ander gaan vertel. ¹⁰Dit was Maria Magdalena en Johanna en Maria, die moeder van Jakobus, en die ander [vroue] saam met hulle. Hulle het hierdie dinge aan die apostels vertel, ¹¹maar hulle woorde het vir hulle na onsinige praatjies geklink, en hulle het hulle nie geglo nie. ¹²Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop. Toe hy vooroor buk, sien hy net die doeke. En hy het teruggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.)

Matteus	Markus	Lukas
Afleiding: Anders as Markus (16:11) en Lukas (24:11) verwys Matteus geensins na die dissipels wat nie die berig oor die opstanding van Jesus <i>geglo</i> het <i>nie</i> (ἀπιστέω). Dit is egter Lukas wat spesifiek verwys na Petrus wat opstaan en na die graf toe hardloop, waarskynlik om te sien of dit waar is (vir sekerheid) (Marshall, 1978:889; Nolland, 1998b:1192). Hy sê verder (Luk. 24:12) dat Petrus in verwondering (θαυμάζω) daaroor was. Louw & Nida (1996:311) verduidelik θαυμάζω soos volg: “to wonder or marvel at some event or object – to wonder, to be amazed, to marvel (whether the reaction is favorable or unfavorable depends on the context)”. Petrus het dus sekerheid gesoek oor die leë graf (en die sekerheid gekry), en was in verwondering oor wat gebeur het.		

Die persoonlikheidstrekke van Petrus wat uit hierdie sinoptiese vergelyking geïdentifiseer is, beskryf hom as 'n persoon met 'n sterk persoonlikheid. Dit stem ooreen daarmee dat sy naam met “rots” verbind word (Πέτρος-πέτρα-uitspraak in Tabel 2: *Vergelyking tussen die sinoptiese evangelies se hantering van Petrus as die eerste onder die dissipels*, p. 18). Hieruit kan standvastigheid, stabiliteit, uithouvermoë, ondersoekende ingesteldheid, leergierigheid, verantwoordelikheid, hardwerkendheid, respek vir gesag as persoonlikheidstrekke geïdentifiseer word. In teenstelling hiermee vertoon Petrus ook onoordeelkundigheid, kleingelowigheid en twyfel.

Die *Sondergut* van Matteus 16:17–19 en 14:28–32 stel veral vir Petrus voor as 'n morele entrepreneur. Soos reeds genoem, pak 'n entrepreneur riskante en ingewikkelde projekte aan en vir die morele entrepreneur is so 'n projek die ondersteuning van sosiale waardes. Petrus het by geleentheid so 'n sterk standpunt ingeneem dat hy selfs vir Jesus 'n σκάνδαλον was toe hy Hom probeer tereg wys het (16:22–23).

Verder stel Matteus Petrus voor as iemand met 'n ondersoekende geaardheid met die vrae wat hy Petrus laat vra in 15:15 en 18:21. Omdat hierdie vrae uniek is aan die Matteus-evangelie, benadruk Matteus Petrus se begeerte om beter te verstaan wat Jesus leer. Die afleiding kan gemaak word dat die leergierigheid van Petrus hom in staat sou stel om sosiale waardes behoorlik toe te pas en ander daarvan te oortuig. Wat dissipelskap betref, is die leergierigheid dus 'n belangrike persoonlikheidstrek. Verder tree Petrus tree dikwels as die woordvoerder van die dissipels op (Hagner,

1993b:436; Turner, 2008:382). In kombinasie met sy leergierigheid kan dit die rede wees waarom hy altyd die eerste reageer (Morris, 1992:397). Matteus stel dus hier 'n persoon voor met besondere leierseienskappe.

Petrus se impulsiwiteit⁹² is een van sy opvallendste persoonlikheidstrekke en die gedeelte wat meestal hieraan gekoppel word, is die *Sondergut* van 14:22–36. Volgens Matteus was dit reeds diep in die nag (τετάρτη δὲ φυλακῇ – die vierde nagwaak) (14:25) – toe Jesus op die water na hulle toe aangeloop gekom het. Die dissipels het gedink dis 'n spook (φάντασμα), maar Jesus het hulle gerusgestel met die woorde: θαρσεῖτε, ἐγὼ εἰμι· μὴ φοβεῖσθε (“Hou moed, dit is Ek, moenie bang wees nie”). Petrus kan as 'n teken van kleingelowigheid gesien word, want hy sê: κύριε, εἰ σὺ εἶ (“Here, as dit U is”) (Morris, 1992:383; Turner, 2008:373). Blomberg (1992:235) meen egter dat die gesag (mag) wat Jesus aan die dissipels gegee het om onreine geeste uit te dryf en siekes te genees (10:1, 8), hier voortgesit word en dat Petrus se bedoeling eerder is om te doen wat Jesus doen. Morris (1992:383) is ook van mening dat die sinskonstruksie (εἰ met die indikatief) realiteit suggereer. Dit is moeilik om met sekerheid te sê wat die motief vir Petrus se versoek was. Miskien was dit slegs impulsiwiteit om ook soos Jesus die “onmoontlike” te kon doen (Hagner, 1993b:424). Die reaksie van Petrus word moontlik die beste verwoord in die woorde van Carter (2000:311), wat sê: “Peter’s address is submissive yet daring. Though perhaps tinged with some doubt (**if/since it is you**) he calls Jesus **Lord**, recognizing that Jesus manifests and participates in God’s rule over all creation.”

Soos daar uit die voorafgaande tabelle afgelei kan word, het Matteus heelwat van hierdie persoonlikheidstrekke van Petrus “oorgeneem” uit die Markus-evangelie. Dit is egter duidelik dat Matteus dit dikwels benadruk (8:14, 15:15, 16:23, 19:27, 26: 36–41, 75), maar daar is ook enkele gevalle waar hy eienskappe van (Mark 9:6 weggelaat uit Matt 17:1–4) of verwysings na Petrus weglaat (Mark 11:21, 13:3, 14:3).

⁹² Gagnon, Dealman en McDuff (2013:166) sê: “Impulsivity has been defined as a predisposition toward reacting quickly and without planning to internal or external stimuli, with no thought to the consequences of these reactions for the impulsive individual or for others.”

3.7 Jesus ken Petrus se persoonlikheid

In die voorafgaande bespreking is daar na bewyse van Jesus se alwetendheid verwys. Tekste soos 16:21⁹³ en 26:21⁹⁴, wat bewaarheid is, dien as bevestiging daarvan. Die gebeure wat in Matteus 26:31–35 (“Petrus gewaarsku”) verhaal word en die realisering daarvan in 26:69–75 (“Jesus deur Petrus verloën”), is veral bewyse dat Jesus vir Petrus geken het. Dit word in Tabel 13 (p. 110) voorgestel.

⁹³ Matteus 16:21: Ἀπὸ τότε ἤρξατο ὁ Ἰησοῦς δεικνύειν τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ ὅτι δεῖ αὐτὸν εἰς Ἱεροσόλυμα ἀπελθεῖν καὶ πολλὰ παθεῖν ἀπὸ τῶν πρεσβυτέρων καὶ ἀρχιερέων καὶ γραμματέων καὶ ἀποκτανθῆναι καὶ τῇ τρίτῃ ἡμέρᾳ ἐγερθῆναι (“Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en baie moes ly deur die oudstes [familiehoofde], leierpriesters en skrifgeleerdes, en doodgemaak en op die derde dag opgewek moet word.”)

⁹⁴ Matteus 26:21: καὶ ἐσθιόντων αὐτῶν εἶπεν· ἀμὴν λέγω ὑμῖν ὅτι εἷς ἐξ ὑμῶν παραδώσει με (“Terwyl hulle geëet het, het Hy gesê: Amen, Ek sê vir julle: Een van julle sal My verraaï.”)

Tabel 13: Voorspellings in Matteus 26:31–35 en die vervulling daarvan

Voorspelling	Vervulling
26:31 – Τότε λέγει αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· πάντες ὑμεῖς σκανδαλισθήσεσθε ἐν ἐμοὶ ἐν τῇ νυκτὶ ταύτῃ, γέγραπται γάρ· <i>πατάξω τὸν ποιμένα, καὶ διασκορπισθήσονται τὰ πρόβατα τῆς ποιμένης.</i> (TOE sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag oor My struikel, want daar staan geskrywe: Ek sal die herder neerfel, en die skape van die kudde sal uitmekaar gejaag word.)	26:56 – τοῦτο δὲ ὅλον γέγονεν ἵνα πληρωθῶσιν αἱ γραφαὶ τῶν προφητῶν. Τότε οἱ μαθηταὶ πάντες ἀφέντες αὐτὸν ἔφυγον. (Maar dit alles het gebeur, sodat die Skrifte van die profete vervul sou word. Toe het al die dissipels Hom verlaat en gevlug.)
26:32 – μετὰ δὲ τὸ ἐγερθῆναί με προάξω ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν. (Maar nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit na Galilea gaan.)	28:6–7 – οὐκ ἔστιν ὧδε, ἡγέρθη γὰρ καθὼς εἶπεν· δεῦτε ἴδετε τὸν τόπον ὅπου ἔκειτο. ⁷ καὶ ταχὺ πορευθεῖσαι εἶπατε τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ ὅτι ἡγέρθη ἀπὸ τῶν νεκρῶν, καὶ ἰδοὺ προάγει ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν, ἐκεῖ αὐτὸν ὄψεσθε· ἰδοὺ εἶπον ὑμῖν. (Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het; ⁷en haas julle, en gaan sê vir sy dissipels: Hy is opgewek uit die dood. Kyk, Hy gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien. Dit het Hy vir julle gesê.)
26:33–35 – ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· εἰ πάντες σκανδαλισθήσονται ἐν σοί, ἐγὼ οὐδέποτε σκανδαλισθήσομαι. ³⁴ ἔφη αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἀμὴν λέγω σοι ὅτι ἐν ταύτῃ τῇ νυκτὶ πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι τρὶς ἀπαρνήσῃ με. ³⁵ λέγει αὐτῷ ὁ Πέτρος· κἂν δέῃ με σὺν σοὶ ἀποθανεῖν, οὐ μὴ σε ἀπαρνήσομαι. ὁμοίως καὶ πάντες οἱ μαθηταὶ εἶπαν. (³³ Petrus het egter vir Hom gesê: Al sal almal oor U struikel, ek sal nooit struikel nie. ³⁴ Jesus het hom geantwoord: Amen, Ek sê vir jou, jy sal My in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, drie maal verloën. ³⁵ Petrus sê toe vir Hom: Al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie! Al die dissipels het dieselfde gesê.)	26:70 – ὁ δὲ ἡρνήσατο ἔμπροσθεν πάντων λέγων· οὐκ οἶδα τί λέγεις. (⁷⁰ Maar hy het dit voor almal ontken: Ek weet nie waarvan jy praat nie.) 26:72 – καὶ πάλιν ἡρνήσατο μετὰ ὅρκου ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. (Weer het hy dit met 'n eed ontken: Ek ken die man nie.) 26:74 – τότε ἤρξατο καταθεματίζειν καὶ ὀμνύειν ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. καὶ εὐθέως ἀλέκτωρ ἐφώνησεν. (Toe begin hy vloek en sweer: Ek ken die man nie. En onmiddelik het 'n haan gekraai.) 26:75 – καὶ ἐμνήσθη ὁ Πέτρος τοῦ ῥήματος Ἰησοῦ εἰρηκότος ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι τρὶς ἀπαρνήσῃ με· καὶ ἐξελθὼν ἔξω ἔκλαυσεν πικρῶς.

Voorspelling	Vervulling
	(Toe het Petrus die woord[e] wat Jesus [vir hom] gesê het, onthou : Voordat 'n haan kraai , sal jy My drie maal verloën . En hy het na buite gegaan en bitterlik geween.)
Afleiding: In hierdie enkele voorspellingstekste van Jesus is die woordelike ooreenkomste met die vervullingstekste noemenswaardig. Die dissipels vlug toe Jesus gevange geneem is, Hy word opgewek uit die dood en Hy gaan na Galilea, net soos Hy voorspel het. Dit gee alreeds aan Jesus die gesag en geloofwaardigheid dat Hy die toekoms ken. Die detail in die voorspellings met betrekking tot Petrus is merkwaardig. Nie net voorspel Jesus dat Petrus Hom sal verloën nie, maar Hy voorspel spesifiek dat, eerstens, ἐν ταύτῃ τῇ νυκτὶ (“in hierdie nag”), tweedens, πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι (“voordat 'n haan kraai”), en derdens, sal hy Hom τρίς ἀπαρνῆσῃ (“drie keer verloën”). Jesus begin met ἀμὴν λέγω σοι, wat volgens Hagner (1993b:777) 'n “gewigtige formule” (“weighty formula”) is. Danker (2000:53) definieer die ἀμὴν as “strong affirmation of what is stated”. Jesus maak dus met (absolute) sekerheid hierdie gedetailleerde voorspelling wat inderdaad later bewaarheid is. Indien Jesus die detail van Petrus se optrede so merkwaardig korrek voorspel het, beteken dit dat Hy Petrus se persoonlikheid ook in detail geken het.	

Daar kan gesê word dat Jesus vir Petrus as een van sy dissipels so goed leer ken het dat Hy uiteindelik ook sy persoonlikheid geken het. Die gedetailleerde voorspellings en vervullings, met ander woorde Jesus se alwetendheid, sê egter eerder dat Hy vir Petrus geken het voordat Hy hom as dissipel geroep het. Hoe goed God sy kinders ken, kan ook aangetoon word uit sy uitsprake oor Jeremia en Jesaja word, en uit die getuienis van Paulus.

Jeremia 1:5 lui: Πρὸ τοῦ με πλάσαι σε ἐν κοιλίᾳ ἐπίσταμαί σε καὶ πρὸ τοῦ σε ἐξελεῖν ἐκ μήτρας ἡγίακά σε, προφήτην εἰς ἔθνη τέθεικά σε (“Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken (ἐπίσταμαί); en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak”). Alhoewel daar in hierdie teks na die profeet Jeremia verwys word, kan daar hierdie woorde ook op Petrus toegepas word. Huey (1993:50) sê die volgende oor hierdie vers: “Those who believe in God’s sovereignty are not troubled by these words, which clearly teach that God has the right as Creator to do whatever he desires with our lives.”

Die konteks van Jeremia 1:5 toon dat God altyd 'n “paar tree voor is” (Vosloo & van Rensburg, 1999:841). Voordat die profeet 'n verskoning (1:6) vir sy roeping kan aanbied, dat hy te “jonk” is en “nie kan praat nie”, word hy gerusgestel met hierdie woorde dat God hom geken⁹⁵ het voor sy konsepsie en dat God hom voor sy geboorte geroep het om 'n profeet te wees. Craigie (1998:10) sê: “... the initial divine words to Jeremiah seem to present him with a *fait accompli*: he was set aside before he was born.” Hy (Craigie, 1998:10) vervolg dat die dialoog so dinamies is dat daar 'n oorweldigende ondertoon is wat God se doelwit vir Jeremia beskryf en dit is om profeet vir die volk te wees. Alhoewel die profeet egter steeds die keuse gehad om die roeping op te volg al dan nie, is dit ook duidelik dat hy slegs die betekenis van sy geboorte en bestaan in sy die roeping kon ontdek. Hierdie tema van roeping voor of van geboorte af, of van die moederskoot af, kom verder ook voor in Jesaja 49:1 en 5: μου ἐκάλεσεν (“die een wat die Here geroep het”) (49:1), is ὁ πλάσας με ἐκ κοιλίας δοῦλον ἐαυτοῦ (“geformeer” van die moederskoot af “om sy Knecht te wees” (49:5) (vgl. ook Psalm 22:10; 58:3; 70:6; 103:14).

Die apostel Paulus is ook oortuig van hierdie siening en kommunikeer dit aan die gemeente in Galasië (Galasiërs 1:15–16): Ὅτε δὲ εὐδόκησεν [ὁ θεὸς] ὁ ἀφορίσας με ἐκ κοιλίας μητρός μου καὶ καλέσας διὰ τῆς χάριτος αὐτοῦ ¹⁶ ἀποκαλύψει τὸν υἱὸν αὐτοῦ ἐν ἐμοί, ἵνα εὐαγγελίζωμαι αὐτὸν ἐν τοῖς ἔθνεσιν, εὐθέως οὐ προσανεθέμην σαρκὶ καὶ αἵματι (“Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie”). Hy beskryf dus sy geboorte in die konteks van sy profetiese roeping en die basis hiervan is God se behae (εὐδόκησεν), afsondering (ἀφορίσας) en roeping (καλέσας) (Longenecker, 1990:30; Malina & Pilch, 2006:188; vgl. Bruce, 2002:92; Hendriksen, 1995:52–53). Daar kan dus gesê word dat God ook vir Paulus geken het voordat Hy hom geroep het en selfs voordat hy in die moederskoot verweef was.

⁹⁵ Newman en Stine (2003:28) sê: “Scholars agree that the Hebrew word translated **knew** covers a much larger area of meaning than that of intellectual knowledge. When used of human beings it refers to the closest relationship possible; and when God is subject it describes his complete understanding of the total person as a thinking, willing, and feeling being.”

Dieselfde kan ook van Petrus gesê word. Indien die soewereiniteit van God aanvaar word, beteken dit dat Jesus, as God, hom geken het voordat Hy hom geroep het. Jesus het geweet hoedat God (Skepper) vir Petrus geformeer het en het daarom geweet watter tipe persoonlikheid hy (Petrus) gehad het. Met die navorsing in gedagte dat temperament aangebore of geneties is en met verloop van tyd konstant bly (Goldsmith *et al.*, 1987:507; Strydom, 2006:109), word die gevolgtrekking van Goldsmith *et al.* (1987:107), wat sê dat temperament beskryf kan word as 'n wet wat God self in elke individu se hart geskryf het, versterk. Dit beteken dat Petrus se temperament, wat bepalend is vir sy persoonlikheid, deur God geformeer is. Omdat Jesus Petrus se persoonlikheid geken het, was dit ook vir hom *fait accompli*: Petrus is doelgerig met sy persoonlikheid gekies en die basis hiervan is God se behae (εὐδοκέω), afsondering (ἀφορίζω) en roeping (καλέω) in sy koninkryk.

3.8 Gevolgtrekking

Daar kan nou 'n gevolgtrekking gemaak word met betrekking tot Petrus se persoonlikheid as deel van sy prominensie in die Matteus-evangelie.

Uit die bestaande navorsing is aangetoon dat temperament by elke mens aangebore is en dat dit die basis is waaruit karakter ontwikkel. Karakter is weer 'n komponent van persoonlikheid. Temperament is dus geneties, karakter is wie 'n persoon waarlik (in sy hart) is en persoonlikheid is dit wat 'n persoon voorhou om te wees in die omgewing waarin die persoon hom bevind.

Alhoewel daar min gesê kan word van Petrus se onderrig in sy kinderjare wil dit voorkom of hy gevorm is deur sy ouers en die gemeenskappe en gebeure in en om Betsaida en Kapernaum. Dit beteken dat Petrus goed tweetalig was en blootgestel is aan die Hellenistiese kultuur. Petrus was egter ook getrou aan die Joodse tradisie en kultuur (Hand. 10:14; 11:8) en uit argeologiese opgrawings blyk dit dat sy huis in Kapernaum langs die sinagoge was.

Petrus se kinderjare is waarskynlik gekenmerk deur armoede in 'n sukkelende vissersbedryf en hy moes sy vader van jongs af help met visvang. Dit was 'n werk wat vir

24 uur per dag kon duur ten midde van moeilike weersomstandighede en swaar vragte in nette. Om 'n visserman te wees, was dus 'n nederige en harde werk wat geduld, deursettingsvermoë en samewerking gevra het. Hierdie hardwerkendheid en deursettingsvermoë word bevestig in die woorde van Lukas 5:5 wat sê: "... ons het die hele nag geswoeg..."

Die radikale optrede ("dadelik"; "alles verlaat") van Petrus (en die ander dissipels) in die roepingsverhale was ontwrigtend en moet groot ekonomiese en sosiale implikasies op sy lewe gehad het. Sy optrede is 'n bewys van gehoorsaamheid, want daar word nie gemeld dat die nette eers uit die see opgetrek is nie. Die ekonomiese en sosiale implikasies was nie vir Petrus belangriker as gehoorsaamheid nie. Petrus en die ander dissipels het dus reageer op Jesus se geloofwaardigheid en gesag. Dit kan veral in Lukas se weergawe gesien word (5:5): die realiteit is dat hulle al die hele nag geswoeg het en niks gevang het nie maar op Jesus se woord laat hy / hulle weer die net sak. Hierdie gehoorsaamheid is beloon met 'n groot vangs en Petrus was so oorweldig daardeur dat verbaasdheid hom aangegryp het en hy op sy knieë neergeval het om vir Jesus te aanbid.

Uit die *Sondergut* in Matteus, is Petrus se impulsiwiteit die kenmerkendste van sy persoonlikheidstrekke. Die beste voorbeeld hiervoor is die geleentheid toe Jesus na die dissipels toe geloop het op die see (Matt. 14:22–36). Verder is dit veral Matteus 16:13–19 wat 'n waardevolle bydrae lewer het in die identifisering van persoonlikheidstrekke. Petrus het vrymoedigheid om te praat, hy openbaar ook leierseienskappe en hy moet besonder welsprekendheid gewees het omdat hy as die dissipels se woordvoerder opgetree het. Uit sy naam (Petrus – rots) is persoonlikheidstrekke van standvastigheid, stabiliteit en uithouvermoë geïdentifiseer.

Petrus tree veral op as 'n morele entrepreneur omdat hy riskante en ingewikkelde sosiale waardes ondersteun het en daaroor standpunt ingeneem het. Hy kon so 'n sterk standpunt inneem dat hy by geleentheid selfs sy eie Leermeester bestraf het; daarvoor word hy egter gelyk gestel aan Satan. Hy is ook bereid om sy lewe op die spel te plaas vir Jesus (Matt. 26:35). Sy vinnige geaardheid laat hom na die swaard gryp om sy

Meester te beskerm en hy kap Malgus se oor af. Nadat Jesus gevange geneem is, het die situasie egter vinnig verander, want almal het gevlug en skielik is Petrus nie meer die morele entrepreneur nie. Dit word nog duideliker toe hy drie keer vir Jesus ontken en Hom só verloën.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die vooropstelling van Petrus se persoonlikheid, met sy impulsiwiteit, hardwerkendheid, nederigheid, inisiatief, ondersoekende ingesteldheid, leergierigheid en sterk standpunte wat hy ingeneem het, 'n rede vir sy prominensie in die Matteus-evangelie is.

Daar is ook gepoog om Petrus se prominensie ten opsigte van sy persoonlikheid, aan Jeremia 1:5 te verbind. Indien die soewereiniteit van God aanvaar word, beteken dit dat Jesus, as God, hom geken het voordat Hy hom geroep het. Jesus het geweet hoedat Petrus geformeer is en het daarom geweet watter tipe temperament hy gehad het. Vir Petrus was dit *fait accompli*: Hy is doelgerig met sy persoonlikheid gekies om in te pas in God se plan met Jesus Christus en die wêreld.

Die finale gevolgtrekking word dus gemaak dat Matteus nie doelbewus vir Petrus prominent voorgestel het om teen Paulus te reageer nie maar dat sy persoonlikheid 'n rede vir sy prominensie was.

Hoofstuk 4

Matteus se bronne as rede vir die prominensie van Petrus in die Matteus-evangelie

4.1 Inleiding

Die skrywer van die Lukas-evangelie noem dat hy alles van voor af noukeurig ondersoek (παρηκολουθηκότι ἄνωθεν πᾶσιν ἀκριβῶς) (Luk. 1:3) het voordat hy die evangelie neergepen het. Hy sê dat die getuienis aangaande die “Woord” aan “ons” (ἡμῖν) oorgelewer is. Dit suggereer dat Lukas van bronne gebruik gemaak het. Die skrywer van die Matteus-evangelie was eweneens aangewese op mondelinge oorlewering, maar hy het ook skriftelike bronne tot sy beskikking gehad. Moontlik kon hy ook uit sy eie ervaring put.

Heelwat navorsing is reeds gedoen oor Matteus se bronne en baie is daarvoor geskryf (Blomberg, 1992:37–40; Hagner, 1993a:xivii–l; Luz, 2007b:41–44, 1990:19–21; Nolland, 2005:4–11), maar in hierdie studie is die vooronderstelling, soos wat in Hoofstuk 1 gestel is⁹⁶, dat Matteus die Markus-evangelie en die Q-bron as bronne gebruik het. Die doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel hoe Matteus die bronne gebruik het in sy uitbeelding van Petrus. Gedeeltes uit Markus en Q wat op Petrus betrekking het en wat deur Matteus gebruik is, sal dus geïdentifiseer word. Daar sal vasgestel word watter redaksionele tegnieke Matteus toegepas het in die gebruik van sy bronne, byvoorbeeld byvoegings of weglatings. Verder sal daar vasgestel word of die manier waarop Matteus die bronne gebruik het daartoe bygedra het om moontlike prominensie aan Petrus te verleen. Nog ’n vraag is of die uitbeelding van ’n prominente Petrus uniek aan Matteus is. Daar moet verder ondersoek word of die moontlike prominensie ’n positiewe uitbeelding van die dissipel bevorder of hom diskrediteer.

⁹⁶ Kyk 1.2 *Probleemstelling* (p. 6).

Die ondersoek word steeds gedoen in die konteks van die sentrale teoretiese argument dat die moontlike prominensie van Petrus bedoel is hom voor te hou as 'n voorbeeld (pro-tipe) vir dissipelskap en nie as 'n reaksie teen Paulus nie.

Die bronhipotese wat vir hierdie studie aanvaar word, word nou kortliks verduidelik en gemotiveer.

4.2 Matteus se gebruik van bronne

Indien daar aanvaar word dat Matteus bronne gebruik het vir die samestelling van die evangelie, is dit belangrik om kortliks die bronhipotese te verduidelik wat vir hierdie studie aanvaar word. 'n Bronhipotese vir die eerste drie evangelies impliseer noodwendig die sinoptiese vraagstuk⁹⁷. Burkett (2004:1) skryf dat die sinoptiese vraagstuk 'n onopgeloste saak bly in navorsing oor die evangelies. Omdat daar soveel ooreenkomste tussen die sinoptiese evangelies is (veral met betrekking tot die woordorde), word die aanname gemaak dat hulle interafhanklik van mekaar of interafhanklik van bronne is (Luz, 2007b:41–44). Die verskillende teorieë vir die gebruik van die bronne, bring mee dat daar aanvaar word een van hierdie evangelies die eerste of oudste is en dat die ander twee afhanklik is van die eerste of oudste.

'n Vergelyking tussen die sinoptiese evangelies wys dat daar 'n literêre verband of verhouding tussen hulle bestaan, met ander woorde dat een of meer van die evangelieskrywers die ander se werk gebruik het. Verskeie redes kan vir hierdie gevolgtrekking aangevoer word, maar slegs enkele word genoem:

- Die sinoptiese evangelies toon 'n hoë frekwensie van woordelike ooreenkomste wat veral in die Grieks sigbaar is (kyk Tabel 14: *Woordelike ooreenkoms tussen Matteus 3:7–10 en Lukas 3:7–9*, p. 119).

⁹⁷ Tuckett (1992:263) beskryf die sinoptiese vraagstuk en sê dat die eerste drie evangelies bekend staan as die sinoptiese evangelies omdat daar soveel ooreenkomste is wat parallel met mekaar vergelyk kan word. Die rede hiervoor is juis dat groot gedeeltes van die gegewens en volgorde ooreenkom in die drie evangelies. Dit lyk dus of daar 'n verband is tussen die sinoptiese evangelies en hy sê daaroor: "The three Synoptic Gospels are thus in some relationship with each other, and the problem of determining the nature of that relationship is known as the synoptic problem."

- Matteus en Markus se gegewens volg ook dieselfde orde op makrovlak⁹⁸, dit wil sê die kronologie kom ooreen. Met sekere gedeeltes word die orde selfs op mikrovlak gevolg (Matt. 4:18 – Mark. 1:16; Matt. 16:13–16 – Mark. 8:27–29; Matt. 26:69–75 – Mark. 14:66–72). Lukas kan hier bygevoeg word, veral as daar na Petrus as die eerste (πρῶτος) dissipel verwys word⁹⁹. In hierdie opsig verskil die Johannes-evangelie (1:40) van die ander evangelies, veral op mikrovlak, en Andreas word eerste genoem: Ἦν Ἀνδρέας ὁ ἀδελφὸς Σίμωνος Πέτρου εἷς ἐκ τῶν δύο τῶν ἀκουσάντων παρὰ Ἰωάννου καὶ ἀκολουθησάντων αὐτῷ· (“Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat gehoor het wat Johannes sê en Hom [Jesus] gevolg het”). ’n Vergelyking kan ook gemaak word tussen die gebruik van die soort net, ἀμφίβληστρον in Matteus 4:18, en die werkwoord ἀμφιβάλλοντας in Markus 1:16.
- In die geval van die roeping van Levi, kan ’n ooreenkoms waargeneem word tussen Lukas 5:27 (Καὶ μετὰ ταῦτα ἐξῆλθεν καὶ ἐθεάσατο τελώνην ὀνόματι Λεὺν καθήμενον ἐπὶ τὸ τελώνιον, καὶ εἶπεν αὐτῷ· ἀκολούθει μοι – “Hierna het Hy uitgegaan en ’n tollenaar met die naam van Levi by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: Volg My!”), Markus 2:14 (Καὶ παράγων εἶδεν Λεὺν τὸν τοῦ Ἀλφαίου καθήμενον ἐπὶ τὸ τελώνιον, καὶ λέγει αὐτῷ· ἀκολούθει μοι. καὶ ἀναστὰς ἠκολούθησεν αὐτῷ – “En in die verbygaan, sien Hy Levi, die seun van Alfeus, by die tolhuis sit en sê vir hom: Volg My! En hy het opgestaan en Hom gevolg”) en Matteus 9:9 (Καὶ παράγων ὁ Ἰησοῦς ἐκεῖθεν εἶδεν ἄνθρωπον καθήμενον ἐπὶ τὸ τελώνιον, Μαθθαῖον λεγόμενον, καὶ λέγει αὐτῷ· ἀκολούθει μοι. καὶ ἀναστὰς ἠκολούθησεν αὐτῷ (“Toe Jesus van daar af verder gaan, sien Hy ’n man met die naam van Matteus by die tolhuis sit en sê vir hom: Volg My! En hy het opgestaan en Hom gevolg”).

⁹⁸ *Makrovlak* verwys na die groter geheel van elke evangelie en *mikrovlak* verwys na die perikope, sinsnedes en woorde.

⁹⁹ Alhoewel slegs Matteus die woord πρῶτος gebruik (10:2), word Petrus se naam ook eerste genoem in Markus (3:16) en Lukas (6:14).

- Laastens kan die merkwaardige ooreenkoms tussen Matteus 3:7–10 en Lukas 3:7–9 ook genoem word in die beskrywing van mense wat na Johannes die Doper gekom het (Tabel 14, p. 119).

Tabel 14: Woordelikse ooreenkoms tussen Matteus 3:7–10 en Lukas 3:7–9

Matteus 3:7–10	Lukas 3:7–9
Ἰδὼν δὲ πολλοὺς τῶν Φαρισαίων καὶ Σαδδουκαίων ἐρχομένους ἐπὶ τὸ βάπτισμα αὐτοῦ εἶπεν αὐτοῖς· γεννήματα ἐχιδνῶν, τίς ὑπέδειξεν ὑμῖν φυγεῖν ἀπὸ τῆς μελλούσης ὀργῆς; ⁸ ποιήσατε οὖν καρπὸν ἄξιον τῆς μετανοίας ⁹ καὶ μὴ δόξητε λέγειν ἐν ἑαυτοῖς· πατέρα ἔχομεν τὸν Ἀβραάμ. λέγω γὰρ ὑμῖν ὅτι δύνатаи ὁ θεὸς ἐκ τῶν λίθων τούτων ἐγεῖραι τέκνα τῷ Ἀβραάμ. ¹⁰ ἤδη δὲ ἡ ἀξίνη πρὸς τὴν ῥίζαν τῶν δένδρων κεῖται· πᾶν οὖν δένδρον μὴ ποιοῦν καρπὸν καλὸν ἐκκόπτεται καὶ εἰς πῦρ βάλλεται. (Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? ⁸ Dra dan vrugte wat by die bekering pas. ⁹ En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek. ¹⁰ Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi)	Ἔλεγεν οὖν τοῖς ἐκπορευομένοις ὄχλοις βαπτισθῆναι ὑπ’ αὐτοῦ· γεννήματα ἐχιδνῶν, τίς ὑπέδειξεν ὑμῖν φυγεῖν ἀπὸ τῆς μελλούσης ὀργῆς; ⁸ ποιήσατε οὖν καρποὺς ἀξίους τῆς μετανοίας καὶ μὴ ἄρξησθε λέγειν ἐν ἑαυτοῖς· πατέρα ἔχομεν τὸν Ἀβραάμ. λέγω γὰρ ὑμῖν ὅτι δύνатаи ὁ θεὸς ἐκ τῶν λίθων τούτων ἐγεῖραι τέκνα τῷ Ἀβραάμ. ⁹ ἤδη δὲ καὶ ἡ ἀξίνη πρὸς τὴν ῥίζαν τῶν δένδρων κεῖται· πᾶν οὖν δένδρον μὴ ποιοῦν καρπὸν καλὸν ἐκκόπτεται καὶ εἰς πῦρ βάλλεται. (Toe sê hy vir die skare wat uitgegaan het om deur hom gedoop te word: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? ⁸ Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek. ⁹ Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom dan wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi)

Die afleiding kan dus gemaak word dat daar ’n literêre verhouding tussen die eerste drie evangelies bestaan. Daar kan egter nie uit die vergelyking van Matteus met die evangelies gesê word watter een die oorspronklike bron was nie.

Tuckett (1992:263) meen dat daar drie oplossings in die geskiedenis van navorsing oor die sinoptiese vraagstuk voorgestel is:

- Die ooreenkomste tussen die evangelies is die gevolg van die afhanklikheid van mondelinge bronne.

- Die evangelies in hul huidige vorm is afhanklik van vroeëre (proto-) evangelies.
- Die drie evangelies hou direk verband met mekaar en die ooreenkomste is die gevolg van een (of meer) evangelieskrywers wat mekaar se werke gebruik het.

Wat die gebruik van bronne betref, is daar teorieë vir Matteaanse prioriteit, Markaanse prioriteit en Lukaanse prioriteit (Burkett, 2004:1).

Die bronhipotese wat egter deur die meeste navorsers aanvaar word, is die sogenaamde “twee-bron-hipotese”¹⁰⁰ (Blomberg, 1992:37–40; Hagner, 1993a:xivii–l; Luz, 2007b:18–19, 41–44, 1990:19–21, Nolland, 2005:4–11; Verheyden (2015:9). Met hierdie hipotese word aanvaar dat Markus as bron gedien het vir Matteus én Lukas met betrekking tot die parallelle materiaal in hierdie drie evangelies (Kloppenborg, 2008:5). Daar word ook verder aanvaar dat die materiaal wat eie aan Matteus en Lukas is, afkomstig is van ’n verlore bron, die sogenaamde Q-bron (“Sayings Source”). In hierdie studie word die twee-bron-hipotese as vertrekpunt geneem; daarom word daar aanvaar dat Matteus van Markus en Q gebruik gemaak het. Die meeste redaksiekritiek sou waardeloos wees indien die twee-bron-hipotese verwerp word. Luz (2007b:18–19) sê:

Those who want to question the theory must refute much of the redaction-critical research on the Synoptics since 1945—a truly bold undertaking that seems to me to be neither necessary nor possible. In view of the understanding gained from redaction not only for Matthew’s own contribution to the formation of the tradition, it would be foolish to abandon the two-source-theory simply because there are remaining (marginal) uncertainties.

¹⁰⁰ Volgens Boismard (1992:680) is die gedagte van ’n proto-evangelie (ook genoem “Ur-evangelie”) afkomstig van G.E. Lessing en dit kom uit ’n werk wat reeds in 1784 gepubliseer is. Die voorstel is gemaak dat die evangelie in Aramees geskryf is, kort na Christus se dood en dat dit in Grieks vertaal is. Hy (Boismard, 1992:679) sê verder dat C.H. Weisse hierdie voorstel vereenvoudig het om hierdie proto-evangelie as die Markus-evangelie te identifiseer en so het die twee-bron-hipotese tot stand gekom. Die hipotese kan opgesom word in drie vooronderstellings: (a) in die dele waarin Matteus, Markus en Lukas ooreenstem, word aangeneem dat Matteus en Lukas afhanklik was van Markus, (b) met die parallelle gedeeltes tussen Matteus en Lukas word aangeneem dat hierdie twee evangelieskrywers afhanklik was van ’n tweede bron wat die Q-bron genoem word (Quelle is Duits vir “bron”) en wat bestaan het uit *logia*, en (c) waar Matteus en Lukas onafhanklik van mekaar is, word aangeneem dat albei die skrywers ’n eie of unieke bron gehad het.

Hy voeg verder by dat die twee-bron-hipotese die beste verduideliking kan gee vir die sinoptiese vraagstuk. Die gevolgtrekking uit 'n onlangse werk van Verheyden (2015:9) is ook noemenswaardig in hierdie opsig:

Matthew has worked with Mark and with Q to compose his Gospel, and he has continued to do so all through his Gospel, or almost so, up to and including chapter 25. Throughout, Mark constitutes the backbone of the narrative, in part because Q offers nothing in this respect. But the second source adds flesh to the bones, and does so abundantly.

Met hierdie vooronderstelling is die fokus dus op die manier hoe Matteus sy bronne gebruik het en daar word aanvaar dat dit Markus, die Q-bron en 'n bron of bronne eie aan Matteus was. Die materiaal wat uniek of eie aan Matteus is, genoem *Sondergut*, word later (Hoofstuk 5, p. 167) vollediger bespreek.

Daar is reeds melding gemaak van die moontlikheid dat Matteus die Petrus-prominensie uit die Markus-evangelie oorgeneem het en daarom is Markus se voorstelling van Petrus relevant vir hierdie studie. Die Markaanse prioriteit impliseer dat die Evangelie volgens Markus die eerste geskrewe evangelie was omdat Markus (as die moontlike outeur) 'n evangelie geskryf het na aanleiding van Petrus se prediking en dus nie van Matteus afhanklik kon gewees het nie (Achte-meier, 1992:542). Soos reeds genoem, aanvaar baie navorsers dus dat Matteus en Lukas albei die korter Markus-weergawe van die evangelie as 'n bron gebruik het (Carson, Moo & Morris, 1992:32–33; Stanton, 1993:28–32). Osborne (1988:1664) gaan selfs so ver om te sê dat Markus die “Evangelie van Petrus” neergeskryf het. Eusebius (1904, c1890:273) beweer dat die tweede evangelie deur Markus geskryf is:

... Mark... composed it according to the instructions of Peter, who in his Catholic epistle acknowledges him as a son, saying, ‘The church that is at Babylon elected together with you, saluteth you, and so doth Marcus, my son.

Volgens Eusebius (1904, c1890:173) is hierdie tradisie van Papias¹⁰¹ oorgeneem en sou Markus dus onder die invloed van Petrus geskryf het (Van Eck, 2000:975; vgl. ook Vander Broek, 1983:9). Navorsers heg egter min waarde aan Papias se stelling (Donfried, 1992:254–255). Utley (2001) gee sy onlangse kommentaar op Markus en 1 en 2 Petrus die titel *The Gospel according to Peter*. Dit is dus duidelik dat heelwat navorsers ’n verbintenis tussen Markus en Petrus raaksien.

Die inhoud van Matteus en Markus stem dikwels ooreen en heelwat navorsers aanvaar dat Markus ’n primêre bron vir Matteus was¹⁰² (Doole, 2013:24; Luz, 2007b:19–21; Streeter, 1924:151–152). Sim (2011:176–192) skryf oor Matteus se gebruik van Markus en kom egter tot die volgende gevolgtrekking:

While he [Matthew] took over Mark’s Gospel genre and a large percentage of the Marcan content, Matthew’s redaction and expansion of Mark reveal his deep dissatisfaction with that text. Mark was too short. It lacked details about Jesus’ birth and resurrection and it did not adequately represent the teachings of Jesus.

Sim (2011:192) meen dat die Pauliniese kenmerke in die Markus-evangelie vir Matteus kommerwekkend was en sê: “[Matthew]... took great pains to edit or omit them”. Sim (1998:92–107, 2007:325–343, 2009:418) het in navolging van Brandon (1978:231–234) die standpunt verdedig dat Matteus anti-Paulinies¹⁰³ geskryf het en dat hy (Matteus) onder andere die materiaal oor Petrus gebruik het om teen ’n Pauliniese invloed in die Matteusgemeenskap te reageer. Dit hou in dat Petrus prominent deur Matteus voorgestel is in die evangelie en daarom moet Petrus eerder as Paulus nagevolg word (Sim, 2002:776–781).

¹⁰¹ Papias was Biskop van Hiërapolis (by die wisseling van die eerste eeu n.C.). Hy noem dat hy die apostel Johannes geken het (Schoedel, 1992:140).

¹⁰² Hagner (1993a:xlvi) meen dat Matteus 90% van die Markus-evangelie “reproduseer” het en heelwat daarvan is “verbatim” oorgeneem (vgl. Turner, 2008:13). Streeter (1924:159) sê verder dat daar slegs 51% van Markus se woorde oorgebly het nadat dit deur Matteus geredigeer is (vgl. Baum, 2008:2).

¹⁰³ Betz (1985:20) meen dat een van Matteus se bronne vir die Bergrede moontlik ’n anti-Pauliniese ondertoon gehad het.

Daar is ook reeds genoem dat Matteus die Q-bron¹⁰⁴ in die Matteus-evangelie gebruik het. Met hierdie studie word daar aanvaar dat Q 'n dokument was wat verlore gegaan het¹⁰⁵. Die volgende redes (slegs die belangrikste redes) vir die bestaan kan daarvoor gegee word (Luz, 2007b:19; vgl. Fleddermann, 2005:41–68):

- Die woordelike ooreenkomste tussen Matteus en Lukas (Matt. 3:7–10 || Luk. 3:7–9, Matt. 12:30 || Luk. 11:23). Die treffendste voorbeeld is die volgende:

Matteus 11:25b–26	Lukas 10:21b–21c
ἐξομολογοῦμαι σοι, πάτερ, κύριε τοῦ οὐρανοῦ καὶ τῆς γῆς, ὅτι ἔκρυψας ταῦτα ἀπὸ σοφῶν καὶ συνετῶν καὶ ἀπεκάλυψας αὐτὰ νηπίοις· ²⁶ ναὶ ὁ πατήρ, ὅτι οὕτως εὐδοκία ἐγένετο ἔμπροσθέν σου.	ἐξομολογοῦμαι σοι, πάτερ, κύριε τοῦ οὐρανοῦ καὶ τῆς γῆς, ὅτι ἀπέκρυψας ταῦτα ἀπὸ σοφῶν καὶ συνετῶν καὶ ἀπεκάλυψας αὐτὰ νηπίοις· ναὶ ὁ πατήρ, ὅτι οὕτως εὐδοκία ἐγένετο ἔμπροσθέν σου.

- Die ooreenkoms in die orde wat veral sigbaar is aan die begin van die tradisie:

Tradisie	Matteus	Lukas
Johannes se prediking	• 3:7–12	• 3:7–9, 16b–17
Jesus se versoeking	• 4:1–11	• 4:1–13
Bergrede/Vlakterede	• 5:1–4, 6 • 5:11–12	• 6:20–21 • 6:22–23
Die hoofman van Kapernaum	• 7:28a, 8:5–10	• 7:1, 3, 6b–10

- 'n Laaste rede wat aangevoer kan word vir die bestaan van die Q-bron is die ooreenkomste tussen Matteus, Markus en Lukas waarin Matteus en Lukas soveel ooreenstem dat dit voorkom of hulle 'n ander bron as Markus gebruik het (Matt. 5:13 || Luk. 14:34–35; Matt. 10:38 || Luk. 14:27).

¹⁰⁴ Casey (2002:185–190) kom tot die gevolgtrekking dat die Q-bron oorspronklik in Aramees was (of ten minste dele daarvan) en in Grieks vertaal is.

¹⁰⁵ Dit kon ook meer as een dokument wees wat Matteus en Lukas albei gebruik het. Met betrekking tot Matteus se gebruik van Q sê Robinson (2001:51–52): “For all practical purposes, the Q movement did die out. But its remnant merged with the Gentile Christian church under the leadership of the Evangelist ‘Matthew’, whereby its text, the Sayings Gospel Q, was rescued, and with it the most reliable information we have about the historical Jesus.”

4.3 Vergelyking van die sinoptiese evangelies

Vir praktiese doeleindes word die onderskeie sinoptiese vergelykings van gebeure¹⁰⁶ waarby Petrus betrokke was, in tabelvorm gegee. Daar word in gedagte gehou dat daar in die Nuwe Testament vier vorme¹⁰⁷ van Petrus se naam voorkom en dat Matteus, Markus en Lukas die name “Simon” en “Petrus” gebruik. Verder moet daar ook in gedagte gehou word dat die klem op Matteus se gebruik van bronne (veral Markus en die Q) val. Die *Sondergut* in Matteus met betrekking tot Petrus word nie hier genoem nie omdat dit afsonderlik in Hoofstuk 5 (p. 167) bespreek word.

Tabel 15: Matteus 4:18–20 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
4:18–20 – Περιπατῶν δὲ παρὰ τὴν θάλασσαν τῆς Γαλιλαίας εἶδεν δύο ἀδελφούς, Σίμωνα τὸν λεγόμενον Πέτρον καὶ Ἀνδρέαν τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ, βάλλοντας ἀμφίβληστρον εἰς τὴν θάλασσαν· ἦσαν γὰρ ἀλιεῖς. ¹⁹ καὶ λέγει αὐτοῖς· δεῦτε ὀπίσω μου, καὶ ποιήσω ὑμᾶς ἀλιεῖς ἀνθρώπων. ²⁰ οἱ δὲ εὐθέως ἀφέντες τὰ δίκτυα ἠκολούθησαν αὐτῷ. (En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andreas, sy broer, besig om ’n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. ¹⁹En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak. ²⁰En hulle het dadelik die nette	1:16–18 – Καὶ παράγων παρὰ τὴν θάλασσαν τῆς Γαλιλαίας εἶδεν Σίμωνα καὶ Ἀνδρέαν τὸν ἀδελφὸν Σίμωνος ἀμφιβάλλοντας ἐν τῇ θαλάσῃ· ἦσαν γὰρ ἀλιεῖς. ¹⁷ καὶ εἶπεν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· δεῦτε ὀπίσω μου, καὶ ποιήσω ὑμᾶς γενέσθαι ἀλιεῖς ἀνθρώπων. ¹⁸ καὶ εὐθὺς ἀφέντες τὰ δίκτυα ἠκολούθησαν αὐτῷ. (En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andreas, sy broer, besig om ’n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. ¹⁷En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word. ¹⁸En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg.)	5:1–11 – Ἐγένετο δὲ ἐν τῷ τὸν ὄχλον ἐπικεῖσθαι αὐτῷ καὶ ἀκούειν τὸν λόγον τοῦ θεοῦ καὶ αὐτὸς ἦν ἐστὼς παρὰ τὴν λίμνην Γεννησαρέτ ² καὶ εἶδεν δύο πλοῖα ἐστῶτα παρὰ τὴν λίμνην· οἱ δὲ ἀλιεῖς ἀπ’ αὐτῶν ἀποβάντες ἔπλυνον τὰ δίκτυα. ³ ἐμβὰς δὲ εἰς ἓν τῶν πλοίων, ὃ ἦν Σίμωνος, ἠρώτησεν αὐτὸν ἀπὸ τῆς γῆς ἐπαναγαγεῖν ὀλίγον· καθίσας δὲ ἐκ τοῦ πλοίου ἐδίδασκεν τοὺς ὄχλους. ⁴ Ὡς δὲ ἐπαύσατο λαλῶν, εἶπεν πρὸς τὸν Σίμωνα· ἐπανάγαγε εἰς τὸ βάθος καὶ χαλάσατε τὰ δίκτυα ὑμῶν εἰς ἄγρην. ⁵ καὶ ἀποκριθεὶς Σίμων εἶπεν· ἐπιστάτα, δι’ ὅλης νυκτὸς κοπιάσαντες οὐδὲν ἐλάβομεν· ἐπὶ δὲ τῷ ῥήματί σου χαλάσω τὰ δίκτυα. ⁶ καὶ τοῦτο ποιήσαντες συνέκλεισαν πλῆθος ἰχθύων πολὺ, διερρήσσετο δὲ τὰ δίκτυα αὐτῶν. ⁷ καὶ κατένευσαν τοῖς μετόχοις ἐν τῷ ἐτέρῳ πλοίῳ

¹⁰⁶ Petrus se naam word dus nie noodwendig genoem nie.

¹⁰⁷ Hebreeus – “Simeon” (2 Pet.1:1), wat in Grieks “Simon” is, en Aramees – Sefas (Κηφᾶς), wat in Grieks “Petrus” is.

Matteus	Markus	Lukas
26:57–58 – Οἱ δὲ κρατήσαντες τὸν Ἰησοῦν ἀπήγαγον πρὸς Καϊάφαν τὸν ἀρχιερέα, ὅπου οἱ γραμματεῖς καὶ οἱ πρεσβύτεροι συνήχθησαν. ⁵⁸ ὁ δὲ Πέτρος ἠκολούθει αὐτῷ ἀπὸ μακρόθεν ἕως τῆς αὐλῆς τοῦ ἀρχιερέως καὶ εἰσελθὼν ἔσω ἐκάθητο μετὰ τῶν ὑπηρετῶν ἰδεῖν τὸ τέλος. (Die wat Jesus gevange geneem het, het Hom weggelei na Kájafas, die hoëpriester, waar die skrifgeleerdes en die familie-oudstes vergader het. ⁵⁸ Petrus het Hom op ’n afstand gevolg tot in die voorhof van die hoëpriester. Hy het ingegaan en by die dienaars gaan sit om te sien wat die uiteinde sou wees.)	14:53–54 – Καὶ ἀπήγαγον τὸν Ἰησοῦν πρὸς τὸν ἀρχιερέα, καὶ συνέρχονται πάντες οἱ ἀρχιερεῖς καὶ οἱ πρεσβύτεροι καὶ οἱ γραμματεῖς. ⁵⁴ καὶ ὁ Πέτρος ἀπὸ μακρόθεν ἠκολούθησεν αὐτῷ ἕως ἔσω εἰς τὴν αὐλὴν τοῦ ἀρχιερέως καὶ ἦν συγκαθήμενος μετὰ τῶν ὑπηρετῶν καὶ θερμαίνόμενος πρὸς τὸ φῶς. (Hulle het Jesus weggelei na die hoëpriester, en al die leierpriesters en die familie-oudstes en die skrifgeleerdes het daar bymekaargekom. ⁵⁴ Petrus het Hom op ’n afstand gevolg tot in die voorhof van die hoëpriester. Hy het saam met die dienaars gesit en hom by die vuur warm gemaak.)	22:54 – Συλλαβόντες δὲ αὐτὸν ἤγαγον καὶ εἰσήγαγον εἰς τὴν οἰκίαν τοῦ ἀρχιερέως· ὁ δὲ Πέτρος ἠκολούθει μακρόθεν. (Nadat hulle Hom gevange geneem het, het hulle Hom weggelei na die woning van die hoëpriester. Petrus het op ’n afstand gevolg.)

Matteus, Markus en Lukas is parallel met betrekking tot Petrus se optrede. Alhoewel Petrus vir Jesus verlaat en gevlug het nadat Hy gevange geneem is (Matt. 26:56), bly hy steeds naby (ἠκολούθει αὐτῷ ἀπὸ μακρόθεν – “gevolg op ’n afstand”) om te sien wat met Jesus gebeur. Petrus is dus steeds besorg oor Jesus.

Tabel 33: Matteus 26:69–75 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
26:69–75 – Ὁ δὲ Πέτρος ἐκάθητο ἔξω ἐν τῇ αὐλῇ· καὶ προσῆλθεν αὐτῷ μία παιδίσκη λέγουσα· καὶ σὺ ἦσθα μετὰ Ἰησοῦ τοῦ Γαλιλαίου. ⁷⁰ ὁ δὲ ἡρνήσατο ἔμπροσθεν πάντων λέγων· οὐκ οἶδα τί λέγεις. ⁷¹ ἔξελθόντα δὲ εἰς τὸν πυλῶνα εἶδεν αὐτὸν ἄλλη καὶ λέγει τοῖς ἐκεῖ· οὗτος ἦν μετὰ Ἰησοῦ τοῦ Ναζωραίου. ⁷² καὶ πάλιν ἡρνήσατο μετὰ ὄρκου ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. ⁷³ μετὰ μικρὸν δὲ προσελθόντες οἱ ἐστῶτες εἶπον τῷ Πέτρῳ· ἀληθῶς καὶ σὺ ἐξ αὐτῶν εἶ, καὶ γὰρ ἡ λαλιά σου δηλὸν σε ποιεῖ. ⁷⁴ τότε ἡρξάτο καταθεματίζειν καὶ ὀμνύειν ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον. καὶ εὐθέως ἀλέκτωρ ἐφώνησεν. ⁷⁵ καὶ ἐμνήσθη ὁ Πέτρος τοῦ ρήματος Ἰησοῦ εἰρηκότος ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι τρίς ἀπαρνῆση με· καὶ ἐξελθὼν ἔξω ἐκλαυσεν πικρῶς. (Petrus het buitekant gesit in die binnehof, en 'n sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: Jy was ook saam met Jesus, die Galileër! ⁷⁰ Maar hy het dit voor almal ontken: Ek weet nie waarvan jy praat nie. ⁷¹ En terwyl hy na die poort gaan, sien 'n ander diensmeisie hom en sê toe vir die wat daar was: Hierdie een was ook saam met Jesus, die Nasarener. ⁷² Weer het hy dit met 'n eed ontken: Ek ken die man nie. ⁷³ 'n Bietjie later het die wat daar was nader gekom en vir Petrus gesê: Jy is beslis ook een van hulle, want jou	14:66–72 – Καὶ ὄντος τοῦ Πέτρου κάτω ἐν τῇ αὐλῇ ἔρχεται μία τῶν παιδισκῶν τοῦ ἀρχιερέως ⁶⁷ καὶ ἰδοῦσα τὸν Πέτρον θερμαινόμενον ἐμβλέψασα αὐτῷ λέγει· καὶ σὺ μετὰ τοῦ Ναζαρηνοῦ ἦσθα τοῦ Ἰησοῦ. ⁶⁸ ὁ δὲ ἡρνήσατο λέγων· οὔτε οἶδα οὔτε ἐπίσταμαι σὺ τί λέγεις. * καὶ ἐξῆλθεν ἔξω εἰς τὸ προαύλιον [καὶ ἀλέκτωρ ἐφώνησεν]. ⁶⁹ καὶ ἡ παιδίσκη ἰδοῦσα αὐτὸν ἡρξάτο πάλιν λέγειν τοῖς παρεστῶσιν ὅτι οὗτος ἐξ αὐτῶν ἐστιν. ⁷⁰ ὁ δὲ πάλιν ἡρνεῖτο. καὶ μετὰ μικρὸν πάλιν οἱ παρεστῶτες ἔλεγον τῷ Πέτρῳ· ἀληθῶς ἐξ αὐτῶν εἶ, καὶ γὰρ Γαλιλαῖος εἶ. ⁷¹ ὁ δὲ ἡρξάτο ἀναθεματίζειν καὶ ὀμνύειν ὅτι οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον τοῦτον ὃν λέγετε. ⁷² καὶ εὐθὺς ἐκ δευτέρου ἀλέκτωρ ἐφώνησεν. καὶ ἀνεμνήσθη ὁ Πέτρος τὸ ρῆμα ὡς εἶπεν αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι δις τρίς με ἀπαρνῆση· καὶ ἐπιβαλὼν ἔκλαιεν. (Terwyl Petrus onder in die binnehof was, kom een van die diensmeisies van die hoëpriester, ⁶⁷ en toe sy vir Petrus sien, besig om homself warm te maak, kyk sy na hom en sê: Jy was ook by Jesus, die Nasarener. ⁶⁸ Maar hy het dit ontken en gesê: Ek weet nie en verstaan nie waarvan jy praat nie. Hy het buite toe, na die voorhof gegaan, en 'n haan het gekraai. ⁶⁹ Toe die diensmeisie hom sien, het sy weer vir die	22:55–62 – περιψάντων δὲ πῦρ ἐν μέσῳ τῆς αὐλῆς καὶ συγκαθισάντων ἐκάθητο ὁ Πέτρος μέσος αὐτῶν. ⁵⁶ ἰδοῦσα δὲ αὐτὸν παιδίσκη τις κατήμενον πρὸς τὸ φῶς καὶ ἀτενίσασα αὐτῷ εἶπεν· καὶ οὗτος σὺν αὐτῷ ἦν. ⁵⁷ ὁ δὲ ἡρνήσατο λέγων· οὐκ οἶδα αὐτόν, γύναι. ⁵⁸ καὶ μετὰ βραχὺ ἕτερος ἰδὼν αὐτὸν ἔφη· καὶ σὺ ἐξ αὐτῶν εἶ. ὁ δὲ Πέτρος ἔφη· ἄνθρωπε, οὐκ εἰμί. ⁵⁹ καὶ διαστάσης ὥσεί ὥρας μιᾶς ἄλλος τις διίσχυρίζετο λέγων· ἐπ' ἀληθείας καὶ οὗτος μετ' αὐτοῦ ἦν, καὶ γὰρ Γαλιλαῖός ἐστιν. ⁶⁰ ἔπεν δὲ ὁ Πέτρος· ἄνθρωπε, οὐκ οἶδα ὃ λέγεις. καὶ παραχρῆμα ἔτι λαλοῦντος αὐτοῦ ἐφώνησεν ἀλέκτωρ. ⁶¹ καὶ στραφεὶς ὁ κύριος ἐνέβλεψεν τῷ Πέτρῳ, * καὶ ὑπεμνήσθη ὁ Πέτρος τοῦ ρήματος τοῦ κυρίου ὡς εἶπεν αὐτῷ ὅτι πρὶν ἀλέκτορα φωνῆσαι σήμερον ἀπαρνῆση με τρίς. ⁶² καὶ ἐξελθὼν ἔξω ἐκλαυσεν πικρῶς. (Hulle het 'n vuur in die middel van die voorhof gemaak en bymekaar gaan sit, met Petrus tussen hulle. ⁵⁶ 'n Diensmeisie het hom daar by die vuur sien sit en hom stip aangekyk en gesê: Hy was ook saam met Hom. ⁵⁷ Maar hy het dit ontken: Vrou, ek ken Hom nie. ⁵⁸ Kort daarna het iemand anders hom opgemerk en gesê: Jy is ook een van hulle. Maar Petrus sê: Man, ek is nie. ⁵⁹ Na ongeveer 'n uur het 'n ander een aangedring en gesê: Sowaar, hy was ook saam

Matteus	Markus	Lukas
uitspraak verklap jou. ⁷⁴ Toe begin hy vloek en sweer : Ek ken die man nie. En onmiddellik het 'n haan gekraai, ⁷⁵ Toe het Petrus die woord[e] wat Jesus [vir hom] gesê het, onthou: Voordat 'n haan kraai, sal jy My drie maal verloën . En hy het na buite gegaan en bitterlik geween .)	wat daar gestaan het begin sê: Hierdie man is een van hulle. ⁷⁰ Maar hy het dit weer ontken . 'n Bietjie later het die wat daar gestaan het, weer vir Petrus gesê: Sowaar, jy is een van hulle, want jy is ook 'n Galileër. ⁷¹ Toe begin hy vloek en sweer : Ek ken nie hierdie man van wie julle praat nie. ⁷² En onmiddellik het die haan 'n tweede keer gekraai. Toe het Petrus die woord[e] onthou wat Jesus vir hom gesê het: Voor 'n haan twee maal kraai, sal jy My drie keer verloën . En hy het begin huil .)	met Hom, hy is ook 'n Galileër. ⁶⁰ Maar Petrus sê: Man, ek weet nie waarvan jy praat nie. En onmiddellik, terwyl hy nog praat, het 'n haan gekraai. ⁶¹ Die Here het omgedraai en stip na Petrus gekyk, en Petrus het die woord[e] van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat 'n haan vandag kraai, sal jy My drie maal verloën . ⁶² En hy het na buite gegaan en bitterlik geween .)

Matteus en Lukas volg vir Markus na met die loënverhaal. Petrus ontken drie keer dat hy vir Jesus ken ('n dissipel van Jesus is), maar nadat 'n haan gekraai het, het hy die woorde van Jesus onthou dat hy Hom sou verloën. Petrus wys sy spyt deur bitterlik te huil daaroor. Matteus benadruk (ook Lukas) hierdie emosie met ἔκλαυσεν πικρῶς (“bitterlik geween”) teenoor Markus se ἐπιβαλὼν ἔκλαιεν (“begin huil”). Alhoewel hy vir Jesus verloon het (negatief) benadruk Matteus sy dieper emosie (positief).

Tabel 34: Matteus 28:1 in vergelyking met die ander sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
28:1 – Ὅψε δὲ σαββάτων, τῇ ἐπιφωσκούσῃ εἰς μίαν σαββάτων ἦλθεν Μαριὰμ ἡ Μαγδαληνὴ καὶ ἡ ἄλλη Μαρία θεωρῆσαι τὸν τάφον. (Na die Sabbat teen dagbreek op die eerste dag van die week, het Maria Magdalena en die ander Maria gegaan om na die graf te kyk.) Die opstandingsverhaal word verder deur Matteus uitgebrei met unieke detail, maar hy	16:7–11 – ἀλλὰ ὑπάγετε εἶπατε τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ καὶ τῷ Πέτρῳ ὅτι προάγει ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν· ἐκεῖ αὐτὸν ὄψεσθε, καθὼς εἶπεν ὑμῖν. ⁸ Καὶ ἐξελθοῦσαι ἔφυγον ἀπὸ τοῦ μνημείου, εἶχεν γὰρ αὐτάς τρόμος καὶ ἔκστασις· καὶ οὐδενὶ οὐδὲν εἶπαν· ἐφοβοῦντο γάρ. ⁹ Ἀναστὰς δὲ πρῶτῃ πρώτῃ σαββάτου ἐφάνη πρῶτον Μαρίᾳ τῇ Μαγδαληνῇ, παρ' ἧς ἐκβεβλήκει ἑπτὰ δαιμόνια.	24:9–12 – Καὶ ὑποστρέψασαι ἀπὸ τοῦ μνημείου ἀπήγγειλαν ταῦτα πάντα τοῖς ἑνδεκα καὶ πᾶσιν τοῖς λοιποῖς. ¹⁰ ἦσαν δὲ ἡ Μαγδαληνὴ Μαρία καὶ Ἰωάννα καὶ Μαρία ἡ Ἰακώβου καὶ αἱ λοιπαὶ σὺν αὐταῖς. ἔλεγον πρὸς τοὺς ἀποστόλους ταῦτα, ¹¹ καὶ ἐφάνησαν ἐνώπιον αὐτῶν ὥσει λῆρος τὰ ῥήματα ταῦτα, καὶ ἠπίστουν αὐταῖς. ¹² Ὁ δὲ Πέτρος ἀναστὰς ἔδραμεν ἐπὶ τὸ μνημεῖον καὶ παρακύψας

Matteus	Markus	Lukas
verwys geensins na die dissipels wat nie die vroue hieroor geglo het nie.	¹⁰ἐκείνη πορευθεῖσα ἀπήγγειλεν τοῖς μετ' αὐτοῦ γενομένοις πενθοῦσι καὶ κλαίουσιν· ¹¹καὶ ἐκεῖνοι ἀκούσαντες ὅτι ζῇ καὶ ἐθεάθη ὑπ' αὐτῆς ἠπίστησαν. (Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus, Hy gaan voor julle uit gaan na Galilea. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het. ⁸ Toe gaan hulle haastig uit en vlug van die graf af weg want bewing en verbasing het hulle oorval. Hulle het vir niemand iets gesê nie, want hulle was bang. ⁹ Nadat Hy vroeg, op die eerste dag van die week, opgestaan het, het Hy eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy [voorheen] sewe demone uitgedryf het. ¹⁰ Sy het dit gaan vertel vir die wat by Hom was, terwyl hulle treur en huil. ¹¹ Toe hulle hoor dat Hy leef en sy Hom gesien het, het hulle dit <i>nie geglo nie</i>.)	βλέπει τὰ ὀθόνια μόνα, καὶ ἀπῆλθεν πρὸς ἑαυτὸν θαυμάζων τὸ γεγονός. (Hulle het toe van die graf af teruggedraai, en al hierdie dinge aan die elf en al die ander gaan vertel. ¹⁰ Dit was Maria Magdalena en Johanna en Maria, die moeder van Jakobus, en die ander [vroue] saam met hulle. Hulle het hierdie dinge aan die apostels vertel, ¹¹ maar hulle woorde het vir hulle na onsinnige praatjies geklink, en hulle het hulle nie geglo nie. ¹² Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop. Toe hy vooroor buk, sien hy net die doeke. En hy het teruggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.)

Anders as Markus (16:11) en Lukas (24:11) verwys Matteus geensins na die dissipels wat nie die berig oor die opstanding van Jesus geglo het nie (ἀπιστέω). Dit is egter Lukas wat spesifiek vertel dat Petrus opgestaan en na die graf gehardloop het, waarskynlik om te sien of dit waar is (vir sekerheid) (Marshall, 1978:889; Nolland, 1998b:1192). Hy sê verder (Luk. 24:12) dat Petrus in verwondering (θαυμάζω) daaroor was.

4.4 Gevolgtrekkings uit die vergelyking van die sinoptiese evangelies

Uit die vergelykings van die onderskeie gedeeltes oor Petrus in die sinoptiese evangelies kan 'n aantal insiggewende gevolgtrekkings gemaak word.

4.4.1 Matteus volg die kronologie van Markus na

- Indien Matteus en Lukas vir Markus as bron gebruik het, word Markus se kronologie, met die uitsondering van enkele gevalle in die Lukas-evangelie, nagevolg. Die uitsonderings is “Die roeping van die eerste dissipels” (5:1–11), waarin Lukas ’n unieke weergawe¹⁰⁸ bied, maar steeds laat blyk dat Simon Petrus¹⁰⁹ die eerste was wat voor Jesus neergeval het met die belydenis: ἔξελθε ἀπ’ ἐμοῦ, ὅτι ἀνὴρ ἁμαρτωλός εἰμι, κύριε. Hierna het Jesus hom as dissipel geroep met die woorde: μὴ φοβοῦ· ἀπὸ τοῦ νῦν ἀνθρώπους ἔσῃ ζωγράφων.
- Nog ’n uitsondering wat die kronologie betref, is “Die gelykenis van die waaksame slaaf” in Lukas 12:35–48, wat parallel is aan Matteus 24:45–51 (geen parallel in Markus nie) en dus heelwat vroeër deur Lukas ingevoeg is (in vergelyking met Matteus). Lukas het egter die byvoeging: Εἶπεν δὲ ὁ Πέτρος· κύριε, πρὸς ἡμᾶς τὴν παραβολὴν ταύτην λέγεις ἢ καὶ πρὸς πάντας, wat beteken dat Lukas ’n redaksionele byvoeging tot die Q-bron gemaak het. Hierdie is ’n voorbeeld waar Matteus nie die klem op Petrus laat val nie, maar Lukas dit wel doen.

4.4.2 Besondere plek van Petrus in Lukas

- ’n Verdere gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat Petrus ook in die Lukas-evangelie ’n unieke posisie onder die dissipels bekleed. Dit is noemenswaardig dat Andreas, Petrus se broer, nie hier genoem word soos in Matteus 4:18 en Markus 1:16 nie. Nolland (2002:223) meen dat Andreas van minder belang is vir Lukas en dat die “sentrale fokus” op Petrus nie so sterk na vore sou kom indien die naam van Andreas ook genoem word nie. Petrus word eerder in verband gebring (κοινωνοὶ) met Jakobus en Johannes. Saam vorm die drie ’n trio in 8:51 en 9:28. Lukas behou die rol van Petrus as woordvoerder in die evangelie (8:45, 9:20, 12:41), ’n rol wat hom ook hier prominent voorstel (Bock, 1994:841). Uit die perikoop (5:1–11) blyk dit dat Petrus ook in beheer van die boot is (5:5), met

¹⁰⁸ Nolland (2002:220) meen dat hier waarskynlik ’n “komplekse brongeskiedenis” is.

¹⁰⁹ Dit is die enigste plek in die Lukas-evangelie waar die dubbelnaam Σίμων Πέτρος gebruik word.

ander woorde hy het reeds 'n mate van gesag, ten minste oor die bemanning van die boot (Bock, 1994:456).

- Lukas verbind ook die opdrag van die voorbereiding van die Pasga aan Petrus (en Johannes) (22:8), terwyl Markus slegs na “twee dissipels” (14:13) en Matteus bloot na “die dissipels” (26:17–18) verwys. Die prominensie van Petrus word egter bevestig met die woorde van 22:31–32, wat geen parallel in Matteus of Markus het nie. Nolland (1998b:1070) noem dat hierdie verse waarskynlik nie deur Lukas “geskep” is nie, maar dat dit van 'n unieke bron (of bronne) afkomstig is. Hierdie byvoeging van Lukas is merkwaardig in ten minste twee opsigte. Eerstens is die dubbele vokatief¹¹⁰ (Σίμων Σίμων) belangrik, want dit dra emosie oor. Lukas gebruik ook die dubbele vokatief in 10:41 (Μάρθα Μάρθα) en Jesus spreek Martha op 'n simpatieke wyse oor 'n verkeerde gesindheid aan: Martha is bekommerd en hou haar besig met gewone of alledaagse sake, wat haar aardse verwysingsraamwerk geword het (Marshall, 1978:452; Nolland, 1998b:604). Petrus word ook simpatiek aangespreek met Σίμων Σίμων, moontlik omdat Jesus op die kort termyn die “verloëning” antisipeer, maar ook op die lang termyn die aanslae teen die apostels. Tweedens is dit merkwaardig dat Jesus vir Petrus gebid het sodat hy ook sy “broeders” kan versterk. Marshall (1978:821) noem dit 'n “kontras” tussen die dissipels en Petrus: Jesus tree spesiaal in (δέομαι) vir Petrus met die uiteindelijke doel dat Petrus later sy broeders kan versterk. Bock (1996:1742) sê dat Petrus as “leier van die Twaalf” die belangrikste teiken vir Satan was en daarom moes hy sterk wees in die dissipelgroep. In hierdie verse word daar dus op gesag van Jesus aan Petrus die rol van steunpilaar gegee. Die verse kan egter nie aan Matteus 16:18–19 gekoppel word nie (Nolland, 1998b:1071).
- Die nag se gebeure toe Petrus vir Jesus verloën het, bevat 'n verdere element wat nie in Matteus en Markus opgeteken is nie. Die derde keer toe Petrus vir

¹¹⁰ Die dubbele vokatief kom gereeld voor by Lukas (6:46, 8:24, 10:41, 13:34, 22:31 en 23:21; en ook in Handeling 9:4, 22:7 en 26:14).

Jesus ontken, skryf Lukas dat Jesus “omgedraai” en na Petrus “gekyk” het (22:61).

- Lukas gee ook belangrike inligting met betrekking tot Petrus (slegs Lukas) nadat Jesus uit die dood opgestaan het. Dit is Petrus wat na die leë graf hardloop (24:12) en in 24:34 noem Lukas dat Jesus ná sy opstanding aan Petrus verskyn het. Nolland (1998b:1207) verduidelik dit soos volg:

For the sake of the priority of Peter, Luke needs to interrupt what would be the natural flow on to v[erse] 35. Though the appearance to Peter had kerygmatic importance in the early church (1 Cor 15:5), apparently no narrative account of it had been preserved. To cover this lack, Luke rather cleverly makes use of a narrative setting in which resumé reporting is the appropriate form.

4.4.3 Weglatings uit Matteus

’n Laaste gevolgtrekking wat gemaak kan word uit die vergelyking tussen die sinoptiese evangelies, is dat Matteus en Lukas soms albei nalaat om vir Markus na te volg of dat slegs Lukas vir Markus navolg.

In Markus 1:36 word daar spesifiek na “Simon” verwys, maar Matteus teken nie hierdie episode op nie; Lukas het wel die verhaal oorgeneem maar verwys nie na Petrus (of Simon) nie. Met die verhaal van die “Dogtertjie van Jaïrus” noem Markus (5:37) en Lukas (8:51) albei dat Petrus, Jakobus en Johannes saam met Jesus in die kamer ingegaan het by die kind. Matteus laat hierdie name weg en laat die klem op Jesus val. In Markus 11:20–22 (“Die verdroogde vyeboom”) tree Petrus as woordvoerder op, maar in die parallelle gedeelte in Matteus 22:18–22 word daar nie na Petrus verwys nie (Lukas het nie hierdie gedeelte opgeneem in sy evangelie nie).

Verder berig Markus dat Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas vir Jesus gevra het wanneer die tempel verwoes sal word (13:3–4), terwyl Matteus slegs na die “dissipels” verwys (24:3). Laastens noem Markus (16:5–7) dat die “jongman” in die leë graf van Jesus spesifiek die opdrag aan die vroue gee om vir die dissipels en Petrus die boodskap oor te dra dat Jesus na Galilea toe is. Matteus verwys geensins na Petrus nie maar slegs na die dissipels (28:7). Dit beteken dat Matteus nie minder as vyf keer nie

verwysings na Petrus wat in die Markus-evangelie voorkom, weglaat. Die vyf weglatings het op die volgende teksgedeeltes betrekking: Markus 1:35–37 (Matteus laat hierdie verse uit), Matteus 9:23–25 || Markus 5:35–37, Matteus 21:18–22 || Markus 11:20–22, Matteus 24:3–5 || Markus 13:3–4 en Matteus 28:5–7 || Markus 16:5–7. In hierdie weglating van verwysings na Petrus wil dit voorkom of Matteus in drie gevalle (21:18–22, 24:3–5 en 28:5–7) die klem eerder op die dissipels laat val en in een geval (9:23–25) op die wonderkrag van Jesus (vgl. Gundry, 2015:103–108; Nau, 1992:59–66). Die weglating van verwysings na Petrus in hierdie vyf gevalle is nie positief of negatief vir die posisie van Petrus nie; Matteus verskuif eerder die klem na die dissipels of na Jesus.

4.4.4 Eksplisiete voorstelling van Petrus in Matteus

Daar is egter ook vyf gevalle waarin Matteus meer eksplisiet oor Petrus is, en dit sal kortliks bespreek word:

4.4.4.1 Matteus 4:18

Matteus stel vir Petrus voor as Σίμωνα τὸν λεγόμενον Πέτρον waar Markus slegs Σίμωνα (Mark. 1:16) gebruik. Hierdeur word “Simon” geïdentifiseer as Petrus en ook so aan die leser voorgestel. In die res van die Matteus-evangelie word daar slegs na Petrus verwys, behalwe in 16:16 en in die *Sondergut* van 16:17 en 17:25.

4.4.4.2 Matteus 8:14

Matteus verkort hierdie vers uit Markus (1:29) en laat die verwysing na Jakobus, Johannes en Andreas uit, waarskynlik om die klem op Jesus as Geneser te plaas (Hagner, 1993a:207–208). Matteus herskryf hierdie vers egter op so ’n manier dat die verwysing na die “huis van Simon en Andreas” (Markus 1:29), die “huis van Petrus” word. Die fokus verskuif dus in ’n groot mate na Petrus deur die redaksionele werk van Matteus. Cassidy (2007:81) sê hieroor¹¹¹:

¹¹¹ Cassidy (2007:16–28) volg ’n narratief-kritiese benadering.

Inasmuch as Jesus does not visit the home of any other disciple and does not heal the relative of any other disciple, the import of this passage for suggesting a privileged relationship between Jesus and Peter is not negligible.

Syreeni (1999:123) meen dat Matteus die klem hier op Petrus laat val en daardeur word Petrus prominenter aan die leser voorgestel. Hy sê:

The healing itself is a minor incident in comparison with other Matthean accounts of Jesus' powerful deeds...Moreover, the reader will not meet the healed mother-in-law later on in the story. Obviously, then, the episode is not primarily about healing a sick person or about Peter's mother-in-law.

Die volgende verse (8:15–17) maak Matteus se fokus duidelik, want alhoewel dit wil voorkom of die klem op Petrus val, gaan Matteus voort om Jesus se daade (uitdruyf van demone, gesondmaking) te noem. Vers 17, en veral die inleiding daartoe (ὅπως πληρωθῇ), dien as bevestiging dat die klem eerder na Jesus se wonderkrag verskuif het omdat: αὐτὸς τὰς ἀσθενείας ἡμῶν ἔλαβεν καὶ τὰς νόσους ἐβάστασεν (“Hy het ons krankhede op Hom geneem en *ons* siektes het Hy gedra”).

Matteus se redaksionele werk in hierdie gedeelte beklemtoon die belangrikheid van Petrus, maar die hoofklem val eerder op die wonderkrag van Jesus.

4.4.4.3 Matteus 10:2

Alhoewel Petrus se naam ook eerste genoem word as apostel in die parallelle gedeelte in Markus 3:13–16 (ook Lukas 6:14), is dit merkwaardig dat Matteus die woord *πρῶτος* byvoeg. Hagner (1993a:265–266) meen dat die *πρῶτος* voor Σίμων ὁ λεγόμενος Πέτρος nie alleen impliseer dat Petrus eerste as dissipel geroep is nie¹¹² (4:18–22), maar dat hy ook die vernaamste in die dissipelgroep was (Nolland, 2005:411; vgl. Luz, 2001:68–69).

4.4.4.4 Matteus 16:16

Matteus gebruik die volle naam “Simon Petrus” wanneer hy (Petrus) die vraag na Jesus se identiteit beantwoord. Hierdie insluiting is merkwaardig: in die eerste plek omdat Matteus konstant die naam Petrus gebruik maar hier “Simon” insluit; en, tweedens,

¹¹² Matteus gebruik ook Σίμωνα τὸν λεγόμενον Πέτρον in Matteus 4:18.

ook omdat dit die enigste voorkoms van “Simon Petrus” in die Matteus-evangelie is (Markus gebruik nie “Simon Petrus” nie). Matteus wil dus reeds hier (16:16) die klem plaas op Petrus, wat in die gedeelte hierna (16:17–19) so prominent voorgestel word. In hierdie teksgedeelte word Petrus veral ook as woordvoerder van die dissipels voorgestel omdat die vraag van Jesus aan die groep gerig was (16:13) (Wilkins, 1995:178–179).

4.4.4.5 Matteus 26:35

Wilkins (1995:179) meen dat Matteus met die verwysing na Petrus in 26:35 grammaties spesifiek bly en sê: “Matthew likes to make explicit what is in his source implied.” Matteus vervang ook Markus se πάντες (14:31) met οἱ μαθηταί, wat nie alleen die klem na die dissipels verskuif nie, maar dit is ook ’n verdere aanduiding van Petrus se posisie as woordvoerder van die dissipels.

4.5 Q en Matteus se uitbeelding van Petrus

Dit wil voorkom of slegs vier van die Q-tekste met Petrus in verband gebring kan word, naamlik Q 6:39, Q 12:42–46, Q 17:3–4 en Q 22:28, 30. Die teks van Q wat in hierdie studie gebruik word¹¹³, is gepubliseer deur die *International Q Project* (Kloppenborg, 2008:53; Robinson, Hoffmann & Kloppenborg, 2000:lxvi–lxxi). Die tersaaklike dele word in die volgende paar tabelle aangebied¹¹⁴:

Tabel 35: Q 6:39¹¹⁵

Grieks	Afrikaans (eie vertaling)
μήτι δύναται τυφλὸς τυφλὸν ὁδηγεῖν; οὐχὶ ἀμφοτέροι εἰς βόθυνον πεσοῦνται;	Een blinde kan tog nie ’n ander blinde rondlei nie? Sal hulle dan nie al twee in ’n sloot val nie?

¹¹³ Valantasis (2005:15–41) verdeel dit in 88 “uitsprake” (“sayings”), Fleddermann (2005:69–71) verdeel dit in 38 uitsprake (met dieselfde inhoud) en Robinson, Hoffmann en Kloppenborg, (2000:1–561), meer wetenskaplik, organiseer dit vers vir vers.

¹¹⁴ Die Griekse teks is nie geformateer nie, maar word aangebied soos gevind in *The Critical Edition of Q* (Robinson, Hoffmann & Kloppenborg, 2000).

¹¹⁵ Daar is onsekerheid oor die plek van hierdie uitspraak (Fleddermann, 2005:713; Robinson, Hoffmann & Kloppenborg, 2000:78).

Matteus gebruik hierdie vers in 15:14¹¹⁶, alhoewel daar ’n geringe verskil in die bewoording is. Direk na hierdie uitspraak vra Petrus: “Verduidelik hierdie gelykenis vir ons”. Hierdie vraag het nie betrekking op die uitspraak in 15:14 nie, maar wel op 15:11 wat handel oor reinheid. Jesus verbind egter die dissipels met die blindes as Hy in die volgende vers (15:16) vra: “Is julle ook nog steeds sonder begrip?” (vgl. Hagner, 1993b:436). Alhoewel Petrus hier as woordvoerder vir die dissipels optree, word hy saam met die groep tereggewys, miskien ’n ligte teregwysing, in die woorde van Hagner (1993b:436) – ’n “mild rebuke”. Die dissipels word dus negatief voorgestel, maar Matteus stel dit meer eksplisiet ten opsigte van Petrus.

Tabel 36: Q 12:42

Grieks	Afrikaans (eie vertaling)
⁴² τίς ἄρα ἐστὶν ὁ πιστὸς δοῦλος [καὶ] φρόνιμος ὃν κατέστησεν ὁ κύριος ἐπὶ τῆς οἰκετείας αὐτοῦ τοῦ δο [ὑ] ναι [αὐτοῖς] ἐν καιρῷ τὴν τροφήν. ⁴³ μακάριος ὁ δοῦλος ἐκεῖνος, ὃν ἐλθὼν ὁ κύριος αὐτοῦ εὐρήσει οὕτως ποιοῦντα· ⁴⁴ [ἅμην] λέγω ὑμῖν ὅτι ἐπὶ πᾶσιν τοῖς ὑπάρχουσιν αὐτοῦ καταστήσει αὐτόν. ⁴⁵ ἐὰν δὲ εἴπῃ ὁ δοῦλος ἐκεῖνος ἐν τῇ καρδίᾳ αὐτοῦ· χρονίζει ὁ κύριός μου, καὶ ἄρξεται τύπτειν τοὺς [συνδούλους αὐτοῦ], ἐσθί [ἡ] δὲ καὶ πίν [ἡ] μετὰ τῶν] μεθυσ [όντων], ⁴⁶ ἥξει ὁ κύριος τοῦ δούλου ἐκεῖνου ἐν ἡμέρᾳ ἣ οὐ προσδοκᾷ καὶ ἐν ᾧ ἡ οὐ γνώσκει, καὶ διχοτομήσει αὐτόν καὶ τὸ μέρος αὐτοῦ μετὰ τῶν ἀπίστων θήσει.	⁴² Wie is die betroubare en verstandige bestuurder vir wie die eienaar oor sy dienaars sal aanstel om hulle kos op tyd te gee? ⁴³ Gelukkig is daardie slaaf wie se eienaar hom besig sal vind wanneer hy kom. ⁴⁴ Amen, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel. ⁴⁵ Maar as daardie slaaf in sy hart sê: My heer talm om te kom, en hy begin die dienaars en diensmeisies slaan, en begin eet en drink en dronk word, ⁴⁶ sal die eienaar van daardie slaaf op ’n dag kom wat hy nie verwag nie, en op ’n uur wat hy nie weet nie. Hy sal hom in stukke sny en hom ’n deelgenoot maak van die ontroues.

Matteus neem hierdie gedeelte op in 24:45–51 met geen verwysing na Petrus nie. Waarom Matteus dit onnodig geag het om na Petrus te verwys, kan nie gesê word nie. Noemenswaardig egter is die parallelle gedeelte in Lukas (12:42–46), waarin Petrus, nadat Jesus die voorafgaande gedeelte verduidelik het (12:35–40), vra (12:41): “Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons of vir almal?” Manson (1964:117) sê dit is eienaardig

¹¹⁶ Matteus 15:14: τυφλὸς δὲ τυφλὸν ἐὰν ὀδηγῇ, ἀμφοτέρω εἰς βόθυνον πεσοῦνται.

dat Matteus nie hierdie vers gebruik nie omdat hy Q getrou volg vanaf 24:45 tot 24:51.

Hy vervolg:

If the verse stood in Q, Mt. has omitted it. It is commonly regarded as the work of Lk. On the other hand, Mt. may have omitted it because it was difficult to understand what it meant. It certainly is difficult.

Moule (1976:147–148) spreek hom nog sterker uit oor hierdie verskil tussen Matteus en Lukas:

... this small difference is a most remarkable one. In the first place, one is familiar with the idea that it is Matthew, not Luke, who multiplies allusions to Peter. Yet here it is Luke who mentions Peter. Secondly, the direct question about the intended recipients of the preceding saying—are they the disciples or everyone generally?—is arresting and unparalleled. And thirdly, it is this question alone that lends logic to the ἄρα, ‘then’ which, in Matt., without this antecedent cause, is practically pointless ... These considerations together add up to a case for regarding the Lucan version as the closer to the original; or, to put it otherwise, a case against the assumption that Lk. xii. 41, the Peter-clause, is a mere editorial invention. If this is a Q ‘-passage, then Luke’s fuller text has perhaps reproduced it more faithfully. The Matthean hanging ἄρα, ‘then’, is hanging precisely because it is torn from its context.

Indien hierdie teks wel deel van Q uitgemaak het, is Moule (1976:147–148) reg dat dit eienaardig is dat Matteus dit uitlaat. Dit sou beteken dat Matteus “doelbewus” (waarom is onduidelik) die naam van Petrus uitlaat en juis daarmee vir Petrus “minder” prominent maak. Die meeste navorsers is dit egter eens dat hierdie ’n byvoeging van Lukas is (Marshall, 1978:540; Nolland, 1998a:702).

Tabel 37: Q 17:3–4

Grieks	Afrikaans (eie vertaling)
ἐὰν ἁμαρτήσῃ [[εἰς σέ]] ὁ ἀδελφός σου, ἐπιτίμησον αὐτῷ, καὶ ἐὰν [[μετανοήσῃ]] , ἄφες αὐτῷ. ⁴ καὶ ἐὰν ἐπτάκις τῆς ἡμέρας ἁμαρτήσῃ εἰς σέ καὶ ἐπτάκις ἀφήσεις αὐτόν.	As jou broer teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom. ⁴ As hy sewe maal op ’n dag teen jou sondig, moet jy hom sewe maal vergewe.

Matteus gebruik hierdie gedeelte uit Q¹¹⁷ in 18:15 en 21. In vers 21 word hierdie uitspraak direk in Petrus se vraag vervat: “Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?” In die parallelle gedeelte in Lukas 17:4¹¹⁸ is hierdie Jesus se woorde, maar Matteus maak dit Petrus se woorde en Jesus benadruk: “... tot sewentig maal sewe...” (Matteus 18:22). Hierdie woorde kan moontlik aan Petrus toegedig word omdat Jesus reeds oor die noodsaaklikheid van vergewing geleer het (Matt. 6:12, 14–15). Dit kan ook wees dat Matteus ten minste iets wou sê van Petrus se kennis van dit wat Jesus reeds geleer het. Dit kan ook wees dat Matteus hierdie uitspraak aan Petrus se ondersoekende geaardheid koppel wat hom verder op die voorgrond stel as dié dissipel wat vrae vra. Indien dit die geval sou wees, bly Petrus in hierdie gedeelte steeds die woordvoerder en leier van die dissipels, maar die afleiding kan ook gemaak word dat Petrus sy kennis toets aan Jesus se wysheid en daarom is hierdie ’n merkwaardig positiewe voorstelling (met betrekking tot Q materiaal) van Petrus onder die dissipels.

Tabel 38: Q 22:28, 30

Grieks	Afrikaans (eie vertaling)
²⁸ ὑμεῖς.. οἱ ἀκολουθήσαντές μοι	²⁸ Julle wat my gevolg het,
³⁰ .. καθήσεσθε ἐπὶ θρόνῳ ἑξῆς κρίνοντες τὰς δώδεκα φυλὰς τοῦ Ἰσραὴλ.	³⁰ sal op trone sit en die twaalf stamme van Israel oordeel.

Lukas verwys na Petrus slegs na afloop van hierdie episode (22:24–30). Die gedeelte in Lukas 22:24–30 word ook gekoppel (καὶ) aan die voorafgaande gedeelte in Lukas 22:7–23 (Marshall, 1978:811) en vorm dus ’n logiese gedagtelyn vir gesprekke tydens die maaltyd (Bock, 1996:1736): Jesus maak die aankondiging dat sy verraaier by hulle aan tafel is (Luk. 22:21) en die dissipels begin onder mekaar praat oor wie dit kan wees (Luk. 22:23). Die volgende vers (22:24) word gekoppel aan die gebeure in 22:21–23 deur Ἐγένετο δὲ καὶ φιλονεικία... Ná afloop van die verduideliking wat Jesus gee

¹¹⁷ Q “ontwikkel” verskeie keer die temas van bekering, vergifnis en versoening (Q 3:8; 6:27–28, 29–31; 10:13; 11:2–4; 12:10).

¹¹⁸ Vanaf 17:1 is Jesus aan die woord: “EN Hy het vir sy dissipels gesê:.. “

(22:25–30), word die fokus sterk op Petrus gerig (dubbele Σίμων) in 22:31 (Marshall, 1978:818–820).

Met die parallelle gedeelte in Matteus 19:28 (parallel aan Q) is dit Petrus wat die gedeelte met 'n vraag inlei (19:27): Τότε ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ· ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφήκαμεν πάντα καὶ ἠκολουθήσαμεν σοι· τί ἄρα ἔσται ἡμῖν (“Toe antwoord Petrus Hom: Kyk, ons het alles agtergelaat en U gevolg. Wat sal ons dan daarvoor kry?”). Die laaste gedeelte, “Wat sal ons dan daarvoor kry,” tesame met die gedeeltes in Lukas (22:7–30), wat hierbo bespreek is, skep die indruk dat daar 'n “soeke na waardigheid” onder die dissipels was:

Lukas 22:23

Toe begin hulle onder mekaar te vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen.

Lukas 22:24

EN daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees.

Matteus 19:27

Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?

Hierdie kwessie word in die algemeen beantwoord uit:

Q 22:28, 30

Julle wat my gevolg het, sal op trone sit en die twaalf stamme van Israel oordeel.

Petrus word dus volgens die Q-materiaal steeds voorgestel as woordvoerder en, veral deur Matteus, as die een wat die vraag stel oor 'n soeke na waardigheid.

Om Matteus se gebruik van Q rakende Petrus op te som, kan daar dus gesê word dat hy deur twee van die tekste (Q 6:39 – Matt. 15:14 en Q 22:28, 30 – Matt. 19:27) indirek en in een direk (Q 17:3–4 – Matt. 18:21) met die Q-bron in verband gebring word (vgl. Luz, 2011:571–589). In drie gevalle word Petrus steeds as woordvoerder van die dissipels voorgestel (Matt. 15:14, 18:21, 19:27) en sy ondersoekende geaardheid word in elk van die gevalle na vore gebring. In een van hierdie tekste word Petrus eksplisiet

negatief (Matt. 15:14) voorgestel saam met die dissipels, maar in een teks merkwaardig positief (18:21).

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Petrus 'n prominente posisie beklee onder die dissipels in al drie die sinoptiese evangelies. Hy word steeds voorgestel as die woordvoerder van die groep en as die een wat Jesus verloën het. Daar kan egter nie gesê word dat Matteus Petrus prominenter as die ander sinoptiese evangeliste voorstel nie.

4.6 Matteus neem die voorstelling van Petrus uit Markus en Q oor

Uit die sinoptiese vergelykings (Tabel 15, p. 124–Tabel 34, p. 148) en aanwending van Q (Tabel 35, p. 155–Tabel 38, p. 158) blyk dit duidelik dat Matteus sterk gesteun het op Markus en Q as bronne en daar kan gesê word dat Matteus afhanklik van hierdie bronne was. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Petrus sterk in die Markus-evangelie figureer. Markus het geen geslagsregister of geboorteverhaal nie, maar begin die evangelie met die prediking van Johannes die Doper, die doop en versoeking van Jesus, en die roeping van die dissipels. Simon word reeds in vers sestien van die eerste hoofstuk genoem (Mark. 1:16) (Καὶ παράγων παρὰ τὴν θάλασσαν τῆς Γαλιλαίας εἶδεν Σίμωνα καὶ Ἀνδρέαν τὸν ἀδελφὸν Σίμωνος ἀμφιβάλλοντας ἐν τῇ θαλάσῃ· ἦσαν γὰρ ἀλιεῖς – “En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andreas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers”). Hy is die eerste dissipel wat geroep is om “vissers” van mense te wees (ἀλιεῖς ἀνθρώπων). Onder al die skrywers van die sinoptiese evangelies gee Markus die meeste blootstelling aan Petrus¹¹⁹.

Markus gebruik aanvanklik die naam “Simon”, maar skryf in 3:16 dat Jesus vir hom die naam “Petrus” gegee het. Van hier af verder in die evangelie, is dit die naam wat primêr gebruik word (agtien keer met slegs een uitsondering van “Simon” in 14:37). Markus gee geen aanduiding waarom nie. France (2002:160–161) meen dat Petrus

¹¹⁹ Petrus is prominent in onderskeidelik vyftien gevalle in die Markus-evangelie.

beter deur die vroeë kerk geïdentifiseer kon word as Simon wat Petrus genoem is, omdat die naam Simon 'n algemene naam in die eerste eeu n.C. was (soos bespreek in 3.4 Die naam “Simon wat genoem word Petrus”, p. 76). Markus het dus met hierdie vers die geleentheid gebruik om vir Simon met die meer bekende naame “Petrus” voor te stel en daarom word dit in die res van die evangelie gebruik (vgl. Bratcher & Nida, 1993:114; Guelich, 1998:161; Stein, 2008:172). Petrus word ook eerste genoem in die lys van die twaalf vir wie Jesus aangestel het, waarskynlik omdat hy die eerste geroepe dissipel van Jesus was en verder ook vanweë sy prominente posisie onder die dissipels (Edwards, 2002:115–116; Guelich, 1998:160). Petrus, Jakobus en Johannes het deel uitgemaak van die binnekring van die dissipels, wat toegelaat is om spesiale gebeurtenisse mee te maak (Mark. 5:37, 9:2–13, 13:3–8¹²⁰, 14:33).

Oppad na Sesarea-Filippi was dit Petrus wat namens die dissipels bely: “U is die Christus” (8:29) en verder tree hy ten minste nog drie keer op as woordvoerder van die dissipels (Mark. 9:5, 10:28, 11:20–26).

Petrus word egter ook negatief voorgestel as die een wat nie verstaan nie (Mark. 8:32, 9:5, 14:29). In Markus 8:33 word hy bestraf omdat hy die dinge van mense bedink en 'n instrument van Satan is. Hy is ook die een wat aan die slaap raak en nie in staat is om “een uur te waak nie” (Mark. 14:37). Dit is Petrus wat vir Jesus drie keer verloën (Mark. 14:68, 70, 71) nadat hy bely het: “Al moes ek saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie” (Mark. 14:31). In hierdie loënverhaal word hy ook voorgestel as een wat vloek en sweer (Mark. 14:71), maar later as die een wat berou het omdat hy vir Jesus verloën het, want hy het bitterlik gehuil (Mark. 14:72). Ná Jesus se dood is dit slegs Markus (Matteus en Lukas verwys nie daarna nie) wat eksplisiet na Petrus verwys wanneer die “jong man” met die wit stola (στολήν λευκήν) vir die vroue by die graf sê (Mark. 16:7): ἀλλὰ ὑπάγετε εἵπατε τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ καὶ τῷ Πέτρῳ ὅτι προάγει ὑμᾶς εἰς τὴν Γαλιλαίαν (“Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus, Hy gaan voor julle uit na Galilea”).

¹²⁰ Alhoewel Andreas, Petrus se broer, ook hier ingesluit word.

Hill (1994:211–220) kom tot die gevolgtrekking dat Petrus oor die algemeen negatief voorgestel word in die Markus-evangelie. Volgens Hill (1994:215) hou dit direk verband met die kwessie oor gesag: Petrus se rol in die vroeë kerk kon nie ontken word nie en daarom is Petrus negatief voorgestel selfs deur “Marcion” en sommige Gnostiese geskrifte. Oor die prominensie van Petrus in die Markus-evangelie sê Nau (1992:42):

... since MARK is a much smaller Gospel consisting of only sixteen chapters, the fifteen vignettes involving Peter would seem to accord him proportionately greater prominence. Yet, surprisingly, such is not really the case. Several references simply identify Peter as one of the inner circle of disciples with James and John or as the spokesman for the twelve. These references give him some added exposure, but little real prominence. Comparatively little recognition is accorded him as an individual.

Daar kan dus gesê word dat Petrus prominent voorkom in die Markus-evangelie, maar hy word ook negatief voorgestel. Matteus het hierdie prominensie van Petrus “oorgeneem” uit Markus.

Dit wil verder voorkom of Matteus vertrou was met die Q-bron, want die Q-materiaal is dikwels nou verweef met die *Sondergut* in die evangelie (Koch, 1992:168). Die Q-bron-hipotese bied ’n basis vir die ooreenkomste tussen Matteus en Lukas (alhoewel daar steeds leemtes is¹²¹) (Neirynck, 2001:57); daarom is daar in hierdie studie verwys na “Matteus se gebruik van Q” (Rollens, 2011:77).

Die onlangse werk van Verheyden (2015:1–10) oor die invloed van Q op Matteus se teks is noemenswaardig. Verheyden reageer op die werk van Doole (2013:195–196), wat redeneer dat Matteus primêr van Markus afhanklik was en dat Q geen beduidende invloed op die Matteus-evangelie gehad het nie. Dit is waar dat Matteus basies die gebeure in Markus volg, maar Q het ’n groter uitwerking op die Matteus-evangelie

¹²¹ Neirynck (2001:55) noem: “The IQP text was never meant to be the final reconstruction of Q: From the beginning it was assumed that the project would be open-ended, to stay abreast of ongoing scholarship.” Ingolfsland (2003:231) kom tot gevolgtrekking dat een van die probleme van Kloppenborg se redevoering oor Q, die feit is dat een hipotese op die ander gebou word. Gegewe al die navorsing wat reeds oor Q gedoen is, kan daar steeds nie aangeneem word dat Q as ’n dokument bestaan het nie en daarom kan die bestaan van ’n Q-gemeenskap ook nie aangeneem word nie.

gehad as wat aanvanklik beweer is. Verheyden (2015:4–5) redeneer oortuigend dat dit op drie vlakke gebeur:

- Matteus volg die struktuur van Markus, maar met die hulp van Q word daar meer “inhoud” aan die Matteus-evangelie gegee. In Verheyden se woorde: “His [Matthew’s] second source provides him with the material to add flesh to the bones and to transform Mark’s account into a much longer and richer one that directs the reader beyond Mark.” ’n Voorbeeld hiervan is die inhoud van Johannes die Doper se prediking (Q 3:7–10 || Matt. 3:7–10).
- Met die hulp van Q en waarskynlik ook onder die invloed van die bron is die optrede / aktiwiteite van Jesus “getransformeer”. Matteus gebruik die verwysings na Jesus se lering (in Markus 1:21–22) en vervolg soos Q met die lering van Jesus en nie met die wondergenesings soos wat Markus doen nie (Matt. 5–7 met parallelle Q 6:20, 21, 22, 23, 27–28, 31, 11:1–2a, 2b, 3).
- Verheyden sê: “That sounds as if Matthew caused a major breakup of Mark’s framework. And this is indeed how one should best describe Matthew’s intervention.”
- Laastens meen Verheyden (2015:5) dat Q ook die volgorde van gebeure op kleiner skaal (mikrovlak) beïnvloed het. Volgens Markus word Johannes die Doper gedood (of onthoof) tydens die dissipels (ἀπόστολος– Markus 6:30) se eerste sending (Markus 6:7–30), terwyl Matteus die gebeure afsonderlik hanteer (sending: Matteus 10:1–42; die dood van die Johannes die Doper: Matteus 14:1–3).

Verheyden (2015:10) se slotsom is:

Matthew has worked with Mark and with Q to compose his Gospel, and he has continued to do so all through his Gospel, or almost so, up to and including chapter 25. Throughout, Mark constitutes the backbone of the narrative, in part because Q offers nothing in this respect. But the second source adds flesh to the bones, and does so abundantly. In this process, at times it not only influences the form and format the story is told, but also has some effect on the sequence, without, however, disturbing

the latter in any drastic way. Matthew is familiar with both of his sources to a degree that it has become impossible to conclude that he *must* have belonged to the Markan tradition (community) and *cannot* have belonged to the tradition (community?) that gave us Q. Some may find this a frustrating conclusion; others can live, or have learned to live with this kind of uncertainty.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Matteus vir Markus gebruik het as templaar vir die Matteus-evangelie, maar dat hy ook op die Q-bron gesteun het om die inhoud aan te vul.

4.7 Gevolgtrekking

Die doel van hierdie hoofstuk was om vas te stel hoe Matteus sy bronne gebruik het in die voorstelling van Petrus en of hy noemenswaardige byvoegings of weglatings gemaak het om die beeld van Petrus positief uit te bou of te diskrediteer. Die gevolgtrekking behoort dus die tendens uit te wys (indien daar so 'n tendens bestaan) in aansluiting by die sentrale teoretiese argument dat die vername rol van Petrus in die Matteus-evangelie dien as voorbeeld (prototipe) vir dissipelskap en dat dit nie as 'n anti-Pauliniese sentiment beskou moet word nie.

Die fokus is gerig op die manier hoe Matteus sy bronne gebruik het en die vooronderstelling was dat Matteus van Markus en die Q-bron (twee-bron-hipotese) afhanklik was vir die basis van die evangelie. Die *Sondergut* in Matteus word afsonderlik in Hoofstuk 5 (p. 167) bespreek.

Verder is daar 'n vergelyking getref tussen die tekste van die sinoptiese evangelies wat op Petrus betrekking het en hieruit is die volgende insiggewende gevolgtrekkings gemaak:

- Matteus en Lukas het Markus se kronologie nagevolg met enkele uitsonderings (Luk. 5:1–11, 12:35–48).
- Uit hierdie vergelyking blyk dit dat Petrus 'n unieke posisie onder die dissipels in al drie die evangelies inneem.

- Petrus vervul die rol as woordvoerder van die dissipels in elk van die sinoptiese evangelies, 'n rol wat prominensie aan hom verleen.
- Daar is gevalle waar Matteus en Lukas albei nalaat om vir Markus na te volg.

Met betrekking tot hierdie vergelyking van Petrus-tekste in die sinoptiese evangelies kan die gevolgtrekking gemaak word dat Petrus 'n prominente posisie onder die dissipels in al drie hierdie evangelies beklee het, maar daar kan steeds nie gesê word dat Matteus vir Petrus prominenter uitbeeld nie. Die volgende redes kan genoem word:

- Markus as bron vir die Petrus-prominensie is ondersoek en daar is bevind dat Petrus reeds sterk figureer in hierdie evangelie: van al die sinoptiese skrywers, gee Markus die meeste blootstelling aan Petrus. Petrus word in hierdie evangelie egter ook negatief voorgestel as die een wat nie verstaan nie (Mark. 8:32, 9:5, 14:29) en in Markus 8:33 word hy bestraf omdat hy die dinge van mense bedink en 'n instrument van Satan is. Hy is ook die een wat aan die slaap raak en nie in staat is om "een uur te waak nie" (Mark. 14:37) en wat vir Jesus drie keer verloën (Mark. 14:68, 70, 71) nadat hy bely het: "Al moes ek saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie" (Mark. 14:31). In hierdie loënverhaal word hy ook voorgestel as een wat vloek en sweer (Mark. 14:71). Matteus het hierdie negatiewe voorstellings van Markus basies net so oorgeneem.
- Die Q-bron bied 'n basis vir die ooreenkomste tussen Matteus en Lukas (alhoewel daar steeds leemtes is). Dit is waar dat Matteus die gebeure in Markus volg, maar Q het 'n groter uitwerking op die Matteus-evangelie gehad as wat aanvanklik beweer is. Matteus het dus vir Markus as templaar gebruik en daar is sterk op die Q-bron gesteun. Die naam van Petrus word nie in Q genoem nie, maar daar kan nogtans gesien word hoedat Matteus hierdie bron vir uitsprake rakende Petrus gebruik het. Slegs vier van die Q-tekste kan met Petrus in verband gebring word, naamlik Q 6:39, 12:42–46, 17:3–4 en 22:28, 30. Petrus word op grond van twee tekste (Q 6:39 – Matt. 15:14 en Q 22:28, 30 – Matt. 19:27) indirek en een direk (Q 17:3–4 – Matt. 18:21) met die Q-bron in verband

gebring. In drie gevalle word Petrus steeds as woordvoerder van die dissipels voorgestel (Matt. 15:14, 18:21, 19:27) en sy ondersoekende geaardheid word in elk van die gevalle na vore gebring. Met een van hierdie tekste word Petrus saam met die dissipels negatief (Matt. 15:14) voorgestel maar in een teks positief (18:21).

Uiteindelik kan die finale gevolgtrekking gemaak word dat Matteus die basis vir die Petrus-prominensie oorgeneem het uit sy bronne. Dit is veral ontleen aan die Markus-evangelie. Daar is vyf gevalle waar Matteus die verwysings na Petrus wat in die Markus-evangelie (1:35–37, 5:37, 11:21, 13:3–4, 16:5–7) voorkom, weglaat, maar daar is ook vyf gevalle waarin Matteus vir Petrus meer eksplisiet as in die ander sinoptiese evangelies voorstel, sommige positief (4:18, 8:14, 10:2, 16:16) en sommige negatief (26:35). Daar kan dus nie gesê word dat Matteus vir Petrus prominenter probeer voorstel nie en die gevolgtrekking kan dus nie gemaak word dat Matteus doelbewus die Petrus-prominensie gebruik om 'n Pauliniese invloed teen te werk nie.

Hoofstuk 5

Voorstellings van Petrus wat uniek aan Matteus is (*Sondergut*)

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die voorstellings van Petrus wat uniek aan Matteus is, ondersoek. Met *unieke voorstelling* word daar in hierdie studie verwys na die voorstelling van Petrus wat nie in die ander evangelies voorkom nie en wat die resultaat is van die redaksionele byvoegings of veranderings in Matteus¹²². Die doel is dus om die *Sondergut* te identifiseer en om vas te stel wat die bydrae van hierdie unieke stof tot die voorstelling van Petrus in die Matteus-evangelie is.

Die *Sondergut* in Matteus kan volgens Luz (2007b:21) in drie dele verdeel word:

- byvoegings tot die Markaanse tradisie (byvoorbeeld Matt. 4:13–16; 8:17; 12:5–7; 27:3–9, 19, 24–25, 62–66; 28:11–15);
- groter onafhanklike dele soos die gegewens oor Jesus se geboorte (byvoorbeeld 1:18–2:23) en dele van die Bergrede (5:21–22, 27–28; 6:2–6, 16–18); en
- individuele tradisie, meestal gelykenisse (13:24–30, 44–50; 18:23–35; 20:1–15; 21:28–32; 22:1–13; 25:1–30).

Die vervullingsitate (“Formula-quotations”¹²³) kan moontlik ook bygevoeg word. Daar is egter geen eenstemmigheid of dit beskou kan word as tradisie of redaksionele “ontwerpe” nie (France, 1997:166–205; Meier, 1992:622; Viljoen, 2009:32).

¹²² Matteus het egter die grootste deel van die evangelie net so oorgeneem uit sy bronne. Luz (2007b:41) sê: “The evangelist did not create many of the words of the Matthean preferred vocabulary; they are suggested by his sources.”

¹²³ Die *vervullingsitate* (“Formula-quotations”) is frases wat ingelei word deur dieselfde woorde of “formule”: “sodat... vervul sou word” (soms word “is vervul” [deur ’n profeet], gebruik) en dui op die vervulling van Ou-Testamentiese profesieë. Die volgende tien vervullingsitate word geïdentifiseer:

1:22–23 – τοῦτο δὲ ὅλον γέγονεν ἵνα πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν ὑπὸ κυρίου διὰ τοῦ προφήτου λέγοντος· ²³ ἰδοὺ ἡ παρθένος ἐν γαστρὶ ἔξει καὶ τέξεται υἱόν, καὶ καλέσουσιν τὸ ὄνομα αὐτοῦ Ἑμμανουήλ (= Jes. 7:14);

2:15 – καὶ ἦν ἐκεῖ ἕως τῆς τελευτῆς Ἡρώδου· ἵνα πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν ὑπὸ κυρίου διὰ τοῦ προφήτου λέγοντος· ἐξ Αἰγύπτου ἐκάλεσα τὸν υἱόν μου (= Hos. 11:1);

Die meeste van hierdie *Sondergut* bevat redaksionele eienskappe wat omvattender is as die gemiddelde redaksie van die Matteus-tekste. Luz (2007b:21) meen dat dit 'n teken is dat Matteus die mondelinge tradisie neergepen het. Die moontlike geskrewe bronne vir gedeeltes uit die Bergrede is 'n uitsondering.

Vir hierdie studie word slegs die *Sondergut* met betrekking tot Petrus bespreek. Daar sal gepoog word om vas te stel of Matteus doelbewus vir Petrus deur middel van redaksionele byvoegings en selfs weglatings prominent wou voorstel. Die redaksionele werk van Matteus in enkele tekste is reeds in Hoofstuk 4 (Tabel 14, p. 119–Tabel 38, p. 158) bespreek en daarom sal die klem in hierdie hoofstuk op die gedeeltes val waar hy meer as een teks tot sy eie unieke stof bygevoeg het, dit wil sê waar hy uitgebreide redaksie gedoen het.

Betz (1985:20) meen die moontlikheid van 'n anti-Pauliniese polemieë is in die Bergrede waarneembaar en beweer dat 5:17 (Μὴ νομίσητε ὅτι ἦλθον καταλῦσαι τὸν νόμον ἢ τοὺς προφῆτας· οὐκ ἦλθον καταλῦσαι ἀλλὰ πληρῶσαι) (Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul") 'n uitspraak teen Paulus se “law-free Gentile Christians” kan wees. Stanton (1993:313) sê egter “... these verses [i.e. 5:17, 19; 7:15, 21–23] are not attacking Pauline Christians of any kind.” Manson (1964:204) noem die moontlikheid dat Petrus

2:17–18 – τότε ἐπληρώθη τὸ ῥηθὲν διὰ Ἰερεμίου τοῦ προφήτου λέγοντος· ¹⁸ φωνὴ ἐν Ῥαμὰ ἠκούσθη, κλαυθμὸς καὶ ὀδυρμὸς πολὺς· Ῥαχὴλ κλαίουσα τὰ τέκνα αὐτῆς, καὶ οὐκ ἤθελεν παρακληθῆναι, ὅτι οὐκ εἰσὶν (= Jer. 31:15);
2:23 – καὶ ἐλθὼν κατῴκησεν εἰς πόλιν λεγομένην Ναζαρέτ· ὅπως πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν διὰ τῶν προφητῶν ὅτι Ναζωραῖος κληθήσεται;

4:14–16 – ἵνα πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν διὰ Ἡσαΐου τοῦ προφήτου λέγοντος· ¹⁵ γῆ Ζαβουλὼν καὶ γῆ Νεφθαλίμ, ὁδὸν θαλάσσης, πέραν τοῦ Ἰορδάνου, Γαλιλαία τῶν ἐθνῶν, ¹⁶ ὁ λαὸς ὁ καθήμενος ἐν σκοτεινῷ φῶς εἶδεν μέγα, καὶ τοῖς καθημένοις ἐν χώρα καὶ σκιᾷ θανάτου φῶς ἀνέτειλεν αὐτοῖς (= Jes. 8:23–9:1);

8:17 – ὅπως πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν διὰ Ἡσαΐου τοῦ προφήτου λέγοντος· αὐτὸς τὰς ἀσθενείας ἡμῶν ἔλαβεν καὶ τὰς νόσους ἐβάστασεν (= Jes. 53:4);

12:17–21 – ἵνα πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν διὰ Ἡσαΐου τοῦ προφήτου λέγοντος· ¹⁸ ἰδοὺ ὁ παῖς μου ὃν ἠρέτισα, ὁ ἀγαπητός μου εἰς ὃν εὐδόκησεν ἡ ψυχὴ μου· θήσω τὸ πνεῦμά μου ἐπ’ αὐτόν, καὶ κρίσιν τοῖς ἔθνεσιν ἀπαγγελεῖ. ¹⁹ οὐκ ἐρίσει οὐδὲ κραυγάζει, οὐδὲ ἀκούσει τις ἐν ταῖς πλατείαις τὴν φωνὴν αὐτοῦ. ²⁰ κάλαμον συντετριμμένον οὐ κατεάξει καὶ λίνον τυφόμενον οὐ σβέσει, ἕως ἄν ἐκβάλῃ εἰς νίκος τὴν κρίσιν. ²¹ καὶ τῷ ὀνόματι αὐτοῦ ἔθνη ἐλπιούσιν (= Jes. 42:1–4);

13:35 – ὅπως πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν διὰ τοῦ προφήτου λέγοντος· ἀνοίξω ἐν παραβολαῖς τὸ στόμα μου, ἐρεῦζομαι κεκρυμμένα ἀπὸ καταβολῆς [κόσμου] (= Ps. 78:2);

21:4–5 – τοῦτο δὲ γέγονεν ἵνα πληρωθῇ τὸ ῥηθὲν διὰ τοῦ προφήτου λέγοντος· ⁵ εἶπατε τῇ θυγατρὶ Σιών· ἰδοὺ ὁ βασιλεὺς σου ἔρχεται σοι πρᾶς καὶ ἐπιβεβηκὼς ἐπὶ ὄνον καὶ ἐπὶ πῶλον υἱὸν ὑποζυγίου (= Jes 62:11; Sag. 9:9);

27:9–10 – τότε ἐπληρώθη τὸ ῥηθὲν διὰ Ἰερεμίου τοῦ προφήτου λέγοντος· καὶ ἔλαβον τὰ τριάκοντα ἀργύρια, τὴν τιμὴν τοῦ τετιμημένου ὃν ἐτιμήσαντο ἀπὸ υἱῶν Ἰσραὴλ, ¹⁰ καὶ ἔδωκαν αὐτὰ εἰς τὸν ἀγρὸν τοῦ κεραμέως, καθὰ συνέταξέν μοι κύριος (= Sag. 11:12–13; Jer. 18:3; 59:6–9).

doelbewus prominent voorgestel is in die Matteus-evangelie om teen Paulus te reageer, maar hy brei nie verder op hierdie gedagte uit nie. Brandon (1978:242) het ook hierdie hipotese ondersoek en meen dat die Matteus-evangelie 'n apologetiese reaksie was teen Joodse invloed in die kerk in Aleksandrië ná die val van Jerusalem in 70 n.C.; daarom kan dit ook beskou word as 'n reaksie teen die invloed wat Paulus op die kerk gehad het.

Dit is veral David Sim (1998:92–103, 2002:767–783, 2007:325–343, 2009:401–422, 2011:176–192) wat redeneer dat die Matteus-evangelie 'n anti-Pauliniese teks bevat. Hy steun sterk op die werk van Segal (1991:21–22) wat sê: “Matthew was engaged in a bitter and sustained polemic against Paul himself.” Die grondslag van Sim (2002:778) se argumente kom egter uit die werk van Brandon ([1951] 1978) waarin daar na die voorval in Antiochië¹²⁴ verwys word (vgl. Betz, 1985:156). Sim (2002:767–783) en Brandon (1978:231–239) meen albei dat die sogenaamde polemiek wat daar moontlik tussen Matteus en Paulus kon bestaan het, beter teen die agtergrond van die voorval verstaan kan word. Die Antiochië-voorval verwys na die gebeure wat Paulus in Galasiërs 2:11–15¹²⁵ beskryf en tot gevolg gehad het dat Paulus vir Petrus oor sy optrede teenoor die nie-Jode berispe het. Die saak tussen Petrus en Paulus het oënskynlik oor “tafelgemeenskap” gehandel (vgl. Longenecker, 1990:lxxi–lxxii), maar Sim (1998:92–103) redeneer dat dit eerder oor die besnydenis gegaan het. Hy verduidelik dit soos volg: Die Jakobus-geselskap wat in Antiochië aangekom het, is baie nou geassosieer met “manne van die besnydenis”. Petrus, as 'n Jood¹²⁶, en ook ander

¹²⁴ Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat Matteus vir die gemeenskap in Antiochië (Sirië) geskryf het (Hagner, 1993a:lxix–lxxv; Luz, 1990:56–58).

¹²⁵ Galasiërs 2:11–15 (1953-vert.): “Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het. ¹²Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is. ¹³En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Bárnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins. ¹⁴Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe? ¹⁵Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie...”

¹²⁶ Die term “Jood”/“Jode” word in hierdie studie met versigtigheid gebruik. Van Aarde (2007a:52–53) waarsku teen anakronisme en meen dat 'n inwoner van Judea, 'n “Judeër” (Ἰουδαῖος) en 'n inwoner van Galilea Γαλιλαῖος genoem is: “Dit was egter nie 'n self-benoeming nie. Mense wat die sosio-religieuse ideologie van die Tweede Tempel na die Babiloniese ballingskap aangehang het... het na hulleself verwys as ‘mense van God’ of die ‘huis

Jode van die kerk in Antiochië, het hul aan die tafelgemeenskap onttrek toe die Jakobus-groep, wat waarskynlik voorstanders van die besnydenis was, arriveer. Sim (1998:93) voer aan dat hierdie groep aangedring het dat bekeerlinge uit die heidendom hulle laat besny en dat die Tora stiptelik gehoorsaam word. Sy slotsom is dat die groep van Jakobus die siening van die “besnydenisparty” (“circumcision party”) verteenwoordig het – vandaar die interpretasie dat Petrus die gesag van Jakobus in Jerusalem respekteer het. Sim (1998:98–100) meen verder dat Paulus suggereer dat die ooreenkoms met die kerkvergadering in Jerusalem (Hand. 15:1–34) verbreek is en dat Jakobus en die besnydenisparty daarvoor verantwoordelik was. Dit was die rede waarom Paulus die kerk in Antiochië verlaat het en sy sendingwerk in die res van die heidendom voortgesit het. Die kerk in Antiochië het dus toenemend onder die gesag van Jakobus te staan gekom.

Sim (1998:106–107) kom tot die gevolgtrekking dat die kerk in Jerusalem sterk gekant was teen die siening van die kerk in Antiochië en meen dat Jakobus, wat die kerk in Jerusalem gelei het¹²⁷, stappe geneem het om die kerk in Antiochië te beïnvloed. Jakobus het dus ’n boodskap na hulle gestuur dat alle Christene uit die heidendom besny moes word; sodoende is die kerk in Antiochië radikaal getransformeer van ’n “wetsvrye” gemeenskap na ’n “wetsonderdanige” gemeenskap.

Dit is teen hierdie agtergrond en die werk van Brandon (1978:231–243), wat reeds in 1951 gepubliseer is, dat Sim (2002:767–783) ’n sterk anti-Paulinisme in die Matteus-evangelie identifiseer. Soos daar reeds vantevore genoem is (kyk 2.4 *Skygbaar anti-Pauliniese sentiment in Matteus*, p. 25), beweer Brandon (1978:232) dat die prominensie van Petrus in die Matteus-evangelie ’n reaksie teen die invloed van Paulus is. Matteus 16:18–19¹²⁸ word as kernteks geneem. Hy (Brandon, 1978:233) beskou

van Israel (Matt. 10:6) en nie in die eerste plek as Judeërs nie.” In hierdie studie word daar met die term “Jood” of “Jode” verwys na die “huis van Israel”.

¹²⁷ Jakobus, die broer van Jesus het waarskynlik op daardie stadium die kerk in Jerusalem gelei (Elwell & Comfort, 2001:665; Gillman, F.M. 1992:620; Longenecker, 1990:38–39).

¹²⁸ Matteus 16:18–19 (1953-vert.): “En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.”

5:17–19¹²⁹ en 13:24–30 (gelykenis van die onkruid) as ’n persoonlike aanval op Paulus en probeer onder andere om die “vyandige mens” (ἐχθρὸς ἄνθρωπος) in 13:28 met Paulus in verband te bring. Sim (2002:776–781) brei uit op Brandon se bewerings oor die prominensie van Petrus en meen dat daar ’n treffende ooreenkoms tussen Matteus 16:17¹³⁰ en Galasiërs 1:12¹³¹ is, veral as 1:16–17¹³² ook in aanmerking geneem word. Sim meen dat Matteus eerder vir Petrus wou voorhou as die een wat ’n Goddelike openbaring gehad het, en nie vir Paulus nie. Hierdie argumente is moeilik om te aanvaar, veral as aanvaar word dat Matteus in Antiochië (Sirië) ontstaan het (kyk 2.4 *Skygbaar anti-Pauliniese sentiment in Matteus*, p. 25) vir bespreking van die plek van oorsprong van Matteus en die redes vir die aanname.

Die redaksie van die *Sondergut*-gedeeltes Matteus word vervolgens onder die volgende opskrifte bespreek:

5.2 Petrus se woorde in die Matteus-evangelie (p. 172)

5.3 Petrus loop op die water en word deur Jesus gered (14:22–36) (p. 181)

5.4 Petrus se belydenis van Jesus as die Messias en Seun van die lewende God (16:16–19) (p. 185)

5.5 Petrus se vraag na tempelbelasting (17:24–27) (p. 198)

5.6 Die rol van Petrus in die teologie van Matteus (p. 200)

Soos vroeër genoem, is daar heelwat navorsers wat aanvaar dat Petrus die woordvoerder van die dissipelgroep was (Brown, Donfried & Reumann, 1974:106; Donfried, 1992:257–260; Hagner, 1993a:266; Osborne, 1988:1664; Turner, 2008:404;

¹²⁹ Matteus 5:17–19 (1953-vert.): “MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. ¹⁸Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. ¹⁹Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.”

¹³⁰ Matteus 16:17 (1953-vert.): “Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.”

¹³¹ Galasiërs 1:12 (1953-vert.): “Want ek het dit ook nie van ’n mens ontvang of geleer nie, maar deur ’n openbaring van Jesus Christus.”

¹³² Galasiërs 1:16–17 (1953-vert.): “... om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, ¹⁷en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus.”

Wilkins, 1988:209). Dit kan dus insiggewend wees om sy woorde in ooreenstemmende gesprekke of uitinge in die sinoptiese evangelies met mekaar te vergelyk. Daardeur kan 'n moontlike gevolgtrekking oor Matteus se redaksionele gebruik van Petrus se woorde en gepaardgaande optrede gemaak word. Eers word aandag gegee aan kort uitinge van Petrus. Dit word in tabelvorm aangebied (Tabel 39, p. 173–Tabel 51, p. 179) om 'n moontlike tendens aan te toon in die woorde wat Matteus aan Petrus toedig.

Matteus se unieke voorstelling van Petrus se optrede (en woorde) kom veral na vore in die uitgebreide weergawe van drie gesprekke en/of gebeure (vgl. Donfried, 1992:256). Die relevante teksgedeeltes word weer eens in tabelvorm aangebied soos in die volgende lys aangedui:

- Petrus loop op die water en word deur Jesus gered (14:22–36) (Tabel 52, p. 183)
- Petrus se belydenis oor Jesus as die Messias en Seun van die lewende God (16:16–19) (Tabel 53, p. 187–Tabel 57, p. 196)
- Petrus en die vraag oor die tempelbelasting (17:24–27) (Tabel 58, p. 198)

Soos in die opsomming hierbo aangedui word, sal daar aan die einde van hierdie gedeelte ook aandag gegee word aan die rol wat Petrus in die teologie van Matteus speel.

Hieruit behoort 'n gevolgtrekking gemaak te kan word oor Matteus se unieke voorstelling van Petrus.

5.2 Petrus se woorde in die Matteus-evangelie

Petrus se woorde (uitinge) in die Matteus-evangelie kan moontlik lig werp op sy prominensie en daarom word dit vervolgens in tabelvorm met sy woorde in ooreenstemmende dele in die Markus- en Lukas-evangelies vergelyk.

Tabel 39: Petrus se woorde tydens sy roeping – in Lukas alleen

Matteus	Markus	Lukas
		5:5 – ἐπιστάτα, δι’ ὅλης νυκτὸς κοπιάσαντες οὐδὲν ἐλάβομεν· ἐπὶ δὲ τῷ ῥήματί σου χαλάσω τὰ δίκτυα (Meester, ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie; maar op u woord sal ek die net laat sak.)
		5:8 – ἔξελθε ἀπ’ ἐμοῦ, ὅτι ἀνὴρ ἁμαρτωλὸς εἰμι, κύριε (Gaan weg van my, Here, want ek is ’n sondige man.)

Matteus en Markus teken geen woorde aan tydens die roeping van die eerste dissipels nie. In die Lukas-evangelie, wat heeltemal ander gebeure beskryf as die ander twee sinoptiese evangelies, word Petrus ’n dissipel van Jesus ná die wonderwerk van die groot visvangs. Uit Petrus se woorde (5:5) blyk dit dat hy nie alleen bekend met Jesus was nie, maar dat hy het reeds ontsag vir Hom gehad het (5:5). Petrus bely ook hierdie oppergesag van Jesus in 5:8.

Tabel 40: Petrus, woordvoerder van die dissipels – in Lukas, maar nie in Matteus en Markus nie

Matteus	Markus	Lukas
	5:31 – καὶ ἔλεγον αὐτῷ οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ βλέπεις τὸν ὄχλον συνθλίβοντά σε καὶ λέγεις· τίς μου ἦψατο (Maar sy dissipels het vir Hom gesê: U sien die skare [van alle kante] teen U druk, en tog vra U : wie het aan My geraak?)	8:45 – ἐπιστάτα, οἱ ὄχλοι συνέχουσίν σε καὶ ἀποθλίβουσιν (Meester, die skare dring tog om U saam en druk teen U?)

Markus laat die dissipels ná die genesing van die vrou met die bloedvloeiing praat, terwyl Matteus nie na die voorval verwys nie. Lukas laat Petrus praat en stel dus vir Petrus as woordvoerder van die dissipels voor. Petrus gebruik weereens ἐπιστάτης, soos in Lukas 5:5 (Tabel 39, p. 173), as aanspreekvorm vir Jesus. Nolland (2002:420) meen dat die gebruik van die woord 'n bewys is van groter respek as in die Markus-weergawe.

Tabel 41: Petrus se woorde tydens die storm op die see – in Matteus alleen

Matteus	Markus	Lukas
14:28 – κύριε, εἰ σὺ εἶ, κέλευσόν με ἐλθεῖν πρὸς σε ἐπὶ τὰ ὕδατα (Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom) 14:30 – κύριε, σῶσόν με (Here, red my)		

Hierdie woorde van Petrus is uniek aan die Matteus-evangelie en die evangelis plaas hom as spreker vir die eerste keer op die voorgrond. Sy woorde fokus op hoop in Jesus se wonderkrag (14:28) en redding (14:30). Dit spreek ook van sy geloof in Jesus (Hagner, 1993b:424) as sy κύριος.

Tabel 42: Petrus is ondersoekend van geaardheid – in Matteus alleen

Matteus	Markus	Lukas
15:15 – φράσον ἡμῖν τὴν παραβολὴν [ταύτην] (Verklaar vir ons hierdie gelykenis)		

Hierdie woorde is weereens uniek aan die Matteus-evangelie. Petrus is steeds die woordvoerder van die dissipels (ἡμῖν). Hy gebruik die woord φράζω (enigste voorkoms van die woord in die Nuwe Testament) en word daardeur voorgestel as iemand met 'n

ondersoekende geaardheid. Dit wil voorkom of Matteus hom op die voorgrond probeer stel voordat die belydenis in 16:16 gemaak word.

Tabel 43: Petrus se woorde van belydenis en bestraffing – in al die sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
16:16 – σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος (U is die Christus, die Seun van die lewende God)	8:29 – σὺ εἶ ὁ χριστός (U is die Christus)	9:20 – τὸν χριστὸν τοῦ θεοῦ (Die Christus van God)
16:22 – ἴλεώς σοι, κύριε· οὐ μὴ ἔσται σοι τοῦτο (Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie)	8:32 – Markus verwys daarna dat Petrus vir Jesus “bestraf” (ἐπιτιμᾶν) maar gee nie sy woorde weer nie.	

Die belydenis van Petrus kom in elk van die sinoptiese evangelies voor. Matteus brei egter hierdie belydenis uit na ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος, terwyl Lukas se uitbreiding baie eenvoudiger is, naamlik τοῦ θεοῦ. Oomblikke later, in 16:22, uiter Petrus woorde wat ’n struikelblok vir Jesus is. Daar kan afgelei word dat Matteus vir Petrus met die *Sondergut* aan die woord stel (14:28, 30; 15:15) (kyk Tabel 41, p. 174, en Tabel 42, p. 174) en dit laat uitloop op die uitgebreide belydenis (klimaks) in 16:16.

Tabel 44: Petrus se woorde oor die drie hutte – in al die sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
17:4 – κύριε, καλὸν ἐστὶν ἡμᾶς ὧδε εἶναι· εἰ θέλεις, ποιήσω ὧδε <u>τρεις σκηνάς</u>, σοὶ μίαν καὶ Μωϋσεῖ μίαν καὶ Ἠλίας μίαν (Here, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia)	9:5 – ῥαββί, καλὸν ἐστὶν ἡμᾶς ὧδε εἶναι, καὶ ποιήσωμεν <u>τρεις σκηνάς</u>, σοὶ μίαν καὶ Μωϋσεῖ μίαν καὶ Ἠλίας μίαν (Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte bou, een vir U, een vir Moses en een vir Elia)	9:33 – ἐπιστάτα, καλὸν ἐστὶν ἡμᾶς ὧδε εἶναι, καὶ ποιήσωμεν <u>σκηνὰς τρεις</u>, μίαν σοὶ καὶ μίαν Μωϋσεῖ καὶ μίαν Ἠλίας (Meester, dit is goed dat ons hier is; laat ons drie hutte bou, een vir U, een vir Moses en een vir Elia)

Hierdie woorde van Petrus is parallel aan mekaar in die sinoptiese evangelies, alhoewel die aanspreekvorms verskil: Matteus het κύριος, Markus het ῥαββί en Lukas het weereens ἐπιστάτης.

Tabel 45: Petrus se antwoord oor belasting – in Matteus alleen

Matteus	Markus	Lukas
<u>17:25</u> - ναί (Ja)		
<u>17:26</u> – ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων (Van vreemdelinge)		

Hierdie *Sondergut* word in Hoofstuk 6 (p. 206) breedvoeriger bespreek. Petrus gee in albei gevalle 'n antwoord wat telkens blyk die korrekte antwoord te wees.

Tabel 46: Petrus se woorde oor vergifnis – in Matteus alleen

Matteus	Markus	Lukas
<u>18:21</u> – κύριε, ποσάκις ἀμαρτήσῃ εἰς ἐμὲ ὁ ἀδελφός μου καὶ ἀφήσω αὐτόν; ἕως ἐπτάκις (Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?)		<u>17:4</u> – Lukas het 'n parallelle gedeelte maar verwys nie na Petrus nie terwyl Matteus dit Petrus se woorde maak.

Matteus stel weereens vir Petrus as iemand met 'n ondersoekende geaardheid voor. Markus verwys nie na hierdie gedeelte nie, terwyl Lukas 'n parallelle gedeelte het, maar nie na Petrus se woorde verwys nie. Matteus maak hierdie vraag-antwoord Petrus se woorde.

Tabel 47: Petrus se vraag oor beloning – in al die sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
19:27 - ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφήκαμεν πάντα καὶ ἠκολουθήσαμεν σοι· τί ἄρα ἔσται ἡμῖν (Kyk, ons het alles agtergelaat en U gevolg. <i>Wat sal ons dan daarvoor kry?</i>)	10:28 - ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφήκαμεν πάντα καὶ ἠκολουθήκαμεν σοι (Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg)	18:28 – ἰδοὺ ἡμεῖς ἀφέντες τὰ ἴδια ἠκολουθήσαμεν σοι (Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg)

Die woordelike ooreenkomste tussen die evangelies is duidelik. Petrus praat weer namens die dissipels en Matteus brei weer uit (soos in 16:16) op die woorde van Petrus met τί ἄρα ἔσται ἡμῖν. Petrus het waarskynlik hemelse beloning in gedagte gehad (Matt. 5:12, 46, 6:1–18, 10:41–42).

Tabel 48: Petrus se woorde oor die verdroogde vyeboom – in Markus alleen

Matteus	Markus	Lukas
	11:21 – ῥαββί, ἴδε ἡ συκῆ ἣν κατηράσω ἐξήρανται (Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog)	

Markus lê hierdie woorde in die mond van Petrus, terwyl Matteus en Lukas geen uiting aan hom toedig nie.

Tabel 49: Die dissipels se vraag oor die teken van die tyd – in al die sinoptiese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
24:3 – Matteus verwys hier na die dissipels wat die vraag vra en nie spesifiek na Petrus nie.	13:4 – εἰπὸν ἡμῖν, πότε ταῦτα ἔσται καὶ τί τὸ σημεῖον ὅταν μέλλῃ ταῦτα συντελεῖσθαι πάντα (Vertel ons wanneer sal hierdie dinge gebeur, en wat sal die teken wees dat al hierdie dinge volbring sal word?) Markus verwys egter nie na hierdie as slegs Petrus se woorde nie maar sê: Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas het Hom eenkant gevra	21:7 – Lukas verwys hier na die dissipels wat die vraag vra en nie spesifiek na Petrus nie.

Markus verwys na Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas wat vra wanneer die dinge sal gebeur. Matteus en Lukas verwys kortweg na die dissipels wat die vraag vra.

Tabel 50: Petrus se vraag oor 'n gelykenis – in Matteus en Lukas

Matteus	Markus	Lukas
24:45–51 – Matteus verwys in die parallelle gedeelte geensins na Petrus of na die dissipels wat praat nie. Jesus is deurentyd aan die woord.		12:41 – κύριε, πρὸς ἡμᾶς τὴν παραβολὴν ταύτην λέγεις ἢ καὶ πρὸς πάντας (Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons of vir almal?)

Lukas (12:41) gebruik vir die eerste keer κύριος as aanspreekvorm. Dit blyk 'n tendens by die onderskeie evangeliste te wees dat Jesus vir Matteus se Petrus κύριος is, vir Markus se Petrus ῥαββί is en vir Lukas se Petrus ἐπιστάτης (5:5, 8:45, 9:33) en κύριος (12:41, 22:33) is. Lukas stel met hierdie woorde (12:41) vir Petrus as 'n ondersoeker voor.

Tabel 51: Petrus se woorde in die loënverhale – in al die sinopitese evangelies

Matteus	Markus	Lukas
26:33 – εἰ πάντες σκανδαλισθήσονται ἐν σοί, ἐγὼ οὐδέποτε σκανδαλισθήσομαι (Al sal almal oor U struikel, ek sal nooit struikel nie)	14:29 – εἰ καὶ πάντες σκανδαλισθήσονται, ἀλλ’ οὐκ ἐγώ (Al sal almal struikel, ek sal nie)	
26:35 – κἂν δέη με σὺν σοὶ ἀποθανεῖν, οὐ μὴ σε ἀπαρνήσομαι (Al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie)	14:31 – ἐὰν δέη με συναποθανεῖν σοι, οὐ μὴ σε ἀπαρνήσομαι (Al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie)	22:33 – κύριε, μετὰ σοῦ ἔτοιμός εἰμι καὶ εἰς φυλακὴν καὶ εἰς θάνατον πορεύεσθαι (Here, ek is bereid om saam met U die tronk en die dood binne te gaan)
26:70 – οὐκ οἶδα τί λέγεις (Ek weet nie waarvan jy praat nie)	14:68 – οὔτε οἶδα οὔτε ἐπίσταμαι σὺ τί λέγεις (Ek weet nie en verstaan nie waarvan jy praat nie)	22:57 – οὐκ οἶδα αὐτόν, γύναι (Vrou, ek ken Hom nie)
26:72 – οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον (Ek ken die man nie)	14:70 – Markus verwys slegs na Petrus wat ontken dat hy vir Jesus ken	22:58 – ἄνθρωπε, οὐκ εἰμί (Man, ek is nie)
26:74 – οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον (Ek ken die man nie)	14:71 – οὐκ οἶδα τὸν ἄνθρωπον τοῦτον ὃν λέγετε (Ek ken nie hierdie man van wie julle praat nie)	22:60 – ἄνθρωπε, οὐκ οἶδα ὃ λέγεις (Man, ek weet nie waarvan jy praat nie)

Die loënverhale in al drie evangelies is parallel aan mekaar met geringe verskille. Aanvanklik spreek Petrus hom sterk uit dat hy nie in sy lojaliteit teenoor Jesus sal struikel (σκανδαλίζω) nie (Matt. 26:33, Mark. 14:29). Hy spreek hom egter nog sterker uit in Matteus 26:35 (Mark. 14:31, Luk. 22:33): hy sal sterf maar nie vir Jesus verloën nie. Petrus se ferm woorde verbrokkel en hy ontken drie keer dat hy Jesus ken. Hierdie is ook sy laaste woorde in die sinoptiese evangelies. In Tabel 39 (p. 173) tot Tabel 51(p. 179) kan daar gesien word hoedat Petrus vyftien keer (108 woorde) in die Matteus-

evangelie aan die woord is, teenoor slegs agt¹³³ keer (66 woorde) in die Markus-evangelie en twaalf keer (94 woorde) in die Lukas-evangelie. Lukas bied egter unieke stof aan oor die roeping van die dissipels en Petrus word reeds voor sy roeping aan die woord gestel (5:5, 8). In die Matteus-evangelie word woorde heelwat later aan Petrus toegedig, ongeveer eers in die helfte (hoofstuksgewys) van die evangelie (14:28). Sewe uitsprake (bykans die helfte) is uniek aan Matteus (14:28, 30, 15:15, 16:22, 17:25, 26, 18:21) en kom nie in Markus of Lukas voor nie. Daar is ook twee gevalle waar Matteus (teenoor Markus en Lukas) die uitinge van Petrus uitbrei (16:16, 19:27).

Indien daar slegs op Petrus se woorde of opmerkings in die Matteus-evangelie gelet word, kan 'n opbou na 'n klimaks waargeneem word: met die eerste opmerking soek Petrus bevestiging van Jesus se wonderkrag (14:28), die tweede is 'n hulpgeroep om redding (14:30), die derde is ondersoekend, want Petrus wil verstaan (15:15), en die vierde is die (uitgebreide) belydenis dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God (16:16). Die eerste drie gevalle is uniek aan Matteus en dit wil dus voorkom of die woorde van Petrus na hierdie belydenis opbou. Die woorde (16:16) is parallel aan Markus (8:29) én Lukas (9:20), maar Matteus voeg by: ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος ("die Seun van die lewende God").

In Markus 8:32 word daar slegs verwys na Petrus wat vir Jesus bestraf, terwyl Matteus (16:22) ook Petrus se woorde byvoeg. Dit beteken dus dat Matteus hierdie negatiewe assosiasie met Petrus uitbrei. 'n Verdere voorbeeld van waar Matteus woorde aan Petrus toedig, is die gedeelte oor vergifnis. Dit word deur Matteus (18:21–22) én Lukas (17:3–4) verhaal, maar Matteus maak die woorde Petrus s'n, met ander woorde, Matteus laat hierdie woorde "uit" Petrus se mond kom. Hiermee is dit duidelik dat Matteus besondere prominensie aan Petrus verleen.

Uit hierdie gegewens kan die gevolgtrekking egter nie gemaak word dat Matteus Petrus se prominensie probeer benadruk het nie. Alhoewel Matteus onder al die

¹³³ Dit kan wees dat Petrus namens die "kleiner" groepie gepraat het. Die groepie het Jakobus, Johannes en Andreas ingesluit (13:3–4). Indien dit die geval sou wees, het Petrus nege keer in die Markus-evangelie gepraat.

sinoptiese skrywers die meeste woorde uit die mond van Petrus laat kom, is daar slegs enkele gevalle waar die woorde positief is (16:16; 17:26, 18:21).

5.3 Petrus loop op die water en word deur Jesus gered (14:22–36)

Daar is reeds genoem dat Petrus se unieke optrede (en woorde) veral in drie gebeurtenisse uitgebeeld word (14:22–36, 16:16–19, 17:24–27) en die eerste hiervan is (kronologies) die uitbeelding van Petrus wat op die water loop en deur Jesus gered word. Hy word ook vir die eerste keer deur Matteus in hierdie *Sondergut* aan die woord gestel (Tabel 52: *Vergelyking tussen Matteus 8:25–27 en 14:30–33*, p. 183) en word voorgestel as die een onder die dissipels wat vrymoedigheid het om te praat en om op te tree.

Hierdie unieke voorstelling van Matteus gee merkwaardige inligting oor Petrus. Die gedeelte (14:22–36) volg na die “Eerste vermeerdering van die brood” (14:14–21) wat parallel aan Markus (en Johannes) is. Vyf brode en twee visse (Matteus 14:19 || Markus 6:38 en Johannes 6:9) is vermeerder sodat ongeveer vyf duisend mense (Matteus 14:21 || Markus 6:44 en Johannes 6:10) daarvan geëet het. Direk ná hierdie gebeure verplig Jesus sy dissipels om voor Hom uit te gaan met die skuit na die oorkant van die see terwyl Hy die skare wegstuur (14:22). Teen die aand was die skuit al “in die middel van die see” in ’n storm. In hierdie onstuimigheid kom Jesus op die water aangestap na die skuit met die dissipels. Die dissipels moet teen hierdie tyd (τετάρτη δὲ φυλακῇ τῆς νυκτὸς) (“in die vierde nagwaak”)(14:25) in die nat en koue toestand al uitgeput gewees het. Hagner (1993b:423) meen dat Matteus hier veral op die dissipels se vrees konsentreer. Hulle het gedink hulle sien ’n spook (φάντασμα¹³⁴), maar Jesus het hulle gerusgestel en beveel om nie bang te wees nie. Nadat Petrus dit gehoor het, antwoord hy (14:28): κύριε, εἰ σὺ εἶ, κέλευσόν με ἐλθεῖν πρὸς σε ἐπὶ τὰ ὕδατα (“Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom”). Jesus het gesê: ἐλθέ (“Kom!”) en Petrus het uit die skuit geklim en na Hom toe geloop.

¹³⁴ Die term φάντασμα is nie algemeen in die Nuwe Testament nie en kom slegs voor in Matteus 14:26, waarskynlik in navolging van Markus 6:49.

Matteus volg vir Markus na met geringe veranderings¹³⁵, soos die in 14:22 (Καὶ εὐθέως ἠνάγκασεν τοὺς μαθητὰς ἐμβῆναι εἰς τὸ πλοῖον καὶ προάγειν αὐτὸν εἰς τὸ πέραν, ἕως οὗ ἀπολύσει τοὺς ὄχλους) (“En onmiddellik het Jesus sy dissipels verplig om in die skuit klim en solank voor Hom uit na die oorkant te vaar, terwyl Hy die skare wegstuur”), waarin die verwysing na die bestemming (Betsaida) weggelaat is in teenstelling met Markus 6:45 (Καὶ εὐθὺς ἠνάγκασεν τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ ἐμβῆναι εἰς τὸ πλοῖον καὶ προάγειν εἰς τὸ πέραν πρὸς **Βηθσαιδάν**, ἕως αὐτὸς ἀπολύει τὸν ὄχλον) (“EN onmiddellik het Hy sy dissipels verplig om in die skuit te klim en vooruit na die oorkant te vaar, na Betsaida, terwyl Hy die skare wegstuur”). Die redaksionele werk van Matteus neem toe met die opvolgende verse in 14:28–31. Matteus bring vir Petrus na vore en dit is hier waar hy vir die eerste keer in die evangelie woorde uiter.

Nau (1992:47–48) redeneer dat hierdie verse ’n samestelling deur Matteus self is. As bewys hiervoor gebruik hy die Matteaanse formule ὁ Πέτρος εἶπεν αὐτῷ (“Petrus het Hom geantwoord”), wat in 14:28, 15:15 en 18:21 voorkom. ’n Verdere bewys dat hierdie verse ’n skepping van Matteus kan wees, is die gebruik van die woord ὀλιγόπιστος (“kleingelowige”), wat vier keer (6:30, 8:26, 14:31 en 16:8) in die evangelie en slegs een keer in die res van die Nuwe Testament voorkom, naamlik in Lukas 12:28 (εἰ δὲ ἐν ἁγρῷ τὸν χόρτον ὄντα σήμερον καὶ αὔριον εἰς κλίβανον βαλλόμενον ὁ θεὸς οὕτως ἀμφιέζει, πόσῳ μᾶλλον ὑμᾶς, ὀλιγόπιστοι) (“As God dan die gras van die veld wat vandag daar is en môre in die oond gegooi word, so klee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges”). Tussen 8:25–27 en 14:30–33 bestaan daar ook merkwaardige ooreenkomste wat soos volg voorgestel kan word (Tabel 52, p. 183):

¹³⁵ Dit is kenmerkend van Matteus se styl (vgl. Nolland, 2005:600).

Tabel 52: Vergelyking tussen Matteus 8:25–27 en 14:30–33

Matteus 8:25–27	Matteus 14:30–33
καὶ προσελθόντες ἤγειραν αὐτὸν λέγοντες· κύριε, σῶσον, ἀπολλύμεθα. ²⁶καὶ λέγει αὐτοῖς· τί δειλοί ἐστε, ὀλιγόπιστοι; τότε ἐγερθεὶς ἐπετίμησεν τοῖς ἀνέμοις καὶ τῇ θαλάσῃ, καὶ ἐγένετο <u>γαλήνη</u> <u>μεγάλη</u>. ²⁷οἱ δὲ ἄνθρωποι ἐθαύμασαν λέγοντες· <i>ποταπὸς ἐστὶν οὗτος ὅτι καὶ οἱ ἄνεμοι καὶ ἡ θάλασσα αὐτῷ ὑπακούουσιν</i> (Hulle het Hom gaan wakker maak en uitgeroep: Here, red ons, ons vergaan! ²⁶Maar het vir hulle gesê: Hoekom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die wind en die see, en daar het ’n <u>groot stilte</u> gekom. ²⁷<i>Die manne was verwonderd en het gesê: Watter soort mens is dit die dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam?</i>)	βλέπων δὲ τὸν ἄνεμον [ἰσχυρὸν] ἐφοβήθη, καὶ ἄρξάμενος καταποντίζεσθαι ἔκραξεν λέγων· κύριε, σῶσόν με. ³¹ὁ θὲς δὲ ὁ Ἰησοῦς ἐκτείνας τὴν χεῖρα ἐπελάβετο αὐτοῦ καὶ λέγει αὐτῷ· ὀλιγόπιστε, εἰς τί ἐδίστασας; ³²καὶ ἀναβάντων αὐτῶν εἰς τὸ πλοῖον <u>ἐκόπασεν ὁ ἄνεμος</u>. ³³οἱ δὲ ἐν τῷ πλοίῳ <u>προσεκύνησαν αὐτῷ λέγοντες· ἀληθῶς θεοῦ υἱὸς εἶ</u>. (Maar toe hy sien hoe sterk die wind was, het hy bang geword. Toe hy begin sink, roep hy uit: Here, red my! ³¹Jesus het dadelik sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel? ³²Toe hulle in die skuit klim, het die <u>wind het gaan lê</u>. ³³<i>Die in die skuit het voor Hom neergeval en gesê: Waarlik, U is die Seun van God!</i>)

Die ooreenkomste is merkwaardig. Behalwe vir die agtergrond van die storm op die see is daar ook woordelike ooreenkomste. Die treffendste hiervan is **κύριε, σῶσόν** en **ὀλιγόπιστος**. In 8:26 word die dissipels kleingelowig (ὀλιγόπιστοι) genoem en in 14:31 is dit Petrus wat kleingelowig is. In 8:25 is dit die dissipels wat uitroep, κύριε, σῶσον, en in 14:30 gebruik Petrus dieselfde woorde. Jesus maak in albei gevalle die storm *stil* en die dissipels is in *verwondering* daaroor. In die geheel beskou, bly die fokus egter in die verhaal op die *dissipels* wat verwonderd is (8:27) of vir Jesus aanbid (14:33).

Noemenswaardig is die gebruik van die werkwoord διστάζω (“twyfel”) (14:31), wat ook eie aan die Matteus-evangelie is. Die woord kom vir ’n tweede keer voor in 28:17 (καὶ ἰδόντες αὐτὸν προσεκύνησαν, οἱ δὲ ἐδίστασαν) (“En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid; maar sommige het getwyfel”) en Matteus is weereens die enigste outeur in die Nuwe Testament wat hierdie woord gebruik¹³⁶. Met hierdie twee woorde (ὀλιγόπιστος;

¹³⁶ Nolland (2005:1262) is egter van mening dat die interpretasie van διστάζω in 28:17 verwarrend kan wees en sê: “οἱ δὲ ἐδίστασαν at the end of this verse is cryptic and has troubled interpreters”.

διστάζω) blyk dit dus dat die dissipels net so 'n onstabiele geloof as Petrus vertoon en dit wil voorkom of Nau (1992:47–48) reg is dat hierdie verse (14:28–31) 'n skepping van Matteus is.

Matteus stel vir Petrus positief en negatief voor:

- Positief: Hy is die dissipel wat die aandag trek as die een wat praat en is bereid om die sekerheid te toets dat dit wel hulle (die dissipels se) κύριος is wat op die water loop en nie 'n φάντασμα nie. Petrus se geloofsekerheid word daarin openbaar omdat hy hom op die water begewe nadat Jesus hom beveel het.
- Negatief: Die onstuimige omstandighede het hom bang laat word en hy het begin twyfel en gesink¹³⁷.

Hy vestig egter weer sy hoop op Jesus se redding (positief) nadat hy begin twyfel het (negatief). Petrus se twyfel word hier geëtiketteer as klein of min geloof en Jesus noem hom ὀλιγόπιστος (“kleingelowige”). Sy stap in geloof, sy kleingeloof en sy hoop op Jesus se redding lei daartoe dat al die dissipels vir Jesus aanbid (14:33). Markus fokus op die verwondering en onverstandigheid van die dissipels (Markus 6:51–52), terwyl Matteus skryf dat die dissipels voor Jesus neergeval het en bely het: ἀληθῶς θεοῦ υἱὸς εἶ (“Waarlik, U is die Seun van God”) (14:33).

Matteus se voorstelling van Petrus is dus positief én negatief. Petrus se geloof word positief (sterk geloof) en negatief (klein of min geloof) voorgestel. Petrus bly steeds die woordvoerder van die dissipels, maar in hierdie gedeelte het dit 'n negatiewe uitwerking. Die gevolgtrekking kan dus nie gemaak word dat Matteus doelbewus hierdie *Sondergut* gebruik om Petrus se prominensie te probeer beklemtoon nie. Wilkins (1988:182) sê:

The focus moves from Peter to the worship of Jesus by “those” in the boat, almost as if as soon as Peter fulfills his function as an example he blends into the disciples as a whole allowing the focus to center on Jesus.

¹³⁷ Reed (1985:77), wat 'n realiteitsbenadering volg, meen dat Petrus nie goeie oordeel aan die dag gelê het nie. Dit wil eerder voorkom asof Jesus Petrus se realiteit was, want hy vestig sy reddingshoop op Hom.

5.4 Petrus se belydenis van Jesus as die Messias en Seun van die lewende God (16:16–19)

Die *Sondergut* wat Matteus in 16:17–19 gebruik, is waarskynlik die sterkste bewys vir Petrus se prominensie of, anders gestel, die bewys vir die siening dat Matteus die prominensie van Petrus probeer vooropstel. Manson (1964:202) sê (vgl. Luz, 2007a:57; Wiarda, 2000:97, 98):

Few passages in the New Testament have given rise to so much discussion as these three verses. The saying, particularly vv. 18 f., is one of the main prooftexts for the Roman Catholic doctrine of the Papacy.

Voorstanders van Matteus as 'n anti-Pauliniese teks grond hulle redenasie op hierdie gedeelte. Dit is veral David Sim (1998:92–103, 2002:767–783, 2007:325–343, 2008:377–392, 2009:401–422, 2011:176–192) wat op die spoor van Brandon (1978:231–243) loop en uitgebreid oor Matteus as anti-Pauliniese teks skryf. Sim se redenasie loop telkens daarop uit dat Matteus doelbewus met redaksionele werk teen Paulus reageer deur onder andere vir Petrus prominenter as die ander dissipels in die evangelie voor te stel.

Daar is egter ook werke soos die van Kvalbein (2005:145–174) wat tot die volgende gevolgtrekking kom (p. 172):

The few indications we find in the Gospel of Matthew about persons with authority and leadership responsibility do not point to any elaborate leadership structure. Designations like “prophets and wise men and scribes” are linked to the Jewish milieu of Jesus more than to the terminology of the Early Church. Matthew does not seem to have a concern for building up or confirming any ecclesiastical authority in a church of brothers and sisters, and the authorization of Peter in Matt 16: 17–19 does not contradict this impression.

France (1997:244–245) merk tereg op dat daar basies twee “pole” van interpretasie is. Aan die een kant word die unieke rol van Petrus beklemtoon deur hom apart van die dissipelgroep voor te stel as die rots waarop die kerk gebou is. Aan die ander kant word die rol van Petrus tipologies geïnterpreteer (“*primus inter pares*”). Luz (2007a:57–63)

skryf oor die geskiedenis van die interpretasie van hierdie teks (alhoewel die klem eerder op 16:18 val) en sê dit kan in vier soorte verdeel word:

1. Tipologiese interpretasie: Petrus simboliseer elke Christen. Die rots is elke dissipel wat Christus navolg en Petrus is die tipe vir elke ware of volmaakte Christen.
2. Oosterse interpretasie: In die Griekse en Siriese kerke is die rots geïnterpreteer as Petrus se belydenis. Daar word gemeen dat die belydenis nie aan Petrus alleen “behoort” het nie, maar was eerder aan alle mense. Hierdie interpretasie sê nie dat Jesus nie persoonlik hierdie belofte aan Petrus gegee het nie, maar die klem val eerder op die toepassing van die belofte.
3. Christologiese interpretasie: Die oorsprong van hierdie interpretasie lê by Augustinus. Vir hom was die rots van die kerk nie Petrus nie, maar Christus self. Petrus is nie die rots nie, maar as volgeling van Christus en as eerste apostel verteenwoordig hy die kerk. Hierdie teks word nou Christologies geïnterpreteer teen die agtergrond van die hele Nuwe Testament as kanon.
4. Roomse interpretasie: Petrus is gesien as die model vir biskoppe in die kerk en later het Pous Leo I geglo dat Petrus “teenwoordig” was in hom en in die biskoppe. Hierdie siening word egter nie meer deur die Rooms-Katolieke kerk aangehang nie. Dit is egter die teks waarop die gesag van die Pous gebaseer is en wat teen Protestantisme gebruik is.

Met betrekking tot hierdie teks en ook ander tekste in die Matteus-evangelie maak Luz (2001:356) hierdie relevante opmerking:

Is the evangelist or an editor before him responsible for it? Of course, we may not exclude the possibility that expanding the Markan confession of Peter with the confessional title “Son of God” and Jesus’ response comes from a pre-Matthean reworking of Mark 8:27–30 in the church. There are, however, several Mattheisms. Above all, the reminiscences of 11:25–27 make the thesis probable that Matthew himself is the author of v. 17 [Matt 16:17]. Then he has created v. 17 as a transitional phrase to vv. 18–19.

Nau (1992:50–51) is van mening die Semitiese agtergrond beteken dat Matteus waarskynlik uit Aramees vertaal het na Grieks. Voorbeelde hiervan is makarismes waarvan die oorsprong waarskynlik die Ou Testament is (Guelich, 1976:416).

Die antwoord op hierdie saak kan nie oortuigend gegee word nie, maar miskien kan daar met groter sekerheid gesê word dat hierdie ten minste Matteus se redaksionele werk is en daar word aanvaar dat hierdie byvoegings deur die evangelis gemaak is (dit kan egter sy woorde wees of dit kan uit 'n pre-Mateaanse bron afkomstig wees) (Hagner, 1993b:463–466; Luz, 2001:355–357; Nolland, 2005:665–666). Om 'n duideliker oorsig van hierdie gedeelte te kry, word elk van die verse afsonderlik bespreek.

Tabel 53: Matteus 16:17

Matteus 16:17	
ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ· μακάριος εἶ, Σίμων Βαριωνᾶ, ὅτι σὰρξ καὶ αἷμα οὐκ ἀπεκάλυψέν σοι ἀλλ' ὁ πατήρ μου ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς	Jesus antwoord hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou bekend gemaak nie, maar my Vader in die hemele

Markus gee die belydenis van Petrus (8:29) σὺ εἶ ὁ χριστός (“U is die Christus”), maar daar is geen verdere verwysing na 'n gesprek tussen Jesus en Petrus nie. Matteus brei hierdie belydenis uit na σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος (“U is die Christus, **die Seun van die lewende God**”) (16:16) en volg met 'n makarisme¹³⁸ in 16:17.

Luz (2007b:191) beskryf die woord μακάριος soos volg:

Μακάριος, can hardly be distinguished any longer from εὐδαίμων and means “happy” in the fullest sense of the word. But the translation “happy” sounds somewhat banal, and it obscures the eschatological character of the promises in the second clauses... these beatitudes are not designed to give comfort by making promises about the next

¹³⁸ Afgelei van μακάριος. Onder Nuwe-Testamentiese skrywers is dit veral Matteus (dertien keer) en Lukas (vyftien keer) wat die woord gebruik. Markus gebruik nie μακάριος nie, terwyl Johannes dit twee keer in die Johannes-evangelie gebruik en sewe keer in Openbaring. Verder kom die woord twee keer in Handeling voor, ongeveer sewe keer by Paulus, twee keer in Jakobus en twee keer in 1 Petrus (Aune, 1998:10–11; Luz, 2007b:191; vgl. Hanson, 1995:80–104).

life; they are an authoritative language act that pronounces people happy in the here and now. In short, there is no ideal translation in German [or English].

Hierdie is dus 'n merkwaardige uitspraak teenoor Petrus en die enigste teenoor 'n enkele persoon in die Nuwe Testament wat by name (volle naam) genoem word. Robinson (1984:99) kom tot gevolgtrekking dat hierdie makarisme 'n skepping van die kerk is en sê:

The church also had created the macarism now found in Matt. 16.17, through which it recognized Peter as both a type of the Christian disciple and as the man inspired by God to make the first acknowledgment of Jesus' messiahship.

Hy (Robinson, 1984:89–90) voer drie redes aan wat hom tot hierdie gevolgtrekking laat kom: eerstens Paulus se gebruik van “vlees en bloed” in Galasiërs 1:16 (ἀποκαλύψαι τὸν υἱὸν αὐτοῦ ἐν ἐμοί, ἵνα εὐαγγελίζωμαι αὐτὸν ἐν τοῖς ἔθνεσιν, εὐθέως οὐ προσανεθέμην **σαρκὶ καὶ αἵματι**) (“om sy Seun aan my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek nie dadelik **vlees** en **bloed** geraadpleeg nie”), tweedens die Semitiese grondslag van die vers, en derdens die vorm-kritiese parallelle (ooreenkomste met Markus). Daar kan twyfel bestaan oor die laaste twee redes wat Robinson aanvoer¹³⁹, omdat die Semitiese grondslag ook as bewysrede aangevoer kan word vir 'n vroeëre ontstaan van die teks (Luz, 2001:355; Smith, 1980:123). Verder is die parallelle ooreenkomste nie 'n oortuigende rede vir 'n latere ontstaan van die teks nie (Luz, 2007a:65). Die verwysing na Paulus se gebruik van “vlees en bloed” is die sterkste argument. Robinson meen dat hierdie “tradisie” wat in Galasiërs 1:16 voorkom, in 56 n.C.¹⁴⁰ aan Paulus bekend was. Paulus gebruik die term ook in 1 Korintiërs 15:50 (Τοῦτο δέ φημι, ἀδελφοί, ὅτι **σὰρξ καὶ αἷμα** βασιλείαν θεοῦ κληρονομήσαι οὐ δύναται οὐδὲ ἡ φθορὰ τὴν ἀφθαρσίαν κληρονομεῖ) (“Maar dit is wat ek bedoel broers, dat **vlees** en **bloed** die koninkryk van God nie kan beërf nie, die verganklike beërf nie die onverganklike nie”), Efesiërs 6:12 (ὅτι οὐκ ἔστιν ἡμῖν ἡ πάλη

¹³⁹ Luz (2001:355–360, 362; 2007a:65) gee 'n uitgebreide verduidelikking oor die geskiedenis van die teks.

¹⁴⁰ Robinson (1984:90) meen dat die brief ontstaan het in 56 n.C. Longenecker (1990:lxviii) dateer die ontstaan van die brief in die vroeë tot mid-vyftigs van die eerste eeu.

πρὸς αἷμα καὶ σάρκα ἀλλὰ πρὸς τὰς ἀρχάς, πρὸς τὰς ἐξουσίας, πρὸς τοὺς κοσμοκράτορας τοῦ σκότους τούτου, πρὸς τὰ πνευματικὰ τῆς πονηρίας ἐν τοῖς ἐπουρανίοις) (“Want ons stryd is nie teen bloed en vlees nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim”) (alhoewel omgekeerd αἷμα καὶ σάρκα) en verder kom dit ook voor in Hebreërs 2:14 (Ἐπεὶ οὖν τὰ παῖδια κεκοινωνήκεν αἵματος καὶ σαρκός, καὶ αὐτὸς παραπλησίως μετέσχεν τῶν αὐτῶν, ἵνα διὰ τοῦ θανάτου καταργήσῃ τὸν τὸ κράτος ἔχοντα τοῦ θανάτου, τοῦτ’ ἔστιν τὸν διάβολον) (“Aangesien die kinders dan bloed en vlees deel het, het ook Hy op dieselfde manier aan hulle deel gekry, sodat Hy deur sy dood, die een wat oor die dood mag het, die duiwel, tot niet kon maak [ontkrag]”). Daarom kan dit wees dat dit latere tradisie was. Dit beteken nie dat hierdie tradisie nie ook aan Matteus bekend was nie.

Die beste verduideliking vir die ontstaan of oorsprong van hierdie vers bly steeds, soos wat Luz (2001:356) voorstel, dat Matteus hierdie vers geskep het en dat dit ’n oorgang is na verse 18–19. Davies en Allison (2004b:615) neem ’n meer neutrale standpunt in en sê: “Mt 16:17–19 *may* preserve the original conclusion to the incident at Caesarea Philippi, and the text *may* give us an important glimpse into the life of Jesus” (historiese Jesus).

Dit wil voorkom of Jesus se opmerking ’n aanvaarding is van Petrus se belydenis omdat dit ’n openbaring is van ὁ πατήρ μου ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς (Wilkins, 1988:187). Die gebruik van ὅτι (“want”) verduidelik hierdie opmerking van Jesus (vgl. 5:3–11; 11:6; 13:16; en 24:46). Die klem val dus eerder op die gedagte dat Petrus geseën is met openbaring van die Vader (Luz, 2001:361). Alhoewel Petrus weereens as woordvoerder van die groep optree, is Jesus se opmerking nie gerig aan die groep nie maar aan Petrus self: “Jesus antwoord hom (αὐτῷ): Salig is “jy” (εἰ), Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou (σοι) bekend gemaak nie”. Petrus ontvang dus persoonlik die openbaring en is persoonlik geseënd (μακάριος) (“salig”).

Hieroor kan daar geredeneer word dat Petrus se status verhoog word bokant die ander dissipels omdat die openbaring slegs aan hom gegee is (Manson, 1964:204). Petrus

word dus onderskei van die res omdat hy “salig” genoem word en die openbaring ontvang (Brown, Donfried & Reumann, 1974:87).

Daar bestaan ook ’n siening dat Petrus slegs in die hoedanigheid as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipelgroep optree en dat die ander dissipels dus ingesluit is by die makarisme en openbaring (Hoffmann, 1974:108–109; Kingsbury, 1979:74; Strecker, 1971:201). Oortuigende redes hiervoor is dat die μακάριος in 16:17 reeds μακάριοι met betrekking tot die dissipels in 13:16 is (ὁμῶν δὲ μακάριοι οἱ ὀφθαλμοὶ ὅτι βλέπουσιν καὶ τὰ ὅρα ὁμῶν ὅτι ἀκούουσιν) (“Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor”). Verder neem Petrus se belydenis (16:16) ook die vorm aan van die dissipels se belydenis in 14:33 (Kingsbury, 1979:75) (Tabel 54, p. 190).

Tabel 54: Ooreenkoms tussen Matteus 16:16 en 14:33

Matteus 16:16	Matteus 14:33
ἀποκριθεὶς δὲ Σίμων Πέτρος εἶπεν· σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος (Simon Petrus het toe geantwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God)	οἱ δὲ ἐν τῷ πλοίῳ προσεκύνησαν αὐτῷ λέγοντες· ἀληθῶς θεοῦ υἱὸς εἶ (Die in die skuit het voor Hom neergeval en gesê: Waarlik, U is die Seun van God)

’n Moontlike vraag is waarom Petrus se volle naam (Σίμων Πέτρος) gebruik word. ’n Verklaring is dat Jesus soortgelyk aan Petrus se “uitgebreide” belydenis (ὁ υἱὸς) (16:16) voortgaan om hom ook met sy uitgebreide naam aan te spreek, met ander woorde, Jesus se uitspraak blyk parallel te wees aan Petrus se belydenis.

Daar kan aanvaar word dat Simon Bar-Jona ’n Aramese transkribering van Simon, seun van Jona is. Johannes 1:42 het Σίμων ὁ υἱὸς Ἰωάννου en 21:15 het Σίμων Ἰωάννου en dit kan wees dat ⲥⲓⲙⲟⲛ die verkorting van ⲥⲓⲙⲟⲛⲓ is (Davies & Allison, 2004b:622; Hagner, 1993b:469; Jeremias, 1964:407; Nolland, 2005:666). In albei uitsprake is “seun van” dus merkwaardig. Hierdie volle gebruik van Petrus se naam kan moontlik ook beteken dat Jesus uitsluitlik met Petrus praat.

Alhoewel die onderskeie sienings belangrike punte met betrekking tot Petrus se prominensie uitlig, wil dit voorkom of die persoonlike voornaamwoorde (αὐτῷ, σὺ) en

die werkwoord (εἶ) die fokus op Petrus rig (Wilkins, 1988:188). Dit word ook bevestig¹⁴¹ in vers 18 (καὶ γὰρ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος) en vers 19 (δώσω σοι... καὶ ὁ ἐὰν δῆσῃς... καὶ ὁ ἐὰν λύσῃς) (France, 1997:244). Daar moet egter gesê word dat Petrus wel uitgesonder maar nie afgesonder word nie; hy is steeds deel van die dissipelgroep (Hagner, 1993b:469). In die konteks van hierdie gedeelte (veral 16:15: λέγει αὐτοῖς· ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι (“Hy vra toe vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?”) bly Petrus die woordvoerder van die groep, want in 16:16 verteenwoordig hy die groep met die antwoord dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Die konteks van 16:15–16 het dus die uitsprake van 16:18–19 tot gevolg (Carter, 2000:334). Wilkins (1988:189) sê: “He is blessed personally, yet representationally as well.”

Tabel 55: Matteus 16:18

Matteus 16:18	
καὶ γὰρ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν καὶ πύλαι ᾗδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς	En Ek sê vir jou, jy is Petrus , en op hierdie rots sal Ek my kerk bou , en die poorte van Hades sal dit nie oorweldig nie

Verskeie navorsers (Caragounis, 1990:61–63; Davies & Allison, 2004b:623; Hagner, 1993b:469; Luz, 2001:362; Morris, 1992:422) is dit eens dat 16:18 beskryf kan word as ’n “kontroversiële” vers in die Bybel (dalk die mees kontroversiële vers). Hierdie vers begin met die woorde, καὶ γὰρ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος (“En Ek sê vir jou jy is Petrus”), en daarom lyk dit asof Jesus ’n ewe belangrike uitspraak oor Petrus maak en die makarisme van 16:17 uitbrei. Dit blyk dat hierdie uitspraak van Jesus (“jy is Petrus”) ook parallel is aan Petrus se belydenis (“U is die Christus”) en dat hierdie weerspieëling (σὺ εἶ ὁ χριστὸς || σὺ εἶ Πέτρος) die verhouding tussen 16:16 en 16:18–19 versterk (Nolland, 2005:667; vgl. Davies & Allison, 2004b:625). Verder wil dit voorkom of daar ’n woordspeling is tussen Πέτρος en πέτρα (Blomberg, 1992:252; Caragounis, 1990:44–57; Davies & Allison, 2004b:627; Newman & Stine, 1988:522; Wilkins, 1988:189) (soos reeds bespreek in *2.2 Onderskeie interpretasies van Matteus 16:18*, p. 19) en dat

¹⁴¹ Dit kan ook as bewys dien van Luz (2001:356) se opmerking dat 16:17 as oorgang tot 16:18–19 beskou kan word.

Petrus in hierdie vers die bynaam van “rots” kry, alhoewel Caragounis (1990:116) soos volg meen:

Πέτρος is not a translation of Aramaic *Kepha'* – but the Greek equivalent of that name (which, too, existed before Peter), – and hence the thesis that Jesus should have created it in order to bring out certain special elements in that disciple's character is unfounded. The name was obviously not a nickname. The giving of it had occurred earlier and may have been for different reasons.

Die betekenis van hierdie woordspeling is belangrik vir die verstaan of interpretasie van “hierdie rots” (ταύτη τῇ πέτρᾳ). Die dispuut gaan dus eerder oor die tweede gedeelte van die vers: ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν (“en op hierdie rots sal Ek my kerk bou”). Caragounis (1990:118) kom tot gevolgtrekking dat Petrus nie die “fondament” van die kerk is nie en motiveer sy mening soos volg:

If Mathew was concerned to present Peter as the foundation of the Church, such concern ought to be evident throughout his Gospel. There is, however, no such evidence, but rather the contrary. Nor is such evidence to be found in the rest of the NT...”

Luz (2007a:65) maak waardevolle opmerkings oor die oorspronklike betekenis van 16:18 en sê dat hierdie perikoop ook verbind kan word met ander perikope in die Matteus-evangelie. Die openbaring aan Petrus kan verbind word met die tema van openbaring in 11:25–27¹⁴², waar gesê word dat “die dinge” selfs aan kindertjies (geringstes) openbaar word. Dieselfde kan gesê word van die mag om te bind (δέω) en te ontbind (λύω), wat in 16:19 aan Petrus gegee word, want in 18:18 word hierdie mag ook aan die dissipels gegee (vgl. Tabel 55: *Matteus 16:18*, p. 191).

¹⁴² Matteus 11:25–27: Ἐν ἐκείνῳ τῷ καιρῷ ἀποκριθεὶς ὁ Ἰησοῦς εἶπεν· ἐξομολογοῦμαι σοι, πάτερ, κύριε τοῦ οὐρανοῦ καὶ τῆς γῆς, ὅτι ἔκρυψας ταῦτα ἀπὸ σοφῶν καὶ συνετῶν καὶ ἀπεκάλυψας αὐτὰ νηπίοις· ²⁶ναὶ ὁ πατήρ, ὅτι οὕτως εὐδοκία ἐγένετο ἔμπροσθέν σου. ²⁷Πάντα μοι παρεδόθη ὑπὸ τοῦ πατρὸς μου, *καὶ οὐδεὶς ἐπιγινώσκει τὸν υἱὸν εἰ μὴ ὁ πατήρ, οὐδὲ τὸν πατέρα τις ἐπιγινώσκει εἰ μὴ ὁ υἱὸς καὶ ὃς ἐὰν βούληται ὁ υἱὸς ἀποκαλύψει (“In daardie tyd het Jesus gesê: Ek loof U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan kindertjies geopenbaar het. ²⁶Ja, Vader, want so het u dit goedgevind. ²⁷Alles is deur my Vader aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.”)

Tabel 56: Ooreenkoms tussen Matteus 16:19 en 18:18

Matteus 16:19	Matteus 18:18
δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν, καὶ ὃ ἐὰν <u>δήσης</u> ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς, καὶ ὃ ἐὰν <u>λύσης</u> ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς	Ἀμὴν λέγω <u>ὑμῖν</u> · ὅσα ἐὰν <u>δήσητε</u> ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένα ἐν οὐρανῷ, καὶ ὅσα ἐὰν <u>λύσητε</u> ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένα ἐν οὐρανῷ
(Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat <u>ἡ</u> ook al op die aarde mag <u>bind</u> , sal in die hemel gebonde wees, en wat <u>ἡ</u> ook op die aarde mag <u>ontbind</u> , sal in die hemel ontbonde wees)	(Amen, Ek sê vir <u>julle</u> , alles wat <u>julle</u> op die aarde <u>bind</u> , sal in die hemel gebonde wees; en alles wat <u>julle</u> op die aarde <u>ontbind</u> , sal in die hemel ontbonde wees)

Dieselfde wat dus van Petrus gesê word, word ook van die res van die dissipels gesê in ander dele van die evangelie.

Dit is ook noemenswaardig dat Petrus direk na die gebeure van 16:17–19 nie meer die rots is nie, maar eerder ’n σκάνδαλον (16:23), wat boonop nie die dinge van God bedink nie “maar die dinge van mense” (teenoor die ἀποκαλύπτω van ὁ πατήρ). Luz (2007a:65) som dit op deur te sê:

On the one hand, our pericope has a special position in the macrotext of the Gospel and combines Peter with the foundation of the church. On the other hand, all the cross-references to this text indicate that Peter plays no different role and receives no different blessing from that of all the other disciples.

Sommige navorsers (France, 1997:242–244; Viljoen, 2009:77–78; vgl. Carter, 2000:335; Davies & Allison, 2004b:629–630; Hendriksen, 1973:647–649) meen dat die klem in hierdie vers op ἐκκλησία val. Die woord ἐκκλησία word slegs drie keer in die Matteus-evangelie gebruik (16:18 en twee keer in 18:17¹⁴³) en verder geensins in enige van die ander evangelies nie. Dit kan wees dat Jesus hier verwys na die “samehorigheid” of gemeente (ἐκκλησία) van God se kinders wat “gebou” word (alhoewel daar nie na God se

¹⁴³ Matteus 18:17 – ἐὰν δὲ παρακούσῃ αὐτῶν, εἰπὲ τῇ ἐκκλησίᾳ· ἐὰν δὲ καὶ τῆς ἐκκλησίας παρακούσῃ, ἔστω σοι ὡςπερ ὁ ἐθνικός καὶ ὁ τελώνης (“As hy weier om na hulle te luister, sê dit vir die gemeente. En as hy ook weier om na die gemeente te luister, laat hom vir jou wees soos ’n heiden en ’n tollenaar”).

ἐκκλησία verwys word nie¹⁴⁴ maar na “my” – Jesus se – ἐκκλησία, d.i. μου τὴν ἐκκλησίαν). Hierdie verwysing kan moontlik beter verstaan word in ’n konteks waarin die Christelike kerk (gemeenskap) reeds bestaan het en in ’n omgewing waarin daar ook ’n Joodse sinagoge was. Viljoen (2009:77) skryf dat die teks van Matteus spanning vertoon tussen die Matteus-gemeenskap en die sinagoge, en dat hulle in konflik met mekaar was (Saldarini, 1991:38-61, Saldarini, 1994:44). Die sinagogeleiers het Christene uit die sinagoge verdryf en daar het ’n skeiding tussen die Matteus-gemeenskap en die Judaïste¹⁴⁵ van die sinagoge ontstaan (Mohrlang, 1984:131; Runesson, 2010:471).

Die Matteus-gemeenskap het die sinagoges verlaat en moes kies tussen hulle Joodse broers en susters, vaders en moeders, die Joodse omgewing waar hulle gewoon het, aan die een kant, en die Jesus-gemeenskap aan die ander kant (19:29) (καὶ πᾶς ὅστις ἀφῆκεν οἰκίαν ἢ ἀδελφοὺς ἢ ἀδελφὰς ἢ πατέρα ἢ μητέρα ἢ τέκνα ἢ ἀγροὺς ἕνεκεν τοῦ ὀνόματός μου, ἑκατονταπλασίονα λήμψεται καὶ ζωὴν αἰώνιον κληρονομήσει) (“Elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërf”). Die implementering van die *Birkath Ha-Minim* word as aanduiding van hierdie konflik aangevoer. Die *Birkath Ha-Minim* was die twaalfde van die “Agtien Gebede” (*Shemoneh Esreh*). Marcus (2009:523–551) redeneer oortuigend dat hierdie tradisie in die tweede tempeltydperk ontstaan het en dat dit veral tydens die ontstaan van die Christendom in sinagoges gebruik is. Met hierdie gebed is die afvalliges en Christene, dus ook die Matteus-gemeenskap, vervloek en gevra dat hulle veroordeel word en hul name uit die “Boek van die lewe” verwyder word (Borchert, 1996:126, 227; Davies, 1963:275–279; Horbury, 1982:19–61; Kilpatrick, 1946:109–111). Die *Birkath* het egter nie die konflik veroorsaak nie, maar dit was eerder ’n aanduiding van die konflik wat

¹⁴⁴ Volgens Nolland (2005:673) reflekteer die verwysing na μου τὴν ἐκκλησίαν Matteus se Christologie: “For Matthew the church can be Jesus’ church because Jesus’ presence effects the presence of God: the church is God’s church through being Jesus’ church.”

¹⁴⁵ Daar was reeds verskillende Judaïstiese groepe in hierdie tyd (Runesson, 2010:471).

reeds bestaan het (Mayo, 2006:343; Sim, 1998:151)¹⁴⁶. Die verwysing na ἐκκλησία in 16:18 is dus waarskynlik 'n latere byvoeging tot die teks (Luz, 2001:358). Votaw (1910:24–25) het meer as 'n eeu gelede reeds gesê:

This passage in Matthew... is probably to be regarded, not as an utterance of Jesus, but as an expression of the developing ecclesiastical impulse and purpose of the Christian church at about 100 A.D. ...

Bornkamm (1963:38) beskryf die verwysing na ἐκκλησία as “only the most meagre of beginnings of a real ecclesiology...” Hy vervolg:

... no other gospel is so shaped by the thought of the Church as Matthew's, so constructed for use by the Church; for this reason it has exercised, as no other, a normative influence on the later Church.

Dit wil dus voorkom of France (1997:243–244) reg is wanneer hy sê dat Petrus en die ander dissipels die fondament vorm waarop hierdie ἐκκλησία van Jesus (μου) begin het. Indien dit so aanvaar kan word, kry Petrus en die ander dissipels dus die versekering dat die “poorte van Hades” nie die ἐκκλησία sal “oorweldig nie” (πύλαι ᾗδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς).

Hades¹⁴⁷ verwys na die doderyk, maar kan onderskei word van Gehenna¹⁴⁸, wat die plek van straf (met vuur) vir bose mense is (Matt. 5:22, 29, 30; 10:28; 18:9; 23:15, 33; Mark. 9:43, 45, 47; Jak. 3:6). Hierdie metafoor (poorte van Hades) kom ook in Jesaja 38:10, Wysheid van Salomo 16:13, 3 Makkabeërs 5:51 en Psalms van Salomo 16:2 voor en is sinoniem met “poorte van die dood” (Job 38:17; Ps. 9:13, 107:18; Turner, 2008:405). Hagner (1993b:472) interpreteer dit soos volg: “... the church as God's eschatological community will never die or come to end ...”

¹⁴⁶ Daar is verskillende sienings oor die ontstaan en gebruik van die *Birkath Ha-Minim*. Mayo (2006:325–343) se onlangse navorsing toon dat die *Birkath* waarskynlik tussen 70 n.C. en 150 n.C. gebruik is en dat dit nie primêr teen Christene gemik was nie, maar dat dit wel die Christene in die sinagoges geraak het.

¹⁴⁷ Hades in die Nuwe Testament stem ooreen met die gebruik van “Sheol” (שְׁאוֹל) in die Ou Testament (Luz, 2001:363; Powell, 1988:954) en kan verstaan word as die ryk van die dood (Hagner, 1993b:471).

¹⁴⁸ Gehenna verwys na 'n plek van vuur en word in die Nuwe Testament vertaal met “hel” of “helse vuur”. Dit is die vergriekste vorm van *ge hinnom*, wat na die Hinnomdal (Oos van Jerusalem) verwys en wat volgens Jeremia 7:31–32 en 19:6–7 'n plek van straf sou word (Matt. 5:22, 29, 30; 10:28; 18:9; 23:15, 33; Mark. 9:43, 45, 47; Jak. 3:6) (Powell, 1988:954).

Tabel 57: Matteus 16:19

Matteus 16:19	
δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν, καὶ ὃ ἐὰν δήσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς, καὶ ὃ ἐὰν λύσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς	Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees

Uit die vorige twee verse (16:17–18) is die gevolgtrekking gemaak dat alhoewel Petrus die een is wat aangespreek word, hy nie alleen die rots is waarop die kerk gebou sou word nie, maar dat dit die hele dissipelgroep is wat hierdie fondament vorm. In 16:19 is Petrus die een wat die sleutels van die koninkryk van die hemele sal ontvang. Die klem val dus nie meer op die ἐκκλησία nie maar op die βασιλείας τῶν οὐρανῶν solank as wat die gesag daarvoor steeds op aarde is (τῆς γῆς).

Daar is 'n merkwaardige ooreenkoms tussen hierdie vers en Openbaring 1:18, waarin Jesus sê: καὶ ἔχω τὰς κλεῖς τοῦ θανάτου καὶ τοῦ ᾗδου ("En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood"). Die vraag is egter watter mag Jesus met hierdie sleutels aan Petrus gee. Hagner (1993b:472) antwoord hierop soos volg:

Peter's possession of the keys of the kingdom grants him the right to admit or deny admittance into the kingdom, i.e., into the experience of the beginning blessings of eschatological salvation, as the following words confirm. This authority is expressed through the distinctive rabbinic idiom of "binding and loosing".

Luz (2001:365) maak die volgende opmerking oor hierdie rabbynse idioom:

Furthermore, it is the rabbinic conviction that God or the heavenly court recognizes the halakic decisions and the judgments of rabbinical courts. Thus not only the concepts "binding/loosing" but the entire saying is rooted in Jewish thought"

Die opmerkings van Hagner (1993b) en Luz (2001) kan moontlik beter verstaan word teen die agtergrond van Jesus se woorde in 23:13, waar die sleutel/s geïmpliseer word: Οὐαὶ δὲ ὑμῖν, γραμματεῖς καὶ Φαρισαῖοι ὑποκριταί, ὅτι κλείετε τὴν βασιλείαν τῶν οὐρανῶν ἔμπροσθεν τῶν ἀνθρώπων· ὑμεῖς γὰρ οὐκ εἰσέρχεσθε οὐδὲ τοὺς

εἰσερχομένους ἀφίετε εἰσελθεῖν (“Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie”). Die primêre betekenis van bind (“δήσις”) en ontbind (“λύσις”) verwys dus na die interpretasie van die Tora ooreenkomstig wat toelaatbaar en ontoelaatbaar is (Blomberg, 1992:254; Davies & Allison, 2004b:635–639; Hagner, 1993b:473). Dit het betrekking op ’n mens se verhouding met die wil van God, soos uitgedruk in 6:33, ζητεῖτε δὲ πρῶτον τὴν βασιλείαν [τοῦ θεοῦ] καὶ τὴν δικαιοσύνην αὐτοῦ (“soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid”), en veral teenoor die Fariseërs en die skrifgeleerdes in 5:20, Λέγω γὰρ ὑμῖν ὅτι ἐὰν μὴ περισσεύσῃ ὑμῶν ἡ δικαιοσύνη πλεῖον τῶν γραμματέων καὶ Φαρισαίων, οὐ μὴ εἰσέλθῃτε εἰς τὴν βασιλείαν τῶν οὐρανῶν (“as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, [sal] julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie”).

Petrus en die ander dissipels, aan wie die mag om te bind en te ontbind ook in 18:18 (Tabel 56, p. 193) gegee word, is dus in ’n sekere sin die skrifgeleerdes van die koninkryk van die hemele (Derrett, 1983:112–117; Hagner, 1993b:473; vgl. Luz, 2001:365; Morris, 1992:425–426; Sloman, 1912:113). Petrus kan dus nie beskou word as tipe van ’n hemelse hekwag nie (Luz, 2001:364). Daar moet dalk eerder gesê word dat die gesag van Petrus en die dissipels die sleutel/s tot die koninkryk van die hemele is. Turner (2008:408)¹⁴⁹ stel dit soos volg:

They guide the ongoing authoritative proclamation of the truth of 16:16, and in doing so, they permit entrance to the kingdom through the church for those who confess Jesus. Those who do not confess Jesus are forbidden entrance.

Viljoen (2009:77) som die betekenis van vers 18 en 19 op en sê die sleutels is nie van ’n aardse organisasie nie maar van die koninkryk van die hemele. Hy sê verder:

Does Matthew intend to infer unquestionable authority on the decisions of the disciple community? Two considerations suggest caution. Firstly, Matthew repeatedly

¹⁴⁹ Vergelyk ook die uitgebreide besprekings van Davies & Allison (2004b:635–639) en Hagner (1993b:427–472).

emphasizes the fallibility of Peter and the disciples – the same disciples who constitute the ἐκκλησία are those to which the pronouncement is made. Secondly the ἐκκλησία is not of Peter, but that of Jesus. The authority of the church therefore is dependent on Jesus. Jesus has the ultimate authority but He delegates this in a specific manner to his representatives on earth.

5.5 Petrus se vraag na tempelbelasting (17:24–27)

Tabel 58: Matteus 17:24–27

Matteus 17:24–27	
Ἐλθόντων δὲ αὐτῶν εἰς Καφαρναοὺμ προσῆλθον οἱ τὰ δίδραγμα λαμβάνοντες τῷ Πέτρῳ καὶ εἶπαν· ὁ διδάσκαλος <u>ὑμῶν</u> οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραγμα; ²⁵ λέγει· ναί. καὶ ἐλθόντα εἰς τὴν οἰκίαν προέφθασεν αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς λέγων· τί σοι δοκεῖ, Σίμων; οἱ βασιλεῖς τῆς γῆς ἀπὸ τίνων λαμβάνουσιν τέλη ἢ κῆνσον; ἀπὸ τῶν υἱῶν αὐτῶν ἢ ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων; ²⁶ ἰπόντος δέ· ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων, ἔφη αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἄρα γε ἐλεύθεροί εἰσιν οἱ υἱοί. ²⁷ ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς, πορευθεὶς εἰς θάλασσαν βάλε ἄγκιστρον καὶ τὸν ἀναβάντα πρῶτον ἰχθὺν ἄρον, καὶ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ εὕρήσεις στατήρα· ἐκεῖνον λαβὼν δὸς αὐτοῖς ἀντὶ <u>ἐμοῦ</u> καὶ <u>σοῦ</u>.	Toe hulle in Kapernaüm kom, het diegene wat die dubbel-dragma [tempelbelasting] invorder, na Petrus gekom en gevra: Betaal <u>julle</u> leermeester nie die dubbel-dragma nie? ²⁵ Hy antwoord: <i>Ja wel</i>. Toe hy in die huis kom, het Jesus eerste gepraat: <i>Wat dink jy, Simon?</i> Van wie vorder die konings van die aarde togeld of belasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge? ²⁶ Toe antwoord hy: Van die vreemdelinge. Jesus sê vir hom: Dan is die seuns vry. ²⁷ Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi 'n hoek uit en vat die eerste vis wat jy uittrek; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle vir <u>My</u> en vir <u>jou</u>.

Die laaste van die *Sondergut* in Matteus is die verhaal oor die tempelbelasting (17:24–27)¹⁵⁰. Hagner (1993b:510) meen dat Matteus hierdie gedeelte bygevoeg het met die Joods-Christelike kerk in gedagte. 'n *Sitz im Leben* vir hierdie teks is waarskynlik ook voor die val van Jerusalem in 70 n.C. (kyk die bespreking onder 6.2.2 *Die Wet op Tempelbelasting in die tyd van Jesus*, p. 213). Luz (2001:413) meen die moontlikheid bestaan dat Matteus hierdie gedeelte as mondelingse tradisie ontvang het. Hy sê dit

¹⁵⁰ Dit mag egter wees dat Markus 9:33 (Καὶ ἦλθον εἰς Καφαρναοὺμ. Καὶ ἐν τῇ οἰκίᾳ γενόμενος ἐπρώτα αὐτοῦς· τί ἐν τῇ ὁδῷ διελογίζεσθε (“En Hy het in Kapernaüm gekom; en toe Hy in die huis was, vra Hy hulle: Wat het julle op die pad met mekaar geredeneer?”) die basis gevorm het vir Matteus se redaksionele werk. Wilkins (1988:199) meen dat die uniekheid van hierdie teks juis daarin lê dat dit nie deel van die narratief (volgens Markus) is nie.

bevat verskeie Matteïsmes (“Mattheisms”), “eienaardighede” en *hapax legomena*¹⁵¹. Hoe dit ook al mag wees, daar word steeds aanvaar dat Matteus verantwoordelik was vir ten minste die redaksie van hierdie teks; hy is tog immers die enigste evangelis wat hierdie gedeelte opneem in ‘n evangelie.

‘n Besoek aan Kapernaum (9:33) volgens die volgorde van die gebeurtenisse in Markus gee aan Matteus die geleentheid om hierdie unieke gedeelte in te voeg (Nolland, 2005:722) (kyk Tabel 59: *Matteus 17:24–27 se onderbreking van die volgorde van gebeurtenisse in die Markus-evangelie*, p. 206). Die perikoop bestaan uit twee gesprekke, naamlik tussen Petrus en die invorderaars, en tussen Jesus en Petrus (Davies & Allison, 2004b:737); dit sluit af met ‘n wonderwerk. Die dissipels het in Kapernaum gekom en “diegene” wat die tempelbelasting van twee dragma (τὰ δίδραχμα) invorder, het vir Petrus gevra: ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραχμα (“Betaal julle leermeester nie die didragma [dubbel-dragma] nie?”). Hierdie belasting verwys na die halvesikkel tempelbelasting wat jaarliks deur mans twintig jaar en ouer betaal is (kyk 6.2.3 *Die belastingpligtiges van Matteus 17:24–27*, p. 216). In vers 24 (Ἐλθόντων δὲ αὐτῶν εἰς Καφαρναοὺμ προσῆλθον οἱ τὰ δίδραχμα λαμβάνοντες τῷ Πέτρῳ καὶ εἶπαν· ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραχμα) (“Toe hulle in Kapérnaüm kom, het diegene wat die dubbel-dragma [tempelbelasting] invorder, na Petrus gekom en gevra: Betaal julle leermeester nie die dubbel-dragma nie?”) word Petrus onmiddellik as die verteenwoordiger van die dissipels voorgestel. Die woord αὐτῶν verwys heel waarskynlik na Jesus en die dissipels, terwyl ὑμῶν waarskynlik net na die dissipels verwys (Carter, 2000:358; Nolland, 2005:722). Die vraag is aan Petrus gerig: “Betaal julle leermeester nie die didragma (tempelbelasting) nie?” Om die rede het hý (ook as woordvoerder) geantwoord en gesê: “Ja” (17:25). Wilkins (1988:200) meen dat die aanspreekvorm in die meervoud ‘n bewys is dat Petrus die verteenwoordiger van die dissipels is. Petrus word deur die invorderaars genader as verteenwoordiger en

¹⁵¹ Luz (2001:413) merk op: “Ὁν ἐλθόν (four times redactional as a genitive absolute), δέ, προσέρχομαι, λαμβάνω, εἶπον, διδάσκαλος as a designation of Jesus by outsiders (cf. 9:11*), λέγει (historical present), λέγων, τί + dative + δοκεῖ, ἔφη + dative and subject, ἄρα γε, σκανδαλ-, πορευθεῖς, βάλλω, εὐρίσκω, ἐκεῖνος, λαβών, and the large number of participles” en “Δίδραχμον and στατήρ (note the change!), τελέω (in this meaning), προφθάνω, ἀλλότριος, ἐλεύθερος, ἄγκιστρον, ἀνοίγω τὸ στόμα (in this usage)...”

woordvoerder van die dissipels en daarom word hy geïsoleer en verskuif die fokus van die perikoop na Jesus en Petrus.

Toe Petrus by die huis kom (17:25), is dit Jesus wat vir hom vra: “Wat dink jy, Simon? Van wie vorder die konings van die aarde tol of belasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge?” Die klem val dus nie op Petrus nie, maar veel eerder op die lering van Jesus. Alhoewel hy die verteenwoordiger en woordvoerder van die dissipels is, leer hy steeds as dissipel by Jesus (Hagner, 1993b:511). Die frase, τί σοι δοκεῖ (“Wat dink jy”) (17:25; 22:17) of τί ὑμῖν δοκεῖ (“Wat dink julle”) (18:12; 21:28; 22:42; 26:66) kom verskeie kere as onderrigwoorde in die evangelie voor¹⁵². Hierdie vers bou op na die lering van Jesus in 17:26b: ἄρα γε ἐλεύθεροί εἰσιν οἱ υἱοί (“Dan is die seuns vry”). Die lering gaan egter voort in vers 27 (ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς, πορευθεὶς εἰς θάλασσαν βάλε ἄγκιστρον καὶ τὸν ἀναβάντα πρῶτον ἰχθὺν ἄρον, καὶ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ εὐρήσεις στατήρα· ἐκεῖνον λαβὼν δὸς αὐτοῖς ἀντὶ ἐμοῦ καὶ σοῦ) (“Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi ’n hoek uit en vat die eerste vis wat jy uittrek; en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou”), waar Jesus ’n voorbeeld stel om steeds die belasting te betaal, al is hulle vry. Hy stuur vir Petrus om ’n vis te gaan vang en in die vis se mond sal ’n στατήρ wees wat aangewend kon word vir die belasting.

Met hierdie gedeelte word nie meer prominensie aan Petrus gegee as wat hy ook vantevore gehad het nie.

5.6 Die rol van Petrus in die teologie van Matteus

Die voorafgaande *Sondergut* kan ’n waardevolle bydrae lewer tot die rol van Petrus in die teologie van Matteus. Dit kan in drie opsigte uitgelig word (vgl. Wilkins, 1988:210–211):

1. Persoonlik

¹⁵² Die lemma δοκέω kom 10 keer voor in die Matteus-evangelie (3:9; 6:7; 17:25; 18:12; 21:28; 22:17, 42; 24:44; 26:53, 66).

- Matteus maak erns met die persoon van Petrus. Hy bring vir Petrus telkens na vore in elk van die bogenoemde gedeeltes. Dit is Petrus wat op die water loop, hy word verbind met die rots waarop die kerk gebou sal word, vir hom word die sleutels van die koninkryk van die hemele gegee en hy is die een wat die betaling van die tempelbelasting vir hom en vir Jesus afhandel. Dit is dus duidelik dat Petrus 'n unieke persoon is in die Matteus-evangelie.
- Hierdie klem op Petrus is egter nie altyd positief nie. Petrus vertoon 'n onstabiele geloof, hy is kleingelowig, hy twyfel en is bang (14:28–31). Met hierdie negatiewe eienskappe wat Matteus in Petrus sien, moet daar dus ook gesê word dat die evangelis 'n realistiese voorstelling maak van Petrus se persoon. Dit wil voorkom of Petrus steeds net 'n gewone mens was met sterk eienskappe maar ook met foute en tekortkominge.

2. *Verteenwoordigend*

- Petrus word ook as verteenwoordiger van die dissipels voorgestel; dit wat hy doen, doen hy namens die dissipels. Daarom kan hy ook die woordvoerder van die groep genoem word en tree hy nie onafhanklik van die groep op nie (14:28; 16:16). Selfs met die gedeelte in 16:17–19 wil dit voorkom of hy verteenwoordiger en woordvoerder van die dissipels is. Hierdie verteenwoordigende funksie van hom staan veral uit in 17:24 met die woorde αὐτῶν en ὑμῶν. Daar kan selfs gesê word dat Petrus die dissipels verteenwoordig het in geloof en belydenis (14:28; 16:16). In ander dele van die evangelie stel Matteus ook vir Petrus voor as die een wat namens die dissipelgroep vrae vra (15:15; 18:21).
- Petrus verteenwoordig die dissipels egter nie altyd positief nie maar dikwels ook negatief (14:30; 16:22–23; 17:4; 26:40). Dit wil egter voorkom asof hierdie verteenwoordigende rol van Petrus op die agter grond geskuif word in die laaste deel van die evangelie (21:20; 24:3; 28:7). Die fokus verskuif na die dissipels en daarom kan daar gesê word dat Matteus die uiteindelijke klem op die dissipels plaas.

3. Voorbeeld

- Laastens kan daar gesê word dat Petrus 'n voorbeeld van 'n dissipel is, positief en negatief. Hy is 'n voorbeeld van geloof (14:28), belydenis (16:16) en as 'n leerling (17:24–27). Hy is ook 'n voorbeeld van negatiewe optrede (14:30) en selfs 'n struikelblok vir ander (16:23). Petrus word dus as 'n voorbeeld vir dissipelskap voorgestel, maar met sterk eienskappe en swakhede.
- Kingsbury (1979:81–82) volg 'n openbarings-historiese benadering en kom tot gevolgtrekking: “As was pointed out, they [Christians of Matthew’s church] see Peter, in this capacity, as having functioned as the ‘spokesman’ of the disciples and as having been ‘representative’ of them in offering the confession of Jesus at Caesarea Philippi.” Die rol van Petrus in die *Sondergut* van Matteus, wat hierbo behandel is, kan dus nie anders gesien word as 'n voorbeeld vir dissipelskap nie. Dit word veral weerspieël in die verhouding tussen Jesus en Petrus in 14:22–36 en 17:24–27.
- In 14:22–36 word Jesus se gesag en Petrus se aanvaarding daarvan uitgebeeld. Jesus dwing (ἀναγκάζω)(14:22) sy dissipels om voor Hom uit te vaar, en Petrus vra vir Jesus om hom te beveel (κελεύω) om op die water na Hom te kom. Verder kan daar ook genoem word dat Petrus vir Jesus aanspreek met die “titel” κύριος (14:28, 30). Petrus se afhanklikheid van Jesus kan dus hieruit gesien word.
- In 17:24–27 word veral die verhouding van leerling tot onderwyser voorgestel. Diegene wat die belasting vorder, identifiseer vir Jesus as διδάσκαλος van Petrus en die dissipels. Jesus se onafhanklikheid, sy gesag en sorg word bevestig in 'n wonderwerk nadat Hy vir Petrus stuur om die vis te vang en die muntstuk in sy bek te gebruik vir die belasting.
- Verder kan daar gesê word dat Jesus en Petrus in 17:27 só met mekaar verbind word dat hulle nie aanstoot gee nie (ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν). Aanvanklik was diegene wat die belasting gevorder het se vraag of Jesus (julle Meester) dan nie die belasting betaal nie. Jesus verbind hom met Petrus deur die gebruik van die

eerstepersoonsmeervoudsvorm (σκανδαλίσωμεν) en deur die woorde “neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou” (ἐμοῦ καὶ σοῦ).

Petrus dien dus ook as voorbeeld vir die verhouding tussen dissipel en διδάσκαλος.

5.8 Gevolgtrekking

Die doelwit van hierdie hoofstuk was om die *Sondergut* in die Matteus-evangelie te identifiseer en om vas te stel of hierdie unieke stof ’n invloed op die voorstelling van Petrus het. Die *Sondergut* met betrekking tot Petrus is gebruik in ’n poging om vas te stel of Matteus sy (Petrus) prominensie probeer benadruk het. Daar is eerstens gekyk na Petrus se woorde in die Matteus-evangelie en dit is vergelyk met parallelle gedeeltes in die ander sinoptiese evangelies. Tweedens is drie gebeurtenisse bespreek wat deurslaggewend vir Matteus se unieke voorstelling van Petrus is: eerstens loop Petrus op die water en word deur Jesus gered (14:22–36); tweedens bely Petrus dat Jesus die Messias en Seun van die lewende God is (16:16–19); en derdens word Petrus betrek in die vraagstuk van die tempelbelasting (17:24–27). Laastens is daar ook gekyk na die rol wat Petrus speel in die teologie van Matteus. Hieruit kan daar nou ’n gevolgtrekking gemaak word oor Matteus se unieke voorstelling van Petrus.

Daar is vasgestel dat Petrus onderskeidelik vyftien keer (108 woorde) in Matteus, agt keer (66 woorde) in Markus en twaalf keer (94 woorde) in Lukas aan die woord is. Onder die sinoptiese evangeliste laat Matteus dus vir Petrus die meeste “praat”. Sewe (bykans die helfte) van hierdie uitsprake is uniek in Matteus en kom nie in Markus of Lukas voor nie. Dit wil voorkom of Matteus die status van Petrus verhoog met die woorde wat aan hom toegedig word, maar daar is ook ’n geval waar Petrus se reeds negatiewe voorstelling verder uitgebrei word (16:22).

Die *Sondergut* wat ondersoek en bespreek is, het ook resultate met betrekking tot Petrus se prominensie in die Matteus-evangelie opgelewer. In die gedeelte waar Petrus op die water loop en deur Jesus gered word, word hy meer negatief as positief voorgestel. Hy is die een onder die dissipels wat uitstaan omdat hy praat en met

sekerheid die water betree. Die geloofsekerheid verander egter gou in twyfel en kleingeloof.

Die gedeelte in 16:17–19 laat ongetwyfeld vir Petrus uitstaan teenoor die ander dissipels. Daar moet egter gesê word dat Petrus uitgesonder word maar nie afgesonder nie. Die redes hiervoor is dat die μακάριος in 16:17 reeds μακάριοι met betrekking tot die dissipels in 13:16 is en dat Petrus se belydenis (σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος) ook die vorm van die dissipels se belydenis aanneem in 14:33 (ἀληθῶς θεοῦ υἱὸς εἶ). Net so kan 16:18 se openbaring aan Petrus verbind word met die tema van openbaring in 11:25–27, waar “die dinge” selfs aan kindertjies (geringstes) geopenbaar word. Dieselfde kan gesê word van die mag om te bind (δέω) en te ontbind (λύω), wat in 16:19 aan Petrus gegee word, want in 18:18 (δήσητε, λύσητε) word hierdie mag ook aan die dissipels gegee.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Petrus en die ander dissipels die fondament vorm waarop die ἐκκλησία van Jesus gebou moet word en dat die gesag van Petrus en die dissipels die sleutel/s tot die koninkryk van die hemele is.

Met die gedeelte in 17:24–27 is dit duidelik dat Petrus die woordvoerder van die dissipels is. Die fokus van die perikoop val egter op die lering van Jesus en nie op die prominensie van Petrus nie.

Die rol van Petrus in die teologie van Matteus kan soos volg voorgestel word: Eerstens stel die persoon van Petrus 'n dissipel voor met sterk eienskappe maar ook met foute en tekortkominge; tweedens is Petrus verteenwoordigend van 'n gewone mens met sterk eienskappe en swakhede; en derdens is Petrus 'n voorbeeld vir dissipelskap, positief en negatief, en van die verhouding tussen leerling en διδάσκαλος.

Alhoewel dit in sommige van die *Sondergut* wil voorkom asof Petrus se status benadruk word, kan daar nie gesê word dat Matteus hom doelbewus prominenter as die ander dissipels probeer voorstel om hom te verhef bokant enige ander dissipel of apostel nie. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat Matteus, met die redaksionele byvoegings of

weglatings, nie probeer het om teen Paulus te reageer en sodoende 'n sogenaamde anti-Pauliniese sentiment bevorder nie.

Hoofstuk 6

Petrus se ouderdom as bydrae tot sy prominente rol in die Matteus-evangelie

6.1 Inleiding

Daar is reeds in Hoofstuk 2 (p. 21) genoem dat Sim (2002:767–783) in navolging van Brandon (1978:231–243) ’n anti-Pauliniese ondertoon in die Matteus-evangelie identifiseer. Manson (1964:203–204) sê: “It may also be conjectured that the challenge implied in the claim was directed against Paul himself... and it is possible that the elevation of Peter was meant to act as some kind of check upon Paul”. Dit beteken dus dat hierdie navorsers (Brandon, 1978; Manson, 1964; Sim, 2002) ’n anti-Pauliniese sentiment in die Matteus-evangelie voorstel as ’n teenvoeter vir Paulus. Daar word beweer dat die skrywer van die evangelie doelbewus prominensie aan Petrus verleen om teen Paulus te reageer. Die *Sondergut* in Matteus word veral as ’n bewys vir hierdie bewerings gebruik (kyk Hoofstuk 5, p. 167). Matteus se redaksionele byvoeging van 17:24–27 laat die klem val op die betaling van die tempelbelasting. As die relevante gedeeltes in die twee evangelies naas mekaar stel word (kyk Tabel 59, p. 206), is dit duidelik hoe Matteus die volgorde van die gebeurtenisse in die Markus-evangelie onderbreek om hierdie *Sondergut* in sy evangelie in te voeg (Donfried, 1992:258).

Tabel 59: Matteus 17:24–27 se onderbreking van die volgorde van gebeurtenisse in die Markus-evangelie

Markus	Matteus
9:30–32: Κάκειθεν ἐξελθόντες παρεπορεύοντο διὰ τῆς Γαλιλαίας, καὶ οὐκ ᾔθελεν ἵνα τις γνοῖ·³¹ ἐδίδασκεν γὰρ τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ καὶ ἔλεγεν αὐτοῖς ὅτι ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου παραδίδοται εἰς χεῖρας ἀνθρώπων, καὶ ἀποκτενοῦσιν αὐτόν, καὶ ἀποκτανθεὶς μετὰ τρεῖς ἡμέρας ἀναστήσεται.³² οἱ δὲ ἠγνόουν τὸ ῥῆμα, καὶ ἐφοβοῦντο αὐτόν ἐπερωτῆσαι. (Hulle het daarvandaan vertrek en deur Galilea	17:22–23: Συστρεφομένων δὲ αὐτῶν ἐν τῇ Γαλιλαίᾳ εἶπεν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· μέλλει ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου παραδίδοσθαι εἰς χεῖρας ἀνθρώπων,²³ καὶ ἀποκτενοῦσιν αὐτόν, καὶ τῇ τρίτῃ ἡμέρᾳ ἐγερθήσεται. καὶ ἐλυπήθησαν σφόδρα. (Toe hulle in Galilea bymekaarkom, het Jesus vir

Markus	Matteus
gereis. Hy wou nie hê dat iemand daarvan weet nie. ³¹ [Want] Hy was besig om sy dissipels te leer en het vir hulle gesê: Die Seun van die Mens word in die hande van die mense oorgelewer, en hulle sal Hom doodmaak, maar nadat Hy doodgemaak is, sal Hy na drie dae opstaan. ³²Hulle het die uitspraak nie verstaan nie en was bang om Hom [daaroor] uit te vra.)	hulle gesê: Die Seun van die mens gaan oorgelewer word in die hande van mense. ²³Hulle sal Hom doodmaak, en op die derde dag sal Hy opgewek word. En hulle het baie bedroef geword.)
<u>Byvoeging van Matteus</u> <u>Matteus 17:24–27:</u> Ἐλθόντων δὲ αὐτῶν εἰς Καφαρναοὺμ προσήλθον οἱ τὰ δίδραγμα λαμβάνοντες τῷ Πέτρῳ καὶ εἶπαν· ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραγμα; ²⁵ λέγει· ναί. καὶ ἐλθόντα εἰς τὴν οἰκίαν προέφθασεν αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς λέγων· τί σοι δοκεῖ, Σίμων; οἱ βασιλεῖς τῆς γῆς ἀπὸ τίνων λαμβάνουσιν τέλη ἢ κῆνσον; ἀπὸ τῶν υἱῶν αὐτῶν ἢ ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων; ²⁶ εἰπόντος δέ· ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων, ἔφη αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἄρα γε ἐλεύθεροί εἰσιν οἱ υἱοί. ²⁷ ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς, πορευθεὶς εἰς θάλασσαν βάλε ἄγκιστρον καὶ τὸν ἀναβάντα πρῶτον ἰχθὺν ἄρον, καὶ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ εὐρήσεις στατήρα· ἐκεῖνον λαβὼν δὸς αὐτοῖς ἀντὶ ἐμοῦ καὶ σοῦ. (Toe hulle in Kapernaüm kom, het diegene wat die dubbel-dragma [tempelbelasting] invorder, na Petrus gekom en gevra: Betaal julle leermeester nie die dubbel-dragma nie? ²⁵ Hy antwoord: Ja wel. Toe hy in die huis kom, het Jesus eerste gepraat: Wat dink jy, Simon? Van wie vorder die konings van die aarde tolgeld of belasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge? ²⁶ Toe antwoord hy: Van die vreemdelinge. Jesus sê vir hom: Dan is die seuns vry. ²⁷ Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi 'n hoek uit en vat die eerste vis wat jy uittrek; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.)	
9:33–37: Καὶ ἦλθον εἰς Καφαρναοὺμ. Καὶ ἐν τῇ οἰκίᾳ γενόμενος ἐπηρώτα αὐτοῦς· τί ἐν τῇ ὁδῷ διελογίζεσθε; ³⁴ οἱ δὲ ἐσιώπων· πρὸς ἀλλήλους γὰρ διελέχθησαν ἐν τῇ ὁδῷ τίς μείζων. ³⁵ καὶ καθίσας ἐφώνησεν τοὺς δώδεκα καὶ λέγει αὐτοῖς· εἴ τις θέλει πρῶτος εἶναι, ἔσται πάντων ἔσχατος καὶ πάντων διάκονος. ³⁶ καὶ λαβὼν παιδίον ἔστησεν αὐτὸ ἐν μέσῳ αὐτῶν καὶ ἐναγκαλισάμενος αὐτὸ εἶπεν αὐτοῖς· ³⁷ ὃς ἂν ἐν τῶν τοιούτων παιδίων δέξηται ἐπὶ τῷ ὀνόματί μου, ἐμὲ δέχεται· καὶ ὃς ἂν ἐμὲ δέχεται, οὐκ ἐμὲ δέχεται ἀλλὰ τὸν ἀποστείλαντά με. (Hulle het in Kapernaüm aangekom en toe Hy [by hulle] in die huis was, vra Hy hulle: Waaroor het julle op pad met mekaar geredeneer? ³⁴ Maar hulle het stilgebly want hulle het op pad met mekaar gepraat oor wie die grootste [belangrikste] is. ³⁵ Nadat Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: As iemand eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se	18:1–5: Ἐν ἐκείνῃ τῇ ὥρᾳ προσήλθον οἱ μαθηταὶ τῷ Ἰησοῦ λέγοντες· τίς ἄρα μείζων ἐστὶν ἐν τῇ βασιλείᾳ τῶν οὐρανῶν; ² καὶ προσκαλεσάμενος παιδίον ἔστησεν αὐτὸ ἐν μέσῳ αὐτῶν ³ καὶ εἶπεν· ἀμὴν λέγω ὑμῖν, ἐὰν μὴ στραφῇτε καὶ γέννησθε ὡς τὰ παιδία, οὐ μὴ εἰσέλθῃτε εἰς τὴν βασιλείαν τῶν οὐρανῶν. ⁴ ὅστις οὖν ταπεινώσει ἑαυτὸν ὡς τὸ παιδίον τοῦτο, οὗτός ἐστιν ὁ μείζων ἐν τῇ βασιλείᾳ τῶν οὐρανῶν. ⁵ καὶ ὃς ἐὰν δέξηται ἐν παιδίῳ τοιοῦτο ἐπὶ τῷ ὀνόματί μου, ἐμὲ δέχεται. (IN daardie uur [tyd] het die dissipels na Jesus gekom en gesê: Wie is eintlik die grootste [belangrikste] in die koninkryk van die hemele? ²Hy het toe 'n kind nader geroep, tussen hulle laat staan ³ en gesê: Amen, Ek sê vir julle: As julle nie verander en soos kinders word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemele ingaan nie! ⁴ Elkeen wat homself gering ag soos hierdie kind, hy

Markus	Matteus
dienaar wees. ³⁶ Hy het 'n kind geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy neem hom toe in sy arms en sê vir hulle: ³⁷ Elkeen wat een van die [sulke] kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My, en elkeen wat My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het.)	is die grootste [belangrikste] in die koninkryk van die hemele. ⁵ En wie so 'n kind in my Naam ontvang, ontvang My.)

In Matteus 17:24 vra diegene wat die tempelbelasting invorder vir Petrus: ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραγμα (“Betaal julle leermeester nie die didragma nie?”), en hy (Petrus) antwoord: ναί (“Ja”). Nadat Jesus en Petrus hierdie saak bespreek het (17:25–27), het Jesus vir Petrus beveel om 'n vis te vang waarin hy 'n stater sou vind sodat hy die belasting kon betaal (17:27). Jesus was dus gewillig om die tempelbelasting te betaal en het ook die dissipel/-s daarby ingesluit.

Die tempelbelasting onder die Joodse volk kan teruggespoor word na Israel se reis deur die woestyn, ná die uittog uit Egipte. Volgens Eksodus 30:11–16 moes elkeen wat twintig jaar en ouer was “die offergawe van die Here gee”. Die saak van tempelbelasting word sporadies in die Ou Testament aangeraak en kan nagespoor word tot en met die tyd wat Jesus op aarde was en selfs ook daarna (Borgen, 1992:1070; Conzelmann, 1992:32; Sarna, 1991:195). Die gevolgtrekking is dus dat Matteus impliseer dat Jesus en Petrus onder die verpligting van die tempelbelasting gestaan het en daarom kan daar afgelei word dat hulle albei ouer as twintig was (Horbury, 1985:265–286; Montefiore, 1965:60–71). Wat vir hierdie studie belangrik is, is dat daar geen melding gemaak word van die belastingpligtigheid van die res van Jesus se dissipelgroep nie; daarom is dit moontlik dat Petrus die oudste van Jesus se dissipels was.

Die doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel of Petrus se ouderdom kon bygedra het tot sy prominensie in die Matteus-evangelie. 'n Sosiaal-wetenskaplike benadering sal gebruik word om vas te stel of Petrus se ouderdom aan hom gesag in die groep verleen het (Elliott, 2011:1–33; Malina, 2002:3-26, 2008:5–21). Indien dit wel die geval was,

sou dit aangevoer kan word as een van die redes vir sy prominensie in die Matteus-evangelie (teenoor Brandon, 1978; Manson, 1964; Sim, 2002).

Alhoewel Matteus se *Sondergut* slegs melding maak van Jesus en Petrus, bestaan die moontlikheid dat die res van die dissipelgroep geïmpliseer word met die woord ὑμῶν (“julle”) (17:24) en die meervoudsvorm van σκανδαλίζω (17:27). Dit sal eers ondersoek word.

Dit is dus belangrik om eerstens vas te stel wat die agtergrond van die tempelbelasting is en hoe dit tot stand gekom het. Hieroor sal daar ’n literatuurstudie gedoen word. Die literatuur wat bestudeer word, sal twee tydperke dek: eerstens, die tydperk van die Ou Testament, en tweedens, die eerste eeu n.C. Sodoende kan daar ’n moontlike gevolgtrekking gemaak word oor die toepassing van die tempelbelasting tot en met die eerste eeu n.C. Hieruit behoort daar groter duidelikheid te kom oor wie belastingpligtig was. Die bevindings sal toegepas word op 17:24–27.

Tweedens is posisionering in die sosiale wêreld van die eerste eeu belangrik vir die verstaan van die familiestruktuur, groepe, geloof en so meer. Hanson en Oakman (1998:5) skryf oor Palestina in die tyd van Jesus en wys daarop dat daar taalverskille was, dat die periode in die geskiedenis verskil, dat die omgewing toe anders daar uitgesien het as vandag en dat die sosiale wêreld heeltemal verskil het van die wêreld waarin die mens hom of haar vandag bevind. Hulle gaan voort:

The challenge, then, is to imagine ourselves “into” the world of the people we encounter in the New Testament. This requires conceptualizing scenarios – ways of acting, thinking, valuing, perceiving, and structuring the world – appropriate to their live-world.

Matteus se beskrywing van Petrus in die dissipelgroep van Jesus sal dus in die konteks van die sosiale strukture van die eerste eeu ondersoek word. Die resultate sal uiteindelik gebruik word om te besluit of Petrus se ouderdom tot sy moontlike prominensie in die Matteus-evangelie kon bygedra het.

6.2 Die Tempelbelasting van Matteus 17:24–27

Die doel van die ondersoek na die tempelbelasting is om te probeer vasstel wie die belastingpligtiges in Matteus 17:24–27 is. Soos reeds genoem, kan die saak van tempelbelasting met redelike sekerheid nagespoor word tot die tyd van Israel se reis deur die woestyn, ná die uittoeg uit Egipte. Montefiore (1965:63) meen dat die tempelbelasting betaal is solank as wat die tempel bestaan het. Dit wil selfs voorkom of die “Sanhedrin” hierdie belasting weer vir hedendaagse Jode wil instel sodat die tempel herbou kan word (Berkowitz, 2017:1).

Die bespreking sal in drie dele verdeel word:

6.2.1 Die Wet vanaf die Eksodustyd (p. 210)

6.2.2 Die Wet op Tempelbelasting in die tyd van Jesus (p. 213)

6.2.3 Die belastingpligtiges van Matteus 17:24–27 (p. 216)

Die doel is om slegs ’n kort agtergrond oor tempelbelasting te gee omdat dit direk gekoppel kan word aan mense se ouderdom en om vas te stel wat die teks oor belastingpligtigheid kommunikeer, veral met betrekking tot die sosiaal-wetenskaplike agtergrond.

6.2.1 Die Wet vanaf die Eksodustyd

Volgens Eksodus 30:11–16 het “die Here met Moses gespreek en gesê” dat elkeen van die geteldes losgeld moet gee vir sy lewe (“Elkeen... van twintig jaar oud en daarbo, moet die offergawe van die Here gee”). Die aanname¹⁵³ kan dus gemaak word dat mense van twintig jaar en ouer offergeld (’n halfsikkel) moes gee ter ondersteuning van die tabernakel (Durham, 1998:402–403; Osborn & Hatton, 1999:722–723; Stuart, 2006:639). Die “ryke” en die “arme” moes ’n halfsikkel (מִמְחֶצֶית הַשֶּׁקֶל) bring as offergawe, sodat daar geen plaag onder hulle sou wees nie en om vir hulle siele versoening te doen (Eks. 30:15). Die halfsikkel was gelykstaande aan twintig *gera* (גֵּרָה)

¹⁵³ Durham (1998:402) sê dat die aanname na aanleiding van Numeri 1:2–3 gemaak kan word dat slegs die mense getel is (vgl. Stuart, 2006:636). Numeri 1:2–3 lui soos volg: “Neem julle die volle getal van die hele vergadering van die kinders van Israel op volgens hulle geslagte, volgens hulle families, na die getal name, almal wat manlik is, hoof vir hoof; van twintig jaar oud en daarbo, almal wat op kommando moet uittrek in Israel, dié moet julle tel volgens hulle leërafdelings, jy en Aäron”.

(Eks. 30:13) en het, volgens Eksodus 38:26¹⁵⁴, met die geleentheid wat in Eksodus 30 beskryf word, 603550 halvesikkels gegenereer. Daar word egter nie in die boek Eksodus melding gemaak dat hierdie offer 'n jaarlikse instelling moes wees nie.

Die saak van hierdie “halfsikkel offergeld” in die Ou Testament word eers weer met die verhaal van Joas se herstel van die tempel in 2 Konings 12 en 2 Kronieke 24 aangeraak. Volgens 2 Konings 12:1–21 het Joas die priesters opdrag gegee om die tempel te herstel met geld wat verkry is uit offers. Hierdie opdrag is nie uitgevoer nie en na 'n lang tydperk¹⁵⁵ (Hobbs, 1998:153) het die priester Jojada 'n kis langs die altaar geplaas sodat die geld wat in die tempel gebring word, daarin gegooi kon word. Hierdie geld is aangewend om die tempel in stand te hou.

In die weergawe van hierdie verhaal in 2 Kronieke 24:1–14 spreek Joas die priester Jojada aan oor die nalatigheid van die priesters om “die belasting van Moses” (2 Kron. 24:6) in te samel wat “die Here... op Israel in die woestyn gelê het” (2 Kron. 24:9). Daar word dus nie na ouderdom verwys nie, maar daar word wel terugverwys na die belasting van Moses (Thompson, 1994:314).

Die saak van tempelbelasting word verder eers weer in Nehemia 10:32 aangeraak. Volgens hierdie teks het die wat toegelaat is om terug te keer na Jerusalem 'n verpligting op hulself geplaas om “'n derde van 'n sikkel (שֶׁקֶל) in die jaar op te lê vir die diens van die huis van God” (Haran, 1981:323; Williamson, 1998:336).

Daar word dikwels na die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament (ongeveer 420 v.C.–70 n.C.) verwys as die 400 stil jare (“Silent Years”) (Ironsides, 1914:7; Van der Walt, 2007:109–116). Daar is egter aanduidings dat die tempelbelasting ook in hierdie tydperk betaal is (1 Makkabeërs 10:36–44; 2 Makkabeërs 3:3, 9:16), en Montefiore (1965:61) meen dat dit inderdaad 'n simbool en uitdrukking van Joodse nasionaliteit en geloof (Judaïsme) was. Dit beteken dus dat tempelbelasting ook in die tydperk van die

¹⁵⁴ Eksodus 38:26: “'n Beka (בֶּקָע) vir elke persoon, dit is 'n halfsikkel (מִתְּצִית הַשֶּׁקֶל) volgens die sikkel (שֶׁקֶל) van die heiligdom, van elkeen wat oorgegaan het na die geteldes, van twintig jaar oud en daarbo, naamlik seshonderd-en-drieduisend-vyfhonderd-en-vyftig man”.

¹⁵⁵ Die moontlikheid bestaan dat dit volgens 2 Konings 12:6 na drie-en-twintig jaar kon wees maar geen aanduiding word gegee wanneer die opdrag aan die priesters gegee is nie (Hobbs, 1998:153).

tweede tempel (516 v.C.–70 n.C.) betaal is. Volgens Franz (2012:21) is die “half-shekel tax” jaarliks gevorder en dit is betaal deur alle Israëliete¹⁵⁶ van twintig jaar en ouer – met die uitsondering van vroue, slawe, Samaritane en heidene (Montefiore, 1965:61).

’n Belangrike bron oor tempelbelasting is die *Mishnah*. Johnson (2016:*Mishnah*) beskryf die *Mishnah* soos volg: “A Jewish collection of oral traditions and written works redacted ca. ad 200. A foundational document for Judaism. Includes the earliest data available about early rabbinic Judaism” (vgl. ook Schlüter, 2003:552). Daar word beweer dat die vroegste mondelinge tradisie (vir die *Mishnah*) ontstaan het nadat Moses op die berg Sinai was om die Tien Gebooie te kry (Eks. 34) (Brooks, 1992:871–873; Johnson, 2016:*Mishnah*; Neusner, 1988:xiii–xv). Neusner (1988:xv) sê oor hierdie mondelinge tradisie: “The Mishnah has been and is now memorized in the circle of all those who participate in the religion, Judaism”. Die mondelinge tradisie het dus deur die eeue behoue gebly voordat rabbi’s dit in 63 traktate as die *Mishnah* neergeskryf het (Brooks, 1992:871–873; vgl. ook Hayes, 2008:291–297). ’n Hele boek, die *Shekalim*, word gewy aan “tempel-ontvangste” (Montefiore, 1965:62). Daarin (*Shekalim* 1:1) staan geskryf dat die volk teen die eerste van die maand *Adar* herinner word dat die tempelbelasting voor die eerste van die maand *Nisan*¹⁵⁷ betaal moet word. Elke man van twintig jaar en ouer het vrywillig die belasting een maal per jaar betaal. Hy kon dit in sy provinsie of by die tempel in Jerusalem betaal (*Mishnah Shekalim* 1:3). Die *Mishnah* (*Bekhoroth* 8:7) noem dat dit altyd die Tiriese munt moes wees. Die Tiriese sikkels het egter ’n afbeelding van ’n heidense god op een kant gehad en ’n arend op die ander kant. Hierdie munte is gemunt in Tirus tussen 126/125 v.C. en 19/18 v.C. en het 94% silwer bevat. Nadat die Romeinse owerheid die munt in Tirus in ongeveer 18/17 v.C. gesluit het, is hierdie sikkels verder in of naby Jerusalem gemunt, steeds met die heidense god en die arend daarop. Dit was teen die bepalings van die wet in Eksodus (20:3–4) en Deuteronomium (4:16–18, 5:8) om ’n afbeelding van ’n man of enige gevleuelde voël wat in die lug vlieg, te maak. Die rabbi’s het egter volgehou dat slegs

¹⁵⁶ Die term “Israelites” word deur Franz (2012:21) gebruik (vgl. Montefiore, 1965:61) en verwys na die tydperk voordat die tempel in 586 v.C. verwoes is.

¹⁵⁷ *Nisan* is die maand ná *Adar* op die Joodse kalender.

die Tiriese sikkels aanvaarbaar was in die tempel (Franz, 2012:21). Die rede daarvoor was dat die munte suiwer (silwer) was en die Rabbynse tradisie (later die *Mishnah*) bepaal het dat die suiwer waarde daarvan nie onrein kon wees nie (Hendin, 2013:274). Dat die tempelbelasting in Tiriese sikkels betaal moes word, is een van die redes waarom daar geldwisselaars (Matt. 21:12) by die tempel was (Hagner, 1993b:600; Nolland, 2005:843–844). Die Griekse en Romeinse munte wat in omloop was, kon dus geruil word vir die Tiriese sikkels om die belastingverpligting na te kom.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat tempelbelasting betaal is vandat dit deur Moses ingestel¹⁵⁸ is, regdeur die Ou-Testamentiese tydperk tot in die eerste eeu n.C.

6.2.2 Die Wet op Tempelbelasting in die tyd van Jesus

Die *Sondergut* van 17:24–29 beskryf twee geldeenhede. Eerstens word daar in 17:24 verwys na δίδραχμον¹⁵⁹ (τὰ δίδραχμα), oftewel, twee dragma; en tweedens word daar in 17:27 na στατήρ (στατήρα) verwys. In die Griekse teks word daar egter nie na die tempel verwys nie, maar verskeie navorsers (Danker, 2000:241; Louw & Nida, 1996:577; Montefiore, 1965:63; Zodhiates, 1993:1323) is dit eens dat τὰ δίδραχμα na die tempelbelasting verwys en dit word ook in sommige Bybelvertalings met “the two-drachma tax” (ESV, 2001; NIV, 1984) vertaal. Volgens 17:27 kan die afleiding dus gemaak word dat vier dragma gelykstaande was aan ’n stater (στατήρ¹⁶⁰) (Danker,

¹⁵⁸ Die gebruik om tempelbelasting te betaal en die moontlikheid dat dit veral in die tydperk van die tweede tempel jaarliks betaal is, is nie deur Moses ingestel of afgedwing nie (Montefiore, 1965:70). In hierdie tydperk was die belasting eenmalig vir die onderhoud van die tabernakel en nie jaarliks nie (Sarna, 1991:194).

¹⁵⁹ In die Nuwe Testament is dit die enigste voorkoms van δίδραχμον (alhoewel twee keer in dieselfde vers).

¹⁶⁰ Matteus 17:27 is die enigste plek in die Nuwe Testament waar die woord στατήρ voorkom. Elwell en Comfort (2001:296) meen dat die stater ’n Tiriese sikkels kon wees. Aristoteles (384 v.C.–322 v.C.) skryf (Aristoteles, 1935:1347) dat Dionysius geld nodig gehad het om ’n vloot seilbote aan te skaf en daarvoor die inwoners van ’n stad elk twee staters (δύο στατήρας) laat bydra het. Die stater kan dus waarskynlik ouer gedateer word as ’n Tiriese sikkels. Wat vir hierdie studie belangrik is, is die waarde van ’n stater en daaroor sê Hendin (2013:251): “There is scant written evidence relating the *shekel* to the Greek *stater*, but one reference from the fifth century BCE Elephantine papyri suggests there are two *shekels* in one *stater*.” Josephus (1895:section 194–196) skryf oor die tempelbelasting en sê: “And when he [Moses] had gathered the multitude together again, he ordained that they should offer half a shekel for every man, as an oblation to God; (195) which shekel is a piece among Hebrews, and is equal to four Athenian drachmae. (196) Where upon they readily obeyed what Moses had commanded”.

Wat die presiese waarde van die stater was en of dit ’n Tiriese munt was, is seker nie belangrik vir hierdie studie nie, maar wat wel belangrik is, is dat dit genoeg waarde gehad het om die tempelbelasting vir Jesus en Petrus albei te betaal.

2000:241; Elwell & Comfort, 2001:296; Montefiore, 1965:63), wat voldoende sou wees vir die belasting vir Jesus en Petrus (“gee dit namens My en jou” – δὸς αὐτοῖς ἀντὶ ἐμοῦ καὶ σοῦ).

Die vraag kan egter ontstaan of die Matteus-evangelie verwys na tempelbelasting voor 70 n.C. en of dit verwys na die sogenaamde *fiscus judaicus*¹⁶¹. Laasgenoemde belasting is van die Jode ingevorder nadat die tempel in 70 n.C. verwoes is (Donfried, 1992:258). Hierdie vraag vra dus nou aandag vir die ouderdom van die *Sondergut* (17:24–27). Het die teks voor 70 n.C. ontstaan en kan dit dus in verband gebring word met die vroeëre tradisie (die historiese Jesus), of het dit ná 70 n.C. ontstaan? Die ontstaansdatum is relevant vir hierdie studie omdat daar juis probeer word om Petrus se ouderdom in die Jesus-tradisie vas te stel. Verskeie navorsers (Horbury, 1985:267–277; Luz, 2001:413–414; Montefiore, 1965:60–71) stem saam dat hierdie *Sondergut* waarskynlik op ’n pre-Mateaanse (of selfs ’n mondelinge) tradisie gebaseer is, maar dat Matteus redaksionele byvoegings gemaak het. Davies en Allison (2004b:737–738) spreek hulle sterk uit ten gunste van ’n pre-Mateaanse tradisie: “... while the gospel was written after the destruction of the temple in a.d. 70, 17:24–7... must have come into being while the temple was still standing.” Horbury (1985:267–277) het uitgebreide navorsing gedoen oor verskillende argumente vir die datering van hierdie *Sondergut* en dit kan soos volg opgesom word:

- a) Styl: Goulder (1974:396), Moule (1976:217) en Strecker (1971:200) meen dat die styl van taalgebruik dui op ’n mondelinge tradisie of ’n pre-Mateaanse bron.
- b) Plasing of posisie in die evangelie: Manson (1964:265) meen dat die teks ná 70 n.C. ontstaan het en dat die *fiscus judaicus* geïmpliseer word omdat vroeë kerkvaders dit veronderstel het.
- c) Literêre analise: Bultmann (1963:34) klassifiseer hierdie teks as ’n “legende” en daarom meen Montefiore (1965:64–68) dat dit ou (“old”) *logion* is.

¹⁶¹ Nadat die tempel in 70 n.C. verwoes is, het die Romeinse owerheid steeds die tempelbelasting gevorder as die *fiscus judaicus* en hierdie inkomste is na die tempel van *Jupiter Capitolinus* geallokeer. *Jupiter Capitolinus* was een van die belangrikste gode van die Romeine (Bell, 1998:24; Borgen, 1992:1070; Conzelmann, 1992:30–31; Sarna, 1991:195)

- d) Die konings van die aarde: Wellhausen (1904:89–90) meen dat hierdie ’n verwysing is na die betaling van belasting “aan God” en dus pre-70 n.C. is. Alhoewel die teks “konings van die aarde” sê, impliseer dit “seuns van God” (vgl. ook Van Aarde, 1994:204–228).
- e) Die herkoms van die stater: Die voorstel is dat hierdie verhaal ontleen is aan volksvertellings (“folklore”)¹⁶², dat die wonderwerk later bygevoeg is en toe in die Matteus-evangelie opgeneem is. Dit beteken dus dat dit ’n latere byvoeging is en nie uit die Jesus-tradisie kom nie (Horbury, 1985:273–276)
- f) Die verwysing na Petrus: Daar word beweer dat Petrus, as apostel, hierdie openbaring, soortgelyk aan die gebeure in Handeling 10¹⁶³, van God ontvang het en dat dit later in die Matteus-evangelie opgeneem is (Horbury, 1985:276).
- g) ’n Dogmatiese doelwit: Montefiore (1965:67) meen dat hierdie verse gebruik kon word om vir die Joods-Christelike gemeenskap (voordat die bande tussen Judaïsme en die Christendom verbreek is) te leer (dogma) dat die tempelbelasting betaal moes word, met ander woorde, die dogmatiese doelwit was om die lering “af te dwing” op hierdie gemeenskap.

Horbury (1985:277) meen die sterkste argument (uit hierdie onderskeie argumente) vir die ontstaan van hierdie *Sondergut* (en Davies & Allison, 2004b:742, beaam dit) is dat die konteks van ’n belasting wat gevorder word in die “naam van God”, strook met die *logion* van vers 25 (... οἱ βασιλεῖς τῆς γῆς ἀπὸ τίνων λαμβάνουσιν τέλη ἢ κῆνσον; ἀπὸ τῶν υἱῶν αὐτῶν ἢ ἀπὸ τῶν ἀλλοτρίων – “Van wie vorder die konings van die aarde tolgeld of belasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge”). Bauckham (1986:232) verwoord hierdie argument soos volg:

An argument against the Temple tax which is based, not on any criticism of the Temple or its worship, but on the character of God as Father and King, seems much more likely

¹⁶² Vergelyk ook Tuzlak (2007:279–295).

¹⁶³ Die gesig wat Petrus van ’n geopende hemel gehad het en die “groot laken” met “viervoetige” diere, “kruipende” diere en “voëls” wat afgesak het om vir hom te sê: ἃ ὁ θεὸς ἐκαθάρισεν, σὺ μὴ κοίνου (“Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie”) (Hand. 10:15).

to come from Jesus than from the Jewish Christian church. The way in which Jesus here gives priority to God's fatherhood over his kingship, as a model for God's relationship to his people, coheres with a prominent and distinctive feature of Jesus' authentic teaching, i.e. the fact that, while Jesus repeatedly speaks of God's kingdom, his portrayal of the way God exercises his rule is usually in terms of fatherhood rather than kingship.

Hierdie redenasie maak dit hoogs onwaarskynlik dat die vraag na tempelbelasting ontstaan het in 'n tyd (ná 70 n.C.) waarin die *fiscus judaicus* aan die orde van die dag was omdat die belasting vir die tempel van die Romeinse god *Jupiter Capitolinus* bedoel was. Aanhangers van Judaïsme sou nie hulle nasionaliteit en veral geloof wou uitdruk met 'n jaarlikse offer aan 'n heidense god nie (vgl. Mandell, 1984:226; Tellbe, 2005:19-44; Van Aarde, 1994:221–223). Luz (2001:419) sê: "I no longer see a current *Sitz im Leben* for this text in the time after 70."

6.2.3 Die belastingpligtiges van Matteus 17:24–27

Sekere gevolgtrekkings oor die belastingpligtiges van Matteus 17:24–27 kan uit die voorafgaande bespreking gemaak word. Die *Mishnah* (*Shekalim* 1:1, 1:3) stipuleer dat elke man van twintig jaar en ouer die belasting een keer per jaar moet betaal. Met hierdie studie word daar ook aanvaar (weens redes hierbo genoem) dat die *logion* waarskynlik dié van Jesus is. Die belasting ter sprake is dus die offergawe van 'n halfsikkel en nie die *fiscus judaicus* nie. Vir 'n moontlike antwoord op die belastingpligtiges van hierdie *Sondergut*, val die klem op Jesus en sy dissipels.

Volgens die Matteus-tekste behoort daar geen twyfel te wees dat Jesus en Petrus belastingpligtig was nie. Die woorde van Jesus in vers 27 is die bewys: ἐμοῦ καὶ σοῦ ("vir My en vir jou"). Die vraag is egter of die ander dissipels by die kollektief van hierdie perikoop ingesluit is.

Matteus maak voorsiening vir die ander dissipels se afwesigheid met 18:1, wat soos volg begin: Ἐν ἐκείνῃ τῇ ὥρᾳ προσῆλθον ("in daardie uur het [die dissipels] na hom (Jesus) gekom en gevra): τίς ἄρα μείζων ἐστὶν ἐν τῇ βασιλείᾳ τῶν οὐρανῶν ("Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemele?"). Davies en Allison (2004b:755) noem

dat die dissipels moontlik na Petrus se prominensie verwys, maar sê ook dat dit nie met sekerheid gesê kan word nie omdat dit nie spesifiek in die Matteus-tekst genoem word nie. Luz (2001:426) is van mening dat hierdie vraag in die algemeen gevra word en dat dit nie betrekking het op die voorafgaande gebeure in die evangelie nie. Nolland (2005:731) noem egter dat die voegwoord ἄρα (“dan”) in die vraag beteken dat die dissipels bewus was van die voorafgaande gebeure van 17:24–27. Carter (2000:362) noem ook die moontlikheid dat μέγιστον (“grootste”/ “belangrikste”) (18:1) kan verwys na οἱ βασιλεῖς τῆς γῆς (“die konings van die aarde”) (17:25). Dit wil voorkom of hierdie die logiese redenasie van Matteus kan wees, veral as dit sou beteken dat die dissipels τῇ βασιλείᾳ τῶν οὐρανῶν teenoor οἱ βασιλεῖς τῆς γῆς probeer stel het (vgl. Blomberg, 1992:272–273). Die menings van Davies en Allison (2004b:755) en Luz (2001:426) kan egter ook waar wees.

Verder is daar persoonlike voornaamwoorde in die meervoud wat in 17:24–27 gebruik word en moontlik ook die ander dissipels impliseer. Daar is twee voornaamwoorde in vers 24, naamlik αὐτῶν (“hulle”) en ὑμῶν (“julle”). Die ongeïdentifiseerde αὐτῶν (vers 24) word die beste geïdentifiseer as die αὐτῶν in vers 22¹⁶⁴, wat na al die dissipels verwys (Blomberg, 1992:269; Davies & Allison, 2004b:742; Nolland, 2005:722). Diegene wat die tempelbelasting invorder, het na Petrus toe gekom en hom gevra: ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραγμα (“Betaal **julle** leermeester nie die didragma nie?”). Alhoewel hulle (die invorderaars) met Petrus praat, verwys hulle na die “groep” se leermeester, met ander woorde, Petrus word aangespreek as verteenwoordiger van die groep, maar al die dissipels word geïmpliseer. Dieselfde woorde (ὁ διδάσκαλος ὑμῶν) word ook in 9:11¹⁶⁵ gebruik, waar die Fariseërs met die dissipelgroep praat (vgl. ook 23:8¹⁶⁶). Daar kan afgelei word dat hierdie twee voornaamwoorde na die dissipels verwys.

¹⁶⁴ Matteus 17:22: “Toe hulle in Galilea bymekaarkom, het Jesus vir hulle gesê: Die Seun van die mens gaan oorgelewer word in die hande van mense.”

¹⁶⁵ Matteus 9:11: καὶ ἰδόντες οἱ Φαρισαῖοι ἔλεγον τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ· διὰ τί μετὰ τῶν τελωνῶν καὶ ἁμαρτωλῶν ἐσθίει ὁ διδάσκαλος ὑμῶν.

¹⁶⁶ Matteus 23:8: Ὑμεῖς δὲ μὴ κληθῆτε ῥαββί· εἷς γάρ ἐστιν ὑμῶν ὁ διδάσκαλος, πάντες δὲ ὑμεῖς ἀδελφοί ἐστε.

Die volgende persoonlike voornaamwoorde wat ter sake is, kom voor in vers 27¹⁶⁷, naamlik ἐμοῦ (“my”) en σοῦ (“jou”). Hierdie voornaamwoorde is in die enkelvoud en kan help met die interpretasie. Dit verwys spesifiek na Jesus en Petrus en die vraag is: waarom dan net hulle twee? Die dissipels is almal in die omgewing (17:22, 24) en uit 18:1 (soos wat hierbo bespreek is) wil dit voorkom of hulle bewus was van die gebeure met betrekking tot die tempelbelasting (17:24–27). Waarom word die ander dissipels as’t ware uitgesluit?

Die verhaal gee nie ’n antwoord hierop nie en daar kan gespekuleer word dat die dissipels om een of ander rede nie geweet het van die gebeure van Jesus en Petrus en die tempelbelasting nie of dat die ander dissipels reeds hulle tempelbelasting betaal het.

Vir ’n moontlike antwoord hierop sal dit insiggewend wees om ook na ander elemente, naamlik die woorde en sinsnedes, in hierdie perikoop te kyk. Die invorderaars rig die vraag aan Petrus, maar daar word spesifiek na Jesus se belastingpligtigheid verwys (17:24). Sonder om te aarsel, antwoord Petrus: ναί. Louw en Nida (1996:664) sê oor hierdie ναί dat dit ’n “bevestigende” of regstellende “Ja” is – “Dit is sekerlik so” (Danker, 2000:665). Nolland (2005:725) noem dit: “a confident ‘Yes’, an answer no doubt based on his confidence in Jesus’ loyalty to the temple”. Daar was dus geen twyfel by Petrus dat Jesus die tempelbelasting betaal nie, waarskynlik omdat dit so voorgeskryf word in Rabbybnse tradisie (die *Mishnah*) en omdat hy moontlik bewus was van vorige geleenthede waar die tempelbelasting deur Jesus betaal is.

Die vraag van die invorderaars kan egter ook ’n subteks hê, want dit kan wees dat daar gevra word of Jesus as leermeester dan nie gehoor gee aan die bepalings van die Rabbybnse tradisie (later die *Mishnah*) nie. Dit sou dan beteken dat hierdie vraag die ondertoon het van: Leer julle leermeester julle nie om die tempelbelasting te betaal nie? Vandaar ook die besliste “Ja” (vgl. Carter, 2000:357–358).

¹⁶⁷ Matteus 17:27: ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς, πορευθεὶς εἰς θάλασσαν βάλε ἄγκιστρον καὶ τὸν ἀναβάντα πρῶτον ἰχθὺν ἄρον, καὶ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ εὗρήσεις στατήρα· ἐκεῖνον λαβὼν δὸς αὐτοῖς ἀντὶ ἐμοῦ καὶ σοῦ. (“Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi ’n hoek uit en vat die eerste vis wat jy uittrek; en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.”)

Nadat Petrus geantwoord het en in die huis ingegaan het, inisieer Jesus die bepreking oor die betaling van die belasting en dit kom daarop neer dat dit nie nodig is om die belasting te betaal nie. Die rede wat Hy gee waarom die belasting wel betaal moet word, is merkwaardig: ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς (“sodat ons hulle nie aanstoot gee nie”) (17:27). Die woord σκανδαλίζω word dikwels deur Matteus gebruik (dit kom 29 keer voor in die Nuwe Testament en word 14 keer deur Matteus gebruik). Dit word veral gebruik om te leer dat sekere optrede nie (onnodig) moet “aanstoot gee nie” (11:6; 13:7; 15:12; 17:27). Dit word in Tabel 60 (p. 219) verduidelik.

Tabel 60: Σκανδαλίζω as “aanstoot gee”

Teks	Σκανδαλίζω	Opmerking
11:6: καὶ μακάριός ἐστιν ὃς ἐὰν μὴ σκανδαλισθῇ ἐν ἐμοί (En salig is elkeen wat nie aan My aanstoot neem nie)	Die wat nie aan Jesus aanstoot neem nie, word salig genoem.	
13:57: καὶ ἐσκανδαλίζοντο ἐν αὐτῷ. ὁ δὲ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτοῖς· οὐκ ἔστιν προφήτης ἄτιμος εἰ μὴ ἐν τῇ πατρίδι καὶ ἐν τῇ οἰκίᾳ αὐτοῦ (En hulle het aanstoot aan Hom geneem. Maar Jesus sê vir hulle: ‘n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en in sy huis)	Teenoor 11:6 (μακάριος) word die gedagte ook hier oorgedra dat daar nie aan Jesus aanstoot geneem moet word nie.	
15:12: Τότε προσελθόντες οἱ μαθηταὶ λέγουσιν αὐτῷ· οἶδας ὅτι οἱ Φαρισαῖοι ἀκούσαντες τὸν λόγον ἐσκανδαλίσθησαν (Daarop kom sy dissipels nader en sê vir Hom: Weet U dat die Fariseërs, toe hulle die woord hoor, aanstoot geneem het?)	Davies en Allison (2004b:532) sê dat σκανδαλίζω ook die betekenis kan hê van “in sonde inlei”. Die Fariseërs sondig by hierdie geleentheid op so ‘n manier.	
17:27: ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς, πορευθεὶς εἰς θάλασσαν βάλε ἄγκιστρον καὶ τὸν ἀναβάντα πρῶτον ἰχθὺν ἄρον, καὶ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ εὐρήσεις στατήρα· ἐκεῖνον λαβὼν δὸς αὐτοῖς ἀντὶ ἐμοῦ καὶ σοῦ. (Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see toe, gooi ‘n hoek uit en vat die eerste vis wat jy uittrek; en as jy sy bek oopmaak, sal jy ‘n stater kry. Neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir	Hier word σκανδαλίζω in ‘n sekere opsig op die trant van 15:12 gebruik om te sê die invorderaars moet nie “gelei” word om te dink die manier waarop hulle die tempeldiens verstaan, is verkeerd nie (Davies & Allison, 2004b:746).	

Σκανδαλίζω		
Teks		Opmerking
jou.)		

Hagner (1993b:512) meen dat die sentrale gedagte wat deur die teks oorgedra word, is om nie σκανδαλον te gee nie (Garland, 1987:204–205; vgl. Carter, 2000:358). Hierdie lering van Jesus moet dus ook op die res van die dissipels toegepas kan word sodat hulle ook nie aanstoot gee deur nie te betaal nie. Dit sou dus beteken dat die res van die dissipels geïmpliseer word in die “ons” van σκανδαλίσωμεν (vgl. McEleney, 1976:178-192).

Verder is dit merkwaardig dat Jesus die tempelbelasting deur ’n wonderwerk “laat” betaal (daar word aangeneem dat Petrus uiteindelik die opdrag van Jesus uitgevoer het) (17:27). Indien Jesus op God se voorsienigheid staatgemaak het om die tempelbelasting vir Hom en Petrus te betaal, waarom word daar nie vir al die dissipels op hierdie wyse voorsien nie? Was dit nie nodig om vir hulle te betaal nie? Dit was waarskynlik die geval omdat hulle jonger as twintig jaar was.

Uit die voorafgaande kan gesê word dat daar dus ’n sterk moontlikheid bestaan dat slegs Jesus en Petrus volgens die Matteus-teks belastingpligtig was omdat hulle twintig jaar of ouer was. Die ander dissipels was dus volgens hierdie hipotese jonger as twintig en het daarom nie onder die verpligting van tempelbelasting gestaan nie.

’n Soortgelyke verhaal is in die apokriewe *Epistula Apostolorum*¹⁶⁸ opgeneem en lui soos volg (James, 1924:487¹⁶⁹):

And when we his disciples had no money, we asked him: What shall we do because of the tax-gatherer? And he answered and told us: Let one of you cast a hook into the deep, and take out a fish, and he shall find therein a penny: that give unto the tax-gatherer for me and you.

¹⁶⁸ Die *Epistula Apostolorum* is ’n apokriewe geskrif wat ook bekend staan as die “Brief van die Apostels” (“Epistle of the Apostles”) en dateer uit ongeveer 140–150 n.C. (Kirby, 2017:1).

¹⁶⁹ Die vertaling van James (1924:485–503) word gebruik omdat die oorspronklike Griekse teks nie behoue gebly het nie, maar wel ’n Koptiese teks wat waarskynlik ’n kopie van die oorspronklike is (Alcock, 2017?:1).

Die verskille tussen hierdie twee verhale is merkwaardig. Petrus is nie een van die sentrale karakters in die verhaal nie en die dissipels inisieer die gesprek met Jesus. In hierdie verhaal word daar verwys na die dissipelgroep, vir wie die belasting betaal moes word. Die apokriewe verhaal kan die bewys wees dat dit tradisie is, wat ook deur Matteus opgeneem is of selfs dat dit die Matteus-tradisie is wat deur die apokriewe verhaal oorgeneem is. Indien dit tradisie is wat deur Matteus en die *Epistula Apostolorum* albei gebruik is, met ander woorde, dat die *Epistula Apostolorum* nie afhanklik was van die Matteus-evangelie vir die tradisie nie, is dit waarskynlik dat die Matteus-evangelie die Jesus-tradisie die beste bewaar het omdat dit ongeveer 50 tot 60 jaar tevore al sy finale vorm bereik het. Verdere navorsing is egter nodig om tot so 'n slotsom te kom.

Die volgende gevolgtrekking kan dus uit die voorafgaande bespreking gemaak word: Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat die ander dissipels bewus was van die gebeure in 17:24–27. Hulle kon selfs die vraag na die “grootste/belangrikste in die koninkryk van die hemele” (τίς ἄρα μείζων ἐστὶν ἐν τῇ βασιλείᾳ τῶν οὐρανῶν) gevra het met 17:25 (“konings van die aarde” – βασιλεῖς τῆς γῆς) in gedagte. Dit wil voorkom of die persoonlike voornaamwoorde in hierdie perikoop die hele dissipelgroep impliseer. Verder betrek die lering van σκανδαλίσωμεν in die konteks van soortgelyke uitsprake in die evangelie (11:6; 13:7; 15:12) die dissipels indirek by hierdie perikoop. Laastens kan opgemerk word dat dit hoogs onwaarskynlik is dat Jesus eksklusief vir Hom en Petrus van God se voorsienigheid gebruik sou maak indien die ander dissipels ook belastingpligtig was. Daar is dus goeie aanduidings dat Jesus en Petrus ouer as twintig was en dat die ander dissipels jonger as twintig was. Hierdie gegewens sal vervolgens in die sosiaal-wetenskaplike konteks van die eerste eeu n.C. verder ontleed word.

6.4 Sosiaal-wetenskaplike konteks

Anders as in die Westerse wêreld van vandag waar eksplisiete godsdiens- en ekonomiese groepe en instellings onderskei kan word, was terreine soos die godsdiens

en die ekonomie in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld deel van die familiestruktuur (“kinship”) of politiek¹⁷⁰. Malina (2001:23–24) verduidelik:

The political unit was likewise an economic and religious one: ancient Mediterraneans knew political economy and political religion (at the political level, there was no economy or religion separate from politics) ... Political religion ... employed the roles, values, and goals of politics in the articulation and expression of religion: religious functionaries were political personages; focus was on the deity(ies) as the source of power and might, expected to provide order, well-being, and prosperity for the body...

’n Voorbeeld dat die sosiale struktuur vandag heeltemal anders is, is die “skeiding tussen kerk en staat”. Dit is iets wat vir die eerste-eeuse Mediterreense wêreld onbegryplik sou gewees het.

Vir posisionering in die sosiale wêreld van die tyd toe Jesus op aarde was, word die sosiaal-wetenskaplike metode in eksegeese vir interpretasie gebruik. Sosiaal-wetenskaplike kritiek is ’n fase in eksegeese wat die ontleding van sosiale en kulturele dimensies van die teks in die konteks ondersoek. Sosiaal-wetenskaplike kritiek kan beskou word as ’n “komponent” of “subdissipline” van die histories-kritiese metode (Dvorak, 2007:253). Elliott (2011:1) definieer sosiaal-wetenskaplike kritiek soos volg:

Social-Scientific Criticism (SSC) of the Bible is that phase of the exegetical task which analyzes the social and cultural dimensions of the text and of its environmental context through the utilization of the perspectives, theory, models, and research of the social sciences. As a component of the historical-critical method of exegesis, Social-Scientific Criticism investigates biblical texts as meaningful configurations of language intended to communicate between composers and audiences. In this process it studies not only (1) the social aspects of the form and content of texts but also the conditioning factors and intended consequences of the communication process, (2) the correlation of the text’s linguistic, literary, theological (ideological), and social dimensions and (3) the manner in which this textual communication was both a reflection of and response to a

¹⁷⁰ Politiek word beskou as die gebied van kollektiewe aksie. Dit het onder andere staatkundige sake sowel as groepsake ingesluit (Hanson & Oakman, 1998:201) en die dissipels kon dus as ’n subgroep van politiek beskou geword het.

specific social and cultural context, that is, how it was designed to serve as an effective vehicle of social interaction and an instrument of social as well as literary and theological consequence.

Die Mediterreense wêreld van die eerste eeu word vervolgens onder die volgende opskrifte bespreek:

6.4.1 Die sosiale konteks van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld (p. 223)

6.4.2 Ouderdom in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu (p. 226)

6.4.3 Groepe in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu (p. 232)

Die bevindings sal toegepas word op die teks van 17:24–27.

6.4.1 Die sosiale konteks van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld

Volgens Powell (2011:388–389) is daar heelwat “kulturele antropoloë” wat meen dat die sentrale waarde in die waardesisteem van die Bybelse wêreld “honor” (“eer”) was (Bartchy, 2002:181–182; Malina & Rohrbaugh, 2003:369–372). Dit was die primêre maatstaf vir sosiale status in die eerste eeu na Christus. Volgens Neyrey (1998:5) was *eer* ’n veralgemeende term wat verwys het na die “waarde”¹⁷¹ van ’n persoon. Dit was nie alleen die waarde van ’n persoon in sy eie oë nie, maar ook in die oë van die gemeenskap waarin die persoon hom of haar bevind het. Die sosiale status wat ’n persoon dus gehad het, is bepaal deur hoe hoog so ’n persoon geëer is. In baie gevalle het ’n persoon eer ontvang vanweë faktore buite sy beheer soos ouderdom, geslag, nasionaliteit, ras, fisiese krag, gesondheid, ekonomiese klas en so meer. Eer kon egter ook verwerf word deur faktore binne ’n persoon se beheer soos godsdienstige getrouheid of dapperheid. Daarteenoor kon ’n persoon se eer ook verminder of gedeeltelik afgeneem het as gevolg van dade of aksies wat deur die res van die gemeenskap of samelewing as “shame” (“skande”) beskou is. ’n Voorstel vir die vertaling van die Engelse term “honor and shame” in Afrikaans kan “aansien” wees. Vir hierdie studie en ter wille van duidelikheid word daar egter volstaan met die direkte vertaling “eer en skaamte”.

¹⁷¹ Dalk eerder waardigheid.

Hierdie waarde van eer en skaamte kan regdeur die Ou en Nuwe Testament waargeneem word. In teenstelling met die Westerse, gewetensgeoriënteerde (“guilt-orientated”) samelewing, was eer die deurslaggewende sosiale waarde in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu. Paulus skryf byvoorbeeld aan die kerk in Rome (Romeine 12:10): τῇ φιλαδελφία εἰς ἀλλήλους φιλόστοργοι, τῇ τιμῇ ἀλλήλους προηγούμενοι (“wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning [τιμῇ]”). In Romeine 13:7 sê hy: ... τῷ τὴν τιμὴν τὴν τιμὴν (“eer aan wie eer toekom”). Τιμάω verwys na “waarde gemeet aan geldwaarde” of om “hoë agting te hê” vir iets. Τιμή verwys meer spesifiek na die waardigheid van ’n persoon gemeet aan eerbetoning (Rom. 12:10). Dit kan ook beskou word as ’n reg wat aan ’n persoon toegeken is (1 Pet. 2:7¹⁷²) (Danker, 2000:1004–1005). Eer en skaamte was, kortweg, die waarde of openbare reputasie¹⁷³ van ’n persoon (Neyrey, 2008:88). In die Brief van die Romeine aan die Korintiërs¹⁷⁴ skryf Clemens (1 Clemens 3.3¹⁷⁵) dat die mense God verwerp het en dit het aanleiding daartoe gegee dat mense opgestaan het teen mekaar: οὕτως ἐπηγέρθησαν οἱ ἄτιμοι ἐπὶ τοὺς ἐντίμους, οἱ ἄδοξοι ἐπὶ τοὺς ἐνδόξους, οἱ ἄφρονες ἐπὶ τοὺς φρονίμους, οἱ νέοι ἐπὶ τοὺς πρεσβυτέρους (“die sonder eer teen die ‘geëerdes’, die sonder reputasie teen die van hoë aansien, die dwases teen die wyses en die jonges teen die oudstes”) (Holmes, 1999b:31–32).

Eer (en skaamte) was dus ’n mens se sosiale status in ’n gemeenskap, maar met die kwalifisering dat die openbare erkenning van die sosiale status van kardinale belang was. Om eer toe te eien wat nie aan jou behoort het nie, was dwaas en om meer eer aan jouself te wou gee as wat die gemeenskap toegelaat het, was soos ’n dief wat gierig

¹⁷² 1 Petrus 2:7: ὑμῖν οὖν ἡ **τιμὴ** τοῖς πιστεύουσιν, ἀπιστοῦσιν δὲ λίθος ὃν ἀπεδοκίμασαν οἱ οἰκοδομοῦντες, οὗτος ἐγενήθη εἰς κεφαλὴν γωνίας (“Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges *geld*: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ’n hoeksteen geword”).

¹⁷³ Sommige navorsers (Cromhout, 2012:1–6; Crook, 2009:593) noem hierdie die openbare reputasiehof (“Public Court of Reputation”). Dit word nie gesien as ’n fisiese hof (’n bepaalde plek) waarin mense verskyn het om eer te verwerf of te verloor nie, maar eerder as die “publieke oog”, met ander woorde die “openbare gemeenskapsoog” was die plek waar eer verwerf of verloor is.

¹⁷⁴ Die brief is waarskynlik deur Clemens van Rome geskryf, min of meer dieselfde tyd as die Openbaring aan Johannes (Gillman, J. 1992:1055; Holmes, 1999a:23).

¹⁷⁵ Die Griekse teks van Holmes (1999b:30) is gebruik.

steel (Malina & Rohrbaugh, 2003:369–370). Neyrey (2008:88) sê verder: “Honor is not honor unless publicly claimed, displayed and acknowledged”.

Rykdom het ’n groot deel uitgemaak van die eer wat ’n persoon gehad het en die “eer” is in die openbare oog (“public eye”) “geadverteer” deur duursame klere en juwele te dra. ’n Voorbeeld hiervan word gegee met die terugkeer van die verlore seun (Luk. 15:22). Die “beste klee” is vir hom aangetrek, daar was ’n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. Hy het teruggekeer uit die varkhok en sy eer is herstel (vgl. ook Jak. 2:1–13).

Eer kan toegeken word en verkry word. Toegekende eer word bepaal deur faktore soos geslag, ouderdom en hoofsaaklik familie. Iemand wat uit ’n gesiene familie gebore is, het outomaties ook die aansien van die betrokke familiegroep gekry. Dit kan as een van die redes aangevoer word waarom geslagsregisters (Matt. 1:1–17) vir die Jode so belangrik was, met die geslaglyn van Dawid seker die belangrikste. In teenstelling hiermee was verkreeë eer dikwels die resultaat van vaardigheid of verdienstelike dade. Dit was eer wat verwerf kon word met byvoorbeeld getrouheid of dapperheid. Die verwerwing van eer moes dan ook in die openbaar plaasvind (“public court of reputation”) sodat dit deur die gemeenskap erken kon word. Dit kon dikwels ook die verlies aan eer beteken vir ’n opponent of teenstander, met ander woorde, eer wat die een verloor het, is deur die ander gewen. Hierdie afspeling het ook in groepsverband plaasgevind, dit wil sê, die goeie dade en redenasies van een groep kon eer vir hulle verwerf deur die vernedering van ’n ander groep. Die Fariseërs het dikwels hierdie tegniek teenoor Jesus en die dissipels gebruik, veral deur strikvrae te vra wat Jesus in onguns kon bring by die groot menigtes wat Hom gevolg het. ’n Voorbeeld hiervan is die genesing van die man met die verdorde hand (Matt. 12:9–13). Indien Jesus die man sou genees, sou Hy die Sabbatswet oortree en sou Hy eer verloor; indien Hy die man nie sou genees nie, sou Hy ook eer verloor (Warren, 2003:1473–1474).

Dit is alombekend dat vroue minder of selfs geen eer gehad het nie. Malina en Rohrbaugh (2003:372) noem dat die eer van ’n man buigbaar en herwinbaar was, maar met die eer van ’n vrou was dit nie die geval nie. Wanneer ’n vrou haar eer verloor het,

was dit vir altyd verlore. 'n Geringe seksuele misdryf kon meebring dat 'n vrou nie net haar eer verloor nie, maar ook dat haar vader se familie (al die manlike lede) hul eer verloor. Daarom het die mans in 'n familiegroep, vader, broers en swaers, die eer van al die vroulike lede beskerm. Genesis 34:1–31 beskryf die verhaal van Dina, een van die dogters wat Jakob by Lea gehad het (Gen. 30:21). Sy is “onteer” deur Sigem, want hy het met haar gemeenskap gehad en die daad is as “skandelik” beskou. Dina se broers moes derhalwe die eer van hulle suster en die eer van die familie beskerm. Die mans was dus die beskermers van die vroue se eer in 'n familie. Dit is waarskynlik ook een van die redes waarom Petrus se skoonmoeder¹⁷⁶ in sy huis gebly het (Matt. 8:14–15; Luk. 4:38–39).

Crook (2009:610–611) betwis egter die siening van Malina en Rohrbaugh (2003:372) oor die vrou se eer in 'n gemeenskap en meen Malina se abstrakte model is gegrond in die antropologiese tradisie dat die openbare sfeer aan mans behoort het, terwyl vroue beperk was tot die meer private “sosiale” gebied soos die huishouding. Hy (Crook, 2009:610–611) redeneer oortuigend dat vroue meer aansien gehad het as wat die hedendaagse modelle vir eer en skaamte in die destydse Mediterreense wêreld voorstel. Hierdie studie konsentreer egter nie op die eer en skaamte wat aan vroue in die destydse wêreld toegeskryf is nie omdat die dissipelkring van Jesus uit mans bestaan het.

6.4.2 Ouderdom in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu

In die Nuwe Testament kry ons slegs enkele berigte oor ouderdom. Die Evangelie volgens Lukas berig dat Jesus twaalf jaar oud was toe sy ouers Hom na die tempel gebring het “om met Hom te handel volgens die gebruik van die wet” (Luk. 2:42). Verder sê Lukas dat Jesus ongeveer dertig jaar oud was toe Hy begin leer het (Luk. 3:23). In Markus 5:42 word vertel dat die dogtertjie wat Jesus gesond gemaak het, twaalf jaar oud was. Malina en Rohrbaugh (2003:326–327) skryf dat dit moeilik is om die soort ouderdomsmerkers in vandag se tye te beoordeel. In die tyd toe Jesus op aarde was, het mense oor die algemeen nie so oud geword soos vandag nie. 'n Derde

¹⁷⁶ Dit kan ook wees dat sy 'n weduwee was (Keener, 2009:270–271; Malina & Rohrbaugh, 2003:56, 150, 244).

van babas wat in die eerste eeu gebore is, het gesterf voordat hulle ses jaar oud was. 60% het in hul tienerjare gesterf en 75% het nie ouer as dertig geword nie. Net ongeveer 3% van die mense het 60 jaar oud geword (Malina & Rohrbaugh, 2003:326–327). In vergelyking met die ouderdom wat mense vandag bereik, het die samelewing uit mense bestaan wat heelwat jonger was en die grootste deel van die bevolking was jonger as dertig jaar.

’n Kind kon reeds as ’n twaalfjarige die volwasse wêreld betree en kon ook op vroeë ouderdom in die huwelik tree (in vergelyking met die hedendaagse Westerse wêreld). Malina, Joubert en Van der Watt (1995:67) sê die volgende hieroor:

Huwelike is gedurende die eerste eeu oor die algemeen op ’n baie vroeë ouderdom aangegaan. In die Joodse wêreld het meisies gewoonlik rondom hulle twaalfde tot dertiende jaar verloof geraak en ’n jaar daarna tot trou gekom. Mans se trou-ouderdom het tussen sestien en agttien jaar gewissel. In die Romeinse wêreld was die trou-ouderdom van mans en vroue nie veel hoër as dit nie. Trouens, keiser Augustus moes by geleentheid selfs ’n wet maak wat meisies verbied het om onder twaalfjarige ouderdom te trou.

Omdat mense so jonk as volwassenes beskou is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die skares (of ten minste die meerderheid van ’n skare) in die tyd van Jesus waarskynlik jonger as Hy was.

Van die vroegste tye af het die ouderdom van die manlike lede van die gesin voorrang (dalk eerder die eer) bepaal. As voorbeeld hiervan kan die tweelingbroers Jakob en Esau geneem word, met Esau wat ’n “eersgeboortereg” (πρωτοτόκιά) gehad het (Gen. 25:31–34). Deuteronomium 21:15–17 benadruk hierdie eersgeboortereg deurdat die eersgeborene veronderstel is om ’n dubbele deel as erfdeel van sy vader te ontvang. Jacobs-Malina (1994:160) skryf dat die oudste seun ook moes sorg vir die sosiale sekuriteit van bejaarde ouers. Daar is van hom verwag om die eer van die familie te beskerm. Sy (Jacobs-Malina, 1994:163) vervolg: “Time is one of the foundations of power in a patriarchy. Chronology determines precedence on who came first”. Indien hierdie beginsel toegepas sou word op ’n groep soos die dissipels, sou dit beteken het

dat die oudste in 'n groep waarskynlik ook voorrang sou hê of, anders gestel, dat ouderdom een van die faktore is wat bepaal het wie meer gesag (eer) het.

As hierdie opmerking getoets word aan tekste uit die Nuwe Testament, blyk dit inderdaad waar te wees. Vier noemenswaardige voorbeelde in die Nuwe Testament word vervolgens in tabelle uiteengesit en kortliks bespreek:

Tabel 61: μέγας en νέος in Lukas 22:26 (p. 228)

Tabel 62: μέγας in die vergelyking tussen Romeine 9:11–12 en Genesis 25:23 (p. 229)

Tabel 63: πρεσβύτερος in Johannes 8:9 (p. 230)

Tabel 64: νέος en πρεσβύτερος in Petrus 5:5a (p. 230)

Tabel 61: μέγας en νέος in Lukas 22:26

Lukas 22:26	
Grieks	Eie vertaling
ὁ μείζων ἐν ὑμῖν γενέσθω ὡς ὁ νεώτερος καὶ ὁ ἡγούμενος ὡς ὁ <u>διακονῶν</u>	Maar julle is nie so nie; maar die belangrikste onder julle moet word soos die geringste , en <u>die</u> <u>leier</u> , soos <u>die een</u> wat dien.

Met die eerste lees van hierdie teks wil dit voorkom asof dit geensins op ouderdom betrekking het nie. Die vertalers van die 1953-vertaling het egter die woord μείζων vertaal met “oudste” en die woord νεώτερος met “jongste”, dit wil sê “oudste” word teenoor “jongste” gestel. Daar kan egter nie met sekerheid gesê word waarom μέγας in hierdie vers met “oudste” vertaal is nie. Die waarskynlikste rede is omdat νέος met “jongste” (νεώτερος) vertaal kan word (Louw & Nida, 1996:644) (vgl. ook Luk. 15:12, 13; Joh. 21:18; Hand. 5:6; 1 Tim. 5:2, 11, 14; 1 Pet. 5:5) en dat dit teenoor μέγας (“as oudste”) in Afrikaans gestel word. Dit is ook die standpunt van Zahn (1913:680–681), wat sê dat daar ’n suggestie in hierdie teks is dat die jongste die oudste gedien het¹⁷⁷. Zahn (1913:680) verwys spesifiek na μέγας as “Alter”. Hy (Zahn, 1913:681) sê selfs dat

¹⁷⁷ Bock (1996:1738) sê: “In this culture, the younger got the menial tasks and were the servants” (vgl. Stein, 1992:549).

die “jüngeren” Johannes ondergeskik was aan die “älteren” Petrus. Nolland (1998b:1065) meen dat jongelinge geen status wat aan hulle erkenning sou gee, gehad het nie (vgl. Marshall, 1978:813). Die lering van Jesus keer egter hierdie sosiale waarde om wanneer Hy sê die μείζων moet word soos die νεώτερος. In die konteks van hierdie gedeelte (Luk. 22:24–30¹⁷⁸) oor wie as die belangrikste onder die dissipels beskou moet word (Nolland, 1998b:1062), is dit merkwaardig dat wat ouderdom betref, ten minste na νέος verwys word. Daar kan dus met redelike sekerheid gesê word dat dit deel van die sosiale waardesisteem was dat die jongste ondergeskik was aan die oudste.

Daar is egter nog ’n teks in die Nuwe Testament waar μέγας met “oudste” vertaal word. Die vertaling van μείζων in Romeine 9:12 (ὁ μείζων δουλεύσει τῷ ἐλάσσονι) is baie duidelik: “Die oudste sal die jongste dien”. Die woorde is ’n direkte aanhaling uit Genesis 25:23, wat verwys na die seuns van Isak, Jakob en Esau. Dat die oudste (Esau) die jongste (Jakob) sou dien, was vreemd in ’n kultuur waarin die oudste voorrang gehad het.

Tabel 62: μέγας in die vergelyking tussen Romeine 9:11–12 en Genesis 25:23

Romeine 9:11–12	Genesis 25:23
μήπω γὰρ γεννηθέντων μηδὲ πραξάντων τι ἀγαθὸν ἢ φαῦλον, ἵνα ἡ κατ’ ἐκλογὴν πρόθεσις τοῦ θεοῦ μένη, ¹² οὐκ ἐξ ἔργων ἀλλ’ ἐκ τοῦ καλοῦντος, ἐρρέθη <u>αὐτῇ</u> ὅτι ὁ μείζων δουλεύσει τῷ ἐλάσσονι (Nog voordat die kinders gebore is en nog geen goed of kwaad gedoen het nie, dat die doel van God se uitverkiesing kon bly staan, nie op grond van werke nie, maar op grond van Hom wat roep, ¹² is vir <u>haar</u> gesê: Die oudste sal die jongste dien)	καὶ εἶπεν κύριος <u>αὐτῇ</u> Δύο ἔθνη ἐν τῇ γαστρὶ σου εἰσιν, καὶ δύο λαοὶ ἐκ τῆς κοιλίας σου διασταλήσονται, καὶ λαὸς λαοῦ ὑπερέξει, καὶ ὁ μείζων δουλεύσει τῷ ἐλάσσονι (En die Here het <u>haar</u> geantwoord: Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien)

Die derde teks is Johannes 8:9 en kom uit die gedeelte wat berig oor die vrou wat betrap is dat sy owerspel gepleeg het (*pericope adulterae*) (8:1–11).

¹⁷⁸ Die dissipels wil van Jesus weet wat sy mening is, oor wie die μείζων (“grootste”/“belangrikste”) is, soos in Matteus 18:1. Die sentrale waardesisteem word dus getoets aan wat Jesus daarvan sou sê. Hy leer hulle egter: ἀλλ’ ὁ μείζων ἐν ὑμῖν γινέσθω ὡς ὁ νεώτερος καὶ ὁ ἡγούμενος ὡς ὁ διακονῶν (“maar die belangrikste onder julle moet wees soos die geringste [jongste], en wie ’n leier is, soos een wat dien”). Daarmee keer Hy die waardesisteem van eer en skaamte om deur te leer dat elke mens in werklikheid ’n ander moet dien.

Tabel 63: πρεσβύτερος in Johannes 8:9

Johannes 8:9	
Grieks	Eie vertaling
οἱ δὲ ἀκούσαντες ἐξήρχοντο εἰς καθ' εἷς ἀρξάμενοι ἀπὸ τῶν πρεσβυτέρων καὶ κατελείφθη μόνος καὶ ἡ γυνὴ ἐν μέσῳ οὕσα.	Die wat dit gehoor het, het van die oudste af , een vir een weggegaan, totdat Hy [Jesus] en die vrou wat in die middel gestaan het, alleen agtergebly het.

Die skrifgeleerdes en die Fariseërs wou die vrou op grond van die wet van Moses stenig (8:5). Op die vraag oor wat Jesus se mening hieroor was, het Hy gesê: “Laat die een wat sonder sonde is die eerste klip gooi.” Dit is toe dat hulle een vir een weggegaan het sonder om ’n klip te gooi. Vers 9 impliseer dat al die mans skuldig was (nie een was sonder sonde nie) en dat die oudste (πρεσβύτερος) eerste gegaan het en die ander daarna gevolg het. Onder al die skuldiges het die oudste man eerste reageer en die jongeres het hom gevolg.

Hierdie vers is dus ’n verdere bewys dat Jacobs-Malina (1994:163) reg is om te sê dat tyd ’n belangrike element is in die bepaling van gesag. Hier is dit tyd wat in die vorm van kronologie – die oudste of die eerste wat ouderdom betref – meer gesag aan die oudste gegee het.

Tabel 64: νέος en πρεσβύτερος in Petrus 5:5a

1 Petrus 5:5a	
Grieks	Eie vertaling
Ὅμοίως, νεώτεροι, ὑποτάγητε πρεσβυτέροις	Net so moet die wat jonk is, die oudste onderdanig wees

Twee van die woorde in hierdie teks is reeds bespreek: eerstens νέος, wat as “jonges” vertaal is, of νεώτεροι, wat as “die wat jonk is” vertaal is, en tweedens πρεσβύτερος, wat as “oudste” vertaal is. Die klem val egter op die werkwoord ὑποτάσσω, wat beteken dat iets of iemand “in sekere orde” moet wees (Louw & Nida, 1996:467) of in ’n verhouding van onderdanigheid verkeer (Danker, 2000:1042). Achtemeier (1996:332)

sê dat dit nie blote gehoorsaamheid is nie maar ook onderdanigheid. Die imperatiewe ὑποτάγητε gee aan die wat jonger is die opdrag om onderdanig te wees aan die wat ouer is.

Uit die vier tekste wat hierbo bespreek is, naamlik Lukas 22:26, Johannes 8:9, 1 Petrus 5:5a, en Romeine 9:12, kan die afleiding gemaak word dat dit inderdaad waar is dat ouderdom gesag verleen het aan die oudste of oueres in 'n groep. Met betrekking tot die dissipelgroep kan daar dus gesê word dat die oudste dissipel heelwat meer gesag sou hê as die jongste.

Hierdie sosiale waarde kan ook getoets word aan 'n buite-Bybelse bron. Xenophon¹⁷⁹ (*Cyropaedia*:5.1.6) skryf dat Cyrus¹⁸⁰ by geleentheid vir sy vriend Araspas 'n guns wou doen en daarom het hy aan hom 'n tent en 'n vrou gegee. Hy beskryf wat gebeur het toe die vrou, van adellike status, deur 'n groep mans uitgesoek is, hoedat sy gehuil het en hoedat die oudste man in die groep haar gerus gestel het om moed te hou.

Tabel 65: γεραιός in *Cyropaedia* 5.1.6

<i>Cyropaedia</i> 5.1.6	
Grieks	Eie vertaling
ὥς δ' ἡμῶν ὁ γεραίτατος εἶπε, θάρρει, ὦ γυναῖ· καλὸν μὲν γὰρ καγαθὸν ἀκούομεν καὶ τὸν σὸν ἄνδρα εἶναι· νῦν μέντοι ἐξαιροῦμεν ἀνδρὶ σε εὖ ἴσθι ὅτι οὔτε τὸ εἶδος ἐκείνου χείροني οὔτε τὴν γνώμην οὔτε δύναμιν ἤττω ἔχοντι...	[Toe het die] oudste [man] onder ons gesê : Hou goeie moed, vrou, ons weet dat jou man edel is maar wees verseker ons kies jou uit vir 'n man met goeie voorkoms en nie minderwaardig is wat betref intelligensie of krag nie...

Vanuit 'n sosiaal-wetenskaplike oogpunt kan opgemerk word dat die oudste in die groep voorrang gehad het en daarom eerste kon praat toe dit nodig was. Hierdie sosiale waarde mag moontlik 'n rede wees waarom Petrus dikwels die een in die groep was wat gepraat het of eerste gepraat het.

¹⁷⁹ Xenophon (430–354 v.C.) was 'n Griekse filosoof, soldaat en historikus, wat verskeie werke geskryf het soos *Memorabilia*, *Symposium*, *Education of Cyrus* en nog meer. Die onderrig van Cyrus, genoem *Cyropaedia*, is 'n biografiese novelle wat handel oor Cyrus, 'n Persiese koning wat sy ryk uitbou (Browning, 2017?:1).

¹⁸⁰ Ook genoem Cyrus die Grote (600–529 v.C.). Hy is beter bekend as Kores (2 Kron. 36:22) en het steun verwerf toe hy die Judeërs toegelaat het om die tempel te herbou (Esra 1:2) (Browning, 2017?:1).

6.4.3 Groepe in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu

Die eerste-eeuse Mediterreense kultuur was merkwaardig groepsgeoriënteerd. Die betekenisvolle bestaan van enige mens het baie afgehang van die groep waaraan die persoon behoort het. Groepe het uitgekring en het behoort aan 'n groter groep wat verskeie kleiner groepe ingesluit het. Die primêre groep was die familie, wat behoort het tot die omgewings- of buurtgroep, wat dan weer behoort het aan die dorps- of stadsgroep wat uiteindelik 'n gemeenskap gevorm het. Lede van 'n groep het mekaar ondersteun en hierdie ondersteuning het dienooreenkomstig uitgekring tot die groter groepsverband waaraan 'n persoon behoort het (Malina & Rohrbaugh, 2003:380).

Malina en Rohrbaugh (2003:373) verwys na twee tipes groepe wat hulle die “in-group” en die “out-group” noem, met ander woorde 'n binnegroep en 'n buitegroep. Spesiale sake, gedagtes en inligting is in die binnegroep gedeel (Matt. 13:11; Mark. 4:11–12; Luk. 8:10) en hierdie groep het gewoonlik bestaan uit die huishouding, die familie en vriende. Daar is van lede van die binnegroep verwag om lojaal teenoor mekaar te wees en mekaar tot die uiterste te ondersteun (Joh. 18:10¹⁸¹). Daarteenoor was daar die buitegroep wat verskillende menings of interpretasies gehad het. Die grense tussen hierdie groepe word duidelik in die evangelies gemerk, byvoorbeeld tussen die Fariseërs, Sadduseërs, Herodiane, die dissipels van Johannes en die dissipels van Jesus.

Groepe het ontstaan wanneer 'n persoon die behoefte aan verandering ten opsigte van sosiale bevrediging raakgesien het. Toegepas op die dissipelgroep kan daar gesê word dat hulle hul geskaar het om Jesus, wat hulle onderrig het oor 'n stelsel wat sosiaal bevredigend sou wees. Hierdie stelsel is gekenmerk deur 'n teokratiese strewe wat in Jesus se lering oor die soeke na die koninkryk van God na vore gekom het (Matt. 6:33). Die dissipels was dus die kernbinnegroep wat deur Jesus gevorm is en daar is verwag dat selfs familie nie in die pad sou staan van die groep se doelstellings nie (Matt. 10:34–36; Luk. 12:51–53). Die binnegroep het gestreef na 'n heilige lewe (soeke na die

¹⁸¹ Johannes 18:10 (1953-vert.): “En Simon Petrus wat 'n swaard gehad het, het dit uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. En die naam van die dienskneg was Malchus.”

geregtigheid van God) teenoor die ὑποκριταί wat voorgegee het dat hulle heilig lewe (Matt. 23:13–29).

Binne hierdie groep sou die waardesisteem van eer en skaamte steeds gegeld het vir elke lid van die groep en ook vir die groep as geheel. Dat Petrus eerste as dissipel geroep is en dat hy ook πρῶτος (Matt. 10:2) genoem word, het heel waarskynlik in soverre dit eer en skaamte binne die groep aangaan, aan hom verdere voorrang gegee.

6.5 Gevolgtrekking oor Petrus se ouderdom in 'n sosiaal-wetenskaplike konteks

Die doel van hierdie hoofstuk was om vas te stel of Petrus se ouderdom kon bygedra het tot sy prominensie in die Matteus-evangelie. Die *Sondergut* in Matteus 17:24–27, wat oor die tempelbelasting handel, is hiervoor gebruik. Die ondersoek het plaasgevind aan die hand van 'n literatuurstudie en 'n sosiaal-wetenskaplike benadering is gevolg om vas te stel wat die invloed van ouderdom in die kultuur van daardie tyd was. Uit die sosiaal-wetenskaplike ondersoek is bevind dat eer en skaamte die kernwaarde was van die waardesisteem in die kultuur van die Mediterreense wêreld van die eerste eeu.

Hierdie ondersoek is verder gedoen om 'n aanname van Brandon (1978) en Sim (2002) te toets. Sim het in navolging van Brandon die gevolgtrekking gemaak dat die Matteus-evangelie 'n anti-Pauliniese ondertoon bevat en dat die skrywer van Matteus teen Paulus wou reageer. Volgens hulle is die prominensie van Petrus in die evangelie deur die redaksionele werk van die skrywer (Matteus) verhoog.

Die literatuurstudie oor die wet op tempelbelasting vanaf die Eksodustyd tot in die eerste eeu het die volgende aan die lig gebring: die halfsikkel belasting is jaarliks gevorder en met die uitsondering van vroue, slawe, Samaritane en heidene, deur almal wat twintig jaar en ouer was, betaal. Kortom, alle mans wat twintig en ouer was, het die belasting betaal. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat tempelbelasting betaal is vandat dit deur Moses ingestel is, regdeur die Ou-Testamentiese tydperk tot in die eerste eeu n.C.

Die vraag is egter of die Matteus-evangelie verwys na die tempelbelasting voor 70 n.C., dit wil sê, voordat die tempel verwoes is, en of dit verwys na die sogenaamde *fiscus judaicus*, 'n belasting wat die Jode moes betaal nadat die tempel in 70 n.C. verwoes is. Verskeie navorsers (Horbury, 1985:267–277; Luz, 2001:413–414; Montefiore, 1965:60–71) is dit eens dat hierdie *Sondergut* waarskynlik 'n pre-Mateaanse of selfs mondelinge tradisie is, maar dat Matteus redaksionele byvoegings gemaak het. Davies en Allison (2004b:737–738) spreek hulle ten sterkste uit dat die evangelie geskryf is ná die verwoesting van die tempel in 70 n.C., maar Matteus 17:24–27 het ontstaan voordat die tempel verwoes is. Horbury (1985:267–277) het 'n uitgebreide ondersoek gedoen na verskeie redenasies oor die datering van hierdie *Sondergut*. Hy meen die beste aanduiding vir die ontstaan daarvan is dat die konteks van 'n belasting wat gevorder word in die “naam van God” strook met die *logion* van vers 25.

Verder is dit onwaarskynlik dat hierdie teks verwys na die *fiscus judaicus* omdat die belasting bedoel was vir die tempel van die Romeinse god *Jupiter Capitolinus*. Aanhangers van Judaïsme sou nie hulle nasionaliteit en veral geloof wou uitdruk met 'n jaarlikse offer aan 'n heidense god nie.

Daar is ook ondersoek ingestel na die belastingpligtiges van 17:24–27 en daar behoort geen twyfel te wees dat Jesus en Petrus belastingpligtig was nie. Die bewys daarvoor is die woorde van Jesus in vers 27: ἐμοῦ καὶ σοῦ (“vir My en vir jou”). Die persoonlike voornaamwoorde in die perikoop impliseer egter ook die ander dissipels. Daar is twee voornaamwoorde in vers 24, αὐτῶν (“hulle”) en ὑμῶν (“julle”). Die ongeïdentifiseerde αὐτῶν (vers 24) word die beste geïdentifiseer deur die αὐτῶν in vers 22, wat na al die dissipels verwys. Alhoewel Petrus as verteenwoordiger van die groep aangespreek word, word ook die dissipels in ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραχμα geïmpliseer (vgl. 9:11 en 23:8).

Die volgende persoonlike voornaamwoorde wat ter sake is, , kom voor in vers 27, naamlik ἐμοῦ (“my”) en σοῦ (“jou”). Hierdie voornaamwoorde is in die enkelvoud en kan verdere insig bied in die vraag wie bedoel word. Die voornaamwoorde verwys spesifiek na Jesus en Petrus en die vraag is: waarom dan net hulle twee? Die dissipels is

almal in die omgewing (17:22, 24) en uit 18:1 (soos hierbo bespreek) wil dit voorkom of hulle bewus was van die gebeure met betrekking tot die tempelbelasting (17:24–27). Waarom word die ander dissipels as't ware uitgesluit?

Die invorderaars rig die vraag aan Petrus, maar daar word spesifiek na Jesus se belastingpligtigheid verwys (17:24). Sonder om te aarsel, antwoord Petrus met selfvertroue: ναί (“Dit is sekerlik so”). Daar was dus geen twyfel by Petrus dat Jesus die tempelbelasting betaal nie, waarskynlik omdat dit so geleer is in die Rabbyne tradisie (later die *Mishnah*) en moontlik omdat hy bewus was van vorige geleenthede waar die tempelbelasting deur Jesus betaal is.

Die rede wat Jesus gee waarom die belasting wel betaal moet word, is merkwaardig: ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς (“sodat ons hulle nie aanstoot gee nie”). Die woord σκανδαλίζω word dikwels deur Matteus gebruik (die woord kom 29 keer voor in die Nuwe Testament en word 14 keer deur Matteus gebruik). Dit word veral gebruik om te leer dat sekere optrede nie onnodig moet “aanstoot gee nie” (11:6; 13:7; 15:12; 17:27). Dit kan as die sentrale gedagte van die teks beskou word. Hierdie lering van Jesus moet dus ook op die res van die dissipels toegepas kan word sodat hulle ook nie aanstoot gee deur nie te betaal nie. Dit beteken dat die res van die dissipels indirek geïmpliseer word in die “ons” van σκανδαλίσωμεν.

Verder is dit merkwaardig dat Jesus die tempelbelasting deur 'n wonderwerk “laat” betaal (alhoewel die aanname gemaak word dat Petrus uiteindelik die opdrag van Jesus uitgevoer het – die teks noem dit nie). Indien Jesus op God se voorsienigheid staat gemaak het om die tempelbelasting vir Hom en Petrus te betaal, waarom word daar nie vir al die dissipels op hierdie wyse voorsien nie? Was dit nie nodig om vir hulle te betaal nie? Die antwoord is waarskynlik dat dit nie nodig was nie omdat hulle jonger as twintig was.

Uit die voorafgaande kan gesê word dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat slegs Jesus en Petrus belastingpligtig was omdat hulle twintig jaar of ouer was. Die ander dissipels is dus volgens hierdie hipotese jonger as twintig en het daarom nie onder die verpligting van tempelbelasting gestaan nie.

Teen die agtergrond van die sosiaal-wetenskaplike metode vir interpretasie, is die sosiale konteks, ouderdom, en groepe in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu ondersoek en toegepas op die teks van 17:24–27. Daar moet in gedagte gehou word dat die primêre maatstaf van sosiale status in die eerste eeu na Christus, eer en skaamte was. Eer (en skaamte) wat in 'n gemeenskap erken is, het dus die sosiale status van die mens bepaal, want die openbare erkenning daarvan was van kardinale belang. Om eer toe te eien wat nie aan jou behoort het nie, was dwaas en om meer eer aan jouself te wou gee as wat die gemeenskap toegelaat het, was soos 'n dief wat gierig steel.

Eer kon toegeken word en verkry word. Toegekende eer is bepaal deur faktore soos geslag, ouderdom en hoofsaaklik familie. Iemand wat uit 'n gesiene familie gebore is, het outomaties ook die aansien van die betrokke familiegroep gekry. In teenstelling daarmee was verkreeë eer dikwels die resultaat van vaardigheid of verdienstelike daade. Dit was eer wat verwerf kon word op grond van byvoorbeeld getrouheid of dapperheid.

Dit wil verder voorkom of ouderdom 'n groot faktor was in toegekende eer. Tyd het 'n fundamentele rol gespeel met betrekking tot eer en skaamte en kronologie het bepaal wie voorrang gehad het. Daarom het die oudste in 'n groep ook meer gesag (eer) gehad. Hierdie grondslagmerker is getoets aan tekste uit die Nuwe Testament, asook 'n buite-Bybelse bron (Lukas 22:26; Johannes 8:9; 1 Petrus 5:5a; Romeine 9:12 en Xenophon, 1914), en blyk inderdaad waar te wees.

Dit het ook aan die lig gekom dat die eerste-eeuse Mediterreense kultuur merkwaardig groepsgeoriënteerd was. Die betekenisvolle bestaan van enige mens het baie afgehang van die groep waaraan die persoon behoort het. Binne hierdie groepe sou die waardesisteem van eer en skaamte steeds geld vir elke lid van die groep en ook vir die groep as geheel. Dat Petrus eerste as dissipel geroep is en dat hy ook *πρῶτος* (Matt. 10:2) genoem word, het heel waarskynlik met betrekking tot die eer en skaamte binne die groep aan hom verdere voorrang gegee.

Die finale gevolgtrekking is dus dat die skrywer van die Matteus-evangelie nie doelbewus vir Petrus prominenter probeer voorstel het nie (kontra Sim en Brandon), maar dat Petrus waarskynlik die oudste van die dissipels was en dat dit aan hom voorrang (eer) gegee het in die groep wat in die waardesisteem van eer en skaamte van die destydse Mediterreense wêreld funksioneer het.

Hoofstuk 7

Gevolgtrekkings oor die prominente rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie

7.1 Inleiding

Die doel van hierdie laaste hoofstuk is om sinopties die gevolgtrekkings van die vorige hoofstukke saam te vat. Sodoende kan die navorsingsvraag van hierdie studie beantwoord word, naamlik: Waarom het Petrus in die Matteus-evangelie 'n prominente rol onder die dissipels van Jesus bekleed? Om hierdie vraag te beantwoord, is die volgende navorsing gedoen:

1. Die bestaande navorsing oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie is bespreek en beoordeel.
2. 'n Onderzoek is gedoen om vas te stel of Petrus se persoonlikheid kon bygedra het tot sy prominensie in die Matteus-evangelie.
3. 'n Onderzoek is gedoen om vas te stel of die bronne wat die skrywer geraadpleeg het, bygedra tot Petrus se prominensie in die Matteus-evangelie.
4. 'n Onderzoek is gedoen om vas te stel of Matteus se uitbeelding van Petrus uniek is, in besonder wat die vername rol van Petrus betref, en die invloed van so 'n unieke uitbeelding is ondersoek.
5. Ten slotte is 'n ondersoek onderneem om vas te stel of Petrus se ouderdom kon bygedra het tot sy vername rol in die Matteus-evangelie.

Die bevindings van die ondersoeke sal vervolgens saamgevat word en daarna sal daar finale gevolgtrekkings gemaak word.

7.2 Stand van navorsing oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie

Uit die literatuurstudie in Hoofstuk 2 (p. 15) is dit duidelik dat Petrus inderdaad 'n vername rol in die vroeë kerk gespeel het en heelwat navorsers is dit eens dat hy ook 'n

vername posisie onder die dissipels van Jesus gehad het. As 'n mens in aanmerking neem dat die outeur die mense in Jesus se teenwoordigheid, met die uitsondering van Maria, die tollenaars en die sondaars, beperk tot Petrus, die seuns van Sebedeus en die twaalf dissipels, is dit merkwaardig hoe baie verwysings daar na Petrus in die Matteus-evangelie voorkom.

Met die stand van navorsing oor die rol van Petrus as dissipel in die Matteus-evangelie is daar veral gekonsentreer op die siening dat die evangelie 'n skynbaar anti-Pauliniese sentiment bevat. Daar is ook aandag gegee aan die bewering dat Matteus, as die outeur van die evangelie, deur redaksionele werk vir Petrus prominenter probeer voorstel het om teen so 'n Pauliniese invloed te reageer.

Matteus se gebruik van die woord ἀνομία word gesien as 'n reaksie teen Paulus en daar word gesê dat die betekenis van ἀνομία in 7:23 na 5:17–19 verwys en dat dit ongehoorsaamheid aan die Tora impliseer. Die gedeeltes in 5:17–19 en 13:24–30 (“vyandige mens”) word selfs as 'n persoonlike aanval op Paulus gesien en daar is probeer om die “vyandige mens” (ἐχθρὸς ἄνθρωπος) in 13:28 aan Paulus te koppel. Daar bestaan egter verskeie redes waarom hierdie redenasies onoortuigend is, naamlik:

- Met 5:17–19 word die aanname eers gemaak dat daar teen Paulus reageer word voordat die teks geïnterpreteer is.
- Die gelykenis van die onkruid (13:24–30) word met die daaropvolgende gelykenisse van die mosterdsaad en van die suurdeeg (13:31–35) in verband gebring deur bykans dieselfde inleiding Ἄλλην παραβολὴν παρέθηκεν αὐτοῖς λέγων (13:31) en Ἄλλην παραβολὴν ἐλάλησεν αὐτοῖς (13:33). Dit (13:24–30) word verder, teen die agtergrond van die hele hoofstuk 13, aan die saaitema (13:31–52) en trefwoorde soos σπείρω (13:3, 4, 18, 19, 20, 22, 23, 24, 27, 31, 37, 39), σπέρμα (13:24, 27, 32, 37, 38) en ἄγρός (13:24, 27, 31, 36, 38, 44) gekoppel. Die belangrikste rede waarom die “vyandige mens” in 13:24–30 nie op Paulus betrekking het nie is dat Jesus die gelykenis in 13:36–43 verklaar. Die vyandige mens verwys na die duiwel (ὁ δὲ ἐχθρὸς ὁ σπείρας αὐτὰ ἐστὶν ὁ διάβολος)

(13:39) en die saailand (ἀγρός) (13:27) na die wêreld (ὁ δὲ ἀγρός ἐστὶν ὁ κόσμος) (13:38).

Dit is dus onwaarskynlik dat hierdie tekste 'n reaksie teen Paulus of selfs 'n reaksie teen die invloed van Paulus kon wees.

In die ondersoek na die skynbaar anti-Pauliniese sentiment is bevind dat die voorstanders van hierdie redenasie Matteus 16:18–19 as die kernteks neem. Die voorval in Antiogië (Gal. 2:11–15) word deur sommige navorsers met die anti-Pauliniese sentiment in verband gebring. Hoewel Paulus vir Petrus baie skerp aangespreek het omdat hy en ander afgevaardigdes van Jerusalem hul van die maaltye saam met die nie-Joodse Christene onttrek het, is dit moeilik om te glo dat Matteus Petrus as 'n teenvoeter sou gebruik teen iemand wat in verskeie opsigte groot waardering vir Petrus gehad het. Volgens die Pauliniese geskrifte het Paulus self vir Petrus as 'n prominente figuur in die kerk tydens die eerste eeu gesien. Paulus sonder Petrus (Πέτρος/Κηφᾶς) by name uit en die vroegste verwysings (49–55 n.C.) na Petrus kom in die eerste brief aan die Korintiërs en die brief aan die Galasiërs voor. Vir Paulus was Petrus in vier opsigte belangrik:

1. Petrus was die eerste getuie aan wie Jesus ná sy opstanding uit die dood verskyn het (1 Kor. 15:5).
2. Petrus was 'n bron van tradisie indien die woord ἱστορῆσαι (Gal. 1:18) beteken dat Paulus na Jerusalem gegaan het om inligting oor die evangelie van Sefas te kry.
3. Petrus was 'n leier in Jerusalem tydens Paulus se eerste en tweede besoek aan die stad (Gal. 1:18; 2:1–10).
4. Petrus is beskou as die apostel na die besnedenes (Gal. 2:7, 8) en Paulus as die apostel na die onbesnedenes (Gal. 2:7) of na die nasies (Gal. 2:8).

Dit is waar dat 16:16–19 vir Petrus merkwaardig positief voorstel en daarmee sy prominensie in die sin van 'n gesiene man versterk, maar direk na 16:16–19 word hy sterk negatief voorgestel (16:22–23) as 'n struikelblok vir Jesus; met ander woorde, sy

prominensie kry 'n negatiewe konnotasie. Hy word selfs gelykgestel met die Satan! Matteus beskryf dus 'n persoon wat, hoewel hy enersyds vanweë sy belydenis groot respek of eer in dissipelkring moet geniet het, hy andersyds deur Jesus as 'n werktuig van Satan gesien is. Dit is dus onwaarskynlik dat Matteus met hierdie gedeelte vir Petrus prominenter probeer voorstel om teen Paulus te reageer.

Tabel 66: Grafiese voorstelling van die bewering dat Paulus in die Matteus-evangelie ἐχθρὸς ἄνθρωπος is, terwyl Petrus voorgestel word as σατανᾶ

Bewering dat Paulus die ἐχθρὸς ἄνθρωπος is	Verklaring	Petrus as σατανᾶ
13:27–28, 30: ²⁷ προσελθόντες δὲ οἱ δοῦλοι τοῦ οἰκοδεσπότης εἶπον αὐτῷ· κύριε, οὐχὶ καλὸν σπέρμα ἔσπειρας ἐν τῷ σῷ ἀγρῷ; πόθεν οὖν ἔχει ζιζάνια; ²⁸ ὁ δὲ ἔφη αὐτοῖς· ἐχθρὸς ἄνθρωπος τοῦτο ἐποίησεν. Οἱ δὲ δοῦλοι λέγουσιν αὐτῷ· θέλεις οὖν ἀπελθόντες συλλέξωμεν αὐτά; ³⁰ ἄφετε συναυξάνεσθαι ἀμφότερα ἕως τοῦ θερισμοῦ, καὶ ἐν καιρῷ τοῦ θερισμοῦ ἐρῶ τοῖς θερισταῖς· συλλέξατε πρῶτον τὰ ζιζάνια καὶ δῆσατε αὐτὰ εἰς δέσμας πρὸς τὸ κατακαῦσαι αὐτά, τὸν δὲ σῖτον συναγάγετε εἰς τὴν ἀποθήκην μου. (²⁷ En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? ²⁸ En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymeekaarmaak? ³⁰ Laat albei saam groei tot die	13:38–39: ³⁸ ὁ δὲ ἀγρός ἐστιν ὁ κόσμος, τὸ δὲ καλὸν σπέρμα οὗτοί εἰσιν οἱ υἱοὶ τῆς βασιλείας· τὰ δὲ ζιζάνια εἰσιν οἱ υἱοὶ τοῦ πονηροῦ, ³⁹ ὁ δὲ ἐχθρὸς ὁ σπείρας αὐτά ἐστιν ὁ διάβολος, ὁ δὲ θερισμὸς συντέλεια αἰῶνός ἐστιν, οἱ δὲ θεριστὰι ἄγγελοι εἰσιν. (³⁸ en die saailand is die wêreld. Die goeie saad – dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, ³⁹ en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele.)	16:23: ὁ δὲ στραφεὶς εἶπεν τῷ Πέτρῳ· ὕπαγε ὀπίσω μου, σατανᾶ· σκάνδαλον εἶ ἐμοῦ, ὅτι οὐ φρονεῖς τὰ τοῦ θεοῦ ἀλλὰ τὰ τῶν ἀνθρώπων. (Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense)

Bewering dat Paulus die ἐχθρὸς ἄνθρωπος is	Verklaring	Petrus as σατανᾶ
oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur)		
Opmerkings: Louw en Nida (1996:144) meen dat διάβολος en Σατανᾶς as sinonieme gebruik word in die Nuwe Testament: “διάβολος (a title for the Devil, literally ‘slanderer’); Σατανᾶς (a borrowing from Aramaic; a title for the Devil, literally ‘adversary’): the principal supernatural evil being – Devil, Satan.” Die verklaring is duidelik dat die ἄγρός na κόσμος verwys (13:38) en die πονηρός na die διάβολος (13:39) (alhoewel 13:28 ἐχθρὸς ἄνθρωπος het).		

Daar kan geen twyfel wees dat Petrus prominent figureer in die Matteus-evangelie nie. Hierdie prominensie word onder andere uitgedruk deur Matteus se redaksionele gebruik van die woord πρῶτος in 10:2 (in die lys van die dissipels). Die lys van die dissipels/apostels kom vier keer in die Nuwe Testament voor en Petrus se naam word telkens eerste genoem (Matt. 10:2–4; Mark. 3:16–19; Luk. 6:14–16; Hand. 1:13). Daar kan dus gesê word dat Matteus vir Petrus as ’n prominente persoon voorgestel het, maar nie altyd in ’n positiewe sin nie.

So trek Petrus die aandag as woordvoerder en verteenwoordiger van die dissipels, maar weer eens is sy prominensie positief én negatief. Hierdie positiewe-negatiewe voorstelling kan ook waargeneem word in sy voorbeeld as ’n dissipel; daarom wil dit voorkom of hy net ’n normale mens met sterk persoonlikheidseienskappe, maar ook swakhede was. Dit is noemenswaardig dat Petrus by twee geleenthede in die Matteus-*Sondergut* merkwaardig positief voorgestel (14:28–29 en 16:16–19) word en kort (onmiddellik) daarna sterk negatief (14:30–31 en 16:22–23).

Laastens kan die gevolgtrekking gemaak word dat Petrus ten spyte van sy prominensie nie onafhanklik van die res van die dissipels opgetree het nie en dat sy belangrike posisie in die groep nie sonder meer deur die res aanvaar is nie. Drie redes kan hiervoor genoem word:

1. Petrus word in die konteks van Matteus 16:23 en Markus 8:33 ook beskou as 'n instrument in die hand van Satan.
2. Die dissipels het heel waarskynlik nie aan Petrus gedink as iemand met prominensie, toe hulle geredeneer het oor wie die “grootste” is nie (Matt. 20:20–28; Mark. 9:33–37; 10:35–45).
3. In Matteus 23:8 word al die dissipels “broeders” van mekaar genoem.

Dat daar so dikwels na Petrus in die evangelie verwys word en hy meer as een keer op die voorgrond tree, verleen aan hom prominensie in die sin dat hy opvallender as die ander dissipels in die teks figureer. Die prominensie wat Matteus aan Petrus verleen is egter nie van so 'n aard dat dit, in die konteks van 'n sogenaamde polemie, as teenvoeter vir 'n Pauliniese invloed beskou kan word nie. Petrus, soos wat hy in die Matteus-evangelie voorgestel word, kan dus kortweg beskou word as 'n normale mens met sterk eienskappe en swakhede. Uiteindelik het Matteus hom vooropgestel as 'n model vir dissipelskap.

7.3 Die persoonlikheid van Petrus as rede vir sy prominensie in die Matteus-evangelie

Die doel van Hoofstuk 3 (p. 65) was om vas te stel of Petrus se persoonlikheid tot sy prominensie in die Matteus-evangelie bygedra het. Uit die bestaande navorsing is aangetoon dat temperament by elke mens aangebore is en dat dit die basis is waaruit karakter ontstaan. Karakter is weer 'n komponent van persoonlikheid en daar kan gesê word dat temperament geneties is, dat karakter is wie 'n persoon waarlik (in sy hart) is en dat persoonlikheid dit is wat 'n persoon voorhou om te wees in die omgewing waarin die persoon hom bevind.

Alhoewel daar min gesê kan word oor Petrus se onderrig in sy kinderjare, wil dit voorkom of hy deur sy ouers en die gemeenskappe en gebeure in en om Betsaida en Kapernaum gevorm is. Dit sou beteken dat Petrus goed tweetalig was en blootgestel is aan die Hellenistiese kultuur. Petrus was egter ook getrou aan die Joodse tradisie en kultuur (Hand. 10:14; 11:8). Uit argeologiese opgrawings is vasgestel dat sy huis in

Kapernaum langs die sinagoge was. Petrus se kinderjare is waarskynlik gekenmerk deur armoede in 'n sukkelende vissersbedryf en hy moes sy vader van jongs af help met visvang. Dit was 'n werk wat vir 24 uur per dag kon duur in moeilike weersomstandighede en met swaar vragte in nette. Om visserman te wees, was dus 'n nederige en harde werk wat geduld, deursettingsvermoë en samewerking gevra het. Hierdie hardwerkendheid en deursettingsvermoë word bevestig deur Lukas 5:5 wat lui: "... ons het die hele nag geswoeg..."

Die radikale optrede (ἐὐθέως) (Matt. 4:20)/(ἐὐθύς) (Mark. 1:20) ("dadelik"/ "onmiddellik") (ἀφέντες πάντα) ("alles verlaat") (Luk. 5:11) van Petrus (en die ander dissipels) wat blyk uit die roepingsverhale, was ontwrigtend en het groot ekonomiese en sosiale implikasies vir hul lewens gehad. Hierdie optrede is 'n bewys van gehoorsaamheid, want daar word geen melding gemaak dat hulle die nette eers uit die see opgetrek het nie. Die ekonomiese en sosiale implikasies was nie vir Petrus belangriker as gehoorsaamheid nie en hy (en die ander dissipels) het dus reageer op Jesus se geloofwaardigheid en gesag. Dit kan veral in Lukas se weergawe gesien word (5:5): die realiteit is dat hulle al die hele nag geswoeg het en niks gevang het nie, maar op Jesus se woord laat hy/hulle weer die net sak. Hierdie gehoorsaamheid is beloon met 'n groot vangs en Petrus was so oorweldig daardeur dat verbasing hom aangegryp het en hy op sy knieë neergeval het om vir Jesus te aanbid.

In die *Sondergut* in Matteus is Petrus se impulsiwiteit die kenmerkendste van sy persoonlikheidstrekke. Die beste voorbeeld daarvan word gesien toe Jesus op die see na die dissipels toe geloop het (Matt. 14:22–36). Verder is dit veral Matteus 16:13–19 wat 'n waardevolle bydrae lewer in die identifisering van Petrus se persoonlikheidstrekke. Petrus het vrymoedigheid om te praat, hy openbaar ook leierseienskappe en hy moet taamlik welsprekend gewees het omdat hy as die dissipels se woordvoerder opgetree het. Uit sy naam (Petrus – "rots") word die persoonlikheidstrekke van standvastigheid, stabiliteit en uithouvermoë afgelei.

Petrus tree ook op as 'n morele entrepreneur omdat hy riskante en ingewikkelde sosiale waardes ondersteun en daaroor standpunt inneem. Hy neem so sterk

standpunt in dat hy selfs sy eie Leermeester bestraf; daarvoor word hy egter gelykgestel aan Satan (Matt. 16:23). Hy is ook bereid om sy lewe vir Jesus op die spel te plaas (Matt. 26:35). Sy vinnige geaardheid laat hom na die swaard gryp om sy Leermeester te beskerm en hy kap Malgus se oor af (Joh. 18:10).

Nadat Jesus gevange geneem is, het die situasie egter vinnig verander, want almal het gevlug (Matt. 26:56) en skielik is Petrus nie meer die morele entrepreneur nie. Dit word nog duideliker toe hy vir Jesus drie keer verloën (Matt. 26:69–75, Mark. 14:66–72, Luk. 22:55–62).

Uit Petrus se persoonlikheidstrekke wat geïdentifiseer kan word (impulsiwiteit, hardwerkendheid, nederigheid, inisiatief, ondersoekendheid, leergierigheid en die sterk standpunt wat hy inneem) is die gevolgtrekking dat sy sterk persoonlikheidstrekke ook 'n rede vir sy prominensie in die Matteus-evangelie is. Weer eens is dit 'n prominensie wat dikwels positief is, maar soms ook negatief.

Petrus se prominensie ten opsigte van sy persoonlikheid is aan Jeremia 1:5 gekoppel. Indien die soewereiniteit van God aanvaar word, beteken dit dat Jesus, as God, hom geken het voordat Hy hom geroep het. Jesus het geweet hoedat Petrus geformeer is en het daarom geweet watter tipe temperament hy gehad het. Vir Petrus was dit *fait accompli*: Hy is doelgerig gekies om met sy persoonlikheid in te pas in God se plan met Jesus Christus en die wêreld.

Met hierdie ondersoek is die gevolgtrekking gemaak dat Petrus se persoonlikheid tot sy prominensie in die Matteus-evangelie bydra. Volgens hierdie gegewens is dit duidelik dat die prominensie van Petrus in Matteus gedeeltelik toegeskryf kan word aan die uitbeelding van sy sterk persoonlikheid, maar daar kan nie beweer word dat die prominensie as 'n teenvoeter vir Paulus bedoel was nie.

7.4 Matteus se bronne as rede vir die prominensie van Petrus in die Matteus-evangelie

Die doel van Hoofstuk 4 (p. 116) was om vas te stel hoe Matteus sy bronne gebruik het in die uitbeelding van Petrus en of hy noemenswaardige byvoegings of weglatings

gemaak het om die beeld van Petrus te komplimenteer of te diskrediteer. Die ondersoek in die konteks van die sentrale teoretiese argument (dat die vername rol van Petrus in die Matteus-evangelie dien as voorbeeld (prototipe) vir dissipelskap en dat dit nie as 'n anti-Pauliniese sentiment beskou moet word nie) sou dus die tendens kon uitwys.

Die fokus was op die manier hoe Matteus sy bronne gebruik het en daar is van die vooronderstelling uitgegaan dat Matteus van Markus en die Q-bron (twee-bron-hipotese) afhanklik was vir die basis van die evangelie.

Verder is daar 'n vergelyking getref tussen die tekste van die sinoptiese evangelies wat betrekking het op Petrus en hieruit is waardevolle gevolgtrekkings gemaak:

1. Matteus en Lukas het Markus se kronologie met enkele uitsonderings nagevolg (Luk. 5:1–11, 12:35–48).
2. Uit die vergelyking blyk dit dat Petrus 'n unieke posisie onder die dissipels in al drie die evangelies bekleed.
3. Petrus behou sy rol as woordvoerder van die dissipels in elk van die sinoptiese evangelies; dit is 'n rol wat aan hom prominensie verleen.
4. Daar is gevalle waar Matteus en Lukas albei nalaat om vir Markus na te volg.

Met betrekking tot hierdie vergelyking van Petrus-tekste in die sinoptiese evangelies is die gevolgtrekking gemaak dat Petrus 'n prominente posisie onder die dissipels in al drie hierdie evangelies bekleed het. Matteus het Petrus nie prominenter as die ander evangeliste uitgebeeld nie:

1. Markus as bron vir die Petrus-prominensie is ondersoek en daar is bevind dat Petrus reeds sterk figureer in hierdie evangelie; trouens, van al die sinoptiese skrywers, gee Markus die meeste blootstelling aan Petrus. Petrus word in hierdie evangelie egter ook negatief voorgestel as die een wat nie verstaan nie (Mark. 8:32, 9:5, 14:29) en in Markus 8:33 word hy bestraf omdat hy die dinge van mense bedink en 'n instrument van Satan is. Hy is ook die een wat aan die slaap raak en nie in staat is om “een uur te waak nie” (Mark. 14:37) en wat vir

Jesus drie keer verloën (Mark. 14:68, 70, 71) nadat hy bely het: “Al moes ek saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie” (Mark. 14:31). In hierdie loënverhaal word hy ook voorgestel as een wat vloek en sweer (Mark. 14:71). Matteus het hierdie negatiewe voorstellings van Markus basies net so oorgeneem.

2. Dit blyk dat die Q-bron ’n basis vir die ooreenkomste tussen Matteus en Lukas bied. Dit is waar dat Matteus die gebeure in Markus volg, maar Q het ’n groter invloed op die Matteus-evangelie gehad as wat aanvanklik vermoed is. Matteus het dus vir Markus as templaar gebruik, maar daar is ook op die Q-bron gesteun. Die naam van Petrus word nie in Q genoem nie, maar daar kan nogtans gesien word hoedat Matteus hierdie bron met betrekking tot uitsprake rakende Petrus gebruik het. Slegs vier van die Q-tekste kan met Petrus verbind word, dit is Q 6:39, 12:42–46, 17:3–4 en 22:28, 30. Petrus word in twee van die tekste (Q 6:39 – Matt. 15:14 en Q 22:28, 30 – Matt. 19:27) indirek en in een direk (Q 17:3–4 – Matt. 18:21) met die Q-bron verbind. In drie gevalle word Petrus steeds as woordvoerder van die dissipels voorgestel (Matt. 15:14, 18:21, 19:27) en sy ondersoekende geaardheid word in elk van die gevalle na vore gebring. Met een van hierdie tekste word Petrus negatief (Matt. 15:14) voorgestel saam met die dissipels maar in een teks positief (18:21).

Die tendens word dus duidelik uitgewys: Matteus het die basis vir die Petrus-prominensie uit sy bronne oorgeneem. Dit is veral ontleen aan die Markus-evangelie. Daar is vyf gevalle waar Matteus die verwysings na Petrus in die Markus-evangelie (1:35–37, 5:37, 11:21, 13:3–4, 16:5–7) weglaat, maar daar is ook vyf gevalle waarin Matteus meer eksplisiet oor Petrus is, soms positief (4:18, 8:14, 10:2, 16:16) en soms negatief (26:35). Daar kan dus nie gesê word dat Matteus vir Petrus prominenter as Markus probeer voorstel nie. Weereens kan gesê word dat Matteus wel prominensie aan Petrus verleen, maar omdat Petrus ook prominent in Markus uitgebeeld word, kan daar nie gesê word dat Matteus groter prominensie aan Petrus gee nie (’n groot mate van die prominensie is oorgeneem uit Markus). Die bewering dat die prominensie van

Petrus in Matteus groter sou wees om Paulus se invloed teen te werk, is dus van die begin af aanvegbaar.

7.5 Voorstellings van Petrus wat uniek aan Matteus is (*Sondergut*)

Die doel van Hoofstuk 5 (p. 167) was om die *Sondergut* in die Matteus-evangelie te identifiseer en om vas te stel of hierdie unieke stof 'n invloed gehad het op die voorstelling van Petrus en of Matteus dit gebruik het om moontlik groter prominensie as die ander evangeliste aan Petrus te verleen. Petrus se woorde in die Matteus-evangelie is eerstens ondersoek en dit is vergelyk met parallelle gedeeltes in die ander sinoptiese evangelies. Tweedens is drie gebeure bespreek wat basies Matteus se unieke voorstelling van Petrus vorm: in die eerste plek, Petrus wat op die water loop en deur Jesus gered word (14:22–36); tweedens, Petrus se belydenis dat Jesus die Messias en Seun van die lewende God is (16:16–19); en derdens, die vraag na die tempelbelasting (17:24–27). Laastens is daar ook gekyk na die rol van Petrus in die teologie van Matteus.

Wat Petrus se woorde betref, is daar vasgestel dat Petrus onderskeidelik vyftien keer (108 woorde) in Matteus, agt keer (66 woorde) in Markus en twaalf keer (94 woorde) in Lukas aan die woord is. In vergelyking met die ander sinoptiese evangeliste laat Matteus dus vir Petrus die meeste “praat”. Sewe (bykans die helfte) van hierdie uitsprake is uniek aan Matteus en kom nie in Markus of Lukas voor nie. Dit wil voorkom of Matteus die status van Petrus verhoog met die woorde wat aan hom toegedig word, maar daar is ook 'n geval waar Petrus se reeds negatiewe voorstelling verder uitgebrei word (16:22).

Wat die gebeure betref, het die *Sondergut* wat ondersoek en bespreek is, ook resultate met betrekking tot Petrus se prominensie in die Matteus-evangelie opgelewer. In die gedeelte waar Petrus op die water loop en deur Jesus gered word (14:22–36), word hy meer negatief as positief voorgestel. Hy is die een onder die dissipels wat prominent is omdat hy praat en met groot sekerheid die water betree. Die geloofsekerheid verander egter gou in twyfel en kleingeloof.

Die gedeelte in 16:17–19 verleen ongetwyfeld meer prominensie aan Petrus as die ander dissipels. Daar moet egter gesê word dat Petrus uitgesonder word maar nie afgesonder nie. Die redes hiervoor is dat die μακάριος in 16:17 reeds μακάριοι met betrekking tot die dissipels in 13:16 is en dat Petrus se belydenis (σὺ εἶ ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος) ook die vorm van die dissipels se belydenis aanneem in 14:33 (ἀληθῶς θεοῦ υἱὸς εἶ). Net so kan 16:18 se openbaring met Petrus verbind word met die tema van openbaring in 11:25–27, wat sê dat “hierdie dinge” selfs aan kindertjies (geringstes) geopenbaar word. Dieselfde kan gesê word van die mag om te bind (δήσῃς) en te ontbind (λύσῃς), wat in 16:19 aan Petrus gegee word, want in 18:18 (δήσητε, λύσητε) word hierdie mag ook aan die dissipels gegee. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Petrus en die ander dissipels die fondament vorm waarop die ἐκκλησία van Jesus gebou moet word en dat die gesag van Petrus en die dissipels die sleutel/-s tot die Koninkryk van die hemele is. Oor die belydenisgebeure kan gesê word dat Petrus prominensie verkry omdat hy die leiding geneem het, maar dat hy nie alleen staan nie.

Met die gedeelte in 17:24–27 (“Die vraag oor tempelbelasting”) is dit duidelik dat Petrus die woordvoerder van die dissipels is. Die fokus van die perikoop is egter op die lering van Jesus en nie op die prominensie van Petrus nie.

Die rol van Petrus in die teologie van Matteus kan soos volg saamgevat word:

1. Die persoon van Petrus stel ’n dissipel voor met sterk eienskappe maar ook met foute en tekortkominge.
2. Petrus is verteenwoordigend van ’n gewone mens met sterk eienskappe en swakhede.
3. Petrus is ’n voorbeeld vir dissipelskap, positief en negatief, en van die verhouding tussen leerling en διδάσκαλος.

Alhoewel dit in sommige van die *Sondergut* wil voorkom dat Petrus se status benadruk word, kan daar nie gesê word dat Matteus hom doelbewus prominenter probeer voorstel om hom te verhef bokant enige ander dissipel of apostel nie. Die

gevolgtrekking word dus gemaak dat Matteus met die redaksionele byvoegings of weglatings, nie gepoog het om teen Paulus te reageer en sodoende 'n sogenaamde anti-Pauliniese sentiment te bewerk nie.

7.6 Petrus se ouderdom as bydrae tot sy prominente rol in die Matteus-evangelie

Die doelwit van Hoofstuk 6 (p. 206) was om vas te stel of Petrus se ouderdom kon bygedra het tot sy prominensie in die Matteus-evangelie. Die *Sondergut* in Matteus 17:24–27, wat handel oor die tempelbelasting is hiervoor gebruik. Dit is gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie en 'n sosiaal-wetenskaplike benadering is gevolg om vas te stel wat die invloed van ouderdom in die kultuur van daardie tyd was. Die sosiaal-wetenskaplike metode vir interpretasie fokus op eer en skaamte as kernwaardes in die waardesisteem van die kultuur van die Mediterreense wêreld van die eerste eeu.

Hierdie ondersoek het ook plaasgevind na aanleiding van die hipotese van Sim (2002) en Brandon (1978). Sim het in navolging van Brandon die gevolgtrekking gemaak dat die Matteus-evangelie 'n anti-Pauliniese ondertoon bevat en dat die skrywer van Matteus teen Paulus wou reageer. Volgens hulle is die prominensie van Petrus in die evangelie deur die redaksionele werk van die skrywer (Matteus) verhoog.

'n Literatuurstudie oor die wet op tempelbelasting vanaf die Eksodus-tyd tot in die eerste eeu het die volgende aan die lig gebring: die halfsikkel belasting is jaarliks gevorder en deur alle mans van twintig jaar en ouer betaal. Vroue, slawe, Samaritane en heidene het dit nie betaal nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die tempelbelasting betaal is vandat dit deur Moses ingestel is, regdeur die Ou-Testamentiese tydperk tot in die eerste eeu n.C.

Die vraag het egter ontstaan of die Matteus-evangelie verwys na die tempelbelasting voor 70 n.C. (voordat die tempel verwoes is) en of dit verwys na die sogenaamde *fiscus judaicus*, 'n belasting wat op die Jode geplaas is nadat die tempel in 70 n.C. verwoes is. Dit is na aanleiding van die siening dat die Matteus-evangelie nie lank na 80 n.C. ontstaan het nie (Hagner, 1993a:ixxiii–ixxv; Luz, 1990:58–59; Nolland, 2005:14–17).

Verskeie navorsers (Montefiore, 1965:60–71; Horbury, 1985:267–277; Luz, 2001:413–414) is dit egter eens dat hierdie *Sondergut* waarskynlik ’n pre-Matteaanse (of selfs mondelinge) tradisie is, maar dat Matteus redaksionele byvoegings gemaak het. Davies en Allison (2004b:737–738) spreek hulle ten sterkste uit dat die evangelie geskryf is ná die verwoesting van die tempel in 70 n.C., maar Matteus 17:24–27 het ontstaan voordat die tempel verwoes is. Horbury (1985:267–277) het ’n uitgebreide ondersoek gedoen oor verskeie redenasies vir die datering van hierdie *Sondergut* en meen die sterkste argument vir die ontstaan van hierdie *Sondergut* is dat die konteks van ’n belasting wat gevorder word in die “naam van God”, strook met die *logion* van vers 25. Verder is dit onwaarskynlik dat hierdie teks verwys na die *fiscus judaicus* omdat dit belasting vir die tempel van die Romeinse god *Jupiter Capitolinus* was. Aanhangers van Judaïsme sou nie hulle nasionaliteit en veral geloof wou uitdruk met ’n jaarlikse offer aan ’n heidense god nie.

Daar is ook ondersoek ingestel na die belastingpligtiges van 17:24–27 en daar behoort geen twyfel te wees dat Jesus en Petrus belastingpligtig was nie. Die bewys hiervoor is die woorde van Jesus in vers 27: ἐμοῦ καὶ σοῦ (“vir My en vir jou”). Die persoonlike voornaamwoorde in die perikoop impliseer egter ook die ander dissipels. Daar is twee voornaamwoorde in vers 24, αὐτῶν (“hulle”) en ὑμῶν (“julle”). Die ongeïdentifiseerde αὐτῶν (vers 24) word die beste geïdentifiseer deur die αὐτῶν in vers 22, wat na al die dissipels verwys. Alhoewel Petrus as verteenwoordiger van die groep aangespreek word, word die dissipels ook in ὁ διδάσκαλος ὑμῶν οὐ τελεῖ [τὰ] δίδραχμα geïmpliseer (vgl. 9:11 en 23:8).

Daar is egter nog persoonlike voornaamwoorde wat betrek kan word en kom voor in vers 27, dit is ἐμοῦ (“my”) en σοῦ (“jou”). Hierdie voornaamwoorde is in die enkelvoud en mag verdere insig in die betekenis van die gedeelte gee. Dit verwys spesifiek na Jesus en Petrus en die vraag is: waarom dan net hulle twee? Die dissipels is almal in die omgewing (17:22, 24) en in 18:1 wil dit voorkom of hulle bewus was van die gebeure met betrekking tot die tempelbelasting (17:24–27). Waarom word die ander dissipels as’t ware uitgesluit?

Die invorderaars rig die vraag aan Petrus, maar daar word spesifiek na Jesus se belastingpligtigheid verwys (17:24). Sonder om te aarsel, antwoord Petrus met selfvertroue: ναί (“Dit is sekerlik so”). Daar was dus geen twyfel by Petrus dat Jesus die tempelbelasting betaal nie, waarskynlik omdat dit so geleer is in die Rabbynse tradisie (later die *Mishnah*) en omdat hy moontlik bewus was van vorige geleenthede waar die tempelbelasting deur Jesus betaal is.

Die rede wat Jesus gee waarom die belasting wel betaal moet word, is merkwaardig: ἵνα δὲ μὴ σκανδαλίσωμεν αὐτούς (“sodat ons hulle nie aanstoot gee nie”). Die woord σκανδαλίζω word dikwels deur Matteus gebruik (die woord kom 29 keer voor in die Nuwe Testament en word 14 keer deur Matteus gebruik). Dit word veral gebruik om te leer dat sekere optrede nie onnodig “aanstoot [moet] gee nie” (11:6; 13:7; 15:12; 17:27). Dit kan as die sentrale gedagte van die teks beskou word. Hierdie lering van Jesus moet dus ook op die res van die dissipels toegepas kan word sodat hulle ook nie aanstoot gee deur nie te betaal nie. Dit sou dus beteken dat die res van die dissipels indirek geïmpliseer word in die “ons” van σκανδαλίσωμεν.

Verder is dit merkwaardig dat Jesus die tempelbelasting deur ’n wonderwerk “laat” betaal. (Hoewel die teks dit nie noem nie, word die aanname gemaak dat Petrus uiteindelik die opdrag van Jesus uitgevoer het.) Indien Jesus dan op God se voorsienigheid staatgemaak het om die tempelbelasting vir Hom en Petrus te betaal, waarom word daar nie vir al die dissipels op hierdie wyse voorsien nie? Was dit nie nodig om vir hulle te betaal nie? Die antwoord is waarskynlik dat dit nie nodig was nie omdat hulle jonger as twintig was.

Uit die voorafgaande kan gesê word dat daar dus ’n sterk moontlikheid bestaan dat slegs Jesus en Petrus belastingpligtig was omdat hulle twintig jaar of ouer was. Die ander dissipels is dus volgens hierdie veronderstelling jonger as twintig en het daarom nie onder die verpligting van tempelbelasting gestaan nie.

Teen die agtergrond van die sosiaal-wetenskaplike metode vir interpretasie, is die sosiale konteks, ouderdom, en groepe in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu ondersoek en toegepas op die teks van 17:24–27. Daar moet in gedagte gehou word

dat die primêre maatstaf van sosiale status in die eerste eeu na Christus, eer en skaamte was. Eer (en skaamte) was dus die mens se sosiale status wat in 'n gemeenskap erken is, want die openbare erkenning daarvan was van kardinale belang. Om eer toe te eien wat nie aan jou behoort het nie, was dwaas en om meer eer aan jouself te wou gee as wat die gemeenskap toegelaat het, was soos 'n dief wat gierig steel.

Eer kon toegeken word en verkry word. Toegekende eer is bepaal deur faktore soos geslag, ouderdom en hoofsaaklik familie. Iemand wat uit 'n gesiene familie gebore is, het outomaties ook die aansien van die betrokke familiegroep gekry. In teenstelling hiermee was verkreeë eer dikwels die resultaat van vaardigheid of verdienstelike dade gewees. Dit is eer wat verwerf kon word met byvoorbeeld getrouheid of dapperheid.

Verder was ouderdom 'n groot faktor in toegekende eer. Tyd het 'n fundamentele rol gespeel met betrekking tot eer en skaamte en kronologie het bepaal wie voorrang gehad het; daarom het die oudste in 'n groep ook meer gesag (eer) gehad. Hierdie grondslagmerker is getoets aan tekste uit die Nuwe Testament, asook 'n buite-Bybelse bron, en blyk inderdaad waar te wees (Luk. 22:26; Joh. 8:9; 1 Pet. 5:5a; Romeine 9:12 en Xenophon (*Cyropaedia* 5.1.6)).

Dit het ook aan die lig gekom dat eerste-eeuse Mediterreense kultuur merkwaardig groepsgeoriënteerd was. Die betekenisvolle bestaan van enige mens het baie afgehang van die groep waaraan die persoon behoort het. Binne hierdie groepe sou die waardesisteem van eer en skaamte steeds geld vir elke lid van die groep en ook vir die groep as geheel. Dat Petrus eerste as dissipel geroep is en dat hy ook πρῶτος (Matt. 10:2) genoem word, het heel waarskynlik wat eer en skaamte betref, binne die groep aan hom verdere voorrang gegee.

Daar kan dus gesê word dat Petrus waarskynlik die oudste van die dissipels was en dat dit aan hom voorrang (eer) gegee het in die groep wat in die waardesisteem van eer en skaamte van die destydse Mediterreense wêreld funksioneer het.

7.7 Finale gevolgtrekkings

Tabel 67: Grafiese voorstelling van gevolgtrekkings

Doel	Gevolgtrekking
Om vas te stel watter navorsing daar reeds oor die rol van Petrus in die Matteus-evangelie bestaan, dit te bespreek en te beoordeel	Petrus, soos wat hy in die Matteus-evangelie voorgestel word, kan kortweg beskou word as 'n normale mens met sterk eienskappe en swakhede, en Matteus het hom gebruik as 'n model vir dissipelskap. Dit wil voorkom of Matteus nie doelbewus die prominensie van Petrus probeer benadruk het om sodoende teen 'n Pauliniese invloed te reageer nie.
Om te bepaal of Petrus se persoonlikheid kon bygedra tot sy prominensie in die Matteus-evangelie	Matteus het nie doelbewus vir Petrus prominent voorgestel om teen Paulus te reageer nie, maar sy persoonlikheid was duidelik een van die redes vir sy prominensie.
Om vas te stel of die bronne wat die skrywer geraadpleeg het, bygedra het tot Petrus se prominensie in die Matteus-evangelie	Matteus het die basis vir die Petrus-prominensie blykbaar uit sy bronne oorgeneem. Dit is veral ontleen aan die Markus-evangelie. Daar kan nie gesê word dat Matteus vir Petrus prominenter probeer voorstel het nie. Die gevolgtrekking kan steeds nie gemaak word dat Matteus doelbewus die Petrus-prominensie gebruik om 'n Pauliniese invloed teen te werk nie.
Om vas te stel wat Matteus se unieke uitbeelding van Petrus is en die moontlike invloed te bepaal van die uitbeelding, in besonder van die vername rol van Petrus	Alhoewel dit in sommige van die <i>Sondergut</i> voorkom dat Petrus se status benadruk word, kan daar nie gesê word dat Matteus hom doelbewus bokant enige dissipel of apostel probeer verhef het nie. Dit blyk dat Matteus nie, met die redaksionele byvoegings of weglatings, gepoog het om teen Paulus te reageer en sodoende 'n sogenaamde Pauliniese sentiment teen te werk nie.
Om vas te stel of Petrus se ouderdom kon bygedra tot sy vername rol in die Matteus-evangelie	Petrus was waarskynlik die oudste van die dissipels en dit het aan hom voorrang (eer) gegee in die groep, wat in die waardesisteem van eer en skaamte van die destydse Mediterreense wêreld funksioneer het.

Die doelstelling van hierdie studie was om te bepaal waarom die Matteus-evangelie so 'n prominente rol aan Petrus toeken. Die uitkoms is bereik en die afsonderlike

gevolgtrekkings dien as bevestiging dat die sentrale teoretiese argument (die vername rol van Petrus in die Matteus-evangelie dien as voorbeeld (prototipe) vir dissipelskap en kan nie as 'n anti-Pauliniese sentiment beskou word nie) bereik is. Matteus het nie doelbewus vir Petrus teenoor Paulus prominenter probeer voorstel nie, maar die redes vir die Petrus-prominensie kan eerder gevind word in Petrus se persoonlikheid, Matteus se oorname van bronne en die waarskynlikheid dat Petrus die oudste van die dissipels was.

Bibliografie

Achtemeier, P.J. 1992. The Gospel of Mark. (*In* Freedman, D.N., *ed.* Anchor Yale Bible dictionary, 4: 541–557. New York: Doubleday). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].

Achtemeier, P.J. 1996. 1 Peter: a commentary on first Peter. Minneapolis: Fortress Press.

Aland, K., Black, M., Martini, C.M., Metzger, B.M., Robinson, M., & Wikgren, A. 2006. The Greek New Testament. 4th rev. ed., with Morphology. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft. Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].

Alcock, A. 2017? Full text of Epistula Apostolorum. English translation of the Coptic text. <https://archive.org/stream/EpistulaApostolorum/EpistulaApostolorumdjvu.txt> Date of access: 24 August 2017.

Alexander, D. & Alexander, P. 1986. Handboek by die Bybel. Kaapstad: Lux Verbi.

Allison, D.C. 1992. Peter and Cephas: one and the same. *Journal of Biblical literature*, 111(3):489–495.

Allison, D.C., *ed.* 2004. Matthew: a shorter commentary. London: T&T Clark.

Allison, D.C. 2005. Studies in Matthew: interpretation past and present. Grand Rapids: Baker Academic.

Arav, R. 1999. Bethsaida excavations: preliminary report, 1987–1993. (*In* Arav, R. & Freund, R.A., *eds.* Bethsaida: a city by the north shore of the Sea of Galilee, vol. 1. Kirksville: Truman State University Press. pp. 3–64).

Arav, R. 2011a. Bethsaida: a response to Steven Notley. *Near Eastern archaeology*, 74(2):92–100.

Arav, R. 2011b. A response to Notley's reply. *Near Eastern archaeology*, 74(2):103–104.

- Arichea, D.C. & Hatton, H. 1993. A handbook on the letter from Jude and the second letter from Peter. New York: United Bible Societies. (UBS handbook series). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].
- Aristoteles. 1935. Aristotle in 23 volumes. Medford: Harvard University Press.
- Aune, D.E. 1998. Revelation 1–5. Dallas: Word Books. (Word Biblical commentary, vol. 52A). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].
- Bartchy, S.S. 2002. The historical Jesus and honor reversal at the table. (*In* Stegemann, W., Malina, B.J. & Theissen, G., eds. The social setting of Jesus and the gospels. Minneapolis: Fortress Press, pp. 175–184).
- Bauckham, R.J. 1986. The coin in the fish's mouth. (*In* Wenham, D. & Blomberg, C.L., eds. Gospel perspectives 6: The miracles of Jesus. Sheffield: JSOT Press, pp. 219–252).
- Bauckham, R.J. 1998. 2 Peter, Jude. Dallas: Word Books. (Word Biblical Commentary, vol. 50). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].
- Bauckham, R. 2006. Jesus and the eyewitnesses: the gospel as eyewitness testimony. Grand Rapids: Eerdmans.
- Baum, A.D. 2008. Matthew's sources, written or oral?: a Rabbinic analogy and empirical insights. (*In* Gurtner, D.M. & Nolland, J., eds. Built upon the rock: studies in the Gospel of Matthew. Grand Rapids: Eerdmans. pp. 1–23). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].
- Beasley-Murray, G.R. 2002. John. Dallas: Word, Incorporated. (Word Biblical commentary, vol. 36). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].
- Bell, A.A. 1998. Exploring the New Testament world. Nashville: Thomas Nelson.
- Benson, T. 2003. Around the Sea of Galilee. *The Testimony*, Jan.:26–31.
- Berens, L.V. & Nardi, D. 2004. Understanding yourself and others: an introduction to the personality type code. Huntington Beach: Telos Publications.

Berkowitz, A.E. 2017. Half-shekel tithe for building temple reinstated by Sanhedrin after 2,000 years. <https://www.breakingisraelnews.com/82827/half-shekel-temple-tax-reinstated-sanhedrin/#RRrE4Laj6U3zFYsr.99> Date of access: 14 March 2017.

Berndt, T.J. 1997. Child development. Madison: Brown & Benchmark.

Betz, H.D. 1979. Galatians: a commentary on Paul's letter to the churches in Galatia. Philadelphia: Fortress Press.

Betz, H.D. 1985. Essays on the Sermon on the Mount. Philadelphia: Fortress Press.

Betz, H.D. 1992. Paul: person. (*In* Freedman, D.N., *ed.* Anchor Yale Bible dictionary: 5:186–201. New York: Doubleday). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].

Betz, H.D. 1995. The Sermon on the Mount, including the Sermon on the Plain: Matthew 5:3–7:27 and Luke 6:20–49. Minneapolis: Fortress Press.

Betz, H.D. 1998. The portrait of Jesus in the Sermon on the Mount. *Currents in theology and mission*, 25(3):165–175.

Blomberg, C.L. 1992. Matthew. Nashville: Broadman & Holman. (The new American commentary, vol. 22). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].

Bock, D.L. 1994. Luke: 1:1–9:50. Grand Rapids: Baker Academic. (Baker exegetical commentary on the New Testament). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].

Bock, D.L. 1996. Luke: 9:51–24:53. Grand Rapids: Baker Academic. (Baker exegetical commentary on the New Testament). Available: Logos Bible Software, version 7. [Computer software].

Bockmuehl, M. 2007. Peter between Jesus and Paul: “Third Quest” and the “New Perspective” on the first disciple. (*In* Still, T.D., *ed.* Jesus and Paul reconnected: fresh pathways into an old debate. Grand Rapids: Eerdmans. pp. 67–101).

Bockmuehl, M. 2010. The remembered Peter in ancient reception and modern debate. Tübingen: Mohr Siebeck.

Bockmuehl, M. 2012. Simon Peter in Scripture and memory: The New Testament apostle in the Early Church. Grand Rapids: Baker Academic.

